

Die Professionalisering van die Joernalistiek

- 'N PERSWETENSKAPLIKE ANALISE VAN 'N NOODSAAKLIKE
VEREISTE VIR DIE TAGTIGERJARE

DEUR

ARNOLDUS STEPHANUS DE BEER

**Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes van die
graad DOCTOR PHILOSOPHIAE in die Fakulteit Lettere en Wys-
begeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys**

PROMOTOR: PROF. DR. G.J. PIENAAR

Mei 1980

Voorwoord

Die skrywer erken hiermee en betuig graag sy opregte dank teenoor die volgende persone en instansies vir hul aandeel in hierdie ondersoek:

- * Prof. dr. G.J. Pienaar, promotor, vir sy belangstelling, aanmoediging en bydrae tot die studie van die joernalistiek as akademiese dissipline oor 'n tydperk van twee dekades.
- * Prof. dr. H.C. Marais, hoof, departement kommunikasiekunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, vir sy kollegiale meelewing en aanbevelings; dr. W.J. de Klerk, hoofredakteur van *Die Transvaler* vir kommentaar op basiese uitgangspunte van hierdie ondersoek, en mnr. Johann Mouton, dosent in die departement wysbegeerte aan die Randse Afrikaanse Universiteit, vir sy kommentaar op die afdeling oor kwalitatiewe navorsing.
- * Die joernaliste, dosente en ander persone met wie onderhoude gevoer is (vergelyk Bylae 4) en in die besonder diegene met wie opvolggesprekke gevoer is en/of van wie skriftelike mededelings ontvang is, naamlik proff. G. Burd, J.W. Carey, C.G. Christians, G. Fauconnier, L.N. Gould, R.E. Hiebert, F.G. Kline, D. McQuail, O.B. Nayman, R.A. Schwarzlose, J. Tunstall en drs. F. Kempers.
- * Die Suid-Afrikaanse joernaliste en dosente wat die vraelyste vir die veldondersoeke voltooi het (vergelyk Bylaes 1 en 3).
- * Die Randse Afrikaanse Universiteit, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en Baylor-Universiteit (Texas) vir finansiële steun, asook eersgenoemde vir die verlening van studieverlof. Die menings wat egter in hierdie ondersoek uitgespreek word, is die van die skrywer.

* My vrou en skoonouers, geesgenote en steun, wie se bydrae tot hierdie
ondersoek die eise van gewone huweliks- en familiebande ver oorskry
het, en ons kinders vir hul aandeel om onder meer 'n jaar lank van hul
ouers geskei te gewees het.

SOLI DEO GLORIA

Arnold S. de Beer
Johannesburg
1980.06.10

Hierdie ondersoek word opgedra aan die Afrikaanse joernaliste (P.J. Cillié, Ebbe Domnisse, Bob van Walsem en ander) wat as professionele beroepsbeoefenaars skrywer destyds as jong koerantman by *Die Burger* onder die indruk van die eise van die joernalistiek en die rol en taak van die gehalte-dagblad in Suid-Afrika gebring het.

Inhoudsopgawe

HOOFSTUK EEN

INLEIDENDE OORSIG TOT DIE STUDIE VAN DIE JOERNALISTIEK AS PROFESSIONALISERENDE BEROEP

1.1	Motivering en probleemstelling	1
1.2	Doelstelling	5
	1.2.1 Algemene doelstelling	5
	1.2.2 Besondere doelstelling	6
1.3	Strukturering	6
1.4	Begripsomskrywing en terreinafbakening	8
	1.4.1 Professie	8
	1.4.2 Professionalisering	10
	1.4.3 Professioneel	10
	1.4.4 Joernalis/joernalistiek	12
	1.4.5 Pers, koerant en dagblad	13
	1.4.6 Sosiale sisteem	16
	1.4.7 Perswetenskap as studieveld	17
1.5	Opsomming van Hoofstuk 1	17

HOOFSTUK TWEE

PROFESSIONALISERING: DIE BEPALING VAN 'N TEORETIESE MODEL 18

2.1	Stelling van konsepte	19
2.2	Oorsprong en ontwikkeling	20
2.3	Kritiek teen die professies	22
2.4	Die noodsaaklikheid van professies as konsep en realiteit	27
2.5	Benaderingswyses tot die studie van professionalisering	28
	2.5.1 Die vlakke van analise	28
	2.5.2 Bepaalde teoretiese uitgangspunte	31
	2.5.3 Die proses- of kontinuum-model van professionalisering	34
2.6	'n Teoretiese attribuutmodel vir professionalisering	41
	2.6.1 Enkele benaderings	44
	2.6.1.1 Sosiologiese benaderings	45
	2.6.1.1.1 Tabulering van professionaliseringsattribute volgens sosiologiese navorsing	55
	2.6.1.2 Benaderinge uit die joernalistiek en/of kommunikasie-wetenskappe	60
	2.6.1.2.1 Tabulering van professionaliseringsattribute volgens joernalistieke navorsing	64

2.6.2	Stelling van h eie model	66
2.7	Samevatting van Hoofstuk 2	71

HOOFSTUK DRIE

DIE PROFESSIONALISERINGSMOONTLIKHEDE VAN DIE JOERNALISTIEK ... 73

3.1	Joernalistiek: kuns, ambag of profesie?	73
3.1.1	Kritiek teen joernalistieke professionalisering	73
3.2	Literatuuroorsig van die joernalistiek as professionaliserende beroep	80
3.2.1	Konseptuele en empiriese ondersoeke	81
3.2.1.1	Konseptuele studies	82
3.2.1.2	Empiriese ondersoeke	86
3.3	Waarom moet die joernalistiek professionaliseer?	90
3.3.1	Die kennis- en tegnologiese ontploffing	90
3.3.2	Professionalisering van ander beroepe	97
3.4	Metode van joernalistieke professionalisering	100
3.4.1	Die kennisdimensie as rasionaal en metode vir professionalisering	100
3.4.2	Die oriëntasie-dimensie as rasionaal en metode vir professionalisering	102
3.4.2.1	Die joernalistiese oriëntasie ten opsigte van homself..	103
3.4.2.2	Oriëntasie tot kliënte	108
3.4.2.3	Opsomming van oriëntasiedimensie	110
3.4.3	Die struktuur/organisasie-dimensie as rasionaal en metode vir professionalisering	110
3.4.3.1	Struktuur/organisasie	110
3.4.3.2	Monopolie	116
3.4.3.3	Outoriteit	117
3.4.3.4	Otonomie	118
3.4.3.5	Opsomming van die struktuur- en organisasie-dimensie.	133
3.5	Opsomming van Hoofstuk 3	135

HOOFSTUK VIER

DIE KENNIS-DIMENSIE AS BASIS VIR PROFESSIONALISERING 137

4.1	Die kennissisteam as basis vir teorievorming	138
4.1.1	Veldondersoeke met betrekking tot die kennisdimensie	144
4.1.1.1	Die 1977-veldondersoek	145
4.1.1.2	Die 1979-veldondersoek	147

4.1.2	Bespreking van veldondersoeke met betrekking tot die kennis-sisteem	151
4.2	Joernalistieke teorievorming	160
4.2.1	Enkele teoretiese beskouinge	163
4.2.1.1	Deterministiese benaderinge	167
4.2.1.2	Nie-deterministiese benaderinge	175
4.2.1.3	Indeterministiese benaderinge	193
4.2.1.4	Samevatting van die teoretiese benaderinge	195
4.2.2	Enkele teoretiese toepassinge met betrekking tot nuus	195
4.2.2.1	Nuuswaardes	196
4.2.2.2	Die kwessie van objektiwiteit	198
4.2.2.3	Nuwe nuuskonsepte	204
4.3	Opsomming van Hoofstuk 4	205

HOOFSTUK VYF

ONDERRIG EN OPLEIDING AS PROFESSIONALISERINGSATTRIBUTE IN DIE KENNIS-DIMENSIE	207	
5.1	Spesifieke probleme	208
5.1.1	Professionele joernaliste sonder joernalistieke opleiding ...	208
5.1.2	Joernalistieke opleiding as toetredingsvereiste	210
5.1.3	Teenreaksie teen joernalistieke opleiding	213
5.1.4	Die aard en inhoud van joernalistieke kursusse	216
5.1.4.1	Geen spesifieke joernalistieke onderrig nie	216
5.1.4.2	Buite-universitêre opleiding	218
5.1.4.3	Universitêre onderrig	221
5.2	Joernalistieke onderrig in Suid-Afrika	229
5.2.1	Historiese ontwikkeling	230
5.2.1.1	Die Potchefstroomse Universiteit vir CHO	230
5.2.1.2	Die 1967-Kommunikasiekonferensie	230
5.2.1.3	Die Universiteit van Suid-Afrika	231
5.2.1.4	Rhodes-Universiteit	232
5.2.1.5	Die Randse Afrikaanse Universiteit	232
5.2.1.6	Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat	233
5.2.1.7	Die Universiteit van Stellenbosch	233
5.2.1.8	Ander universiteite	234
5.2.2	Die aard en inhoud van kursusse	234
5.2.2.1	Die 1977-ondersoek met betrekking tot onderrig	235
5.2.2.2	Die 1979-ondersoek met betrekking tot onderrig	240
5.2.2.3	Vergelyking tussen Afrikaanse en enkele Amerikaanse leerplanne	243
5.2.2.4	Opsomming van die onderrigopset	245
5.2.3	Interaksie tussen universiteitsdepartemente en die praktyk ..	245
5.2.3.1	Skakeling tussen die departemente en die pers	246
5.2.3.2	Die praktyk se standpunt oor joernalistieke onderrig.	253

5.2.4 Opsomming van joernalistieke onderrig in Suid-Afrika.....	259
---	-----

HOOFSTUK SES

DIE VERWERING VAN VAARDIGHEDE EN DIE BELANGRIKHEID VAN NAVORSING EN VAKLITERATUUR AS KOMPONENTE VAN DIE KENNIS-DIMENSIE.....	261
6.1 Die verwerwing en toepassing van tegniese vaardighede.....	262
6.2 Navorsing as professionaliseringselement	270
6.2.1 Die kwalitatiewe metode in joernalistieke navorsing.....	275
6.2.2 Opsomming van die navorsingsopset.....	289
6.3 Vakliteratuur	289
6.4 Opsomming van Hoofstuk 6	293

HOOFSTUK SEWE .

SAMEVATTING EN AANBEVELINGS.....	295
7.1 Doelstelling.....	295
7.2 Samevatting en aanbevelings	296
BYLAES	B3
LITERATUURLYS	B21

Hoofstuk Een

Inleidende oorsig tot die studie van die joernalistiek as professionaliserende beroep

1.1 MOTIVERING EN PROBLEEMSTELLING

Wanneer die vermaarde Afrikaanse koerantman Schalk Pienaar trots konstateer dat hy 'n professionele joernalis is (Pienaar, 1979:130), of wanneer 'n hoofbestuurder van die *Associated Press* onomwonde stel dat joernaliste hul werk in toenemend moeilike omstandighede kan doen, juis omdat hulle professioneel is (Gallagher, 1965:1), is daar waarskynlik min beroepsgenote wat met hulle sal verskil.

In 'n moderne geïndustrialiseerde wêreld waarin die professies en professionaliserende beroepe 'n al belangriker rol speel (Larson, 1977:xvi), is dit egter 'n ope vraag of bogenoemde taamlik kategoriese stellings oor die joernalistiese professionaliteit sonder meer aanvaar kan word (LeRoy, 1973:263). Die laaste twee dekades van die twintigste eeu sal gekenmerk word deur 'n ongekende kommunikasie- en tegnologiese ontploffing wat buitengewone eise aan die joernalistiek as een van die belangrikste informasie- of kennisberoepe sal stel (Bagdikian, 1973:569-572). Soos nooit voorheen nie, sal die joernalis in hierdie en volgende dekades in staat moet wees om die vloedgolf van informasie (Kriss, 1976:41-42) sinvol te kan hanteer sodat sy beroepsoptrede nie tot kommunikasieverwarring nie, maar tot groter kommunikasiebegrip kan lei. Volgens resente navorsing sal die joernalis die kennisfaset van sy beroep net suksesvol kan hanteer indien die joernalistiek toenemend professionaliseer (LeRoy, 1973:250-263; Nayman, 1973:195-205; Roshco, 1975:121-125; vergelyk ook Hoofstukke 4 – 6).

Daar is egter ook ander belangrike redes waarom die kwessie van joernalistieke professionalisering aktueel is.

In die eerste plek word daar die afgelope twee dekades soos nog nooit voorheen

nie, kritiek teen die joernalistiek uitgespreek oor die wyse waarop hy sy funksie en taak in die Westerse demokrasieë vervul (Brown, 1974:1-20; Hohenberg, 1978:39-132). Die gevolg hiervan is dat daar veral in Amerika en in sekere West-Europese state sedert die laat-sestigerjare al meer druk van die publiek en ook die staat gekom het om toegang en inspraak (*access*) in die redaksionele proses te verkry en om van die pers 'n al groter mate van verantwoordbaarheid (*accountability*) te vereis (vergelyk Barron, 1975; Schmidt, 1976). Vir die outonome beroepsrol van die joernalis hou s6 'n beweging uiteraard ernstige implikasies in (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.4).

Die aandrang om toegang tot die redaksionele proses hang ook nou saam met die vraag of die joernalis in die laaste twee dekades van die twintigste eeu oor voldoende kwalitatiewe en kwantitatiewe kennis beskik om sy beroepsrol te vervul. Met betrekking tot die kennisdimensies van die beroep, hang dié vraag veral saam met die kwessie van onderrig en opleiding.

In 'n beroep waar joernalistieke tersiêre onderrig baie geslagte lank nie van besondere belang geag is nie, en inderdaad selfs as 'n nadeel beskou is, is dit 'n pertinente vraag of joernaliste as belangrike informasiebepalers, -verwerkers en -verskaffers oor die nodige akademiese toerusting beskik om aan die vereistes van die tyd te voldoen. Op hierdie aspek en verwante sake soos die aanleer van bepaalde joernalistieke vaardighede en 'n navorsingsgerigtheid, word daar ook in hierdie ondersoek ingegaan (vergelyk Hoofstukke 4 tot 6).

Naas die kennisdimensie van die joernalistieke beroep kan die dimensies van beroepsoriëntasie en struktuur/organisasie ook onderskei word (vergelyk Hoofstuk 3.4).

Ondanks die feit dat *old pro's* soos Walter Cronkite, baasnuusleser van die Amerikaanse televisienetwerke, beweer hulle word

"...sick and mighty tired of this profession of ours being constantly dragged into the operating room and dissected, probed, swabbed and needled to see 'what makes it tick'
(Gallagher, 1965:11).

bestaan daar betreklik min kennis oor die joernalis, sy selfkonsep, sy oriëntasie ten opsigte van sy beroep, sy beroepskollegas en die publiek.

Soos Nayman (1973:197) dit stel, het dit die laaste aantal jare toenemend belangrik geword dat die samelewing wat aan 'n proses van intens-ingrypende informasieverandering blootgestel is, moet weet wie die joernalis is. Daar moet dus bepaal word watter soort opleiding hy gekry het, wat sy agtergrond, norme en waardes is en veral wat sy houding of oriëntasie teenoor sy beroep en die gemeenskap is. Dit is ook uiters noodsaaklik dat 'n beter begrip gekry word van hoe die joernalis sy beroepsrol as funksie van die veranderende en veeleisende kennissistiem in die volgende twee dekades sien.

Met betrekking tot die struktuur en organisasie van die joernalistiek as beroep is daar reeds duidelike tekens dat die vanselfsprekende joernalistieke konvensies wat geslagte van beginnerjoernaliste dekade na dekade in tradisionele bane gevorm het, toenemend verander of verwerk word (Bagdikian, 1973:569).

Die tegnologiese en kommunikasierevolusie het veranderende sosiale omstandighede meegebring waarbinne die joernalis moet funksioneer (Nayman, 1973:196). Geslagte van joernaliste wat deur 'n stelsel van *on the job training* opgelei is, en wie se persepsie van die sosiale werklikheid en hul beroepsrol tot groot hoogte deur 'n interne sosialiseringproses (Breed, 1972:178-194) in die koerantkantoor gevorm is, het so veranker in hul tradisionele beroepsbeskouing geraak dat die joernalistiek tot groot hoogte na hul mening nog volgens die teoretiese konsepte van 'n vorige tydperk bedryf moet word (Bagdikian, 1973:572; Hohenberg, 1978:1-37). Hierdie sosialiseringproses van *maak soos ek maak* (Schwarzlose, 1979:1), is sedert die sestigerjare egter al meer deur nuwe universiteitstoetreders tot die joernalistiek bevraagteken.

Bogenoemde proses is gestimuleer deur die ontwikkeling van groter en finansiële sterker koerantgroepe, die groter en steeds groter wordende eise wat die publiek en die staat aan die beroepsaktiwiteite van die joernalis stel en die ontwikkeling waardeur die joernalistiek en die perswese in die algemeen al meer deel van die totale intellektuele en maatskaplike stroom van veranderinge geword het (Bagdikian, 1973:571-572). Dit het meegebring dat die nuwe geslag joernaliste toenemend die geykte vorme van joernalistieke beroepsaktiwiteite, soos objektiewe beriggewing en die skryf van berigte in die omgekeerde piramide-vorm, begin bevraagteken en ook begin aandring het op groter inspraak in die redaksionele proses (Boone, 1977:1-4). Vir die joernalis in die tagtigerjare is hierdie ontwikkelinge van besondere belang, nie net omdat hy hom binne die beroep toenemend oor sy taak sal moet verantwoord nie, maar ook omdat al meer kennis van druk van buite (byvoorbeeld deur die staat en die publiek) geneem sal moet word.

Al hierdie aspekte skep nuwe verpligtinge en beroepseise vir die joernalis soos toenemende spesialisasie (Grunig, 1976:1-20) en 'n groter begrip van die kennis-, oriëntasie- en struktuur/organisasie-elemente van sy beroep.

Met bogenoemde word nie te kenne gegee dat die *demi-gods in green eyeshades* (Bagdikian, 1973:570) in 'n verbygaande era nie as ware *pro's* (LeRoy, 1973:250) beskryf kan word nie. Soos later aangetoon sal word, is dit ongetwyfeld so dat die joernalistiek sy substansiële groep professionele beroepsbeoefenaars het wat op grond van hul vakkundigheid en beroepsinsig aan die strengste vereistes van professionalisering kan voldoen. Soos in Amerika is die tydperk van die *old pro* egter ook in Suid-Afrika besig om uit te sterf. Die sosiale revolusie van die sestigerjare en die tegnologiese en kennisrevolusie van die tagtiger- en negentigerjare verg nuwe omstandighede vir 'n nuwe soort joernalis wat in 'n nuwe era 'n nuwe inhoud aan die joernalistiek as beroep moet gee (vergelyk Hoofstuk 5.1.1).

In hoe 'n mate die joernalistiek reeds aan dié sake aandag gee en ook in die toekoms moet gee, vorm dan uiteraard vrugbare grond vir navorsing binne die vakgebied van die perswetenskap in die besonder en die kommunikasiekunde in die algemeen.

Daar is egter nog betreklik min navorsing in die sosiale wetenskappe oor spesifiek die rol van die joernalis as 'n professionele beroepsbeoefenaar gedoen (Halloran, 1969:5). Dit is maar die afgelope twee dekades dat daar veral in Amerika en in 'n mindere mate in sekere Wes-Europese lande aan dié saak aandag gegee is (Janowitz, 1975:618). Volgens Windahl & Rosengren (1978:466) het navorsers op dié terrein 'n belangstelling in die joernalistiek as professionaliserende beroep in die vroegsestigerjare begin toon, omdat besef is dat dit ook tot 'n beter begrip van die algemene funksionering van die pers in die samelewing kan lei.

Ondanks 'n algemene belangstelling in die sosiologie vir die kwessie van professionalisering van beroepe (Pavalko, 1971:8 e.v.), toon Hagen (1975:1-3) egter aan dat daar nie veel aandag aan beroepe gegee is wat, soos joernalistiek, nie oor al die kenmerkende eienskappe van die tradisionele professies beskik nie. Een van die redes hiervoor was dat die joernalis as kommunikator min belangstelling van sowel die beroep self (wat meer oor bedryfsake bekommerd begin raak het, Friedman, 1977:4) as die sosiale wetenskappe ontvang het (Halloran, 1969:5-21; McQuail, 1969:64-67). Terwyl die tegologiese-ontwikkelende massamedia aan die een kant die fokuspunt van talle sosiaal-wetenskaplike dissiplines geword het wat ondersoek wou

instel na die effek van dié media op die mikro-, meso- en makro-vlakke van die menslike gemeenskap, het die beeld van die man (en vrou) agter die dagblad se produkte aan die ander kant vaag en onduidelik gebly.

’n Ander faktor wat navorsing oor die professionalisering van die joernalistiek spesifiek in Suid-Afrika belemmer, is die verskillende betekenis wat in die Afrikaanstalige en in die Engelstalige pers aan die konsep gegee word. Die meeste joernaliste van stedelike Engelstalige koerante word deur die *Southern African Society of Journalists* verteenwoordig. Hoewel die SASJ hom by geleentheid oor sake soos persvryheid uitspreek, vertoon dié vereniging tot groot hoogte ’n vakbondinslag met klem op onderhandelinge vir beter vergoeding en diensvoorwaardes. Vir Afrikaanstalige joernaliste bestaan daar geen professionele of vakbondorganisasie nie. Oor die algemeen het die Afrikaanstalige pers in die verlede ook ’n groter premie op universiteitsopleiding vir sy joernalistieke toetreders as die Engelstalige pers gestel. Die gevolg hiervan is dat daar nog geen konsensus in die joernalistieke praktyk in Suid-Afrika bestaan oor die definiëring van die joernalis as *professionele* beroepsbeoefenaar al dan nie.

Dit is dan teen bogenoemde agtergrond dat hierdie navorsing oor die professionalisering van die joernalistiek, en meer spesifiek die dagbladjoernalistiek, aangepak is. Vir die navorser is die belangrike vraag of die joernalistiek in staat is om die probleme van die toekoms af te weer en of joernaliste self in staat is om dié probleme te antisipeer en ’n leidende rol in verandering en verbetering te speel deur toenemend te professionaliseer. In hierdie ondersoek val die klem veral op die kennis-toerusting van die joernalistiek as professionaliserende beroep, terwyl daar ook aandag aan die ander fasette van professionalisering gegee word.

1.2 DOELSTELLING

Die doelstelling van hierdie navorsing val in twee breë afdelings uiteen, naamlik ’n algemene doelstelling en ’n besondere doelstelling.

1.2.1 ALGEMENE DOELSTELLING

Die algemene doelstelling van die ondersoek is om deur ’n oorsig en integrasie van die literatuur meer lig te werp op die joernalistiek as professionaliserende beroep, omdat dit:

- (a) deur 'n konseptuele ontleding van die term professionalisering kan bydra tot 'n beter insig in en begrip vir die beroepsrol van die joernalis in die laaste twee dekades van die twintigste eeu;
- (b) deur die identifisering en omskrywing van bepaalde begrippe volgens die kwalitatiewe metode groter helderheid kan bied vir toekomstige navorsing in Suid-Afrika op die terrein van die professionalisering van die joernalistieke beroep;
- (c) in die algemeen 'n bydrae kan lewer tot 'n perswetenskaplike en kommunikasiekundige navorsingsterrein wat in Suid-Afrika nog heeltemal braak lê;
- (d) die onderrig van joernalistiek as vakgebied kan stimuleer deur 'n aanduiding te gee van die eise wat die beroep stel waarvoor studente aan universiteite in departemente van kommunikasie en joernalistiek onderrig en opgelei word;
- (e) kan dui op die relevansie om in die beoordeling van die joernalistiek as professionaliserende beroep klem te lê op die attribute van kennis, oriëntasie, struktuur en organisasie.

1.2.2 BESONDERE DOELSTELLING

Die besondere doelstelling van die ondersoek is:

- (a) om deur middel van 'n omvattende literatuurstudie 'n konseptuele model vir die professionalisering van veral die dagbladjoernalistiek op te stel en
- (b) om deur middel van hierdie konseptuele model en aan die hand van twee veldondersoeke vas te stel in hoe 'n mate daar spesifiek op die kennisvlak deur die Suid-Afrikaanse dagbladjoernalistiek, en veral die Afrikaanstalige dagbladjoernalistiek, aan die vereistes van 'n professionaliserende beroep voldoen word.

1.3 STRUKTURERING

Die ondersoek bestaan in hoofsaak uit 'n teoretiese studie met, op sekondêre vlak, enkele beperkte deskriptief-empiriese veldondersoeke. Die rasionaal hiervoor is geleë in die feit dat die skrywer metodologies van die kwalitatiewe benadering

tot die ondersoek van massakommunikasiekundige navorsingsonderwerpe uitgaan.

As navorsingsmetode sorteer die kwalitatiewe metode onder die dieptedimensie in die wetenskapsdriedeling van hoogte, breedte en diepte (vergelyk Marais, 1980: 8-16). Anders as die ander twee dimensies wat kwantitatiewe meting en toetsing as primêre insette beskou, is die kwalitatiewe metode daarop ingestel om die wese en essensie van die navorsingsprojek te probeer peil deur onder meer die metodes van waarneming, kontekstualisering, vergelyking en konseptualisering te gebruik. In Hoofstuk 6.2.1 word hierdie aspekte verder bespreek. Daar word dan aangedui hoe die kwalitatiewe benadering juis in 'n vakgebied soos die perswetenskap of joernalistiek gebruik kan word om basiese konsepte vir teoriebou te ontwikkel waardeur verdere navorsing op die meer kwantitatief-empiriese vlakke gestimuleer kan word. Dit geld veral vir 'n onderwerp soos die professionalisering van die joernalistiek waarvoor daar nog geen doeltreffende teoretiese-konseptuele raamwerk bestaan nie.

Die navorsing wat die tydperk 1 Oktober 1977 tot 31 Maart 1980 dek, word in twee afdelings behandel. In die eerste afdeling (Hoofstukke 1, 2 en 3) word die grondslae van die ondersoek gelê, terwyl daar in die tweede afdeling (Hoofstukke 4, 5 en 6) na spesifieke fasette van die joernalistieke professionaliseringsproses met betrekking tot die kennisdimensie ondersoek ingestel word.

In Hoofstuk 1 word 'n inleidende oorsig tot die studie van die joernalistiek as professionaliserende beroep gegee. Die onderwerp van die ondersoek word gemotiveer en bepaalde probleemstellings word uiteengesit. Dié hoofstuk bestaan voorts uit 'n stelling van algemene en besondere doelstellings. 'n Kort uiteensetting van die strukturering van die navorsing word gegee. Die besondere begrippe wat in hoofsaak in die navorsing gebruik word, asook die beperking van die studieveld, word hierna bespreek.

In Hoofstuk 2 word die teoretiese parameters van professionalisering met betrekking tot oorsprong, ontwikkeling en bepaalde benaderingswyses bespreek. 'n Konseptuele joernalistieke professionaliseringsmodel (JP-model) word aan die hand van die literatuur ontwikkel.

In Hoofstuk 3 word die vraag ondersoek of die joernalistiek met die JP-model as verwysingsraamwerk kan professionaliseer, en indien wel, waarom dit noodsaaklik is. Die drie dimensies van dié model (kennis-, oriëntasie- en struktuur/organi-

sasie) word as metode en rasionaal vir joernalistieke professionalisering bespreek.

In Hoofstuk 4 word besondere aandag aan die ontwikkeling van die kennissistiem deur middel van teorievorming gegee. Enkele belangrike teoretiese benaderings word bespreek. In hierdie hoofstuk word ook die eksperimentele ontwerp van twee veldondersoeke behandel.

In Hoofstuk 5 word die tweede aspek van die kennisdimensie, naamlik onderrig en opleiding, as noodsaaklike voorwaarde vir professionalisering bespreek. Spesifieke probleme word behandel waarna aandag aan die Suid-Afrikaanse opset gegee word.

In Hoofstuk 6 word die ander drie elemente van die kennisdimensie, naamlik die verwerwing en toepassing van vaardighede, die belang van navorsing (waaronder veral die kwalitatiewe metode) en vakliteratuur bespreek.

In Hoofstuk 7 word 'n samevatting van die navorsing gegee en enkele aanbevelinge word gedoen. Ná hierdie hoofstuk volg die bylaes en literatuurlys.

1.4 BEGRIPSOMSKRYWING EN TERREINAFBAKENING

'n Aantal begrippe met betrekking tot die konteks profesie, asook die joernalistiek, word in die navorsing gebruik. Dié begrippe word vervolgens beskryf soos dit na vore sal kom. Terselfdertyd word die terrein van die ondersoek ook bepaal.

1.4.1 PROFESSIE

Daar bestaan geen teoretiese en metodologiese konsensus onder navorsers op die terrein van die sosiologie van beroepe oor wat die begrip profesie presies behels nie. Die vernaamste rede hiervoor is dat daar geen absolute verskil tussen 'n profesie en 'n ander beroepsoort is nie. Daar bestaan in werklikheid net graadverskille in terme van die verskillende attribute wat aan bepaalde beroepe toegeken word. In die lig van hierdie attribute (vergelyk Hoofstuk 2.5) kan 'n besondere beroep dan meer of minder van die kenmerke van 'n profesie vertoon as die volgende beroep (Barber, 1965:16-17). Onder die talle beskikbare omskrywings definieer *Webster's* (1977:919) 'n profesie as:

"...a calling requiring specialized knowledge and often long and intensive academic preparation; a principal calling, vocation, or employment; the whole body of persons engaged in a calling."

Dié definisie onderskei die begrip professie nie volledig van die verwante begrip beroep nie, hoewel sekere van die attribute wat gewoonlik aan 'n professie toegeken word, hier teenwoordig is, nl. gespesialiseerde kennis, lang en intensiewe opleiding en die implisiete veronderstelling dat 'n professie nie net 'n beroep is nie, maar inderdaad 'n roeping. 'n Element hiervan kom ook na vore in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (1970:665) se weergawe van die begrip, nl. dat 'n professie 'n beroep is "veral gebruik vir werk van intellektuele aard: (die) mediese professie". Ook in die nuwe uitgawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (1979:802) maak die inskrywing *professioneel* nie voorsiening vir die Engelstalige *professional* nie, maar net vir *beroepsman*.

Volgens Hughes (1965:2) was die oorspronklike betekenis van professie "to have taken the vows of a religious order". Dit is later gesekulariseer na "...that profess to be duly qualified". Hoewel die oorspronklike betekenis van die woord geleë is in die konsep om te bely/betuig (*the act of professing*) beteken dit in die moderne tyd volgens Hughes (1965:2):

"The occupation which one professes to be skilled in and to follow... a vocation in which professes knowledge of some branch of learning is used in its application to the affairs of others."

Soos Wright (1978:4) aantoon:

"The essence of the professional idea and the professional claim is that professionals claim to know the nature of certain matters better than other people."

Etlike navorsers op die terrein van beroepe en professies (o.a. Jackson, 1970:5; Wilensky, 1964:138-141) toon egter aan dat dit nie veel sin het om tot 'n eksakte definisie van die begrip professie te probeer kom nie. Die belangrike vraag om te stel, is nie soseer of bepaalde beroepe wel professies is of nie, maar wel in watter mate hulle aan die vereistes van professionalisering voldoen. Dus, eerder as om te vra of die joernalistiek 'n professie is of nie, is dit veel nuttiger om te vra in welke mate die joernalistiek geprofessionaliseerd is. In dié opsig sal 'n joernalis dan in sy daaglikse beroepshandelinge in mindere of meerdere mate voldoen aan bepaalde professionaliseringsattribute (vergelyk Hoofstuk 3.4 vir 'n bespreking van hierdie attribute volgens 'n kennis-, oriëntasie- en struktuur/organisasie-dimensie).

1.4.2 PROFESSIONALISERING

Die begrip professionalisering verwys na die verskillende stadiums waardeur 'n betrokke beroep op 'n kontinuum van hoëgenaamd nie geprofessionaliseer tot uitermate geprofessionaliseer, beweeg (Pavalko, 1971:16). Vir die joernalistiek is hierdie konseptualisering 'n gelukkige een (LeRoy, 1973:251), aangesien dit die studie van die joernalistiek binne die konteks van professies bevry van absolutistiese aannames dat 'n beroep of 'n professie is of nie een is nie. Professionalisering gee die gedagte weer dat 'n beroep deur verskillende stadiums na meer volledige vorme van professionaliteit vorder. Hierdeur word die relatiewe karakter van professies onderstreep. Die begrip professionalisering hou ook die verdere voordeel in dat daar ten opsigte van die verskillende toegekende attribute gediskrimineer kan word, bv. tussen persoonlikheidskenmerke aan die een kant en strukturele en organisatoriese aspekte aan die ander kant.

Die evolusieproses van beroepe na hoër grade van professionalisasie is o.m. deur Wilensky (1964:141-158), Goode (1969:266-313) en Moore (1970:51-83) beskryf. Hiervolgens word beroepe nie kategorieë as of professies of nie-professies beskryf nie, maar word die hele kwessie van professionalisering as 'n dinamiese proses gesien waarin beroepe aansienlike variasie in tyd en ruimte op 'n kontinuum-skaal sal vertoon (Jackson, 1970:5). Binne dié konteks word die joernalistiek dan vir die doeleindes van hierdie ondersoek as 'n professionaliserende beroep beskou (vergelyk Hoofstuk 2 vir 'n uiteensetting van dié aanname).

1.4.3 PROFESSIONEEL

In die Engelstalige vakliteratuur word die term *professional* gebruik om 'n beroepspersoon aan te dui wat tot een van die professies behoort. Hoewel hierdie navorsing juis daarop ingestel is om die vraag te ondersoek in hoe 'n mate die joernalistiek geprofessionaliseer is, sal die term *professional* gebruik word om daardeur aan te toon dat die joernalis tot 'n professionaliserende beroep behoort (vgl. Hoofstuk 3). Daar word dus nie deur die gebruik van die term te kenne gegee dat die joernalis inderdaad aan al die vereistes vir professionaliteit voldoen nie.

Dit is ook klaarblyklik dat die term nie in die ander sin van sy betekenis gebruik word soos dit in die algemene spreektaal voorkom nie, byvoorbeeld 'n professionele sportman, of 'n ambagsman wat trots na homself as 'n *professional* ver-

wys nie (Schwartz, 1977:8). Dieselfde tipering sou natuurlik ook geld vir 'n persoon wat wel oor bepaalde joernalistieke vaardighede beskik en byvoorbeeld as vryskut *enigiets* teen betaling sal skryf. S6 'n persoon sou dan met betrekking tot die resultaat van sy skryfwerk kon aanspraak maak dat hy 'n *professional* is, maar dit kwalifiseer hom nog nie as 'n lid van die professies nie.

Taalkundig bied die term *professional* egter probleme. Tweetalige woordeboeke soos dié van Bosman, Van der Merwe en Hiemstra (1977:1551) gee nie in Afrikaans die ekwivalent van *professional* weer nie, maar wel vakman en beroepsman (albei dié terme kan natuurlik vir nie-professionele groepe gebruik word). Die Nederlandse vakliteratuur gebruik gewoon die Engelstalige vorm (bv. Wentink, 1972:78). Die Duitse vaktaal bied ook nie 'n oplossing nie aangesien daar nie onderskeid gemaak word tussen die terme *Fachmann*, *Berufsjournalist*, of selfs *Geistesarbeiter* om daardeur spesifiek die Engelstalige *professional* weer te gee nie. In Frans word wel van die *professeur* gepraat, maar dan is dit spesifiek in die sin van 'n professionele sportman/vrou.

Teen hierdie agtergrond is besluit om die selfstandige naamwoord *professional* uit die Engels na *professioneel* te vertaal. Die rasionaal hiervoor is die analogie van *intellektueel* soos dit in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (1979) voorkom: "intellektueel - iemand wat hom met intellektuele dinge besig hou, maar meer spesifiek, iemand wat tot die intellek (die slim gedeelte van die volk) behoort."

Volgens Eksteen (1979)* is daar taalkundig geen besware in te bring teen die naamwoord *professioneel* nie. Anders as 'n ander alternatief soos *professionalis*, dui *professioneel* op 'n bepaalde deskundigheid en gee dit eerder die gevoel weer van 'n geskoolde, deurwinterde vakman as eersgenoemde. Soos *intellektualis* gee *professionalis* eerder die indruk van 'n aanhanger van 'n bepaalde denkrigting of geestesaktiwiteit as die werklike beoefenaar van daardie besondere aktiwiteit. Die selfstandige naamwoord *professioneel* sluit ook aan by die byvoeglike naamwoord *professionele* werk, organisasie, ens. (vergelyk *intellektuele*).

In die Afrikaanstalige vakliteratuur is daar ook presentente vir die gebruik van die naamwoord *professioneel*. S6 maak Jansen van Rensburg (1977) in sy ondersoek na volkekundige bydraes oor die Nguni onderskeid tussen amateur-volkekundiges en

* In 'n persoonlike onderhoud met prof. Louis Eksteen van die Universiteit van Pretoria op 1979.12.12.

diegene wat professioneel as volkekundiges opgelei is. Hy gebruik egter nie die meervoudsvorm *professionele* nie, maar wel *professioneles* (Jansen van Rensburg, 1977:314).

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal die term *professioneel* (meervoud: *professionele*) dus gebruik word as aanduiding vir die persoon wie se beroepsaktiwiteit tot een van die tradisionele professies of beroepe onderweg na professionele status gerig is. Die term *professionalisering* verwys dan na die proses waardeur beroepe beweeg ten einde meer geprofessionaliseerd te raak, terwyl *professionaliteit* slaan op die mate waarin 'n individuele beroepspersoon of beroep aan bepaalde kriteria (vgl. Hoofstukke 2 en 3) van professionele beroepsgedrag voldoen.

1.4.4 JOERNALIS/JOERNALISTIEK

Die begrip joernalis leen hom nie maklik tot 'n bevredigende omskrywing nie, maar hoewel effens ekstreem, is Merrill (1974:143) se beskrywing waarskynlik nie heeltemal sonder grond nie. Joernaliste is volgens Merrill uiters komplekse persone. Hul werk word deur 'n wye verskeidenheid van belange, ideologieë, opvoedkundige vlakke en kulturele agtergrond, spesifieke talente, ens. beïnvloed. Hierby moet nog die werksituasie kom waarin die joernalis sy dagtaak verrig, asook die sosiaal-politieke sisteem en die besondere media-sisteem wat hom in diens neem (vergelyk Hiebert, Ungurait & Bohn, 1979:30-54).

O'Brien (1967:491) bied 'n kort en moontlik té beperkte definisie van die joernalis, maar dit gee wel die kernaktiwiteit weer, naamlik:

"...the journalist's task may be defined most precisely as that of mediating between source context and audience context by the formulation of intermediate, rhetorical contexts."

Hierdie aktiwiteit vind binne die konteks van die algemene massamedia plaas en kan 'n verskeidenheid van vorme aanneem. Volgens *Webster's* (1977:625) kan die joernalistiek dan beskryf word as:

"...the collection and editing of material of current interest for presentation through news media; the editorial of business management of an agency engaged in the collection and dissemination of news."

Die joernalis is dus iemand wat in of vir die nuusmedia werk en wie se basiese aktiwiteite daarin bestaan om bepaalde soorte inligting (nuus, vertolking en kommentaar) in te samel, te verwerk en na die ontvanger deur middel van die nuusmedia te stuur (vgl. Hoofstuk 4.2.2.1 en Boone, 1973:1-52). Dié aktiwiteit kan verder uitgebrei word tot die bestuur en beheer van die totale nuusproses. Dié uiteensetting gee egter nog nie 'n beeld van die joernalis self nie, want soos skrywers oor die joernalistiek (vergelyk Mansfield, 1962:1; Hohenberg, 1973:5) meld, is die begrip self uiters dubbelsinnig en nie maklik vatbaar vir eksakte definiëring nie.

Soos Breed (1972:178-194) aantoon, word die beroepsaktiwiteite van die joernalis (soos die van elke ander beroepspersoon) in die eerste plek deur die groter sosiale sisteem bepaal, terwyl die spesifieke media-sisteem (Hiebert, Ungurait & Bohn, 1974:21) uiteraard 'n belangrike rol in die beroepslewe van die joernalis speel. Op individuele vlak word die joernalis deur die norme van sy beroep en die interaksie met sy beroepsgenote beïnvloed (Breed, 1972:178), maar ook deur sy eie persoonlike sosio-psigiese samestelling, dit wil sê deur "sy persoonlikheid, sy gemoedstoestand, sy agtergrond, sy motiewe en die kondisie van sy sintuie" (Cillié, 1980:11).

Die voortdurende evalueringsrol wat die joernalis in die hantering van nuus as basiese vorm van inligting speel, word in Hoofstuk 4 verder bespreek. Met bostaande is vir eers net aangetoon wie die joernalis vir die doeleindes van hierdie ondersoek is, naamlik 'n persoon wat heeltyds die beroepsaktiwiteit van die joernalistiek bedryf. Joernalistiek is aangedui as die versameling, verwerking en uitstuur van 'n bepaalde vorm van inligting deur die nuusmedia. Daar is ook gemeld dat die begrip joernalis self moeilik omskryfbaar is vanweë die verskillende vereistes waaraan die beroepsbekleder moet voldoen. Dit is hierdie komplekse beroepsman binne 'n komplekse beroep wat die onderwerp van hierdie ondersoek is.

1.4.5 PERS, KOERANT EN DAGBLAD

Die term *pers* word gewoonlik gebruik as versamelnaam vir die drukwerk voortbring deur die drukpers, d.w.s. tydskrifte, nuustydskrifte, plakkate, tekenboeke en ook gewone boeke. Vir die meeste mense beteken die begrip *pers* egter koerant (Pienaar, 1974:8). Die woord koerant is afgelei van die Franse *courant* wat lo-

pend beteken. Dit is die oudste vorm van die moderne massakommunikasiemedia en kan gedefinieer word (De Beer, 1974:143) as 'n ekonomiese produk wat in ongebinde gedrukte vorm op gesette tye, bestem vir 'n relatief onbeperkte leserskring, verskyn. Die vernaamste funksies van die koerant (vergelyk Bond, 1961:5; Metz, 1977:10-14 vir 'n joernalistieke beskouing, en McQuail, 1975:168-179; Wright, 1964:97 vir 'n sosiologies/massakommunikatiewe standpunt) is die verspreiding van aktuele en universele inligting (nuus) in die openbaar op gereelde en gesette tye (inligtingsfunksie), die vertolking van en kommentaar op die nuus (beïnvloedingsfunksie), die publisering van advertensies, kennisgewings en ander verbruikersinligting (diensfunksie) en die plasing van sogenaamde ligte, gewoonlik nie-tydgebonde artikels, strokiesverhale en ander ontspanningsmateriaal, bv. skaakrubrieke (ontspannings- en vermaaklikheidsfunksie).

As besondere instituut van die samelewing (DeFleur & Ball-Rokeach, 1975:1 e.v.) verskil die koerant nie net in sy funksies van die ander nuusmedia soos nuustydskrifte, televisie en radio (vergelyk byvoorbeeld Wolseley & Campbell, 1959:161; Green, 1969:73-86; Hall, 1978:19-54) nie, maar verskil koerante ook onderling.

In dié ondersoek is hierdie onderskeid tussen koerante van belang omdat joernaliste nie net verskillende waardebepalings as sodanig het nie, maar omdat verskillende soorte koerante hierdie oriëntasies in verskillende joernalistieke vorme kanaliseer. Só sal die joernalis werkzaam by 'n Duitse elite-koerant (bv. die *Frankfurter Allgemeine*, vgl. Merrill, 1968:197) 'n ander beroepsbenadering tot die doel en funksie van die joernalistiek hê as 'n joernalis in die alternatiewe pers (bv. 'n koerant van die *underground press*, Glessing, 1970; Sanford, 1972:133-135) of van 'n louter sensasie-koerant soos die Amerikaanse *National Enquirer* (Wolfe, 1968:176-181).

Volgens Rooij (1974:139 e.v.) en Luykx (1978:275 e.v.) kan koerante in die algemeen verdeel word in massakoerante (dag- en weekblaaie) en spesialisasiekoerante. Onder eersgenoemde word die sogenaamde gehalte-koerante (*quality press*) soos die *New York Times*, *The Times* van Londen en die *Neue Zürcher Zeitung* en die populêre of massapers (*popular press*) soos die Britse *Mirror* of die Amerikaanse *National Enquirer* onderskei. Gehalte-koerante word weer verdeel in informatiewe koerante (wat alles plaas wat in belang van die publiek geag word) en opinie-koerante (wat deur seleksie en aksentplasing hulle tot spesiale groepe rig). Spesialisasie-koerante dien bepaalde streek- of groepsbelange (byvoorbeeld die plattelandse of plaaslike pers; die studente-, finansiële en godsdienstige of kerklike koe-

rante). Dié koerante toon ook kenmerke van bogenoemde massakoerante, soos deur Beasley (1978:1 e.v.) aangetoon.

Sowel die massakoerante as die spesialisasiekoerante word weer onderverdeel volgens die tyd waarin hulle verskyn, naamlik in week- en dagblaaië. Laasgenoemde word weer verdeel in oggend-, middag- of deurlopende dagblaaië.


Daar is 'n aansienlike verskil in styl en inhoud tussen die gehalte-blaaië aan die een kant en die populêre blaaië aan die ander kant. Ten opsigte van nuus-aanbieding wys Mansfield (1962:36) byvoorbeeld daarop dat "news values vary because newspapers vary", 'n onderskeiding wat ook deur King (1967:1 e.v.) met betrekking tot Wes-Europese koerante en deur Merrill (1968:106-131) en Emery & Emery (1978:427-458) met betrekking tot die Amerikaanse pers getref is. Gehalte-koerante soos *The Times* en die *New York Times* kan volgens styl en voorkoms betreklik maklik van populêre pers-koerante soos die *Daily Mirror* onderskei word (Hutt, 1973:157-216).

Die gehalte-koerante onderskei hulle volgens Merrill (1968:11) in sy omvattende werk oor die elite-pers (die top-vorm van gehalte-koerante) van die populêre pers daarin dat die gehalte-pers se lesers 'n hoër opvoedkundige peil het en 'n groter belangstelling in openbare sake (teenoor byvoorbeeld sensasie ter wille van sensasie) toon.

Die gehalte-koerante is dus gemik op die opgevoede burger "who is aware of, and concerned about, the central issues of his time" (Merrill, 1968:11). Dat dié aspek 'n besondere implikasie vir die joernalis in sy beroepsbeoefening het, word onder meer met betrekking tot die Amerikaanse pers deur Emery & Emery (1978:461-477) en Van Rooyen (1980:16-28) met betrekking tot Suid-Afrika aangetoon. Vir die gehalte-koerant is dit besonder moeilik om in die stryd om sirkulasiesyfers die sensasiekoerante te klop. So 'n geval was die Profumo-skandaal in die vroeë sestigerjare toe selfs die hulp van die destydse Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, ingeroep is omdat *Die Transvaler* na die mening van sommige van sy lesers nie reg in die berigging oor die onderwerp opgetree het nie (Van Rooyen, 1980:20-23).

Vir die doelwit van hierdie ondersoek word alleen die posisie van joernaliste van gehalte-blaaië en meer spesifiek dagblaaië bespreek. Die besondere plek van die dagblad met betrekking tot ander koerante kan skematies sō uitgedruk word:

FIGUUR 1: INDELING VAN KOERANTSOORTE (De Beer, 1977a:14)



Vir die doeleindes van die ondersoek moet daarop gewys word dat bostaande indeling nie in elke opsig van toepassing op Suid-Afrikaanse dagblaaie is nie. Anders as bv. in Brittanje kan daar nie sō duidelik onderskeid getref word tussen gehalte-blaaie en populêre blaaie nie (vergelyk Hoofstuk 4.1.1).

1.4.6 SOSIALE SISTEEM

Die funksionering van die dagblad en die joernaliste in sy diens kan nie los van die samelewing gesien word nie (Breed, 1972:178-194). Dit is veral Hiebert, Ungurait en Bohn (1979:36) wat in 'n dinamies-georiënteerde model die teorie (Siebert, Peterson & Schramm, 1974:1-6; Merrill, 1974:23-43) weergee dat daar in elke land as besondere sosiale sisteem bepaalde faktore in interaksie is wat 'n eiesoortige subsisteem van massakommunikasiemedia en dus ook die joernalistiek daarstel (vergelyk Hoofstuk 4.2). In Hoofstuk 4.2.1.2 word binne funksioneel-analitiese verband aangetoon hoe in hierdie navorsing met bepaalde faktore rekening gehou is ten einde die studie-objek te beperk tot dagbladjoernaliste verbonde aan gehalte-koerante in Suid-Afrika. In 'n ondersoek van hierdie aard (waar daar hoofsaaklik kwalitatief-vergelykend te werk gegaan word), is dit ook noodsaaklik om die vergelykingsobjekte en -sisteme duidelik te identifiseer. In die genoemde hoofstuk sal aangetoon word dat die persstelsels van die Verenigde State van Amerika en van Brittanje genoegsame ooreenkomste binne funksionele konteks bied om dié twee lande se pers- en joernalistieke stelsels as vergelykingspunte vir hierdie ondersoek te geneem het.

1.4.7 PERSWETENSKAP AS STUDIEVELD

Hierdie ondersoek word uit die perswetenskap as studieveld gedoen. Met perswetenskap word daardie studierigting bedoel wat die perswese as sy basiese studieobjek het soos dit ontwikkel het uit die Duitse *Publizistik* en *Zeitungskunde* (De Beer, 1977a:113-114; Hemels, 1972:5). As sodanig sluit die besondere uitgangspunt van hierdie ondersoek dan ook eerder by die sosiologie (vergelyk die werke van DeFleur, 1973; Haacke, 1962; Hagemann, 1950; McQuail, 1969; Murdock & Golding, 1977) as by die sosiale sielkunde (vergelyk byvoorbeeld die oriëntasie-benadering van McLeod & Hawley, 1964; Schwartz, 1978) aan. Die sosiologie speel inderwaarheid 'n belangrike rol in hierdie ondersoek deurdat die ontwikkeling van 'n joernalistieke professionaliseringsmodel grootliks gebou word op die teoretiese grondslae van die sosiologie van beroepe. Anders as die meer empiries-kwantitatiewe sosiaal-sielkundige benadering tot die perswese gaan hierdie ondersoek dan binne die tradisie van die perswetenskap uit van 'n kwalitatief-deskriptiewe navorsingsmetodologie (vergelyk Hoofstuk 6.2.1 vir 'n bespreking van hierdie metode).

1.5 OPSOMMING VAN HOOFSTUK 1

Dié navorsing is ingestel op 'n ondersoek na die joernalistiek, en meer spesifiek die dagbladjoernalistiek en sy joernaliste, as 'n professionaliserende beroep. In hierdie hoofstuk is 'n motivering en probleemstelling van die ondersoek gegee waarin aangetoon is dat dit uiters noodsaaklik is dat die joernalistiek, gesien die omstandighede van die tagtigerjare, toenemend moet professionaliseer.

In hierdie hoofstuk is ook die doelstelling en die strukturering van die ondersoek beskryf. Die ondersoek word beperk tot dagbladjoernaliste werksaam in die redaksies van gehalte-koerante binne die konteks van Suid-Afrika as sosiale sisteem. In 'n terreinafbakening is aangetoon dat die ondersoekmetode wat basies kwalitatief en vergelykend van aard is, die persstelsels van die Verenigde State van Amerika en Brittanje as die vernaamste vergelykingspunte neem.

In hierdie hoofstuk is ook 'n begripsomskrywing van relevante begrippe soos professie, professionalisering, professioneel, joernalis en pers gegee om daardeur die raamwerk van die ondersoek aan te dui.

Hoofstuk Twee

Professionalisering: die bepaling van 'n teoretiese model

In die moderne geïndustrialiseerde wêreld speel die professionele beroepe 'n toenemend belangrike rol. Dit raak nie net die lewe van die beoefenaars van hierdie beroepe in die sin dat dit hul lewensdoelwitte, hul lewenswyse en persoonlikheid beïnvloed nie (Greenwood, 1957:47), maar ook omdat die moderne samelewing self toenemend geprofessionaliseerd raak (Larson, 1977:xvi). Hierdie verskynsel raak ook die joernalistiek as beroep ten nouste. Al meer ondersoekers op die terrein van die joernalistiek meen dat die joernalis net sy beroepsrol na behore kan vervul indien die joernalistiek self toenemend professionaliseer (vg). Hiebert, e.a. 1974:81; LeRoy, 1973:263 en Roshco:1975:118). Die noodsaaklikheid hiervoor word onder meer onderstreep deur die kritiek wat van owerheidsweë, van die publiek en van die pers self op die funksie en taakuitoefening van die pers gelewer word. Afgesien van die kritiek teen die pers, staan die pers ook soos nooit voorheen in sy geskiedenis nie voor nuwe probleme en dilemmas wat die voortbestaan van die joernalis, en meer spesifiek die dagbladjoernalis, op die spel plaas. Soos die bekende Amerikaanse joernalistieke kenner Wolseley (1973:208) dit in sy artikel *The coming disappearance of printed journalism* stel:

"I do not like the trends that I and others see. But not saying anything about them will not make them disappear. I do not see how they can be held off for any substantial length of time, as journalistic and social history is going.

"Journalists, therefore, must think about what may be ahead and find their places in the new picture. It will be one more test of journalists' seriousness of intention."

Een belangrike metode om hierdie probleme van die tagtigerjare (wat in Hoofstuk 3.3 meer in besonderhede behandel word) teen te staan, is om die joernalistiek nie langer as 'n soort ambag (Nayman, 1973:199) met sekere verfyndhede soos die joernaliste-broers Alsop te beskou nie, maar om soos 'n ander bekende Amerikaanse joernalis, Walter Lippmann, die professionele tendense in die joernalistiek raak te sien (Nayman, 1973:199) en dit verder binne die konteks van die professionalisering van beroepe (LeRoy, 1973:250-263) uit te brei en te ontwikkel. Soos die bekende perskritikus Bagdikian (1974a:200) dit stel:

"The ingenious communications of the future...will demand a different kind of journalist..."

"The journalist of the future will have to be more scholarly than he is today, he will have to know more, keep up with a wider range of literature, and have to write more clearly and profoundly. The audience (of the future) will know more and more and demand all this accumulation of knowledge to be integrated (by the journalist)."*

LeRoy (1973:256) toon ook dat die samelewing toenemend 'n hoë premie op professionaliteit sal stel, omdat:

"...in a complex and difficult to define position with little in the way of structure to audit in terms of performance or, ever-present temptations in terms of money or ethical compromise, a profession is society's 'best insurance'."

Hiervoor is egter nodig die ontwikkeling van 'n stel kriteria waaraan die joernalistiek moet voldoen om progressief te kan professionaliseer. Dié aspek sal vervolgens behandel word teen die agtergrond van die sosiologiese grondslae van die konsep professionalisering. Daar word kortliks gelet op die konsepte, ontwikkeling, kritiek teen en noodsaak van professies. Hierna word bepaalde teoretiese modelle bespreek wat as basis dien vir die ontwikkeling van 'n konseptuele professionaliseringsmodel vir die joernalistiek.

2.1 STELLING VAN KONSEPTE

Die konsepte *professie* en sy afgeleide vorme van *professioneel* (snw., vergelyk Hoofstuk 1.4.3), *professionaliteit*, *professionalisering* en *semi-professies* is vir sover dit omskrywing betref problematies, ondanks die feit dat dié konsepte taamlik algemeen deur die publiek gebruik word en uitgebreid in die sosiologie van beroepe voorkom (Hagan, 1975:1). Soos reeds in Hoofstuk 1.4 aange-ton, word dié konsepte vir die doel van die ondersoek in die volgende betekenis gebruik:

Die term *professie* dui vir die doeleindes van hierdie ondersoek op 'n sekere beroepsvorm wat aan bepaalde professionele kriteria voldoen (verge-lyk Hoofstuk 2.6.1). *Professionalisering* verwys na die dinamiese en strukturele proses van verandering waardeur 'n beroep op 'n professionaliseringskontinuum volgens bepaalde professionele attribute beweeg. *Professionaliteit* is 'n tweeledige term wat

* My parentese

òf na 'n beroepsbeoefenaar se geïnternaliseerde professionele oriëntasie òf houding òf na sy spesifieke beroepshandelinge òf na albei verwys. Die term *professioneel* kan òf na die bekleder van 'n bepaalde beroep as selfstandige naamwoord verwys, òf as byvoeglike naamwoord na die beroep self. Professioneel verwys na die tradisionele sowel as die professionaliserende beroep. 'n Semi-professie word in dieselfde konteks as professionaliserende beroep gebruik.

2.2 OORSPRONG EN ONTWIKKELING

Die sosiaal-wetenskaplike ondersoek na die professionalisering van beroepe kan waarskynlik (Vollmer & Mills, 1966:34) tot 1906 teruggevoer word toe J.E. Sterret oor rekenmeesters as professionele beroepsbeoefenaars in die *Annals of the American Academy of Political and Social Science* (28, 16-27) geskryf het. Sedertdien (Sherlock & Morris, 1967:27-46) het navorsing oor professies enorm uitgebrei sodat daar teen 1970 'n literatuurlys (hoofsaaklik Amerikaans) van sowat 850 werke bestaan het (Mok, 1973:107). Die belangstelling in die professionalisering van die joernalistiek is egter meer reservert met waarskynlik die eerste gepubliseerde empiriese artikel hieroor deur McLeod en Hawley in 1964 (vergelyk Hoofstuk 2.6.1.2).

Die wortels van die konsep professionalisering strek egter veel verder terug tot by die sosiologiese werke van Tönnies, Durkheim en Weber (Salaman, 1974:1-17), terwyl die werklike opkoms van bepaalde professies tot die begin van die 19de eeu teruggevoer kan word. Volgens Larson (1977:4) was daar in die Anglo-Saksiese wêreld van dié tyd net drie erkende *gentlemanly professions*, naamlik die teologie (met sy latere spruit, die tersiêre akademie), die regte en die geneeskunde. Die professies was tot ná die uitwerking van die Franse Revolusie beperk tot die bevoorregting deur patronate en familie. Die gedagte dat nie die laasgenoemde twee faktore nie, maar talent en meriete toelating tot die professies moes verseker, was die uitkoms van die demokratiserende prosesse wat teen die middel van die vorige eeu in werking getree het (Larson, 1977:1-8). Die opkoms van die kapitalisme het ook aan hierdie nuwe groep van beroepe die oormag oor die tradisionele gildes van ambagsmanne gegee (Gerstl & Jacobs, 1976:3). Dit sou tot stryd tussen die vakbonde en die professies in die twintigste eeu lei, veral waar die vakbonde deur radikales en linkses beïnvloed is (Halmos, 1973:6; vergelyk Hoofstuk 2.3).

Dit is teen dié agtergrond dat die werke van die vroeë sosioloë gesien moet word.

Teen die raamwerk van Tönnies (1957) se siening van die verandering in strukture van die ekonomiese organisasie weens die beweging van die *Gemeinschaft* na die *Gesellschaft*, bied Weber se beskouing van die burokrasie besondere insigte vir 'n begrip van die rol van professies in die samelewing. Só toon Salaman (1974:10) aan dat Weber dié kenmerke omskryf het wat die burokrasie in stand sou hou, en juis om daardie rede sou ontwikkel. Volgens Gerth & Mills (1954:214) se vertaling, stel Weber dit só:

"Precision, speed, unambiguity, knowledge of the files, continuity, discretion, unity, strict subordination, reduction of friction and of material and personal costs - these are raised to the optimum point in the strictly bureaucratic administration."

Oor die effek van burokrasieë op die individu het Weber (1946;1964) min twyfel gehad. Dié effek is nie net verontmenslikend nie, maar die totale burokratiese beheer oor die individu is oorweldigend. Die gevolg hiervan is dat die professionele burokraat soos 'n rat in 'n groter wiel vasgevang word, en hoewel gespesialiseerde take aan hom opgedra word, word sy pad deur die immer-voortbewegende masjien van die burokrasie bepaal (Salaman, 1974:11; Cuzzort & King, 1976:58 e.v.). 'n Praktiese voorbeeld van dié toestand word deur Gerstl & Jacobs (1976:17) gegee wanneer die mediese professioneel volgens Weber se siening van die verburokratisering van die professies eers daarop aandring dat die pasiënt sy mediese fondskaart moet toon voor daar van behandeling sprake is.

In 'n standpunt na aan Tönnies se *Gemeinschaft* beskryf Durkheim (1957:5-14) die ontwikkeling van die klein gemeenskap met meganiese solidariteit (gebou op morele konsensus) tot 'n nuwe soort samelewing gebaseer op die verdeling van arbeid. Die arbeidsverdeling word dan die gemeenskaplike faktor omdat die lede van die samelewing mekaar nodig het vir hul voortbestaan. Hierdie nuwe sosiale verbinde tisse noem Durkheim organiese solidariteit (Truzzi, 1971:133). Vir die studie van professionalisering is dit van belang dat hierdie nuwe sosiale orde toenemend gebaseer word op die komplekse verweefdheid van hoogs gespesialiseerde eenhede (dus ook die professies) wat die organiese geheel van die samelewing vorm (Elliot, 1972:14-57; Engel & Hall, 1973:75-88).

Só 'n samelewing, gebaseer op die verdeling van arbeid, vereis 'n toenemende mate van differensiasie tussen die verskillende samestellende dele. Namate die differensiasie toeneem, raak die lede ook al meer op mekaar aangewys en kan die individuele lede hulle nie sonder meer van 'n komplekse stel verpligtinge wat so ontstaan, losmaak nie (Cuzzort & King, 1976:36). Vir die professionalisering

van beroepe (ook die joernalistieke beroep) is dít 'n belangrike onderskeiding, want dit dui op die verweefdheid van die professioneel met sy onmiddellike arbeidsomgewing en ook met die sosiale sisteem. Dit was veral in die laat-ses-tigerjare en die begin van die sewentigerjare dat daar toenemend kritiek teen dié invloed en betrokkenheid van die professies by die totale sosiale sisteem geopper is (vergelyk Hoofstuk 2.3).

Voor daar dus op die noodsaaklikheid van die professies as konsep en realiteit gewys word, is dit nodig om eers op die belangrikste kritiekpunte teen die professies te wys.

2.3 KRITIEK TEEN DIE PROFESSIES

Dat die moderne samelewing wat toenemend gespesialiseerd raak en dus al meer afhanklik van professionele groepe word, noodwendig die beste bestel is, word die afgelope dekade al meer bevraagteken. Hierdie kritiek kan in vyf hoofpunte saamgevat word.

(a) *De-professionalisering weens toenemende arbeidsverdeling*

In 'n ontleding van jongste tendense op die terrein van die professies, beweer Haug (1973:195 e.v.) dat die arbeidsverdelingsbeginsel nie tot groter professionalisering in 'n positiewe sin lei nie, maar tot toenemende de-professionalisering. Weens die beginsel van arbeidsverdeling word dit vir feitlik elkeen moontlik om 'n spesialis en dus 'n professioneel te word. Die motormonteerwerker wat spesialiseer in die vasdraai van moere, is dan net só 'n spesialis as die chirurg wat hom op operasies in die binne-oor toespits. Omdat *professionalisasie* in dié sin vir elkeen moontlik is, verloor die ware profesie sy unieke kwaliteite en meer spesifiek sy aandrag op monopolie oor kennis, sy outonomie en gesagsverhouding met die kliënt. Die publiek verloor sy vertrouwe in die gesag van die professioneel en eis toegang tot die kennis- en besluitnemingsfunksies van die professioneel. Die professioneel moet al meer "prove, explain, and justify, whereas in a simpler age (professionals)* expected their word, as that of the expert, to be taken as law" (Haug, 1973:206). Dié skryfster toon dan voorts aan dat die toenemende verburokatisering van die profesie (in die gees van Weber en Durkheim) die saad van sy eie ondergang dra.

* My parentese

Volgens Haug (1973:209) is daar nou reeds genoeg tekens om te toon dat die begrip professioneel 'n *pejorative term* geword het. Die rekenarisering van akademiese kennis, die toeganklikheid van deskundige kennis, die uitdaging van professionele dienslewering en outonomie dui waarskynlik op die koms van 'n nuwe era bekend as 'n *deprofessionalized future*.

(b) *Uitbuiting van professionele kennis*

In aansluiting by voorafgaande, sê Halmos (1973:6) dat die huidige klimaat radikaal en bitterlik anti-professioneel is. Daar is veral twee redes hiervoor. Die eerste is die professioneel se aanspraak dat hy 'n verhewe diensleweringsetiek aanhang. Kritici bevraagteken dit egter en vra of dit nie 'n mistieke status-eis en metode is om die monopolie en mag van die professioneel in stand te hou nie.

Die tweede faktor wat al meer steun kry, is die bewering van die radikaal-linkse beweging dat die professionele sisteem 'n onregverdige bedeling is wat daarop gemik is om die huidige sosiale *status quo* in stand te hou (Perrucci, 1976:215 e.v.).

(c) *Die tydperk van die disabling professions*

Dit is juis die radikaal-linkse beweging en veral by monde van Ivan Illich (Illich, Zola, McKnight, Caplan & Shaikan, 1977) wat skerp en krities teenoor die professies standpunt inneem. Illich (1977:11-39) het dit hoofsaaklik oor die mag wat die professies verkry het om oor menslike behoeftes te besluit. Volgens hom sal die laaste kwart van die twintigste eeu bekend staan as die *age of disabling professions*. In hierdie tydperk het toegang vir die gewone man tot bepaalde kennis (byvoorbeeld die geneeskunde) deur die proses van professionalisering uitgesluit geraak. Hierdie beheer (anders as wat Haug, 1973:195-211, betoog) neem volgens Illich (1977a:11-39) toenemend toe. Dit raak nie net die terrein van die sogenaamde esoteriese kennisprofessies soos die regte nie, maar ook vrywel ekstreme beroepe soos die nuwe *professie* van grafgrawers. Hierdie groep het byvoorbeeld in Amerika deur die verkryging van 'n enkele eksterne *professionele kwalifikasie* die reg verkry om enige begrafnis te verhinder indien dit nie deur 'n lid van die *professie* gehanteer word nie.

In 'n meer onlangse artikel sê Illich (1977b:359-370) die laaste deel van die twintigste eeu word gekenmerk deur die verbrokkeling van die politiek. Die kiesers gee aan die tegnokrate die mag om te besluit wie het wat nodig, terwyl die tegno-

krate (die professionele) die monopolie oor die middele het. *Disabling* professions soos die geneeskunde bepaal wat sal vir wie voorgeskryf word en verkry die alleenreg op hul diens deur middel van wetgewing.

In hul voortdurende poging om hulself as die beskermers en onderhouers van die publiek se belange en regte voor te hou, het daar vyf mistieke konsepte na vore gekom waardeur die professionele volgens Illich (1977a:38-39) hul *slagoffers verslaaf*:

- (i) die beginsel dat alle mense as verbruikers gebore word en hul lewensdoelwitte alleen deur koopkrag kan verwesenlik;
- (ii) die geloof dat elke ontwikkeling op professionele vakgebiede 'n groter rede vir professionele dominansie is;
- (iii) die geloof dat effektiewe middele wat deur leke gebruik kan word, eers deur die professions goedgekeur moet word;
- (iv) die feit dat die publiek nou aanvaar dat hy deur die professioneel aangesê sal word wat hy moet doen;
- (v) die geloof dat die professioneel alleen kan besluit wanneer hy sy kliënte wil spreek en dat hy besluit sy kliënte kan deur middel van *selfhelp* regkom -byvoorbeeld die tradisionele verhaal van die pasiënt wat 'n aspirine moet neem omdat die geneesheer hom nie kan spreek nie. (Vergelyk ook Carey, 1978:846-855, met betrekking tot Illich en die *New Left* se aanval op professionalisme as 'n vorm van anti-intellektualisme in die joernalistiek.)

(d) *Kritiek van binne*

In aansluiting by Illich e.a. (1977) toon Heraud (1973:85) aan dat die kritiek teen die professions nie net van linkse buitestaanders kom nie, maar ook al meer van binne die professions self. Dit is veral die jong toetreders tot die professions wat hulself reeds in radikale revolusionêre bewegings binne die professions gevorm het, wat probeer om die betrokke professions te radikaliseer en/of revolusionêre veranderinge aan te bring.

Die basiese uitgangspunt van hierdie kritiek is dat die huidige samelewing, en meer spesifiek die professions, gekritiseer en aangeval moet word omdat hulle die

basiese elemente van die moderne struktuur, die *powerfull few* en die *powerless many*, perpetueer. As onderdeel van die Nieu-Marxistiese aanslag op bestaande strukture, beweer dié kritici dat die professies nie in staat is om 'n alternatief te bied vir die vervreemding van die werker wat gebuk gaan onder die produktiewe prosesse van die kapitalistiese stelsel nie. Volgens Heraud (1973:85-92) is dié kritiek in die besonder gemik teen die kennis, outoriteit en status van die professioneel in sy verhouding tot die kliënt. Die kritiek is ook gemik teen die professionele organisasie wat as simbool van elite-isme en van uitbuiting gesien word. Dié verenigings moet ontbind en vervang word deur vakbonde waar daar geen beperking op toelating van die lede mag wees nie en waar die organisasie gebruik kan word vir die bedinging van lone en werksomstandighede (vergelyk met betrekking tot die joernalistiek Hoofstuk 3.4.3). Dit gaan dus vir hierdie kritici in die laaste instansie om die *demokratisering* van die beroepslewe, want soos Larson (1977:xvii) dit stel, professionalisering is die poging om een orde van beperkte bronne - spesiale kennis en vaardighede - om te skep in 'n ander - sosiale en ekonomiese gewin. Ten einde die skaarsheid van die bronne te behou, moet 'n monopolie by implikasie daarvoor uitgeoefen word. Vir die Nieu-Marxiste is só 'n monopolie deur 'n bevoorregte klas net so onaanvaarbaar as vir die tradisionele Marxiste.

(e) *Kritiek teen die konseptualisering en metodologie van professies*

In die vyfde en laaste plek is 'n groot deel van die kritiek teen die professies ook gemik op die vraag of dit hoegenaamd sin het om 'n indeling van professies en beroepe te doen, en indien wel, of die bestudering daarvan metodologies verantwoord is.

Wat die eerste beswaar betref, bied die werk van Halmos (1973) etlike voorbeelde van navorsers op die terrein van die sosiologie van beroepe wat dié kwessie opper. Bennett & Hokenstad (1973:21-45) bevraagteken die hele benadering dat die professioneel se beroepsrol in 'n serie van attribute gekonseptualiseer kan word waar elke attribuut 'n komponent in 'n totale kontinuum van nie-professie tot professie verteenwoordig. Dié skrywers bevraagteken ook die model van Etzioni (1969), Goode (1969) en ander dat sommige beroepe (soos die joernalistiek) toeneemend geprofessionaliseer kan raak. Bennett & Hokenstad (1973:22) toon in hul werk aan dat dit 'n ope vraag is of beroepsrolle volgens 'n professionele model verklaar kan word. Die vernaamste rede hiervoor is dat moderne beroepe nie volgens één bepaalde model van professionalisering ondersoek kan word nie, maar dat fundamen-

tele sosiale en politieke faktore verg dat elke beroepsoort afsonderlik beskou moet word. Dit geld veral vir wat die skrywers die *people working professions* noem 'who deal with clients' personalities'. Hul kennis is meer metodologies en minder substantief van aard en hul opleiding verg eerder metodologiese vaardighede as substantiewe kennis soos by die tradisionele beroepe (Bennett & Hokenstad, 1973:21-22).

Montague & Miller (1973:139) beweer dat die huidige beskouing oor professies nie net van die historiese konsepsie afwyk nie, maar ook teenstrydig is met basiese elemente van professies wat nog steeds as essensiële elemente tot die konsep profesie gereken moet word. In dieselfde gees bevraagteken Haug (1973: 208-209) die stelling of daar nog van professies gepraat moet word en of die periode van de-professionalisering nie aangebreek het nie. Heraud (1973:85) sê dan dat daar in die finale instansie gevra kan word of die konsep profesie as sosiologiese gegewe nog hoegenaamd van belang is.

Die tweede fundamentele beswaar teen die konseptualisering van professies is veral gemik teen die gebruik om kwalitatiewe onderskeidings volgens bepaalde attribute op die kontinuum van nie-professioneel tot professioneel te tref. Volgens McKinlay (1973:63) is daar geen logiese basis hiervoor nie, maar bestaan dié indeling in werklikheid bloot omdat dit deur sosioloë in 'n tradisie omskep is om professies op dié wyse te ondersoek. Die vernaamste besware teen dié tradisionele professionele model is dat dit

- (i) absolute norme stel vir òf nie-geprofessionaliseer òf geprofessionaliseer en
- (ii) dat die konseptualiserings wat gebruik word *ad hoc* is en dat daar weinig ooreenstemming onder ondersoekers op dié terrein bestaan oor wat die essensiële attribute van 'n profesie is (McKinlay, 1973:63).

Nog 'n wesentliche metodologiese beswaar wat geopper word, is die vlakke (makro, meso en mikro) waarop die professies ondersoek of juis nie ondersoek word nie (Mok, 1973:71-98) en wat meebring dat daar nie behoorlik tussen individuele en/ of kollektiewe (byvoorbeeld as beroep) professionalisering onderskeid gemaak word nie.

Op hierdie kritiekpunte word in die volgende drie afdelings teruggekom wanneer die noodsaak van professies, die verskillende benaderingswyses en teoretiese modelle bespreek word.

2.4 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN PROFESSIONS AS KONSEP EN REALITEIT

"For countries in an advanced stage of industrialization the professions have come to assume an importance which has been of increasing interest to scholars and practical men alike."

S6 stel Freidson (1973:19) die belangrikheid van die professies teen die einde van die twintigste eeu. Die ontwikkeling en groei van die professies in hierdie eeu verteenwoordig die hergeboorte van die beginsel van verdeling van arbeid soos deur Durkheim (1957) beskryf. As sodanig, sê Freidson (1973:35), sal dit waarskynlik nie verkeerd wees om die proses van professionalisering as een van die belangrike sosiale bewegings van hierdie eeu te bestempel nie. Belangriker nog, dié proses gaan steeds toeneem en daar gaan al meer op die professioneel se kennis en vaardigheid staatgemaak word.

Vir die joernalistiek as professionaliserende beroep (vergelyk Hoofstuk 3) is dit veral van belang om in dié verband op die onderskeiding van skrywers soos Bell (1973:15-20) en Tourraine (1969:8-18) te let dat die na-industriële samelewing van die laat-twintigste eeu toenemend en primêr bekend sal staan as 'n informasie-skeppende en -produserende samelewing, eerder as 'n goedere-produserende samelewing. In hierdie nuwe kennis-samelewing (vergelyk Hoofstuk 3.3.1) voorsien feitlik alle futuroloë soos Freidson (1973:27) dat:

"...the future will see ever-increasing reliance on specialized knowledge and skill, and on applying that knowledge to the solution of practical problems by specially trained men."

Dié proses gaan ook eerder versnel as afneem, want soos Goode (1960:902-914) be- toog, is 'n industrialiserende samelewing 'n professionaliserende samelewing waar- in die toenemende en ontwikkelende tegnologiese veranderinge 'n deurslaggewende rol (Vollmer & Mills, 1966:21) sal speel (vergelyk Hoofstuk 3 met betrekking tot die joernalistiek).

Indien aanvaar word dat hierdie toenemende professionalisering teen die agter- grond van die verdeling van arbeid gaan plaasvind waarin daar al meer van die professies geëis gaan word, ontstaan die vraag noodwendig hoe die proses van professionalisering bestudeer moet word en wat die implikasies hiervoor vir die joernalistiek as 'n kennis- of informasieberoep is. Om 'n antwoord op laasgenoem- de vraag te kry, word vervolgens 'n uiteensetting gegee van die belangrikste bena- deringswyses tot die kwessie van professionalisering soos dit veral binne die so- siologie van beroepe ontwikkel het.

2.5 BENADERINGSWYSES TOT DIE STUDIE VAN PROFESSIONALISERING

Die ondersoek na professies kan wesenlik in drie breë kategorieë gespesifiseer word, naamlik die bepaling van die niveaus (dit wil sê makro-, meso- of mikro-vlakke); die benadering uit 'n bepaalde teoreties-ideologiese standpunt (byvoorbeeld interaksionisties, strukturalisties en volgens die sosiale klasbenadering) en derdens volgens die beskouing of professies bepaalde konstante gegewens binne 'n bepaalde struktuur is en of daar eerder op 'n kontinuum van professionalisering onderskeid gemaak moet word.

Elk van hierdie drie groepe van benaderingswyses word vervolgens kortliks bespreek as voorwaarde vir die bepaling van 'n professionaliseringsmodel vir die joernalistiek.

2.5.1 DIE VLAKKE VAN ANALISE

Dit is veral Mok (1973:71 e.v.) se sosiologiese benadering tot die verskillende vlakke waarop professies bestudeer kan word wat, hoewel ietwat gedwonge en nie volledig nie, tog 'n werkbare en eventueel operasionaliseerbare konteks vir die ondersoek na professies bied. Mok toon naamlik aan dat dit noodsaaklik is om te bepaal of die professies op makro-, meso- of mikro-vlak ondersoek moet word. Talle operasionaliseringsprobleme op die terrein van profesie-ondersoeke ontstaan juis omdat ondersoekers taamlik kruis en dwars oor die drie vlakke heen beweeg sonder inagneming van die effek daarvan op hul ondersoeke.

(a) *Die makro-vlak*

As voorbeeld van professionalisering op makro-vlak bespreek Mok (1973:74-80) aan die hand van ondersoeke van Daheim (1967) en Künzel (1970) die kwessie van professionalisering as uitvloeisel van die verwetenskapliking van die laat-twintigste eeuse samelewing. Hiermee gaan gepaard die ondersoek na die maatskaplike prosesse van verstedeliking, burokratisering en sentralisering. Professionalisering word dan eventueel ondersoek as 'n dinamiese proses wat deel is van en gepaard gaan met ander sosiale veranderinge. As sodanig sou die professionaliserende joernalistiek dus veral met betrekking tot die rol van inligting en die proses van kennisvermeerdering in die totale gemeenskap ondersoek kon word.

Hoewel nie regstreeks met betrekking tot die beroep of professionalisering van die joernalis *per se* nie, staan die werk van Wright (1964:91-109) steeds as 'n

mylpaal van die soort makro-analitiese beskouing van die joernalis en die produkte van sy werk. In hierdie ondersoek het Wright die hele spektrum van die effek van die koerant op vier vlakke (vir die samelewing, die individu, spesifieke sub-groepe en die kultuur) volgens die koerant se aktiwiteit bespreek, naamlik dié van *information* (nuus), *correlation* (kommentaar en vertolking), *transmission* (oordrag van een kultuurgroep na 'n ander) en *entertainment* (vermaakverskaffing). Die metodologiese probleem is dan (Mok, 1973:74-80; Wright, 1964:94) dat die totale sosiale struktuur soos dit deur die navorsingsobjek geraak word, ondersoek moet word. Hoewel sekere faktore uiteraard konstant gehou kan word, lei die ondersoeksituasie tot uiters onhanteerbare konseptualiserings wat moeilik operationaliseerbaar is. Naas Wright (1964:101-102) se nogal beperkte inventaris van media-funksies, bied DeFleur (1973:155-172) se wydlopige sosiale sisteemstruktuur juis 'n goeie voorbeeld van die metodologiese beperkinge van só 'n makro-benadering op die terrein van die joernalistiek en die massakommunikasie.

(b) *Mikro-vlak*

Op die ander uiterste van die kontinuum, toon Mok (1973:97 e.v.) aan, word verreweg die meeste beroepstudies op die mikro-vlak gedoen. Die insigte wat hieruit na vore gekom het, is egter baie kleiner in kwalitatiewe waarde as die kwantitatiewe omvang van die ondersoeke.

Van die belangrikste en deurslaggewendste resultate op dié terrein het óf die sosialiseringsproses binne 'n betrokke beroep óf die referensiegroep van die betrokke beroep as uitgangspunt geneem. Die meeste van die ondersoeke is ook uit 'n funksionalistiese hoek gedoen met die rolbegrip van die beroepsbeoefenaar as sentrale navorsingspunt. Hoewel nie altyd met die oog op die kwessie van professionalisering nie, is 'n groot aantal ondersoeke binne dié kader op die terrein van die joernalistiek en meer spesifiek met betrekking tot die kommunikator gedoen. Van die bekendste studies in dié verband is dié van Breed (1955) en opvolgstudies soos dié van Flegel & Chaffee (1971), Dunn (1969) en Sigelman (1973).

In bogenoemde ondersoeke, wat meestal uit die sosiale sielkunde aangepak is, word hoofsaaklik aandag gegee aan die kwessie van die invloed van verwysingsgroepe. Dit was veral Merton (1957:281-386) wat op die belangrikste elemente in dié verband gedui en bepaalde konsepte geformuleer het. Vir die joernalistiek is hierdie ondersoeke veral van belang omdat dit onder meer die aandag fokus op die interaksie van die redaksie met twee belangrike verwysingsgroepe, naamlik die be-

stuur aan die een kant (Donohew, 1967) en die lesers aan die ander kant (Atwood & Grotta, 1973), hoewel beide dié soort ondersoeke eerder na die meso-vlak begin neig.

Analise op mikro-vlak alleen bied egter nie voldoende data vir die ontwikkeling van 'n konseptuele model vir die professionaliseringsproses nie. Inherente beperkings van die model sluit onder meer die volgende in: verskuiwing van rolverwagtinge binne 'n bepaalde eksemplaar van 'n beroep wat nie noodwendig met 'n ander eksemplaar ooreenstem nie; die soms kunsmatige strukturering van die navorsingsopset en die vraag of daar voldoende gesubstansieerde afleidings aan die hand van dié metode oor die graad van professionalisering in 'n betrokke beroep gedoen kan word (Mok, 1973:103).

'n Eksterne geldigheidsprobleem van mikro-ondersoeke is dat die unieke kenmerke en elemente van 'n bepaalde beroep nie sonder meer aan die ter sake strominge en ander faktore in die samelewing of aan ander beroepe oorgedra kan word nie. Dié probleem word deels oorbrug deur die ondersoek op die meso-vlak te rig waar sowel makro- as mikro-faktore tot sekere hoogte ondersoek kan word.

(c) *Meso-vlak*

Die meeste navorsing oor professies word egter op die meso-vlak gedoen (Mok, 1973:80). Hoewel dit die benadering is wat ook in hierdie ondersoek gevolg word, meld Mok (1973:81) dat dit nie altyd duidelik is wat die grens tussen die meso- en ander vlakke is nie. Daar is ook nie in die literatuur 'n aanduiding dat ondersoekers dié probleem juis probeer ondervang nie. Ondanks dié tekortkoming bied die meso-benadering sekere voordele aan die navorser. Dit fokus in die eerste plek op 'n bepaalde beroep as verskyningsvorm binne en van 'n bepaalde sosiale sisteem (vergelyk Hoofstuk 1.4.6). Dit bied ook aan die navorser geleentheid om bepaalde ter saaklike makro-elemente te betrek (byvoorbeeld wetgewing met betrekking tot professionele optrede) wat 'n invloed op die beroep as geheel kan uitoefen.

Die meso-vlak skep ook vir die ontwikkeling van 'n professionaliseringsmodel besondere voordele aangesien dié vlak die ondersoeker geleentheid bied om ook op die spesifieke ideosinkratiese elemente van die betrokke beroep op mikro-vlak te let. Omdat mikro- én makro-elemente voortdurend betrek kan word, pas die professionaliseringsmodel dan ook die beste op die meso-vlak (Mok, 1973:80-85).

Alvorens die professionaliseringsmodel self bespreek word, is dit eers nodig om kortliks op die teoretiese grondslae van dié benadering teenoor enkele ander te let. Dit word gedoen aan die hand van 'n indeling volgens die interaksionistiese, die strukturalistiese en die sosiale klasbenaderinge. Daar sal aangetoon word dat veral die strukturalistiese benadering besondere moontlikhede bied.

2.5.2 BEPAAALDE TEORETIESE UITGANGSPUNTE

Afgesien van die drie bogenoemde vlakke waarop die professies bestudeer kan word, is daar volgens Montagna (1977:195-219) drie belangrike ^{Ons onderskei 3} of hoof-teoretiese benaderinge waarvolgens die ondersoek gedoen kan word, naamlik die interaksionistiese (*Chicago School*-benadering); die strukturalistiese (die *Ivy League*-benadering) en die sosiale klasbenadering (die Marxistiese benadering soos dit onder meer navore gekom het in die bespreking oor die kritiek teen die professies; vergelyk Hoofstuk 2.3). Die kernbegrippe van elk van hierdie benaderings is die sosiale magsbasis (interaksionisties), die sosiale status (strukturalisties) en die sosiale klas (Marxisties).

(a) Interaksionistiese benadering

[Oor die algemeen gaan die interaksioniste van die veronderstelling uit dat die professies oor sekere attribute beskik wat net in die professies en glad nie of baie min in ander beroepe voorkom. Die ~~uitgangspunt van hierdie benadering is~~ ^{hulle doen dit om} dan ook om die struktuur en standhoudendheid van die professies te erken. Hoewel dié benadering tot groot hoogte die ideologiese sy van die professies misken, het dit wel aangetoon dat die professies dikwels die professionele status gebruik om juis onprofessioneel op te tree.

Dié betreklik statiese beskouing van die interaksioniste oor die rol en struktuur van die professies in die moderne samelewing maak die benadering nie besonder funksioneel vir verdere ondersoek nie. ^{Volgens} Soos Montagna (1977:203) aandui, is die leuse van hierdie beskouing van professies nie *caveat emptor* (laat die koper versigtig wees nie), maar *credit emptor* (laat die koper in ons glo). Teen die aanslag van die linkse kritici, maar ook gesien teen die voortdurende dinamiese proses van die moderne professies, is dit nie 'n baie realistiese siening nie. 'n Dinamiese beskouing waarin die professies en ander beroepe beskou word op 'n kontinuum van meer of minder professioneel gemeet teen die handhawing van bepaalde kriteria, bied 'n meer sinvolle beskouing van die professionaliteitsvraag-

stuk. Die strukturaliste bied in dié verband 'n antwoord.

(b) Die strukturalistiese benadering

Die strukturalistiese uitgangspunt is om die bestudering van beroepe te benader uit die konstruering van 'n kontinuum van glad nie tot hoogs geprofessionaliseer.

Waar die interaksionistiese benadering basies uitgaan van die simboliese interaksieteorie en die Marxistiese benadering van die konflik-teorie, is die strukturalistiese benadering ^vwesentlik funksioneel van aard. In die opsig stem dit dan ook ooreen met 'n belangrike beweging op die massakommunikasieterrein, naamlik die funksionele benadering soos onder meer verteenwoordig deur Wright (1964), Fauconnier (1973) en Prakke (1968). Soos in die bespreking van die rol van die sosiale sisteem (Hoofstuk 4.2.1.2) aangedui sal word, is hierdie navorsing ook uit 'n breë algemene invalshoek funksioneel ingestel en pas dit derhalwe by dié besondere benadering tot die studie van professies aan.

Volgens Montagna (1977:196-197) kan die strukturalistiese benadering ook daarin gedefinieer word dat dit volgens die basiese uitgangspunte van die funksionalisme bepaalde attribute aan die proses van professionalisering toeken. Hoewel die literatuur vir 'n wye reeks van attribute voorsiening maak (Hoofstuk 2.6), kan dit as volg opgesom word (Montagna, 1977:196-197):

"The characteristics commonly attributed to a profession (and thus to the professionalization process of occupations)* are: a body of knowledge and a developed intellectual technique with a formulated systematic theory or set of theories. This knowledge is transmitted by a formalized educational process and testing procedure set up by members of the profession. A code of ethics governs relations with colleagues, clients, and the public. This formally establishes the set of values of the profession, in which a service orientation is emphasized. There is the idea of a career, a calling in the service of the public which, through authority in its sphere of knowledge, monopoly in all matters related to its service, and objectivity in its theory and technique, will advance social progress. On the basis of this the public will grant the profession its mandate, the formal recognitions of status by means of state and federal licensing. The more of these attributes an occupation has and the more developed each of these attributes is, the more professionalized the occupation is."

* My parentese

As samevatting van Hoofstuk 2.5.2 kan gestel word dat die ondersoek tot die joernalistiek as professionele beroep al dan nie gedoen word uit 'n funksioneel-strukturalistiese benadering* waar beroepe op 'n kontinuumproses volgens hul voldoening aan bepaalde professionaliseringsattribute geplaas word. Voorts word hierdie ondersoek hoofsaaklik gerig op die meso-vlak, terwyl daar aan relevante aspekte op die mikro- en die makro-vlak aandag gegee word. S6 'n benadering bied vir die ondersoeker bepaalde probleme en beperkinge.

In die eerste plek kan daar kritiek teen die besluit geopper word om 'n wesentlik funksioneel-strukturele analise van die joernalistiek as beroep te doen (vergeelyk Hoofstuk 4.2.1.2). In die tweede plek bied die professionaliseringsattribuutmodel aansienlike probleme met betrekking tot kwantitatiewe en kwalitatiewe onderskeidings. Die ondersoeker het hierdie probleem tot groot hoogte probeer ondervang deur 'n eie konseptualisering van relevante attribute van die professionalisering van die joernalistiek te gee (Hoofstuk 2.6.2).

Die onderhawige metodologie bied ook bepaalde probleme met betrekking tot die vlak waarop die navorsing gedoen word. Hoewel hierdie navorsing hoofsaaklik tot die meso-vlak beperk is, word die grense na die mikro- en makro-vlak nie duidelik onderskei nie. Inherent aan die meso-benadering is ook die probleem dat daar duidelik onderskeid getref behoort te word tussen individuele professionalisering en/of beroepsprofessionalisering. Vir die ondersoeker was dit nie moontlik om hierdie grense deurlopend af te baken nie.

Uit 'n resente literatuuroorsig het die navorser egter tot die gevolgtrekking gekom (vergeelyk Hoofstukke 1 en 2) dat die huidige metodologie die beste resultate sal bied vir ondersoek op 'n terrein wat in Suid-Afrika nog onontgin is. 'n Kwalitatiewe analise volgens die funksioneel-strukturele benadering bied geleentheid om sinvolle onderskeidings binne die sosiale sisteembenadering te tref, terwyl die professionaliseringsattribuutmodel tot dusver die enigste relatief effektiewe metode is waarvolgens professies in die literatuur beskryf is.

Vervolgens is dit dan nodig om 'n duidelike beeld van die professionaliseringsmodel te kry en om voorts die vraag te beantwoord of die joernalistiek wel aan die hand van s6 'n model ondersoek kan word. Voor 'n professionaliseringsmodel vir die

* Vergelyk ook Hoofstuk 4.2.1.2. Hierdie skrywer aanvaar nie die basiese positivistiese komponent van die funksionalisme nie, maar vind dié metode, veral op die vlak van analise en strukturering, nuttig vir teoriebou.

joernalistiek bespreek kan word, moet daar eers op die proses gelet word wat 'n noodsaaklike voorvereiste vir professionalisering is.

2.5.3 DIE PROSES- OF KONTINUUM-MODEL VAN PROFESSIONALISERING

Die belangrikste vraag oor beroepe, sê Jackson (1970:12), is nie om te vra of hulle as sodanig professies is nie, maar in watter mate die betrokke beroepe die karakteristieke eienskappe van professies volgens 'n prosesmodel of kontinuum vertoon.

* voeg in McCombs

Volgens Ritzer (1973:59) is die meeste navorsers nie soseer oor die spesifieke proses as sodanig bekommerd nie, maar eerder oor die attribute wat vertoon word. Desondanks is dit noodsaaklik om eers 'n aanduiding van die proses self te gee en die vraag te stel of 'n beroep soos die joernalistiek aan die vereistes van die proses self kan voldoen. In dié verband ^{oors}onderskei Wilensky (1964:137-158) ~~vyf~~ ⁴ stappe in die professionaliseringsproses:

(a) Heeltydse beoefening van die beroep

Die heeltydse beoefening van die beroep is die eerste en logiese stap waarmee begin word. Wilensky (1964:142 e.v.) verwys in dié verband na die verpleegberoep waar verpleging *per se* eeue lank reeds voorkom, maar waar daar nie van 'n verplegingsberoep sprake was voor tegniese en organisatoriese veranderinge die ontwikkeling van 'n beroep moontlik gemaak het nie.

Die heeltydse beoefening van die joernalistiek strek reeds tot 59 v.C. terug toe die Romeinse keiser Caesar die *acta diurna* as oervader van die moderne koerant laat uitgee het (Pauw, 1980:3-7) met inligtinge oor onder meer senaatsbesluite, amptelike handeling van die keiser, nuwe geboue, die keiserlike hofhouding en selfs familieberigte. Ná die verskyning van die *acta diurna* (daaglikse handeling) in Rome op wit kennisgewingborde waar almal dit kon lees, was 'n sekere Chrestus verantwoordelik vir "de eerste geschreven krant die door een vakman werd opgesteld" (Luykx, 1978:51). Laasgenoemde pershistorikus toon dan aan hoe die joernalistiek ná die met handgeskrewe koerante ontwikkel het tot die opkoms van die gedrukte koerant in die 17de eeu. Die ontwikkeling van die eerste massakoerante en opiniepers teen die tweede helfte van die vorige eeu, het die werklike tydvak van die georganiseerde joernalistiek ingelui (Luykx, 1978:249 e.v.).

(b) Opleiding word 'n noodsaaklike vereiste

Die behoefte aan opleiding ontstaan gewoonlik by die beroepsbeoefenaars self, maar soms ook by hul kliënte en in beperkte gevalle by 'n vereniging van die beroepsgenote (wanneer laasgenoemde die kwessie van opleiding voorafgegaan het).

Wilensky (1964:143-144) toon aan dat die opleiding gewoonlik eers buite die universiteit geskied. Namate die kennissistiem uitbrei en ontwikkel, word aansluiting by universiteite gesoek. Die grootste voorstanders vir opleiding in 'n bepaalde beroep is gewoonlik die entoesiastiese leiers van die beroep wat 'n bepaalde beweging voorstaan (byvoorbeeld stadsvernuwing), of die voorstanders van 'n nuwe tegniek (byvoorbeeld gevallestudies in maatskaplike werk) of albei (die proefbeampte as deel van 'n nuwe beroep gebaseer op hervormingsbewegings van gevangnisse en nuwe tegnieke van rehabilitasie).

Die joernalistiek as vakgebied strek reeds tot die 17de eeu terug toe begin is met studies oor koerant lees en die inhoud van koerante. Die eerste proefskrif in dié verband het in 1690 aan die Universiteit van Leipzig verskyn toe Tobias Peucer gepromoveer het op 'n proefskrif: *De relationibus novellis* (letterlik: *Oor nuwe beriggewing*, hoewel die bedoeling waarskynlik was om dit *Oor nuusberiggewing* te genoem het; Pauw, 1980:7). Teen die 18de eeu het *Zeitungskunde* 'n bloeityd in Duitsland beleef en van 1892 af het Karl Bücher gereeld lesings oor die pers aan die Universiteit van Leipzig gegee (Hemels, 1972:5).

Waar die klem in Duitsland, en later ook in Nederland, meer op die teoretiese-konseptuele gelê is, was die aard en inhoud van die eerste universiteitskursus in die VSA regstreeks op die vorming en opleiding van voornemende joernaliste gerig. Pogings in dié verband het reeds in die tweede helfte van die vorige eeu begin, maar het sy vaste beslag in die eerste dekade van hierdie eeu gekry met die stigting van *schools of journalism* aan die universiteite van Columbia en van Missouri (Hemels, 1972:1).

In Brittanje het die proses anders verloop deurdat joernaliste binne vakverband (en nie aan universiteite nie) vir die eerste keer opgelei is (Ascherson & Wolter, 1977:77-87). Tans word joernalistiek sowel in vakbondverband as aan universiteite gedoseer. In Suid-Afrika is met die eerste kursus in 1960 aan 'n universiteit begin, terwyl persvakskole veral by die Engelstalige pers nog sterk voorkom. (Oor die hele kwessie van joernalistieke onderrig en opleiding word in

Hoofstuk 5 weer teruggekóm.)

(c) Die beroepsgenote verenig hulle in 'n spesiale en eiesoortige beroepsvereniging

In 'n poging om groter erkenning vir die beroep te verkry, is die volgende stap in die professionaliseringsproses om 'n beroepsvereniging te stig waardeur die beroep amptelik geïstitutionaliseer word. Só 'n vereniging is gewoonlik die uitvloeisel van sekere primêre vrae wat die beroepsgenote hulself afvra: is die beroep 'n professie, en indien wel, wat is die take en omvang van die professie, wat moet die toelatingsvereistes tot die beroep wees en wat moet opleiding alles behels? Dit is tydens hierdie stadium in die professionaliseringsproses dat baie beroepe van naam verander. Volgens Wilensky ((1964:144) word hospitaal-superintendente dan hospitaaladministrateurs; lykbesorgers word *morticians* en *junk dealers* word *salvage consultants*. Hierdie naamverandering is nie altyd suksesvol nie omdat dit 'n kunsmatige greep is wat op die beroep uitgeoefen word. 'n Voorbeeld in Suid-Afrika hiervan is skakelbeamptes wat skakelpraktisyns geword het sonder dat hul beroep noodwendig daardeur meer ge-professionaliseer geraak het. (In 1979 het die Openbare Skakelinstituut van Suid-Afrika nog pogings aangewend om deur die staat as professie erken te word, maar dit het nie geslaag nie).*

Vir die joernalistiek was die bogenoemde kwessie nog nooit werklik 'n probleem nie, hoewel Wilensky (1964:144) beweer dat *reporters* *journalists* geword het. Kimball (1965:244) toon egter aan dat joernaliste in Amerika nog altyd verkies om eerder *reporters*, *columnists*, *editors*, of wat die geval ook mag wees, genoem te word. Soos Suid-Afrikaanse joernaliste, verkies hulle om gewoon as *news-papermen* of dan wel *koerantmense* (Cillié, 1967a, vergelyk die titel) bekend te staan.

Die derde stadium in die professionaliseringsproses vertoon drie verdere kenmerke. Die eerste is dat daar in hierdie stadium 'n herdefiniëring van die beroep plaasvind. Die vuil werk word langs die hiërargie afgeskuif namate die beroepsbeoefenaars hul pogings intensifiseer om hulself hoër te gradeer. Die mediese wêreld bied 'n voorbeeld hiervan - van dokters na verpleegsters, na mediese hulpersoneel en tegnisi. Die minder aangename sloerwerk wat ook nie

* Persoonlike mededeling deur mnr. J.J.Malan, 'n voormalige president van die Openbare Skakelinstituut van Suid-Afrika, op 1979-10-22.

professionele status of vergoeding inhou nie, word dus al minder as professioneel beskou. Terselfdertyd vereis die topgroep 'n groter mate van kundigheid van nuwe toetreders tot die beroep. Dié aspek lei tot die tweede element, naamlik 'n interne stryd tussen die ou garde wat nie professioneel of akademies opgelei is nie en dié wat wel opgelei is, terwyl daar in die derde plek ook konflik met ander beroepe ontstaan wat min of meer op dieselfde terrein beweeg (byvoorbeeld die verskillende afdelings van die sielkunde).

Waar die joernalistiek aan die eerste twee stadiums van die professionaliseringsmodel van Wilensky (1964:139) tot groot hoogte voldoen het, is dit opmerklik dat daar by die derde stap aansienlike verskille tussen die joernalistiek en die meer erkende professies voorkom. Dit geld nie soseer vir die eerste element (die stigting van beroepsorganisasies) nie, maar wel vir die drie ander aspekte hierbo genoem, naamlik die herdefiniëring van die beroep, die konflik tussen opleiding en nie-opleiding en konflik met ander beroepe.

Wat die organisering van die beroepslede in erkende organisasies betref, is dit 'n verskynsel wat hom toenemend voordoet. In die VSA is daar byvoorbeeld etlike akademies-georiënteerde organisasies soos die *Association for Education in Journalism* en die beroepsorganisasie *Sigma Delta Chi - The Society of Professional Journalists*. Dié beweging het juis na aanleiding van 'n toenemende professionaliseringsbesef die laaste deel by die vaknaam gevoeg (Wright, 1978:2). Die meeste van die verenigings is volgens LeRoy (1973:252) swak en gedesorganiseerd en het net beperkte beroepsbelange as versamelpunt.

Daar is ook nie 'n omvattende vereniging vir alle joernaliste in Amerika nie, aangesien die eienaars, redakteurs, Kongres-korrespondente, ens., elkeen hul eie vereniging het. Gemeet aan professionele vereistes het dié verenigings min beheer oor hul lede en is hul etiese kodes eerder die stelling van 'n breë beleidsuitgangspunt as 'n afdwingbare etiese maatstaf vir optrede. (Vergelyk Hoofstuk 3.4.3.) Op internasionale vlak is daar die *International Press Institute* en die *International Journalist Organization*, maar hulle funksioneer nie basies as professionele organisasies nie.

In Suid-Afrika is daar twee beroepsorganisasies, die veelrassige *Southern African Society of Journalists* vir hoofsaaklik lede van die Engelstalige pers en die *Writers Association of South Africa* waaraan net swart lede mag behoort. In Suid-Afrika is daar geen beroepsorganisasie vir Afrikaanssprekende joerna-

liste of 'n joernalistieke akademiese vakvereniging nie. (Die aspek van beroepsorganisasies word in Hoofstuk 3.4.3 verder behandel.)

Hoewel die joernalistiek as brugberoep na ander beroepe beskou kan word (Tunstall, 1971:65), is daar nie dieselfde mate van oorvleueling met werkfasette soos byvoorbeeld in die sielkunde nie. Die belangrikste verwante uitsondering is die skakelberoep, maar aangesien die aktiwiteite van dié beroep effektief op 'n ander vlak lê, bied dit nie die probleme wat Wilensky (1964:145) tussen die verskillende fasette van die geneeskunde beskryf nie. 'n Toekomstige probleem op dié gebied wat die joernalistiek wel konfronteer, is die effek van elektroniese ontwikkelinge en die gevolglike "verskuiwing van die fabriek na die redaksionele kantoor" (Cillié, 1979:11; Robinson, 1979:8), hoewel dit eerder 'n interne mobiliteitsprobleem as 'n eksterne konflik-situasie is.

Die strewe na staatserkenning en -beskerming van die beroep is volgens Wilensky (1964:145) die volgende stap wat deur 'n beroepsvereniging nagestreef word. Wetlike erkenning en staatsbeskerming word veral hoog aangeslaan omdat dit die monopolisering van die betrokke beroepsmark en die handhawing van 'n bepaalde beroepskode vergemaklik. Waar die beroepsbeoefenaar se werkerrein duidelik met betrekking tot sy besondere bevoegdhede omskryf is, word beroepsoptrede deur leke strafbaar gemaak (byvoorbeeld in die geval van die geneeskunde). Waar die bevoegdheidsterrein nie só duidelik is nie, word daar gepoog om 'n lisensie of sertifisering vir minstens die beroepstitel te verkry (byvoorbeeld ingenieurs).

In die joernalistiek is hierdie stap 'n uiters komplekse probleem (wat in Hoofstuk 3.4.3 weer aan die orde kom). Hoewel daar gevalle voorkom waar joernaliste deur die staat gelisensieer word om hul beroepsaktiwiteite as joernaliste uit te oefen (byvoorbeeld in Bolivië, Knudson, 1979:163-175), is dit 'n stap wat volgens die Anglo-Amerikaanse siening van die pers regstreeks indruis teen die joernalistiese vryheid. Lisensiëring sou dus neerkom op die verkragtiging van 'n kardinale joernalistieke norm (die vryheid van die pers in 'n demokratiese samelewing; vergelyk Peterson, 1974:87-104; Siebert, 1974:39-62) en kan dus as sodanig bestempel word as 'n wesentlike probleem in die proses van professionalisering.

Wilensky (1964:145) toon egter aan dat lisensiëring en sertifisering, van al die stappe wat hy onderskei, die mins belangrike is. In die eerste plek is lisensiëring nie 'n unieke vereiste van die professies nie. In Amerika is eiergra-

deerders, putgrawers, hoefsmede en loodgieters byvoorbeeld ook gelisensieer om hul betrokke werk te beoefen. In die tweede plek word daar dikwels deur beroepe in hul poging om te professionaliseer, gestreef na lisensiëring sodat die beroep se status daardeur *gewettig* kan word. Hierdie vorm van professionalisering is klaarblyklik nie gewens nie. 'n Eksterne faktor word gebruik om 'n skyn van professionaliteit te bewerkstellig waar die beroep dit nie in eie reg kan doen nie. In Suid-Afrika is die skakelgroep hiervan 'n goeie voorbeeld. In 'n poging om te professionaliseer, het die Openbare Skakelinstituut by die Minister van Nasionale Opvoeding aansoek om lisensiëring gedoen. Die beroep is egter meegedeel dat die staat nie professionele erkenning aan 'n beroep op dié wyse kan toeken nie. Voorts word lisensiëring in Suid-Afrika net gedoen om die publiek te beskerm teen uitbuiting.*

Wilensky (1964:145) meld dat, hoewel lisensiëring as beskermingsmaatreël wel voorkom (byvoorbeeld die geneeskunde en die reg is as sodanig gelisensieer nog voordat universiteitsopleiding of professionele organisasies vir die twee beroepe tot stand gekom het), is dit nie 'n integrale deel van die natuurlike geskiedenis van die professies nie. Indien die staat egter sou besluit dat joernaliste juis gelisensieer móét word om òf die staat òf die publiek òf albei se belange te beskerm, kan dié stap 'n wesenlike probleem vir die joernalis in die demokrasie skep.

(e) Die instelling van 'n formele beroeps- of gedragskode

Volgens Wilensky (1964:145) is die verkryging van 'n professionele kode die laaste stap in die professionaliseringsproses. In die kode sal dan aan aspekte aandag gegee word soos die beheer en toesig oor beroepsbeoefenaars, reëls om interne mededinging te verhinder, reëls om kliënte te beskerm en die beklemtoning van die beroep se diensmotief.

Hoewel die aanvaarding van kodes wêreldwyd in die joernalistiek voorkom (vergelyk Rampal, 1976), bied dit vir die joernalistiek spesifieke probleme om aan die algemene stelreëls van kodes uitvoering te gee (vergelyk Landis, 1927:83-93). Kodes behoort afdwingbaar te wees op die beroep as 'n kollektiewe organisasie, maar ook op die individuele lede daarvan. 'n Kode behoort ook sodanig van aard te wees dat dit universele norme bevat. Die probleem wat hieruit

* Persoonlike mededeling deur mnr. J.J.Malan, 'n voormalige president van die Openbare Skakelinstituut van Suid-Afrika, op 1979-10-22.

voortspruit, het in 1978-1979 geblyk uit die voorstel vir 'n sogenaamde internasionale Nuwe Informasie-kode en die toepassing daarvan wêreldwyd (Androunas & Zassoursky, 1979:186-198). In Suid-Afrika het die Persraad sy eie kode opgestel, maar individuele koerante (byvoorbeeld *The Star*) het ook hul kodes (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.4.)

In die voorafgaande is uiters sterk geleun op die onderskeidings wat Wilensky (1964) tref met betrekking tot 'n historiese ontwikkelingsproses van professionalisering. Uiteraard is dit nie die enigste model vir hierdie verskynsel nie. S6 bied Bucher & Strauss (1961:326 e.v.) 'n konflikmodel aan waarin hulle onder meer klem lê op die kwessie van roeping, werksaktiwiteite, metodologie en tegnieke, kliënte, kollegialiteit, belange en verenigings. Pavalko (1971:15 e.v.) beskryf die kwessie van professionalisering weer volgens 'n vloei-model waarin professionaliteit die een pool en nie-professionaliteit die ander pool vorm. Pavalko (1971:15-41) se prosesmodel is 'n verbetering op die model van Wilensky (1964:137-158), omdat dit nie net 'n aanduiding van die proses alleen gee waardeer 'n beroep ontwikkel nie, maar omdat dit ook 'n verdere dimensie byvoeg, naamlik 'n aanduiding van die stand van die betrokke beroep volgens elke attribuut. Hoewel 'n ander stel attribute volgens 'n indeling van drie dimensies in Hoofstuk 2.6.2 vir die joernalistiek ontwerp word, word Pavalko (1971) se model hier getoon omdat dit die basis vir 'n dinamiese of kontinuum-attribuutmodel lê (vergelyk ook Hoofstuk 2.6.1.1 vir 'n bespreking van dié model).

PROFESSIONALISERINGSMODEL VAN PAVALKO (1971:15-41)

<u>Dimensies</u>	<u>Beroep</u>	<u>Professie</u>
Teorie, intellektuele tegniek	Afwesig	Teenwoordig
Relevansie van sosiale waardes	Nie-relevant	Relevant
Opleidingsperiode	- Kort	Lank
	- Nie-gespesialiseer	Gespesialiseer
	- Behels <i>dinge</i>	Behels simbole
	- Subkultuur onbelangrik	Subkultuur belangrik
Motivering	Eiebelang	Diensbelang
Otonomie	Afwesig	Teenwoordig
Betrokkenheid	Korttermyn	Langtermyn
Gemeenskapsbetrokkenheid	Laag	Hoog
Etiese kode	Onontwikkeld	Hoogs ontwikkel

Pavalko (1971:26) wys daarop dat hierdie model bloot heuristies is en dat nie een enkele beroep al hierdie faktore in enige van die twee eksterne kategorieë sal vertoon nie. Aan die ander kant sal daar waarskynlik ook nie 'n enkele beroep wees wat op sy beurt nie een van die faktore as deel van sy beroepsopset het nie. Vir hierdie ondersoek is die model van Pavalko (1971:26 e.v.) van belang omdat dit twee besondere aspekte aandui:

- (i) dat die model vir professionaliseringsattribute voorsiening maak in die opwaartse beweging van 'n nie-professie na 'n professie, terwyl dit
- (ii) nie die verskillende attribute as sodanig alleen beklemtoon nie, maar ook die mate waarin daar in elkeen 'n standaard van professionaliteit bereik is.

Met bostaande bespreking is aangetoon dat die kwessie van professionalisering as 'n dinamiese proses beskou moet word waarin beroepe aansienlike variasie met betrekking tot tyd en ruimte op 'n kontinuumskaal sal vertoon. Daar is ook aangetoon dat die joernalistiek binne bepaalde perke volgens 'n historiese ontwikkelingsmodel as 'n professionaliserende beroep bestempel kan word. Die vraag wat dus vervolgens beantwoord moet word, is watter spesifieke attribute aan professionaliserende beroepe in die algemeen toegeken word aan die hand waarvan 'n professionaliseringsmodel vir die joernalistiek ontwerp kan word?

2.6 'N TEORETIESE ATTRIBUUTMODEL VIR PROFESSIONALISERING

Die oorgrote meerderheid van navorsing om die graad van professionaliteit van beroepe vas te stel, maak van die strukturalistiese model gebruik waarin bepaalde attribute aan beroepe toegeken word. Dit is ook dié model wat tot groot hoogte deur navorsers op die terrein van die professionalisering van die joernalistiek gebruik is (vergelyk Hoofstuk 3.2.1).

Hierdie model is egter nie sonder gebreke nie en heelwat kritiek word teen die gebruik daarvan geopper. Volgens Montagna (1977:199) kan dié kritiek só opgesom word: dit is uiters onwaarskynlik dat alle beroepe eendimensioneel is in die sin dat hulle op 'n enkele kontinuum met betrekking tot die toekenning van attribute geplaas kan word. So byvoorbeeld streef alle prestige-beroepe nie na die bereiking van ál die attribute wat tradisioneel aan professies toegeken word nie. (Die wiskundige het byvoorbeeld nie 'n besondere diensmotief of 'n etiese kode nie). 'n Tweede beswaar is die bepaling van gewigte vir elkeen van

hierdie attribute. Hierdie probleem manifesteer hom veral in die ekstreme beklemtoning van byvoorbeeld die diensattribuut tot nadeel van die etiese attribuut (kan die professioneel byvoorbeeld bloot omdat hy diens lewer maar sekere etiese aspekte agterweë laat?).

Een van die ernstigste besware teen die attribuutmodel is die identifisering van die verskillende attribute. In die literatuur van die afgelope aantal dekades kon nog tot geen enkele finale model van attribute gekom word nie. Roth (1974: 6-23) gee byvoorbeeld 'n opsomming van die belangrikste punte van hierdie kritiek teen die attribuutbenadering en toon veral die gebrek aan eenstemmigheid in dié verband aan.

'n Volgende probleem wat Montagna (1977:201) bespreek, is die feit dat nie een van die navorsers op die betrokke terrein se lys van attribute werklik omvattend is nie (vergelyk Hoofstuk 2.6.1). Soos Steyn (1976:112) aantoon, is die probleem dat elke skrywer sy eie model van essensiële kenmerke of attribute ontwerp. 'n Oorsig van die literatuur dui egter daarop dat daar 'n groot mate van eenstemmigheid oor die belangrikste kenmerke van 'n profesie bestaan. Volgens Steyn (1976: 112) is daar geen wesenlike teenstrydighede in die verskillende skrywers se benaderings nie. Waar daar wel verskille voorkom, kan dit eerder aan die feit toegeskryf word dat die betrokke skrywers bloot sekere attribute belangriker geag het en daarom andere weggelaat het, of dat hulle net sekere wou beklemtoon het.

Nog 'n probleem wat Montagna (1977:201) meld, is dat talle skrywers wat van die attribuut-benadering uitgaan, nie aantoon dat daar 'n geleidelike opwaartse beweging van die nie-professies na die professies is nie. Hierdie beswaar hou egter nie steek wanneer daar gelet word op die dinamiese model van Pavalko (1971) wat in hierdie ondersoek bespreek word (vergelyk Hoofstukke 2.5.3 en 2.6.1.1 a-h), en die JP-model wat vir dié ondersoek ontwerp is nie.


'n Laaste probleem wat Montagna (1977:202) in sy opsommende kritiek teen die attribuutmodel nie meld nie, maar wat wel uiters belangrik is, is dié van 'n onderskeid tussen 'n individuele of 'n kollektiewe benadering.

Dit is veral Ritzer (1973:59-73) wat besondere aandag aan die professionalisering van die individu gee. Ritzer toon naamlik aan dat dit vir die navorsers uiters belangrik is om vooraf te besluit of hy sy navorsing tot die beroep as kollektiwiteit of op die individuele beroepsbeoefenaar wil rig (vergelyk ook in dié

verband Mok, 1973:74-103, se onderskeiding van meso- en makro-vlakke).

In 'n ondersoek na die professionalisering van Sweedse joernaliste is dit veral Windahl en Rosengren (1976:140-149) wat hierdie belangrike onderskeid tussen 'n kollektiewe en 'n individuele benadering onderstreep. Volgens dié skrywers kan individuele professionalisering as 'n bepaalde vorm van sosialisering bestempel word waarin die individuele persoon professionalisering internaliseer deur middel van sy opleiding en onderrig, die spesiale toelatingsvereistes tot die beroep en die beroep se outonomie en selfbeheer.

Kollektiewe professionalisering, aan die ander kant, kan bestempel word as die proses wat die totale beroep betrek, en kan volgens die skrywers hoofsaaklik die volgende essensiële attribute bevat, naamlik die bestaan van 'n professionele organisasie, opvoeding en onderrig van al die lede van die beroep, die beroep se etiese kode, die graad van outonomie, die aanspraak op monopolie en die graad van blyke van 'n diensideaal. In die vorm van 'n model, druk Windahl en Rosengren (1976:140) die verskille tussen 'n individuele of 'n kollektiewe benadering oor professionalisering as volg uit:



Uit bogenoemde kan afgelei word dat dit nie maklik is om absolute onderskeidings tussen 'n kollektiewe en 'n individuele benadering te tref nie. Soos deur die pyltjies aangedui, is daar ook voortdurende interaksie tussen die verskillende fasette. Wat egter belangrik is, is om daarop te let dat die navorser bewus moet wees van:

- (i) die klem op die individuele professionaliseringsproses waarin sekere attribute 'n belangriker rol sal speel, byvoorbeeld beroepsoriëntasie, en daarteenoor

(ii) 'n kollektiewe benadering waarin die organisasie en die struktuur van die beroep 'n groter rol sal speel.

Ten spyte van die beperkinge van die strukturalistiese attribuut-benadering is dit waarskynlik die beste beskikbare model vir die bestudering van die professionaliseringsproses. Vervolgens word daar dan op enkele van die belangrikste bydraes op dié gebied gelet.

2.6.1 ENKELE BENADERINGS

Selfs binne die konteks van hierdie ondersoek sou dit nie funksioneel wees om 'n volledige oorsig van al die verskillende attribuutmodelbenaderings te probeer gee nie. Dit is selfs nie eens moontlik om volledig tussen 'n suiwer funksionalistiese of 'n suiwer interaksionistiese benadering te onderskei nie (Hagan, 1975:21 e.v.), omdat baie van die belangrikste skrywers op die terrein van albei standpunte uitgaan.

Uit 'n omvangryke literatuurstudie van sosiologiese en kommunikasiekundige konseptuele en empiriese studies oor die professionalisering van beroepe, het hierdie skrywer tot die slotsom gekom dat Steyn (1976:112) en Schwartz (1977:7) se bevindinge korrek is in soverre hulle aantoon dat daar geen wesentlike verskille in die verskillende navorsers se modelle voorkom nie. Wat Goode (1960:903) twintig jaar gelede reeds bevind het, is vandag nog van toepassing, naamlik:

"If one extracts from the most commonly cited definitions all the items which characterize a profession...a commendable unanimity is disclosed."

Dit sou egter verkeerd wees om te aanvaar dat die saak daar gelaat kan word. 'n Belangrike onderskeiding wat Steyn (1976) en Schwartz (1977) nie tref nie, is dat bostaande bevinding wel waar met betrekking tot die tradisionele modelle van professionalisering is, maar dat daar die afgelope dekade aansienlike veranderinge in die konseptualiserings van die modelle volgens hul heuristiese waarde plaasgevind het. Resente literatuur (veral ook op die terrein van die professionalisering van die joernalistiek) toon dat 'n toenemende aantal navorsers hulle nie meer by 'n bepaalde tipologie van 'n sekere aantal attribute beperk nie, maar eerder aanvaar dat die totale proses van professionalisering nie só ondersoek kan word nie. In die plek daarvan word al meer klem gelê op die ondersoek van net sekere attribute volgens die tradisionele modelle, maar ge-

koppel aan die samehang van attribute of in die juiste bepaling van die aard en invloed van die betrokke attribute op mekaar (vergelyk die voorbeelde in Hoofstuk 2.6.1.2 met betrekking tot die joernalistiek).

Anders as in die geval van die tradisionele modelle (byvoorbeeld dié van Greenwood, 1957:45-55 en Pavalko, 1971:15-27), het hierdie ondersoeker dit toenemend moeilik gevind om die jongste benaderinge suiwer volgens 'n tradisionele attriboot-matriks in te deel (byvoorbeeld dié van Starck & Sudhaker, 1978:6). Na aanleiding van die werk van resente ondersoekers, het hierdie skrywer tot die gevolgtrekking gekom dat die totale som van attribute soos dit deur die tradisionele sosiologie van beroepe en die daaropvolgende navorsers op die terrein van die joernalistiek ontwikkel is, in der waarheid in drie breë dimensies van attribute verdeel kan word, naamlik dié van *professionele kennis*, *professionele oriëntasie* en *professionele struktuur en organisasie*.

In die volgende drie afdelings word dan aan die hand van die ontwikkeling op die terrein van sosiologiese en joernalistieke (waaronder kommunikasie- en massakommunikasiekundige) ondersoeke na die professionaliseringsproses beskryf hoe daar tot bogenoemde drie dimensies gekom is. Hierna sal aangetoon word hoe die drievlakdeling van kennis, oriëntasie en struktuur/organisasie as konseptuele raamwerk vir die bestudering van die professionalisering van die joernalistiek aangewend kan word.

2.6.1.1 Sosiologiese benaderinge

Volgens die literatuur van die sosiologie van beroepe (Toren, 1969:145) blyk dit dat Flexner (1915) waarskynlik die eerste tipologie vir 'n professionaliserende begroep opgestel het toe hy ondersoek ingestel het na die vraag of sosiale werk 'n profesie is. In 'n sekere sin kan Flexner (1915) se uiteensetting van kriteria waaraan 'n beroep moet voldoen om as 'n profesie geklassifiseer te word, as die beginpunt vir die ontwikkeling van attribootmodelle beskou word. Aan die hand van die onderskeidings van Flexner en ander sosioloë word vervolgens 'n uiteensetting gegee van die vernaamste attribute wat in 'n professionaliseringsmodel opgeneem behoort te word. Dit dien dan as basis waarop daar in Hoofstuk 2.6.2 'n model vir joernalistieke professionalisering gestel word.

Volgens Flexner (1915:576-590) verskil 'n profesie van 'n beroep volgens die volgende stel kriteria:

- 'n Professie word gekenmerk deur sy intellektuele inhoud en ook deur die feit dat die beoefenaar tot groot hoogte persoonlike verantwoordelikheid vir sy beroepsaktiwiteite deur voortdurende beslissings en oordele moet aanvaar.
- 'n Professie word aangeleer omdat dit gebaseer word op 'n substansiële kennis-sisteem wat oor 'n lang tydperk ontwikkel is en wat oordraagbaar is aan studente wat daardie professie wil beoefen.
- 'n Professie is ook prakties aangesien sy kennis op reële en werklike situasies in die hĳer en nōu oorgedra en toegepas kan word.
- Die professie beskik oor tegnieke of vaardighede wat aangeleer kan word en wat as meganismes dien waardeur kennis in die oplossing van probleme toegepas kan word.
- 'n Professie is in 'n assosiasie of 'n groep van beoefenaars georganiseer vir die bereiking van verskillende professionele doelwitte. Dit sluit opvoedkundige leiding aan studente en die regulering van die toelatingsvereistes tot die professie in.
- 'n Professie word gekenmerk deur sy altruïstiese inslag en 'n besorgdheid oor sy kliënte of pasiënte. Die doel van 'n professie is om die mensdom te dien.

Die volgende belangrike ontwikkeling in die daarstelling van 'n tipologie van professionaliseringsattribute was toe Carr-Saunders en Wilson (1933:284) die Flexner-model aangepas het en wel op die volgende wyse:

- Professionele aktiwiteite bestaan uit intellektuele optredes waaraan groot individuele verantwoordelikheid gekoppel is.
- Die basiese inhoude (*raw materials*) van die professie word uit die wetenskap en kennis (*science and learning*) ontwikkel.
- Die kennis van die professie kan prakties toegepas word.
- Die professionele tegniek kan deur middel van onderrig en opvoeding gekommunikeer word.

- Die professie toon 'n neiging om homself te organiseer.
- Die professionele beroepsbeoefenaar toon 'n geneigdheid om al meer altruïsties te raak.

In die vyftigerjare was daar 'n aansienlike ontwikkeling in die modelvormingsproses van professionalisering. Aan die hand van die werk van Flexner (1915) en Carr-Saunders en Wilson (1933) het Lieberman (1956) onder meer 'n lys van agt kriteria opgestel waaraan 'n beroep moet voldoen indien hy wil professionaliseer. Volgens Lieberman (1956:2-6) bestaan hierdie kriteria uit die volgende:

- Die professie verskaf 'n unieke en 'n essensiële diens.
- Die professie benadruk intellektuele tegnieke.
- Die professie vertoon 'n lang tydperk van gespesialiseerde opleiding waardeur 'n kennissistiem of -korpus (*a systematic body of knowledge*) gebaseer op navorsing opgebou word.
- Die professie moet 'n verreikende mate van outonomie verkry.
- Die beoefenaars moet 'n groot mate van persoonlike verantwoordelikheid vir hul oordele en optrede aanvaar.
- Die professie moet groter klem op diens as op persoonlike ekonomiese gewin plaas.
- Die professie moet 'n omvattende selfregulerende organisasie ontwikkel.
- Die professie moet 'n etiese kode ontwikkel wat deur konkrete gevalle gerugsteun en verklaar word.

Dit is op grond van hierdie tipologie van Lieberman (1956) dat McLeod & Hawley (1964) hul bekende ondersoek na die professionalisering van joernaliste gedoen het en wat daarna deur etlike ander navorsers (onder andere LeRoy, 1972/73) opgevolg is (vergelyk Hoofstuk 2.6.1.2).

Dit was 'n jaar ná die Lieberman-studie dat die bekende tipologie van Greenwood (1957) verskyn het en wat weer (onder meer volgens Schwartz, 1977:12) 'n verbetering op die poging van Carr-Saunders & Wilson (1933) was. Hoewel Greenwood (1957:45-55) se tipologie 'n basies konseptuele en nie empiries-gebaseerde werk was nie, was dit 'n belangrike voorloper vir die ontwikkeling van professionaliseringstipologieë waarin veral die twee dimensies - houding en struktuur - na vore gekom het (vergelyk die oriëntasie-dimensie in hierdie ondersoek; Hoofstuk 3.4.2). Greenwood (1957:45-55) se tipologie het steeds 'n mengsel van houding- en strukturele komponente bevat, maar dit het 'n basis gebied waarop ander navorsers in die sestiger- en sewentigerjare kon voortbou, naamlik:

- *A systematic body of theory*: Op hierdie eienskap het Greenwood besondere klem gelê as dié vereiste wat die professie van die beroep onderskei. Hy het egter daaraan toegevoeg dat die kennissisteen nie net van teoretiese belang of aard moet wees nie, maar dat dit duidelik 'n praktiese en toepasbare komponent moet hê.
- *Sanction of the community*. Sanksies deur die gemeenskap kan sowel formeel as informeel wees, en dit sluit etlike voorregte vir die professioneel in, waaronder die kwessie van die vertrouensposisie wat volgens Greenwood een van die belangrikste is. Hierdie sanksies bied dan ook aan die professie die geleentheid om 'n monopolie op sy dienste te verkry.
- *Regulative code or ethics*. Die sanksie en monopolie wat die professioneel verkry, kan egter uitgebuit word. Daarom is dit noodsaaklik dat daar metodes geskep word waarvolgens sosiale beheer oor die professie uitgeoefen kan word.
- *Professional culture*. Hierdie belangrike onderskeid is deur die skrywer getref om die voortdurende en effektiewe invloed van die norme van die professie op sy lede te beskryf. In die ondersoek na professies sal dit dus noodsaaklik wees om na die waardes, norme en simbole van die professie as sodanig te kyk.

In die vroeë sestigerjare is 'n belangrike bydrae tot die tipologie van professies deur Pavalko (1971) gelewer. Pavalko se werk bou voort op dié van Lieberman (1956) en Greenwood (1957) waarin hy veral op die houdings en strukturele komponente van 'n ideële tipologie gewys het, hoewel hy dit nie as sodanig aantoon nie. Hierdie onderskeiding is egter van belang vir die ondersoek van die

professionalisering van die joernalistiek en is inderdaad deur etlike navorsers opgevolg. Soos Hall (1969) volgens Schwartz (1977:10) aantoon:

"The attitudinal aspect may be the most crucial of all, since the individual reacts to his perception of the situation and his attitude reflects the manner in which he perceives his work."

In talle studies oor die joernalistiek het die individuele houdings, norme en waardes van joernaliste aan die orde gekom soos onder meer blyk uit die werk van White (1950) oor die *gatekeeper* en Breed (1955) oor die onderlinge houdings-aspekte in die redaksiekantoor. (n Uitgebreide literatuuoroorsig van hierdie soort navorsing word deur Donohue, Tichenor & Olien, 1973:652-659, gegee.)

Soos Schwartz (1977:10) aantoon, beïnvloed houdinge nie net gedrag (en derhalwe ook professionele gedrag) nie, maar hou dit verband met die totale professionele optrede. Die professionele joernalis voldoen aan n aantal professionele norme en hierdie norme gekoppel aan die beroeps- of professionele struktuur, skep dan die milieu waarin die joernalis werk. Soos LeRoy (1972/73:52) dit stel:

"A key distinction (in the development of a definition of professionalization)* made was that professions contain two principal elements: an attitudinal cluster of shared beliefs and an organized social structure with certain rights and obligations in society. This simple distinction is crucial to an understanding of current work in professionalism. More important, it allows for the explanations of certain anomalies which plagued the older professional model."

Van die belangrikste navorsing op joernalistieke terrein met betrekking tot die invloed van die organisatoriese struktuur op die aktiwiteite van die pers as instituut en van die joernaliste as beoefenaars is onder meer in die VSA gedoen deur Johnstone, Slawski & Bowman (1976) en ook Roshco (1975), terwyl Tunstall (1971) n omvattende ondersoek na veral die buitelandse korrespondent in die Britse persopset gedoen het.

Ten einde n meer volledige beeld te verkry van die tradisionele beskouing van professionaliseringsmodelle soos deur latere skrywers ontwerp, word vervolgens n uiteensetting gegee van Pavalko (1971:15-41) se beskrywing van die agt belangrik-

* My parentese

ste attribute wat die gewone beroep van die professie onderskei. Hierdie tipologie moet gesien word teen die kontinuum wat reeds beskryf is (vergelyk Hoofstuk 2.5.3) waar die *graad* van professionalisering sal voorkom in die mate waarin elke kenmerk meer of minder geprofessionaliseer is. Elkeen van dié attribute word vervolgens in Hoofstukke 3 tot 6 met betrekking tot die joernalistiek bespreek. Die toepaslike hoofstukindelings word in hakies langs die betrokke indeling van Pavalko (1971:17-22) gegee.

(a) *Teorie of intellektuele tegniek* (vergelyk Hoofstuk 4.1)

Die dimensie van 'n teorie of intellektuele tegniek verwys na die mate waarin die besondere beroep gebaseer is op "a systematic body of theory and esoteric, abstract knowledge" (Pavalko, 1971:18). Volgens Pavalko is dit dikwels s6, maar nie noodwendig nie, dat hierdie kennissistiem die resultaat van wetenskaplike navorsing is. Daarom is dit ook nie noodsaaklik dat die kennisbasis noodwendig *wetenskaplik* in die sin van natuurwetenskaplik moet wees nie. Soos Wilensky (1964:149), verduidelik Pavalko (1971:18) dié standpunt aan die hand van die verskil tussen die geneeskundige en die regsprofessies. Waar eersgenoemde gebaseer is op natuurwetenskaplike kennis, is dit 'n kenmerk van laasgenoemde dat dit gebou is op "a highly elaborate system of changing rules and customs that are essentially normative rather than scientific". Dieselfde argument geld ook vir 'n ander tradisionele professie soos die teologie: "the clergy is based on a complex body of non-scientific lore and ritual." In sowel die eksakte as die normatiewe professies gaan dit dus daarom dat die professioneel daarop kan aandring dat sy besondere kennis en insig gebaseer is op die "mastery of a body of knowledge" wat nie noodwendig *scientific knowledge* hoef te wees nie (Pavalko, 1971:18).

(b) *Die relevansie van die beroep tot sosiale waardes* (vergelyk Hoofstuk 3.4.2)

Die beroep se verhouding tot die sentrale waardes van die samelewing speel 'n belangrike rol in die bepaling van die professionaliteit van 'n beroep.

Hoewel dit moeilik is om die spesifieke sosiale waardes van enige bepaalde gemeenskap met betrekking tot tyd en ruimte te bepaal, is die belangrikste punt van hierdie besondere kenmerk die neiging by sommige beroepe om die regverdiging van hul besondere professionaliteit te soek in abstrakte sosiale waardes waaroor daar 'n breë konsensus bestaan. Anders gestel, die professies gaan van

die veronderstelling uit dat hul aktiwiteite daarop gemik is om die realisering van bepaalde sosiale waardes te maksimaliseer. So byvoorbeeld is sowel die geneeskundige as die regsberoep op sogenaamde universele regte, die reg tot gesondheid en geregtigheid, gebaseer (Pavalko, 1971:18-19).

h Benadering wat hiermee saamhang, is dat die professies van die standpunt uitgaan dat hul besondere beroepsaktiwiteite deur middel van *crucial, recurring human problems* gedefinieer kan word. Die argument is dat leke in tye van krisis na die professioneel opsien omdat hy oor sekere vaardighede en kennis beskik wat afgelei is van h bepaalde esoteriese kennissisteen wat nie vir die leek toeganklik is nie. Voorbeelde hiervan is die pasiënt wat in sy nood sy hoop op die geneesheer vestig of die persoon wat in h geesteskrisis verkeer, wat hom op sy predikant beroep. Op die uiterste punt van die professionele kontinuum sal dan dié beroepe wees wat in tye van krisis die beste oplossings bied. In Hoofstuk 3 word aangetoon dat die kennis- en tegnologiese ontploffing juis sodanige krisissituasies meebring waartydens die joernalis as professioneel h bepaalde diens moet lewer.

(c) *Die opleidingstydperk* (vergelyk Hoofstuk 4.2)

Binne die professionele konteks kan die opleidingstydperk in vier verskillende dimensies uiteenval: die duur van opleiding; die mate waarin daar gespesialiseer word; die mate waarin die opleiding as simbolies of begripsvormend beskou kan word en die mate waarin daar tydens die opleidingstydperk h kenmerkende groep van waardes, norme en beroepsrolkonsepsies asook spesifieke kennis en vaardighede aangeleer word (Pavalko, 1971:19-20).

Hoewel dit vanselfsprekend is dat alle vorme van werk h mindere of meerdere mate van opleiding verg, kan daar in die algemeen gestel word dat, hoe langer die tydperk van opleiding is, hoe meer geprofessionaliseer sal die beroep wees.

Selvs h oorsigtelike beskouing van beroepe in die geïndustrialiseerde samelewing toon dat h hoë mate van spesialisasie feitlik in alle werk voorkom. Daarom is dit ook h ope vraag of spesialisasie *per se* h spesifieke kenmerk van h professie is. Professionele spesialisasie verskil egter van die gewone beroepe daarin dat die opleiding ook begripsvormend (*ideational*) is. Professionele opleiding en spesialisering sal dus sterk klem lê op die aanleer van en die vermoë om bepaalde idees en simbole te manipuleer bo en behalwe die aanleer van die hantering van

fisiese objekte. (In Hoofstukke 5 en 6 word spesifiek na hierdie faset verwys wanneer aangetoon word dat die joernalistiek veel meer is as die blote aanleer van tegniese vaardighede by die skryf van berigte).

Bogenoemde onderskeiding is natuurlik nie absoluut nie. Geen werk bestaan net uit die manipulasie van voorwerpe nie. Byvoorbeeld 'n motorwerktuigkundige wie se werk hoofsaaklik uit die manipulering van dinge bestaan (gereedskap en materiaal) moet ook kennis dra van sekere begripsvormende beginsels (sterkteleer en ander aspekte van die meganika) om sy werk behoorlik te kan doen. Hoewel, aan die ander kant, die opleiding van geneeshere in die eerste plek daarop ingestel is om by hulle die aanleer van bepaalde idees, beginsels en konsepte ten doel te hê, moet hulle ook 'n wye verskeidenheid van handvaardighede aanleer. Die belangrike punt is die graad waarin die opleiding begripsvormend is.

Soos Pavalko (1971:20) dit stel:

"Primarily, but not entirely, ideational training is a characteristic of work at the professional end of the continuum."

Die laaste aspek van die opleidingstydperk is die mate waarin dit ingestel is om sekere waardes, norme, beroepsrolkonsepsies bykomend tot spesifieke kennis en vaardighede by die student in te skerp. Dié aspek kom natuurlik by feitlik alle vorme werk voor, maar tydens die professionele opleiding behels dit veel meer, naamlik die aanleer van 'n bepaalde professionele sub-kultuur. Die kernsaak is dat hoe hoër die graad van aanleer van bepaalde norme en waardes, bewus- telik of onbewus- telik, tydens die opleidingsfase is, hoe waarskynliker is dit dat die beroep na die professionele punt van die kontinuum sal verskuif. 'n Belangrike element in dié proses is die kwessie van sosialisering wat in die joernalistiek veral deur die baanbrekerstudie van Breed (1955) aangedui is (verge- lyk Hoofstuk 3.4.2).

(d) *Motivering* (verge- lyk Hoofstuk 3.4.2)

Die vierde dimensie in Pavalko (1971:20-22) se model is die naasmekaarstelling van diens en eiebelang as die motiveringsbasis vir 'n bepaalde beroep. Die kern- vraag hier is in watter mate die betrokke beroep daarop ingestel is om diens te lewer en in hoe 'n mate die publiek hierdie diensleweringsmotief aanvaar. In die ideële beskouing van professies sal die professioneel nooit sy eie belang nie, maar altyd dié van sy kliënte nastreef. Die teenpool van dié norm word in die sakewêreld gevind waar 'n premie geplaas word op die beroepsbeoefenaar se

aggressiwiteit in sy pogings om kliënte te soek en te behou. (Vir die joernalistiek bied hierdie onderskeiding aansienlike probleme aangesien die tweedeling diens en wins 'n krisiselement in die professionaliseringsproses is; vergelyk Hoofstuk 3.4.3).

Vir die joernalistiek 'n minder belangrike element van dieselfde attribuut is die kwessie van besoldiging. In die tradisionele professies (regte, geneeskunde) word daar nie verwag dat die professioneel sy dienste adverteer nie, en dat hy ook nie (soos in ambagsvakbonde) oor sy monetêre vergoeding sal kibbel nie. Pavalko (1971:21) toon aan dat die argument nie is dat die professioneel hoegenaamd nie vir sy dienste betaal moet word nie (byvoorbeeld sekere godsdienstige groepe), maar dat sy primêre motief dienslewering en nie monetêre gewin moet wees nie.

Aan die ander kant moet die professioneel juis sodanig vir sy dienslewering vergoed word dat hy hom nie voortdurend oor sy geldelike inkomste hoef te bekommer nie, "the professional does not work in order to be paid as much as he is paid in order that he may work" (Pavalko, 1971:21). Alle professies is egter nie besonder sterk op dié punt ingestel nie. Volgens algemene persberigte was daar byvoorbeeld in 1979 'n aansienlike openbare debat oor die verhoging van mediese tariewe in Suid-Afrika.

(e) *Otonomie* (vergeelyk Hoofstuk 3.4.3)

Volgens Pavalko (1971:22) is outonomie, selfregulasie en selfbeheer sinonieme vir die vryheid wat 'n professioneel het om die werk van sy groep te reguleer en derhalwe ook sy werksgedrag daardeur te beheer. Outonomie, as 'n professionele kenmerk, word op twee baie duidelike wyses uitgedruk.

In die eerste plek gaan die professionele groep as 'n georganiseerde kollektiwiteit van die veronderstelling uit dat die beroepsaktiwiteite van die lede gereguleer moet word. Hierdie beheer slaan op die grense of perke van die beroep se aktiwiteite en die mate waarin spesiale kundigheid verwag word, asook oor die toelating van nuwe lede tot die beroep, opleiding, die toesegging van bepaalde gelde en die bepaling en sertifisering van diegene wat toegelaat word om die professie te beoefen.

Afgesien van die kollektiewe outonomie, is die professie in die tweede plek ook

veral geïnteresseerd in die posisie van die individuele professioneel. Dit word onder meer uitgedruk in 'n besorgdheid oor enige vorm van toesig oor die professioneel (veral deur 'n lekgroep) en die beginsel dat die professioneel self binne die konteks van sy professionele in staat is om oor die aard en inhoud asook die kwaliteit van sy werk te beslis.

Twee verdere kenmerke van outonomie is die ongeneigdheid van professionele om mekaar in die openbaar te kritiseer of om oortreders in die openbaar te bestraf. Vir die joernalistiek bied dié aspek 'n probleem omdat sy kommunikasie-aktiwiteit juis openbaar is.

Hoewel sommige nie-professionele beroepe ook aan sekere van hierdie outonome vereistes voldoen, is dit 'n kenmerk van die professiones dat hulle wetlike sanksies kry vir die uitoefening van hul beroep en dat ernstige strafmaatreëls toegepas word teen diegene wat as sodanig 'n professionele beroep beoefen sonder dat hulle daarvoor gelisensieer of gesertifiseer is.

(f) *Beroepsgebondenheid* (vergelyk Hoofstuk 3.4.2.1; 3.4.3.1)

'n Kenmerk van die professiones is dat hulle nie net maar 'n toevallige of verbygaande beroepsbetrokkenheid vir die beoefenaars inhou nie, maar dat laasgenoemde dit inderdaad as 'n langtermyn- of lewenslange betrokkenheid in die sin van 'n roeping moet sien. Aan die beroepskant van die kontinuum word hierdie aspek volgens Pavalko (1971:24) eerder gesien as "a means to an end, rather than an end in itself". In talle bloukraagberoepe is beweging in en uit die beroepe 'n algemene patroon en vertoon die werkers geen besondere idealistiese beroepsgebondenheid nie. Vergelyk byvoorbeeld Tunstall (1971:65) se bevinding dat die joernalistiek 'n brugberoep na beroepe soos die advertensie- en die skakelwese is.

(g) *Verbondenheid aan die beroep* (vergelyk Hoofstuk 3.4.2)

Anders as die gewone beroep, vertoon die professione 'n besondere sin vir 'n gemeenskaplike identiteit en toekomst, asook 'n baie duidelike en eksplisiete beroepskultuur. Binne die professione vind 'n bepaalde vergemeenskaplikmaking van waardes en norme plaas wat nie net daarop ingestel is om onderlinge beheer oor die gedrag en aktiwiteite van die lede te versterk nie, maar selfs om beheer oor buite-aktiwiteite (byvoorbeeld vryetydsbesteding) te verkry. (In Hoofstuk

3.4.2.2 word onder meer aangetoon hoe hierdie kenmerk 'n rol speel by redaksie-aanstellings en die eis dat 'n joernalis in werklikheid vier-en-twintig uur per dag gereed vir beroepsdiens moet wees).

Dit was veral Goode (1957:194-200) wat hierdie kenmerk aan die hand van 'n "community within a community" geïdentifiseer het. Die basiese gedagte is dat die professie die belangrikste verwysingsgroep vir die professioneel is en dat die beroepskultuur van deurslaggewende belang in laasgenoemde beroepsaktiwiteit is.

(h) *Etiese kode* (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.4)

Die instelling van 'n etiese kode is een van die belangrikste kenmerke wat die ware professie van die beroep onderskei, en is volgens Pavalko (1971:25) die verwesenliking van die professie se klem op intellektuele tegnieke en die ideaal van altruïstiese diens en outonomie. Die basiese doel van 'n kode is om by kliënte en die publiek in die algemeen die versekering te skep dat die professie net die hoogste mate van professionele optrede sal nastreef en deurvoer. Etiese kodes dien oor die algemeen ook die doel om by die beoefenaars die diensmotief te versterk en die beroepskultuur in die algemeen te bevorder. Met ander woorde, die kode maak daarvoor voorsiening dat sowel die kollektiewe as die individuele outonomie van die professie versterk word waardeur effektiewe selfregulering moontlik word tot uitsluiting van eksterne beheer oor die professie.

2.6.1.1.1 Tabulering van professionaliseringsattribute volgens sosiologiese navorsing

Bostaande uiteensetting van sosiologiese konseptuele professionaliseringsmodelle is nie volledig nie, maar dui op die kernaspekte wat in van die belangrikste navorsing op dié terrein voorkom.

Ten einde 'n konseptuele model vir die doeleindes van hierdie navorsing op te stel, het die skrywer aan die hand van die reeds bespreekte modelle van Pavalko (1971), Flexner (1915), Carr-Saunders & Wilson (1933), Lieberman (1956), Greenwood (1957) en ander tot die gevolgtrekking gekom dat al die verskillende attribute wat deur hierdie outeurs genoem word, in 'n drievlak-indeling van kennis, oriëntasie en struktuur/organisasie verdeel kan word. Met die oog hierop is 'n tabel opgestel wat die vernaamste attribute verteenwoordig wat in elk van bogenoemde skrywers se werke voorkom, terwyl aandag ook gegee is aan enkele ander

skrywers in die sestiger- en sewentigerjare wat volgens die beskikbare literatuur h besondere bydrae tot dié kwessie gelewer het.

In h sekere sin het die tabulering van die verskillende attribute volgens outeurs nie veel meer as h relatief beperkte heuristiese waarde nie. Die belangrikste rede hiervoor is dat h groot aantal attribute nie werklik onder een enkele noemer tuisgebring kan word nie (byvoorbeeld outonomie kan ook monopolie, selfregulering en etiese kodes insluit). Nogtans is gepoog om deur middel van die tabel die belangrikste attribute aan te toon wat deur die verskillende skrywers as noodsaaklik aangedui is. Elk van hierdie attribute is dan volgens die voorgestelde driedeling van kennis, oriëntasie en struktuur/organisasie ingedeel. Van besondere belang vir hierdie navorsing is bevind dat in geen enkele geval h situasie voorgekom het waar h besondere attribuut nie in een van hierdie drie dimensies opgeneem kan word nie.

Die tabelle word vervolgens aangegee:

TABEL 1a: TABEL VAN PROFESSIONALISERINGSATTRIBUTE VOLGENS SOSIOLOGIESE NAVORSING

<u>Outeur</u>	<u>Attribuut</u>	<u>Kennis</u>	<u>Oriëntasie</u>	<u>Struktuur/organisasie</u>
Flexner (1915:904)	Intellektuele inhoud	x		
	Persoonlike verantwoordelikheid		x	
	Kennissistiem	x		
	Praktiese vaardighede	x		
	h Assosiasie			x
	Altruïstiese inslag			x
Carr-Saunders & Wilson (1933:284 e.v.)	Intellektuele optrede	x		
	Individuele verantwoordelikheid		x	
	Kennissistiem	x		
	Praktiese toepassing	x		

TABEL 1a: (vervolg)

<u>Outeur</u>	<u>Attribuut</u>	<u>Kennis</u>	<u>Oriën- tasie</u>	<u>Struktuur/ organisasie</u>
Carr-Saunders & Wilson (1933:284 e.v.)	Onderrig van tegniek	x		
	Organisasie			x
	Altruïstiese neiging		x	
Lieberman (1956:2-6)	Essensiële diens		x	
	Intellektuele teg- nieke	x		
	Opleiding	x		
	Kennissistees	x		
	Otonomie			x
	Persoonlike diens		x	
	Selfregulerende organisasie			x
	Etiese kode			x
Greenwood (1957:45-55)	Kennissistees	x		
	Praktiese toepassing van kennis	x		
	Gemeenskapsanksie			x
	Monopolie			x
	Etiese kode			x
	Professionele kultuur			x
Pavalko (1971:15-27)	Teorie of intellek- tuele tegniek	x		
	Kennissistees	x		
	Beroepskultuur			x
	Diens		x	
	Opleiding	x		

TABEL 1a:(vervolg)

<u>Outeur</u>	<u>Attribuut</u>	<u>Kennis</u>	<u>Oriën- tasie</u>	<u>Struktuur/ organisasie</u>
Pavalko (1971:15-27)	Altruïstiese motivering		x	
	Outonomie			x
	Selfregulering en -beheer			x
	Lisensiëring en wetlike sanksie			x
	Beroepsbetrokkenheid		x	
	Beroepskultuur		x	
	Etiese kode			x
Taylor (1968:123)	Kundigheid	x		
	Outonomie			x
	Beroepsverbondenheid		x	
	Beroepsverantwoordelikheid (etiese kode)			x

Die volgende drie skrywers se attribute word opgeneem omdat daar heel dikwels in die literatuur na hulle verwys word en ook omdat hul modelle binne dieselfde kader as dié van Greenwood (1957) lê:

TABEL 1a(vervolg)

<u>Outeur</u>	<u>Attribuut</u>	<u>Kennis</u>	<u>Oriën- tasie</u>	<u>Struktuur/ organisasie</u>
Barber (1963:18)	Algemene en sistematiese kennis	x		
	Gemeenskapsoriëntasie		x	
	Selfregulering			x
	Etiese kode			x
	Organisasie/ assosiasie			x
	Vergoeding			x

TABEL 1a (vervolg)

<u>Outeur</u>	<u>Attribuut</u>	<u>Kennis</u>	<u>Oriën- tasie</u>	<u>Struktuur/ organisasie</u>
Ritzer (1973:62-63)	Gemeenskaplike en sistematiese kennis	x		
	Outoriteit			x
	Gemeenskapsoriëntasie		x	
	Assosiasie			x
	Opleiding	x		
	Borgskap			x
	Gemeenskapserkenning			x
	Beroepskultuur		x	
Moore (1970:3-22)	Erkende beroep			x
	Roeping		x	
	Organisasie			x
	Opleiding	x		
	Diensoriëntasie		x	
	Outonomie			x

Soos reeds genoem, is bostaande uiteensetting nie 'n volledige beeld van die betrokke skrywers se modelle nie, maar is slegs die belangrikste elemente of die skrywers se eie fokuspunte uitgelig, byvoorbeeld *vergoeding* en *roeping* is nie as sodanig deur Pavalko (1971) genoem nie, hoewel dit uitdruklik by Moore (1970: 7) en Barber (1963:18) voorkom.

Die doel met hierdie uiteensetting was dan om aan te toon dat Goode (1960:903) se standpunt geldig is, naamlik dat die meeste ondersoekers op hierdie terrein ooreenstem in hul bepaling van die belangrikste attribute vir 'n konseptuele professionaliseringsmodel.

In die tweede plek is bogenoemde uiteensetting gebruik as basis vir die ontwikkeling van 'n eie konseptuele-professionaliseringsmodel vir die joernalistiek. Om hierdie afdeling af te sluit, word die model van Steyn (1976) gegee waarin sy teen die agtergrond van die hierbo bespreekte sosiologiese uitgangspunte die

vernaamste attribute vir 'n professie aandui en waarin die huidige ondersoek se driedeling duidelik na vore kom:

TABEL 1b: PROFESSIONALISERINGSATTRIBUTE VOLGENS STEYN (1976)

<u>Outeur</u>	<u>Attribuut</u>	<u>Kennis</u>	<u>Oriën- tasie</u>	<u>Struktuur/ organisasie</u>
Steyn (1976:111-119)	Teoretiese onderbou	x		
	Tegniese vaardighede	x		
	Navorsing	x		
	Oriëntasie (professio- neel, diens en kliënt)		x	
	Persoonlike betrokken- heid		x	
	Lewenstyl		x	
	Subkultuur		x	
	Beroepsosialisering		x	
	Struktuur en organisasie			x
	Monopolie			x
	Otonomie			x
	Etiese kode			x
	Assosiasie			x

2.6.1.2 Benaderinge uit die joernalistiek en/of kommunikasiewetenskappe

Navorsing oor die professionalisering van die joernalistiek die afgelope aantal jare dui op 'n toenemende tendensie om nie die totale moontlike aantal attribute wat potensieel in die beroep teenwoordig is empiries te ondersoek nie, maar om op spesifieke elemente toe te spits.

Dit was veral vanweë die betreklike onbuigsamheid van die tradisionele sosiologiese model (Wright, 1978:8) en die feit dat dié model ontwikkel is om aan die vereistes van die tradisionele beroepe soos die geneeskunde te voldoen (Schwarzlose, 1979:10) dat die sosiologiese model nie verder buitengewone be-

langstelling met betrekking tot empiriese ondersoeke na joernalistieke professionalisering gekry het nie. 'n Literatuuroorsig van resente navorsing dui duidelik op dié tendensie. S6 ondersoek Surlin (1976) byvoorbeeld fatalisme en outoritarisme as indikatore van professionele houdings by joernaliste; Wright (1976) die selfbeeld van joernaliste; De la Garde (1975) die effek van 'n monopolie oor die bronne en verspreiding van inligting as indikatore van die joernalistiese beroepsaktiwiteite en Barrett (1975) die effek van opleiding en die professionele organisasie as indikatore van die professionalisering van die joernalistiek.

Ondanks bogenoemde tendensie was daar egter weer ander ontwikkelinge wat op die toenemende gebruik van die tradisionele attribuutmodel vir joernalistieke professionalisering dui en wat as grondslag vir hierdie navorsing gedien het.

Die eerste is die feit dat 'n hele aantal semi-beroepe (vergelyk Etzioni, 1969) juis volgens die tradisionele attribuutmodel toenemend professionaliseer. Onder hierdie beroepe is dié van die biblioteekkundige (Zaaiman, 1976), die onderwyser (Lortje, 1969), die joernalistiek (Wentink, 1972a) en ander. (Hierdie aspek word in Hoofstuk 3.3 bespreek.)

Die tweede ontwikkeling is dié van navorsing oor die professionalisering van die joernalistiek in verskillende sosiale sisteme. 'n Toenemende aantal studies (Nayman, 1973; Schwartz, 1977) bied uitvoerige literatuurverwysings van hierdie soort navorsing wat ook van die tradisionele sosiologiese model gebruik maak. So byvoorbeeld het Wright (1976) aan die hand van die oorspronklike Lieberman-model, soos ontwikkel deur McLeod & Hawley (1964), die professionele vlak van joernaliste in Brits-Columbia ondersoek. Op dieselfde wyse is ook navorsing gedoen oor die professionalisering van Kanadese joernaliste (D.K.Wright, 1974).

Hierdie ondersoeke (vergelyk ook Nagpaul, 1971; Nayman, Atkin & O'Keefe, 1973) saam met breër sosiologiese ondersoeke soos dié van Tunstall (1971) en Johnstone e.a. (1976) dui op die noodsaaklikheid dat 'n omvattende indeksering van professionele attribute vir die doeleindes van 'n konseptuele professionaliseringsraamwerk in die joernalistiek noodsaaklik is. Enkele navorsers het reeds belangrike bydraes in hierdie verband gelewer. Hierdie bydraes word vervolgens bespreek ten einde bepaalde kriteria te isoleer vir die daarstelling van 'n eie konseptuele professionaliseringsmodel (vergelyk ook Hoofstuk 2.6.1.1).

Anders as in die geval van die meer tradisionele modelle soos dié van Greenwood

(1957:45-55) en Pavalko (1971:15-27) is dit nie moontlik om die joernalistieke modelle te tabuleer soos in Hoofstuk 2.6.1.1.1 gedoen is nie. Die rede hiervoor is dat navorsers nuwe elemente tot die model byvoeg of wegneem om bepaalde operasionaliseringsdoelwitte te bereik. Voorbeelde hiervan is Schwartz (1978b) se self-gerigte en ander-gerigte waardes van professionele joernaliste; Windahl en Rosengren (1976) se onderskeid tussen individuele en kollektiewe professionalisering en Starck en Sudhaker (1978) se klem op kulturele, historiese, sosiale, politieke en ekonomiese faktore wat 'n rol by professionalisering speel.

Dit is egter die ondersoeke van Nayman (1973), LeRoy (1972/73) en die konseptuele navorsing van Wentink (1972a) wat van besondere belang vir hierdie navorsing is. Dié drie ondersoeke word vervolgens bespreek.*

Nayman (1973:195-212) bied 'n teoretiese raamwerk vir die bestudering van joernalistieke professionalisering aan die hand van skrywers soos McLeod & Hawley (1964), asook sosioloë soos Merton (1960), Carr-Saunders (1966), Barber (1965), Wilensky (1964) en Lieberman (1956) aan.

Volgens Nayman (1973:208) kan vier belangrike attribute volgens die sosiologie van beroepe onderskei word. Vir die doeleindes van 'n professionaliseringsmodel kan hierdie attribute dan verder verdeel word. (Hierdie konseptuele model word in die oorspronklike Engels weergegee waarna dit volgens die voorgestelde dierdeling van die huidige ondersoek ingedeel word):

- Expertise:
- performance of a unique and essential service
 - emphasis on intellectual technique
 - specialized training over a long period to acquire a systematic body of knowledge based on research
- Autonomy:
- freedom to exercise own judgment
 - development of comprehensive selfgoverning organization
 - ability to meet obligations or to act without superior authority or guidance
- Commitment:
- emphasis on altruistic aspects of the job rather than on private economic gain
- Responsibility - creation and application of a code of ethics

* Vergelyk ook Schwartz (1977) in die verband.

Hierdie konseptuele model van Nayman (1973:208) bied volgens dié skrywer geleentheid om wat hy die vier basiese kriteria vir kommunikator-professionalisering noem, te operasionaliseer en daarmee 'n beeld te kry van houding- en gedragsmotiverings van joernaliste met betrekking tot hul professionele oriëntasie.

In hierdie oorsig van professionaliseringsonderseke meld Nayman (1973:200) dat 'n groot deel van die navorsing daarop gemik is om 'n sistematiese evaluering van joernaliste se selfbeeldkonsepsies te kry volgens hul beskouing van die mate waarin hulle geprofessionaliseer is.

In opvolging van die navorsing van Hall (1968) ondersoek LeRoy (1972/73:59) die vlakke van professionalisering in 'n monster van televisiejoernaliste. Hiervolgens word 'n vyftal dimensies deur LeRoy onderskei wat dan weer onderverdeel word. Net soos in die geval van Nayman (1973), word die Engelstalige model eers gegee waarna dit volgens die driedeling kennis, oriëntasie en struktuur/organisasie getabuleer word:

Professional organization as a reference group	<ul style="list-style-type: none">- Read journals- Attend local meetings- Enjoy seeing colleagues- Support organization
Public service	<ul style="list-style-type: none">- Profession essential for society
Self-regulation	<ul style="list-style-type: none">- Know each other's competency- Know what others are doing
Calling to field	<ul style="list-style-type: none">- Feel calling to field- People are dedicated- High level of idealism- Enthusiasm for work- Profession's benefits are underestimated
Autonomy	<ul style="list-style-type: none">- Make own decisions- Exercise own judgements- Use own intellect- Outonomy in work

Hierdie model van LeRoy (1972/73) vertoon nie dieselfde mate van afgerondheid as byvoorbeeld dié van Nayman (1973:208) nie, omdat bostaande weergawe slegs sestien items gee wat verkry is uit 'n faktoranalise van vyftig items. Dit bied egter 'n besondere beeld van die relevante professionaliseringsattribute.

In een van die deeglikste deskriptiewe ondersoeke na die professionalisering van die joernalis in die dagbladorganisasie gesien teen die koerant as burokratiese struktuur, bevind Wentink (1972a:85) dat 'n tiental kenmerke ten aansien van die professionalisering van die dagbladjoernalis onderskei kan word. Hierdie onderskeiding van Wentink (1972a) is hoofsaaklik gebaseer op die werke van Carr-Saunders & Wilson (1933), Wilensky (1964) en Etzioni (1969). Die kenmerke wat gebruik kan word om die professionaliseringsgraad van die dagbladjoernalistiek te bepaal, is dan:

- 'n Spesifieke deskundigheid word in die beroepsbeoefening vereis. Dit is gebaseer op 'n langdurige teoreties-gefundeerde opleiding wat in die reël gespesialiseer van aard is.
- Die beroepsbeoefenaars pas hierdie - in die reël abstrakte - kennis op konkrete gevalle toe.
- Die beroepsbeoefenaars word as deskundiges erken en geniet in dié opsig verreikende persoonlike en beroepsbeslissings- en handelsvryheid.
- Daar is duidelike afgrensbare arbeidsterreine wat deur die beroep gemonopoliseer is en waarop ander nie werksaam mag of kan wees nie.
- Die professies kan hul beroepe op 'n lang tradisie vestig van beroepsuitoefening wat 'n waarborg van stabiliteit aan hulle werk verleen.
- Die beroepsbeoefenaars is in die uitvoering van hul werk aan 'n bepaalde gedrags- of etiese kode gebonde.
- Professies se beroepswerksaamhede is altruïsties gemotiveerd. Hul arbeid is gerig op dienslewering ter wille van die algemene welsyn. Dit gaan vir hulle om die belange van die kliënte en nie om eiebelang nie.
- Die beroepsbeoefenaars verwag van diegene wat van hulle dienste gebruik maak 'n hoë mate van vertroue in hul deskundigheid en in hul morele integriteit.
- Die beroepsbeoefenaars behoort tot 'n beroepsorganisasie wat oor outonomie beskik. Dit sluit in die moontlikheid van die uitoefening van die tug in sekere gevalle waar daar van oortreding deur lede van die beroepsorganisasie sprake is.
- Beroepsbeoefenaars word formeel tot die beroepsorganisasie toegelaat. Dit kom gewoonlik daarop neer dat die beroepsbeoefenaars moet registreer. Registrasie by 'n beroepsraad bied ook beskerming aan sy lede.

2.6.1.2.1 Tabulering van professionaliseringsattribute volgens joernalistieke navorsing

Net soos in die geval van sosioloë, is die lys van attribute van Nayman (1973), LeRoy (1972/73) en Wentink (1972a) vervolgens in die driedeling van professionele

kennis, professionele oriëntasie en professionele struktuur/organisasie getabuleer. Soos in die geval van die sosioloë is bevind dat die attribute van hierdie drie joernalistieke benaderings ook volgens dié ondersoek se driedeling beskou kan word.

TABEL 2: TABEL VAN PROFESSIONALISERINGSATTRIBUTE VOLGENS JOERNALISTIEKE NAVORSING

<u>Outeur</u>	<u>Attribuut</u>	<u>Kennis</u>	<u>Oriëntasie</u>	<u>Struktuur/organisasie</u>
Nayman (1973:200)	<i>Deskundigheid:</i>			
	Unieke en essensiële diens		x	
	Klem op intellektuele tegniek	x		
	Gespesialiseerde opleiding	x		
	Kennissistiem gebaseer op navorsing	x		
	<i>Outonomie:</i>			
	Beslissingsvryheid			x
	Selfbesturende organisasie			x
	Werk selfstandig te kan doen			x
	<i>Betrokkenheid:</i>			
	Altruïstiese aspekte eerder as ekonomiese gewin		x	
	<i>Verantwoordelikheid</i>			
	Etiese kode			x
LeRoy (1972/73:59)	Professionele organisasie			x
	Openbare diens		x	
	Selfregulering			x
	Roepingsbewustheid		x	
	Outonomie			x

TABEL 2 (vervolg)

<u>Outeur</u>	<u>Attribuut</u>	<u>Kennis</u>	<u>Oriën- tasie</u>	<u>Struktuur/ organisasie</u>
Wentink (1972:85)	Deskundigheid	x		
	Opleiding	x		
	Toepassing van kennis	x		
	Beroepsbeslissings- en hand- lingsvryheid			x
	Beroepsmonopolie			x
	Beroepstradisie			x
	Etiese kode			x
	Altruïstiese diensbelang		x	
	Ontvangervertroue		x	
	Beroepsorganisasie en outonomie; tug			x
	Registrasie van beroepsvereniging			x

Volgens die werke van Nayman (1973), LeRoy (1972/73) en Wentink (1972), asook die voorafgaande sosiologiese modelle (vergelyk Hoofstuk 2.6.1.1.1), is die volgende konseptuele model vir joernalistieke professionalisering opgestel waarin die vernaamste professionaliseringsattribute vervat is.

2.6.2 STELLING VAN 'n EIE MODEL


Uit 'n oorsig van die literatuur van sosiologiese benaderinge tot die ondersoek van professies, asook uit die deskriptiewe en die empiriese literatuur van kommunikasiekundige aard, blyk dit dat daar 'n groot mate van ooreenstemming by ondersoekers voorkom oor die toekenning van bepaalde attribute aan professionaliserende beroepe.

Uit 'n oorsig van die literatuur blyk dit ook (vergelyk bostaande tabelle) dat die verskillende attribute binne die konteks van drie dimensies saamgevat kan word, naamlik in professionele kennis-, professionele oriëntasie- en professionele struktuur/organisasie-dimensies.

Dit was moontlik om al die verskillende attribute binne drie dimensies in te deel, omdat talle van die attribute tautologies is of onder verskillende noemers in elke geval dieselfde semantiese inhoud bevat. Dit was veral duidelik dat daar drie primêre dimensies in die professionaliseringsproses na vore kom. In die eerste plek beskik die professioneel oor 'n bepaalde kennisstelsel wat gebaseer is op substansiële teorieë, onderrig en opleiding en tegniese vaardighede, gebaseer sowel op die teorie as navorsing. In die tweede plek was dit duidelik dat die professioneel oor 'n bepaalde oriëntasie ten opsigte van homself as beroepspersoon, sy beroep, sy kollegas en die gemeenskap moet beskik. Hierdie oriëntasie is wederkerig van aard en raak ook die beskouing van die beroepsgenote onderling en die gemeenskap se oriëntasie ten opsigte van die beroep. In die derde plek was dit duidelik dat die professioneel oor 'n bepaalde struktuur en organisasie beskik wat van dié van die nie-professionele beroepe onderskei kan word. Deur 'n lang tradisie is 'n bepaalde professionele beroepstruktuur daargestel wat weer volgens bepaalde maatstawwe georganiseer is. Hieronder val dan duidelik faktore uiteen soos monopolie, outoriteit en outonomie.

Wanneer hierdie verskillende attribute binne die konteks van beroepe op 'n professionaliseringskontinuum as 'n dinamiese proses gesien word, kan dit op die volgende wyse as 'n model uitgedruk word:

FIGUUR 2: 'n JOERNALISTIEKE PROFESSIONALISERINGSMODEL (JP-MODEL)



In hierdie model verteenwoordig A 'n bepaalde sosiale sisteem waarin Y, 'n driedeling van professionaliseringsattribute, voorkom.

Die eerste vlak K (die kennisdimensie), bestaan uit die volgende:

K_k (kennis-); K_d (onderrig-); K_v (vaardigheids-); K_n (navorsings-) en K_l (vakliteratuur-) attribute.

Die tweede vlak, (die oriëntasiedimensie), bestaan uit:

O_p (persoonlike), O_b (beroeps-), O_i (kollegiale) en O_g (gemeenskaps-) attribute.

Die derde vlak, S (die struktuur/organisasie-dimensie), bestaan uit:

S_s (struktuur-), S_r (organisasie-), S_m (monopolie-), S_t (outoriteits-) en S_u (outonomie-) attribute.

Die drie dimensies en hul verskillende attribute is onderskeibaar, maar nie noodwendig skeibaar nie aangesien daar 'n onderlinge verband tussen die dimensies en die attribute bestaan.

Die drie dimensies vorm die basis vir professionalisering. Weens die proses van professionalisering kan 'n beroep dan in 'n gegewe stadium oor meer of minder van die betrokke attribute beskik. Sō word daar in diē model op 'n vyfpuntskaal beroepe aangedui wat glad nie of baie min tekens van professionalisering vertoon (BX_1); beroepe wat toenemend tekens van professionalisering vertoon (BX_3) en beroepe wat hoogs geprofessionaliseerd is (BX_5). Volgens diē model en vir die doeleindes van hierdie ondersoek, word die joernalistiek bestempel as BX_{3j} (vergelyk Hoofstuk 3.2 vir 'n bespreking van teoretiese en empiriese ondersoeke wat aantoon dat die joernalistiek as sodanig bestempel kan word).

Soos in die geval met alle modelle, bied die JP-model sekere voordele, maar ook sekere nadele wat inherent aan diē vorm van konseptualisering is.

In die eerste plek bied dit aan die navorser 'n basiese potensieel operasioneel seerbare model. Dit het voorts die voordeel dat die dimensies aangepas kan word sonder dat dit die primêre driedeling van kennis, oriëntasie en struktuur/organisasie nadelig hoef te beïnvloed. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat

in die voorgestelde driedeling die spesifieke attribute beter georden en gesistematiseer kan word, terwyl identifisering steeds sinvol aan die hand van die drie primêre dimensies kan geskied.

Die tweede voordeel is dat die JP-model, anders as die statiese modelle van byvoorbeeld Flexner (1915:904) en selfs Pavalko (1971:15-27), konseptueel die dinamiese en progressiewe ontwikkeling op 'n kontinuum van beroepe na groter professionalisering weergee.

Die voorgestelde model is egter nie ontdaan van die probleme waarmee daar in ander soortgelyke modelle te kampe gekry word nie. Soos in die geval van elkeen van die tradisionele modelle word gewigte nie aan die verskillende attribute toegeken nie. Dié probleem is deels ondervang deurdat die wye reeks van verskillende attribute tot drie primêre dimensies beperk is. Selfs hierin lê 'n probleem opgesluit, aangesien daar vir die doeleindes van operasionalisering nie 'n volledige skeiding tussen die drie dimensies gemaak kan word nie, hoewel daar deur middel van 'n deskriptiewe analise wel deeglik onderskeid getref kan word. Dit moet dan ook as 'n beperking van die model beskou word dat attribute in die verskillende dimensies nie tot uitsluiting van ander geïdentifiseer kan word nie (byvoorbeeld sekere aspekte van monopolie en outonomie is onderling verwant, terwyl die verskillende oriëntasie-attribute uiteraard interafhanklik is).

Die tweede hoofbeperking van die voorgestelde model is dat dit net soos die professionaliseringsmodel van Pavalko (1971:15-27) nie voorsiening maak vir 'n kwantitatiewe of graadaanduiding van professionalisering op die kontinuum van nie-professies tot professies nie. Daar kan dus hoogstens aan die hand van die dinamiese vloeimodel van meer of minder professionalisering sprake wees. As sodanig is die model dus hoogstens 'n ruwe aanduiding van professionalisering, soos op die vyfpuntskaal aangedui.

Ondanks bogenoemde besware meen hierdie navorser dat die JP-model sinvolle moontlikhede vir ondersoek bied veral wanneer dit teen die agtergrond van 'n sosiale sisteem- en struktuur-funksionalistiese benadering op die dagbladjoernalistiek toegepas word. Die aanname oor die toepasbaarheid van die JP-model in dié ondersoek word ook ondersteun deur teoretiese beskouinge oor die doel en funksie van modelle in hierdie vorm van wetenskapsbeoefening. As 'n grafiese skema waarin die professionaliseringsproses op 'n skematiese en vereenvoudigde wyse uit-

eengesit is, voldoen die JP-model aan fundamentele vereistes van modelle wat Fauconnier (1973:43) onderskei. Die JP-model bied 'n strukturele ontleding van die geheel van die professionaliseringsproses en dui die belangrikste samestellende dele, naamlik die verskillende attribute en beroepsgroepe, aan.

Die model het ook 'n dinamiese karakter deurdat 'n grafiese voorstelling van die toenemende mate van professionalisering gegee word, terwyl dié aspek ook aangevul word deur 'n vyfpuntskaal-kontinuum.

Die model het ook duidelik funksionele waarde deurdat dit die bepaalde verhoudinge tussen die onderdele deur middel van kousaliteit en wisselwerking aandui. 'n Beperking in dié verband is dan dat die model nie aantoon dat daar ook 'n afname in die graad van professionaliteit kan plaasvind nie. Die doel met die model is egter om aan te dui dat beroepe progressief professionaliseer en nie om tendense soos professionele regressie te verduidelik nie. In dieselfde verband toon die JP-model nie aan dat professionalisering sowel op individuele as kollektiewe vlak plaasvind nie, hoewel dit implisiet veronderstel word.

As 'n vloeimodel bring die JP-model 'n besondere faset na vore, naamlik dat daar 'n dinamiese beweging van nie-professies na professies is waardeur 'n bepaalde evolusie aangetoon word (Fauconnier, 1973:43). Die JP-model voldoen ook aan Mortensen (1972:31) se vereiste, naamlik dat 'n model 'n komplekse stel van data eenvoudiger moet struktureer ten einde orde en samehang te verkry. As sodanig bring die JP-model basiese onderliggende abstraksies na vore in 'n gemanifesteerde konkrete vorm (Bross, 1970:18). Soos dié skrywer dan aantoon, rus die onus op die modelbouer om net die relevante attribute in die model te inkorporeer waardeur 'n bondige uiteensetting van die navorsingsprojek gestel word.

Waarskynlik die belangrikste vereiste van 'n model (Mortensen, 1972:31) is dat die model oor heuristiese waarde moet beskik, dit wil sê, dat die model geleentheid moet bied vir die bepaling van hipotetiese konsepte en verhoudings. Hoewel dit die ideale toestand sou wees dat 'n model, soos die onderhawige, oor spesifieke operasionaliseringsmoontlikhede moet beskik, is dit nie 'n noodwendige vereiste nie (Bross, 1970:18). Wat wel essensieel is, is dat die model 'n samehangende verwysingsraamwerk vir wetenskaplike ondersoek moet bied (Mortensen, 1972:30).

Hierdie ondersoeker is van mening dat die JP-model minstens aan bogenoemde ver-

eiste voldoen, in soverre dat dit geleentheid bied vir 'n kwalitatiewe benadering om op struktureel-funksionele en deskriptiewe wyse die komplekse joernalistieke professionaliseringsproses te ondersoek, terwyl dit ook potensieel kwantitatiewe operasionaliseringsmoontlikhede bied.

Met die JP-model as basis, is daar vir die doeleindes van hierdie navorsing twee veldondersoeke gedoen om met betrekking tot die hooffokuspunt, die kennisdimensie, bepaalde data in te win. Dié ondersoeke word in Hoofstuk 4 beskryf.

2.7 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2

In die moderne geïndustrialiseerde wêreld speel die professies en die professionaliserende beroepe 'n toenemend belangrike rol. Resente navorsing oor die rol van die pers toon dat dit dringend noodsaaklik is dat ook die joernalistiek toenemend moet professionaliseer. Om aan só 'n eis te voldoen, is dit egter noodsaaklik dat duidelik bepaal moet word wat met die konsep professionalisering en ander verwante begrippe bedoel word en of daar teoretiese en empiriese raamwerke bestaan waarbinne 'n beroep kan professionaliseer. Op hierdie vraag is in Hoofstuk 2 ingegaan deur die bepaling van 'n teoretiese model vir professionalisering. Relevante konsepte is omskryf en 'n uiteensetting is van die historiese ontwikkeling van professies gegee. Hierna is kritiek teen die professies as instelling van die samelewing bespreek, waarna aangetoon is dat professionalisering as konsep sowel as realiteit 'n noodsaaklike vereiste vir die laat-twintigste eeu is.

Professionalisering is nie 'n eenduidige konsep nie en in Hoofstuk 2 is verskillende vlakke van analise en bepaalde teoretiese uitgangspunte beskryf, waaronder die siening van professionalisering as 'n dinamiese proses. Teen die agtergrond van sosiologiese, joernalistieke en kommunikasiewetenskaplike navorsing is aangedui dat professionalisering deur middel van 'n teoretiese attribuutmodel op 'n professionaliseringskontinuum ondersoek kan word. Hierna is 'n konseptuele model vir die professionalisering van die joernalistiek opgestel. Dié model (die JP-model) toon professionalisering op 'n kontinuum met drie besondere dimensies, naamlik kennis, oriëntasie en struktuur/organisasie. In hierdie ondersoek word die klem op die kennisdimensie gelê en met die oog daarop is twee veldondersoeke gedoen wat ook in Hoofstuk 4 bespreek sal word.

Alvorens daar egter oorgegaan kan word tot 'n bespreking van die moontlikheid

dat die joernalistiek volgens die literatuur, die JP-model en die twee veld-
ondersoeke as 'n professionaliserende beroep bestempel kan word, moet drie
belangrike vrae eers beantwoord word. In die eerste plek moet die vraag on-
dersoek word of die joernalistiek as beroep hom wel *per se* tot professionali-
sering leen? In die tweede plek moet die vraag ondersoek word waarom die joer-
nalistiek wel móét professionaliseer, én in die derde plek op welke wyse hier-
die professionalisering kan geskied?

Op hierdie drie vrae word in die volgende afdeling (Hoofstuk 3) ingegaan.
Daar word besondere klem op die kennisdimensie gelê, maar vir die doeleindes
van volledigheid word ook op die mees relevante aspekte van die oriëntasie- en
struktuur/organisasie-dimensies geïnd. In die daaropvolgende afdeling (Hoof-
stuk 4) word die kwessie van professionalisering binne die kennis-dimensie dan
volledig bespreek.

Hoofstuk Drie

Die professionaliseringsmoontlikhede van die joernalistiek

In die voorgaande hoofstuk (Hoofstuk 2) is 'n teoretiese model vir die professionalisering van die joernalistiek ontwikkel. Die vraag ontstaan noodwendig of só 'n model hoegenaamd op die joernalistiek van toepassing gemaak kan word. Hierdie vrae het weer twee aspekte: is die voorgestelde JP-model relevant tot die idiosinkratiese eienskappe van die joernalistiek en waarom is dit nodig of noodsaaklik dat die joernalistiek moet professionaliseer? Op hierdie vrae word in Hoofstuk 3 ingegaan teen die agtergrond van die pers as instituut van die moderne demokratiese samelewing en, meer spesifiek vir die doeleindes van hierdie huidige ondersoek, van die dagbladjoernalistiek in Suid-Afrika.

3.1 JOERNALISTIEK: KUNS, AMBAG OF PROFESSIE ?

As hoogleraar aan die *Graduate School of Journalism* van die *Columbia Journalism School* het prof. Penn T. Kimball in die omvattende werk van Lynn (1965) die vraag gevra of die joernalistiek as kuns, ambag of profesie bestempel kan word. Ná 'n uitvoerige analise waarin Kimball (1965:242-260) aantoon dat die joernalistiek lank as 'n soort verhewe ambag beskou is, en dat daar ongetwyfeld elemente van 'n kuns in die joernalistiek opgesluit lê, kom hy tot die gevolgtrekking dat die joernalistiek duidelik tekens van *emerging professionalization* (Kimball, 1965:259) toon. Nie alle joernaliste en skrywers oor die joernalistiek gaan egter met dié standpunt akkoord nie, hoewel die oorgrote meerderheid aanvaar of aantoon dat die joernalistiek minstens sekere kenmerke van 'n professionaliserende beroep vertoon. Ander skrywers gaan verder en beskou die joernalistiek as 'n profesie en die beoefenaar van die beroep as 'n professioneel.

3.1.1 KRITIEK TEEN JOERNALISTIEKE PROFESSIONALISERING

Een van die sterkste en skerpste aanvalle teen die gedagte van die joernalis-

tiek as professie is in 1978 tydens die jaarlikse kongres van die *Association for Education in Journalism* deur die destydse president van die AEJ, prof. James W. Carey, geloods. Carey (1978:846-855) se hoofbeswaar was teen die historiese ontwikkeling van die gebruik om die universiteite (en dus ook die skole van joernalistiek) as 'n verlengstuk van die professies te beskou.

Wat die joernalistiek spesifiek betref, het Carey dit onder meer teen die toenemende professionele gebruik om die leserspubliek tot die vlak van 'n blote kliënt te verlaag. Van die joernalistiek se veel geroemde aanspraak dat hy die breë publiek se belange dien, kom daar nie veel tereg wanneer die joernalis volgens die kenmerke van die professies optree nie. Carey het dit veral ook teen die toenemende eise van 'n groter professionele inslag in die universiteitsleerplanne in joernalistiek. Die professionele gees moet uit die joernalistieke departemente geweer word en vervang word met die universitêre tradisie waar die etiese en intellektuele bo die eise van die praktiserende professie gestel word. In die proses moet ontslae geraak word van die joernalistieke eis van die belangrikheid van die onmiddellike - die tirannie van vandag se hoofopskrifte - en die ander beperkende elemente van die moderne joernalistiek. In die plek hiervan moet die huidige sistematiese anti-intellektualistiese inslag van die (Amerikaanse) joernalistieke skole plek maak vir 'n etiese en intellektuele beskouing wat die beperkinge van die huidige joernalistieke praktieke transendeer (Carey, 1978:846-855).

Dié gebrek aan 'n intellektuele basis in 'n professionele joernalistiek word ook deur die Britse sosiologiese ondersoeker na die pers, Jeremy Tunstall, onderstreep wanneer hy na aanleiding van 'n uitgebreide ondersoek van Britse joernaliste tot die gevolgtrekking kom dat die joernalis nie op professionele status aanspraak kan maak nie, omdat "there is no distinctive body of knowledge which they (the journalists) can convincingly claim to control" (Tunstall, 1978:17).

In aansluiting by bogenoemde twee kritici van die gedagte van die joernalistiek as professie is die persetikus Merrill (1974) ook sterk gekant teen die konsep van toenemende professionalisering in die joernalistiek. Die sentrale tema van sy werk waarin hy aandui dat daar 'n bepaalde filosofie van joernalistieke outonomie behoort te bestaan, is:

"...that American journalism is becoming so institutionalized and professionalized and so immured with the nascent concept of *social responsibility*, that it is voluntarily giving up the sacred tenet of libertarianism - *editorial self-determinism* - and is in grave danger of becoming one vast, gray, bland, monotonous, conformist spokesman for some collectivity of society" (Merrill, 1974:3).

Onderliggend aan Merrill (1974:143 e.v.) se kritiek teen die huidige bedeling in die joernalistiek is dat die joernalistieke aktiwiteit 'n basiese filosofiese onderbou ontbreek - 'n element wat saamhang met die kritiek van Carey (1978) en dié van Tunstall (1978:21).

Binne die konteks van die joernalistiek as professionaliserende beroep hou nie een van bogenoemde drie skrywers se standpunte egter geldige besware in nie. Die basiese en primêre uitgangspunt van die professies is dat daar juis na 'n intellektuele basis en 'n sistematiese kennissistiem gestreef moet word - uiteraard teen die agtergrond van 'n eie filosofiese beskouing. Dat die joernalistiek aan dié eis behoort en tot sekere mate kan voldoen, word in Hoofstuk 4 aangetoon.

Van die kant van die praktiserende joernalistiek is daar enkele stemme wat beweer dat die joernalistiek *nie* 'n professionele beroep of dan minstens professionaliserende beroep is nie. Nayman (1973:200) toon egter dat daar 'n groot aantal (*a score of studies*) impressionistiese en deskriptiewe studies is wat betoog dat die joernalis oor 'n *self-proclaimed, 'professionally-oriented' profile* beskik wat die joernalis van ander beroepsbeoefenaars onderskei. Voorbeelde van hierdie professionele profiel word gevind in die talle werke van senior joernaliste wat hulself beswaarlik as iets anders as professioneel sou beskou. Vergelyk byvoorbeeld in die VSA die rol van Joseph Pulitzer en sy koerante (Barrett, 1941), of in die koerantwêreld van Brittanje die rol van 'n redakteur soos John T. Delane van *The Times* (Cook, 1916) of in Suid-Afrika die werk van koerantredakteurs soos Pienaar (1979), Viljoen (1953) of Weber (1967).

Dit is die uitgangspunt van hierdie navorsing dat 'n standpunt soos dié van die Alsop-broers (Kimball, 1965:246), naamlik dat die joernalistiek nie 'n profesie is nie, nie standhou wanneer dit met ander joernalistieke uitsprake en empiriese bevindinge vergelyk word nie. Volgens Kimball beweer dié twee Amerikaanse koerant-broers:

"Newspaper reporting is not a profession, despite the complacent belief of a good many reporters who have achieved the upper brackets. You may go to journalism school before you become a reporter. You may save valuable time there, learning things in school that you would otherwise learn on the job. But you can still achieve a fair measure of success as a reporter without any of the long, specialized prior training that is the mark of a professional man..." (Kimball, 1965: 246).

In ooreenstemming met die onderliggende uitgangspunt van hierdie navorsing is dit waarskynliker dat die vorige kurator van die Nieman-Stigting vir Joernalistiek aan die Harvard-Universiteit, Louis M. Lyons, se standpunt sal standhou, naamlik:

"I don't know that we can prove that journalism is a profession. But the important thing is that the men in it act as if it were. The professional attitude is simply the feeling of responsibility towards the news, the obligation to the readers that the reader is the only client" (Hulteng, 1976:44).

Soos Gallagher (1965:11-12) in sy aanspraak op professionaliteit betoog, word dieselfde implisiete en eksplisiete aanduiding van die Suid-Afrikaanse joernalistiek as 'n professie in talle uitlatings van joernaliste gevind.

Die *Southern African Society of Journalists* se tydskrif *S.A. Journalist* verwys feitlik in elke uitgawe in een of ander verband na die joernalistiek as 'n professie. Dit is veral die president, John Matisonn, wat gereeld hierdie term in sy verwysing na joernaliste gebruik (vergelyk *S.A. Journalist* van Maart 1979; Oktober 1979:3). Tydens die herdenking van die oudste Afrikaanse koerant, *Die Volksblad*, se vyf-en-sewentigste bestaansjaar, word dié koerant bestempel as "n hoogs professionele produk" (Kuhn, 1979). Dat joernaliste as beroepsbeoefenaars op dieselfde vlak as die tradisionele professies geplaas behoort te word, blyk ook uit die standpunt van Matisonn (1979:3) dat joernaliste oor hul eie beroepsaktiwiteite beheer moet uitoefen:

"It was further believed (the SASJ's point of view in connection with the proposed press bill)* that the NPU, representing the management of newspapers, was not the body to decide the fact of the journalistic profession.

* My parentese

"Professional standards should be in the hands of professional journalists, and should be represented by a professional body such as the SASJ - the natural equivalent of the Medical Council or the Bar Council in the medical and legal fields."

Met bogenoemde wil egter nie te kenne gegee word dat alle joernaliste noodwendig binne die konteks van die professionaliseringsmodel as professioneel beskou moet word nie. Afhangende van die navorsingsuitgangspunt, is dit belangrik om daarop te let dat daar of van die joernalistiek as profesie of van die individuele joernalis as professionele vakman sprake kan wees. In hierdie ondersoek word albei aspekte gedek, maar daar moet op gelet word dat etlike navorsers aantoon dat daar eintlik sinvol net van professionalisering by individuele joernaliste in hierdie stadium sprake kan wees (vergelyk Wright, 1978:12). Dit geld veral vir die spesifieke kategorie-indeling van redakteurs en spesialiste. Wat eersgenoemde betref, is daar toenemende waardering vir die rol wat die redakteur as openbare leiersfiguur speel. Dit geld uiteraard ook vir belangrike uitgewers, veral in die Amerikaanse perswese (vergelyk byvoorbeeld Catherine Graham van die *Washington Post* en Lord Beaverbrook van die Beaverbrook-persgroep in Brittanje).

In Suid-Afrika het 'n kultuurleier soos dr. Gerrit Viljoen op die belangrike rol van die *redakteur* gewys. Hierdie rol moet veral gesien word teen die geweldige vryheid wat die redakteur geniet om as een van die mees ongekontroleerde van alle soorte openbare leiers 'n nuwe ongekende invloed uit te oefen (Viljoen, 1979:66-71; 1977). Ook koerantredakteurs beklemtoon toenemend die belangrike rol van die redakteur soos blyk in die uitsprake van P.J. Cillie dat Suid-Afrika 'n hoë roeping vir sy pers het (*Die Burger*, 1978:03-30:03) en van W.J. de Klerk (*Rapport*, 1978-01-08:10) dat daar in die ganse vrye wêreld van die pers verwag word om "onverskrokke, deeglik, volwasse, beheers(d) en nugter, deur krietiese dialoogvoering, 'n klaringshuis te wees wat probeer help om politieke kwessies te verhelder en tot essensies terug te bring".

Dit is ook die *joernalistieke spesialiste* wat toenemend op professionaliteit aanspraak kan maak. Sosiaal-wetenskaplike navorsing soos dié van Tunstall (1971) oor buitelandse korrespondente en meer deskriptiewe werke soos dié van Hiebert (1966) oor die pers in Washington en die rol van die pers in die vorming van buitelandse beleid (Cohen, 1963) toon dat veral hierdie groep joernaliste oor 'n besondere professionele kennis moet beskik. Laasgenoemde het net soos in die vroeëre ondersoek van Rivers (1952:4-10) bevind dat die buitelandse korrespondente hul werk binne die konteks van 'n profesie eerder as net 'n gewo-

ne beroep beskou het.

Volgens Hiebert (1978:16) sal dit toenemend van belang word dat joernaliste in 'n wêreld wat op gespesialiseerde kennis en inligting staat sal maak, self oor professionele gespesialiseerde kennis moet beskik. Terreine soos die ekonomie, die politiek, die regte en die natuurwetenskappe sal gespesialiseerde joernaliste verg met 'n gespesialiseerde kennis en begrip (vergelyk Grunig, 1976 se versamelwerk oor joernalistieke spesialisering).

'n Derde en laaste vorm van beswaar teen die tipering van die joernalistiek as profesie kan van staatsweë geopper word. In die Verenigde State van Amerika het die *National Labour Relations Board* ingevolge die *National Labour Relations Act* by etlike geleenthede bevind dat joernaliste nie op professionaliteit aanspraak kan maak nie. Volgens dié raad is 'n professioneel (Terry, 1978:25):

"(a) any employee engaged in work (i) predominantly intellectual and varied in character as opposed to routine mental, manual, mechanical or physical work; (ii) involving the consistent exercise of discretion and judgment in its performance; (iii) of such a character that the output produced or the result accomplished, can not be standardized in relation to a given period of time; (iv) requiring knowledge of an advanced type in a field of science or learning customarily acquired by prolonged course of specialized intellectual instruction and study in an institution of higher learning or a hospital as distinguished from a general academic education or from an apprenticeship or from training in the performance of routine mental, manual, or physical processes; or

(b) any employee, who (i) has completed the courses of specialized intellectual instruction and study described in clause "iv" paragraph (a), and (ii) is performing related work under the supervision of a professional person to qualify himself to become a professional employee as defined in paragraph (a)."

Terry (1978:25 e.v.) toon verder aan hoe die *National Labour Relations Board* (NLRB) by etlike geleenthede bevind het dat joernaliste nie ingevolge bogenoemde wetlike omskrywing op professionele status aanspraak kan maak nie. So het die NLRB onder meer bevind dat joernaliste nie gelisensieer hoef te word of gespesialiseerde onderrig in 'n tersiêre onderwysrigting hoef te ontvang nie. Daar is ook geen aanduiding dat joernaliste werk moet verrig wat 'n gevorderde vorm van kennis vereis nie. Voorts is ook bevind dat joernaliste nie hoef te voldoen aan gespesialiseerde intellektuele onderrig in onderskeiding van alge-

mene akademiese vorming nie.

So onlangs nog as 1976 het die NLRB beslis dat joernaliste nie as professioneel geklassifiseer kan word nie. Die *Express-News Corporation* van San Antonio, Texas, het aangevoer dat die NLRB sy vorige beslissings moes wysig in die lig van veranderende omstandighede waardeur die joernalistiek toenemend geprofessionaliseerd geraak het. Die koerant het sy standpunt gebaseer op die feit dat daar in die vorige aantal jare dinamiese veranderinge in die kommunikasiemedia plaasgevind het. Hierdie veranderinge het onder meer die volgende ingehou: toenevende spesialisasie van verslaggewing; 'n toename in die aantal universiteitsopgeleide personeel wat in diens geneem word; 'n toenemende voorkeur vir universiteitsgraduandi; beter samewerking tussen die koerantbedryf en universiteitsdepartemente van kommunikasie en die unieke verantwoordelikheid van 'n vrye pers in 'n demokratiese sisteem.

Volgens Terry (1978) het die NLRB egter bevind dat die koerant *nie* gespesialiseerde kennis of opleiding van *al* sy sogenaamde professionele werknemers vereis nie:

"The news department herein is not predominantly composed of individuals with advance knowledge acquired through a prolonged course of specialized study in journalism or communication in an institution of higher learning" (Terry, 1978:27).

Die raad het ook ondersoek ingestel na die werk wat joernaliste verrig het wat nie oor universitêre joernalistieke opleiding beskik het nie. In vergelyking met joernaliste wat wel oor joernalistieke universitêre opleiding beskik het, het die raad bevind dat eersgenoemde groep hul werk net so goed as die universitêr-opgeleides verrig het en dat joernaliste derhalwe nie as professioneel ingevolge die wet geklassifiseer kan word nie omdat (*journalistic work*) "can be competently accomplished without requiring advanced degrees in journalism or equivalent experience" (Terry, 1978:27). In 'n soortgelyke saak waarin die *Binghamton Press Company* in dieselfde jaar betrokke was, het die raad 'n soortgelyke uitspraak gegee.

Die standpunt dus dat joernaliste nie volgens wet as professioneel geklassifiseer kan word nie (Terry, 1978:27) is nie net op die VSA van toepassing nie, maar ook in 'n land met 'n soortgelyke persstelsel. D.K. Wright (1974:133) toon aan dat 'n spesiale senaatskomitee in Kanada ook bevind het dat die joernalistiek

nie as profesie geklassifiseer kan word nie. Onder die voorsitterskap van sen. Keith Davey het sy komitee sterk kritiek uitgespreek teen die feit dat professionaliteit afwesig in die Kanadese joernalistiek is:

"Physicians, lawyers, accountants, teachers and plumbers all insist, in varying degrees, on the right to set the standards under which they perform their work, and to decide who is and who is not qualified to join their occupational ranks. Journalists do not possess this status. They do not appear to have sought it, and their employers assuredly have not encouraged them to seek it" (D.K. Wright, 1974:133).

Die negatiewe beskouing oor die joernalistiek as professionaliserende beroep wat veral uit bogenoemde twee voorbeelde in die VSA en Kanada, maar ook uit die voorafgaande bespreking blyk, hou nie steek wanneer daar na die taamlik uitgebreide wetenskaplike literatuur oor die professionalisering van die joernalistiek gekyk word nie. Dié aspek word vervolgens bespreek.

3.2 LITERATUUROORSIG VAN DIE JOERNALISTIEK AS PROFESSIONALISERENDE BEROEP

Die wetenskaplike belangstelling in die joernalistiek as lid van daardie groep van beroepe wat tot die sogenaamde semi-professies of professionaliserende beroepe behoort, het na die Eerste Wêreldoorlog begin, toe al meer joernaliste hulle as professionele begin beskou het en sosiaal-wetenskaplikes gepoog het om 'n toepaslike professionaliseringsmodel daar te stel. Aanvanklik was hierdie pogings daarop gemik om die joernalistiek te meet aan die sosiologiese eienskappe wat aan die tradisionele professies soos die geneeskunde en die regte toegeken is (Janowitz, 1975:618).

Volgens Nayman (1973:200) het 'n groot aantal deskriptiewe werke op Leo C. Roston se analise van Washington-korrespondente in 1937 gevolg. In hierdie deskriptiewe werke was 'n deurlopende tema die unieke eie aard van die joernalis en sy werk. Hoewel nie al hierdie deskriptiewe werke noodwendig regstreeks op die konsep professionalisering afgestem was nie, het veral skrywers soos Schramm (1947), Rivers (1970), Bagdikian (1973) en Merrill (1974) hulle met verskillende fasette van die joernalis se beroepsaktiwiteite besig gehou.

Onder kommunikasiekundige en joernalistieke navorsers is daar feitlik eenstem-

igheid dat massakommunikatiewe navorsing oor die professionalisering van joernaliste in 1964 begin het met wat Terry (1978:23) die *seminal research on journalistic professionalism* van McLeod & Hawley (1964) noem. Sedertdien het daar 'n aantal empiriese en konseptuele studies oor dié onderwerp verskyn. Volgens 'n opname wat in 1976 gedoen is (Starck & Sudhaker, 1978:4), was die omvang van hierdie studies egter klein wanneer dit aan die groot belangstelling vir ander beroepe binne die konteks van die sosiologie van beroepe gemeet word.

'n Basiese probleem met al die ondersoeke tot dusver oor die joernalistiek as 'n professionaliserende beroep, is dat "these studies were not based on nor have they yielded a firm conceptual framework for research..." (Starck & Sudhaker, 1978:4-5). In sowel die konseptueel-deskriptiewe as empiriese studies is daar klem gelê op aspekte soos beroepswaardes, rolpersepsies en ander veranderlikes soos opleiding, beroepsbetrokkenheid en -verantwoordelikheid, die bestaan van beroepsorganisasies en outonomie. In feitlik al hierdie studies is bevind dat "journalists, then, are clearly not professionals by law and are at best semi-professional by sociological standards" (Terry, 1978:28). Hieruit moet egter nie afgelei word dat joernaliste nie tot die professionaliserende beroepsgroep behoort nie, want feitlik alle studies toon aan dat joernaliste en die beroep van die joernalistiek in mindere of meerdere mate aan sowel wetlike as sosiologiese professionaliseringskenmerke voldoen. Soos Terry (1978:24) dit stel:

"They none-the-less concluded that they (McLeod & Hawley, 1964) had shown journalists to be somewhat professionalized."

Die verskillende ondersoeke op die terrein van die joernalistiek as professionaliserende beroep leen hulle nie maklik tot 'n sinvolle indeling nie. Om dié rede sal van 'n ietwat geforseerde skema gebruik gemaak word om 'n literatuuroor-sig te bied van die vernaamste werke op die terrein. Eers sal daar kortliks na die belangrikste konseptuele en empiriese navorsing verwys word, waarna die mees relevante bevindinge aan die beurt kom. In die laaste plek sal daar na enkele tematiese onderwerpe verwys word.

3.2.1 KONSEPTUELE EN EMPIRIESE ONDERSOEKE

Die belangstelling vir die joernalistiek as professionaliserende beroep was die afgelope twee dekades hoofsaaklik tot Amerika beperk, hoewel daar onder meer ook enkele studies in Brittanje, Swede, Nederland, Indië en Suid-Afrika verskyn het.

3.2.1.1 Konseptuele studies

Konseptuele studies kan hoofsaaklik in twee groepe verdeel word, naamlik dié deur joernaliste of oud-joernaliste wat vir of teen professionaliteit in hul beroep gekant is, en dié van sosiaal- en massakommunikasie-wetenskaplikes. Onder laasgenoemde is daar veral die groep oud-joernaliste wat later uit die sosiale wetenskappe na hul gewese beroep gekyk het.

Een van die bekendste werke van laasgenoemde groep is dié van Kimball, 'n oud-professor aan Columbia-Universiteit se joernalistieke skool en later sosioloog. Binne die konteks van Lynn (1965) se versamelwerk oor die professies in Amerika, behandel Kimball (1965:242-260) die vraag of die joernalistiek 'n kuns, 'n ambag of 'n profesie is. Teen die agtergrond van sosiologiese vereistes van 'n profesie beskryf Kimball dan 'n wye verskeidenheid van kenmerke waaraan die joernalistiek moet voldoen ten einde as profesie geklassifiseer te word. Hierdie kenmerke sluit onder meer in die kwessie van onderrig en opleiding, die kennisfaktor, beroepsmotivering, roepingsbewustheid en beroepsorganisasies. Kimball bevind dan:

"There are influences at work inside the ranks (of journalists) that indicate an emerging professionalization.

"The journalist laboring in the vineyards needs no longer to go it alone...If he cannot legitimately lay claim to a profession, he nevertheless goes right on growing more professionally minded. The attitude that the whole endeavor belongs within his sphere of concern is the mark of the modern day-*pro*" Kimball, 1965:259).

Kimball (1965) se sentimente word gedeel deur drie ander joernaliste.

Harry S. Ashmore, 'n Pulitzer-pryswenner en gewese redakteur van die *Arkansas Gazette*, het dit veral oor die individuele verantwoordelikheid van die joernalis om in 'n veranderende milieu as professioneel sy werk te doen. Hy is bekommerd oor die invloed van groot persorganisasies en die individuele joernalis se vermoë om binne nuwe mediastrukture te werk. Ashmore (1972:232) kom dan tot die gevolgtrekking:

"As I read the signs and potents, we are well past the time when practicing newsmen can afford to dismiss professionalism as a lofty but unattainable ideal. In the stormy times ahead

some such concept may well prove essential as a standard to which the journalist can repair."

Die perskryter Ben H. Bagdikian (1973:569 e.v.) dui ook op die invloed van veranderende omstandighede en stel dan 'n aantal navorsingsmoontlikhede voor waaraan die rol van professionele joernaliste binne die organisatoriese media-struktuur gemeet kan word. Dit sluit in 'n ondersoek na die professionele rol van die joernalis in die nuwe verhouding tot die mediareuse; die invloed van universitêr-opgeleide toetreders tot die beroep; die probleme wat spruit uit 'n beroepskultuur gekenmerk deur *herd journalism* en 'n ongebalanseerde invloed van enkele joernaliste op hul kollegas en die invloed van mediamededinging.

Bagdikian (1973:578) voorsien veral 'n nuwe bedeling waarin 'n nuwe geslag van joernaliste 'n toenemend belangrike rol sal speel:

"Also the new breed of professional journalists - those more knowledgeable in social science techniques, less ingrained with inherited xenophobia when their own institution is involved, and more concerned with challenging traditional assumptions - are increasingly reaching positions of editorial power and can be expected to understand and sympathize with serious research into the dynamics and structures that control our news and public information."

In die jaar daarop stel Bagdikian (1974:200) die rol wat die joernalis as professioneel in die toekoms moet speel, nog duideliker:

"The journalist of the future will have to be more scholarly than he is today, he will have to know more, keep up with a wider range of literature and have to write more clearly and profoundly. The audience will know more and more and demand all this accumulation of knowledge to be integrated."

'n Hoofbestuurder van *Associated Press*, Wes Gallagher, toon aan dat die joernalistiek en die joernalis onder voortdurende kritiek en verdenking staan, maar dat professionaliteit die enigste veilige hawe vir die joernalis in die storm van kritiek is (Gallagher, 1965:11-12).

'n Joernalis en later akademikus, David J. LeRoy (1973), bespreek teen die agtergrond van sosiaal-wetenskaplike navorsing oor die professionalisering van die joernalistiek veral die kwessie van outonomie en die joernalis se verant-

woordelikheid om kennis te versamel en te verwerk. Net soos Gallagher (1965), sien LeRoy (1973:263) vir die joernalistiek waarborg in professionaliteit.

"Journalism is a public act open to public scrutiny. Professionalism is the public's defence against malpractice. We must trust the journalist. But the journalist must accept responsibility for his actions. Reintroducing the reporter as an intelligent, reasoning and responsible figure in journalism is essential to the survival of the democratic process."

In Nederland was dit veral Wentink (1972) wat 'n uiters omvattende konseptualisering van die joernalistiese semi-professionele beroepsrol in die burokratiese struktuur van die dagbladorganisasie gee. In 'n deskriptiewe model wat in Hoofstuk 2.6.1.2 bespreek is, beskryf Wentink die verskillende kenmerke van die joernalistiek en kom hy tot die gevolgtrekking dat die beroep as 'n semi-professie bestempel kan word. Ook Wentink lê klem op die noodsaaklikheid dat die joernalistiek as professionaliseringsberoep ernstige aandag moet kry gesien toekomstige ontwikkelinge. Dié skrywer dui veral op die toenemende kompleksiteit van die samelewing en die noodsaaklikheid van 'n hoogs-kwalitatiewe dagbladpers. Dagbladdireksies sal daarby baat vind om hulle te besin oor die noodsaaklikheid van toenemende professionalisering van Nederlandse joernaliste en dit is ook die direksies se taak om toe te sien dat die nodige voorwaardes geskep word sodat hierdie proses hom ongehinderd kan voltrek (Wentink, 1972:75-101).

In Swede is dit veral Windahl en Rosengren (1976 en 1978) wat net soos Wentink (1972) binne 'n teoretiese raamwerk van sosiologiese konsepte die professionalisering van hul land se joernaliste ondersoek. Die skrywers lê onder meer klem op die verskil tussen 'n kollektiewe en 'n individuele benadering tot die professionaliseringsproses en ondersoek dan veral die rol van die joernalistiek binne die organisatoriese struktuur. In hul 1976-artikel bevind Windahl en Rosengren (1976:149) dat Sweedse joernaliste beswaarlik met betrekking tot die volgende eienskappe as professioneel bestempel kan word: professionele vereniging; professionele opleiding en onderrig; outonomie; monopolie en die diensideaal. Net soos in die geval van Wentink (1972) bevind die skrywers egter dat die joernalistiek wel as 'n marginale professie of as 'n professie in wording volgens Wilensky (1964:137-158) se analise bestempel kan word.

In Indië het Nagpaul (1971) 'n oorsig gegee van die aard en kenmerkende eienskappe van die professies, terwyl etlike navorsers in Amerika deur middel van 'n ver-

gelykende metode die professionalisering van joernaliste in etlike lande van die Derde Wêreld ondersoek het (vergelyk hieronder oor die Derde Wêreld).

In Suid-Afrika is, sover vasgestel kan word, net een kommunikasie-wetenskaplike ondersoek na die professionalisering van die joernalistieke beroep gedoen (De Beer, 1977b). In hierdie ondersoek is dieselfde metodologie gebruik as dié van Wentink (1972) en Windahl en Rosengren (1976) om die joernalistiek binne die raamwerk van sosiologiese professionaliseringsattribute te ondersoek. Volgens dié attribuutbepaling is bevind dat daar vir die koerantjoernaliste nog 'n lang pad vorentoe lê voordat hulle soos in die geval van geneeshere, regsgeleerdes en ander as professioneel erken sal word. Soos in die geval van Lattimore & Nayman (1974) is wel bevind dat 'n aansienlike groep van Suid-Afrikaanse joernaliste hul werk *professioneel* doen, hoewel hulle nie noodwendig aan al die sosiologiese vereistes van 'n professie voldoen nie.

In 'n voortsetting van die professionaliseringsondersoek met betrekking tot die kennisdimensie het De Beer (1977c) die joernalistiek as universiteitsvak ondersoek wat weer opgevolg is met 'n oorsig van die akademiese onderrig van die joernalistiek in Suid-Afrika en 'n leerplanbenadering uit die teorie en die praktyk (De Beer, 1978a en 1978b). Oor die noodsaaklikheid dat die praktiserende joernalistiek meer aandag aan professionele joernalistieke onderrig moet gee, is teen die agtergrond van 'n vergelyking tussen Afrikaanstalige en Amerikaanse departemente van joernalistiek 'n ondersoek gedoen (De Beer, 1979). Hoewel nie regstreeks met betrekking tot die professionaliseringsaspek nie, kan die werke van Giffard (-; 1978) oor die onderrig van joernalistiek ook genoem word.

Oor die rol van professionalisering in die Derde Wêreld is die werk van Head (1963) waarskynlik die eerste (Starck & Sudhaker, 1978) waarin Westerse sosiaal-wetenskaplikes stelselmatig die mate van professionalisering in verskillende mediasisteme ondersoek het. Die oorgrote meerderheid van dié werk is egter binne 'n empiriese konteks gedoen en word in die volgende afdeling bespreek.*

Uit al bogenoemde konseptuele en deskriptiewe werke kan tot die gevolgtrekking gekom word dat (a) die joernalistiek en joernaliste as individuele beroepsbeoefenaars nie aan die idealistiese vereistes van 'n sosiologiese konsep van pro-

* 'n Belangrike oorsig van die literatuur oor hierdie aspek word in Nayman (1973) en Schwartz (1977) bespreek.

professionalisering voldoen nie, maar dat sowel joernalistiek as joernaliste onderweg na professionele status is en (b) dat dit uiters noodsaaklik is dat ernstige aandag aan hierdie professionaliseringsproses teen die agtergrond van veranderende omstandighede gegee moet word.

3.2.1.2 Empiriese ondersoek

Die eerste werklike empiriese ondersoek na die professionalisering van joernaliste is waarskynlik deur McLeod & Hawley (1964) gedoen. In dié ondersoek is 'n meetinstrument gebaseer op sosiologiese attribute ontwikkel waarvolgens die navorsers die professionele houdings van werknemers van twee dagblaaie ondersoek het. As uitgangspunt is gestel dat 'n beroep aan die volgende agt kriteria moet voldoen om as 'n professie bestempel te kan word:

- die beroep moet 'n unieke en essensiële diens verrig;
- dit moet klem op intellektuele tegnieke plaas;
- dit moet 'n lang tydperk van gespesialiseerde opleiding hê waarvolgens 'n sistematiese kennissisteam gebaseer op navorsing opgebou kan word;
- dit moet oor 'n breë vlak outonoom wees;
- die beroepsbeoefenaars moet groot persoonlike verantwoordelikheid vir hul oordele en aktiwiteite aanvaar;
- daar moet groter nadruk op diens as op persoonlike ekonomiese gewin geplaas word;
- die beroep moet 'n omvattende selfregulerende organisasie ontwikkel en
- dit moet oor 'n etiese kode beskik wat op konkrete wyse vertolk en verklaar kan word.

Hoewel die ondersoekers nie kon bevind dat die proefpersone in alle opsigte geprofessionaliseerd is nie, is wel bevind dat hulle in 'n mate professionele eienskappe getoon het.

Die metode van McLeod & Hawley (1964) is sedertdien deur etlike ander ondersoekers opgevolg en in 'n verskeidenheid van omstandighede getoets. So bevind D.K. Wright (1974:144) byvoorbeeld dat Kanadese joernaliste na aanleiding van dié model veral 'n gebrek aan behoorlike onderrig as voorwaarde van die professionaliseringsproses ondervind. In 'n soortgelyke studie oor die professionele vlak van uitsaaijoernaliste in Brits-Columbia, bevind Wright (1976:48) dat die joer-

naliste nie soseer 'n gebrek aan professionaliteit toon nie, as dat hulle gefrustreerd is omdat hulle juis nie binne die organisatoriese opset beroepsbevrediging kan vind nie. Lattimore & Nayman (1974:9-10) bevind in 'n ondersoek na die professionaliteit van 'n groep Colorado-dagbladjoernaliste dat dit veral die jonger joernaliste is wat groter professionaliteit aan die dag lê as die ou joernaliste in meer senior poste.

Empiriese ondersoeke na die professionele vlak van uitsaaijoernaliste het nagehoeg dieselfde bevindinge opgelewer, naamlik dat dié joernaliste sekere kenmerke van 'n professie vertoon en dat sommige joernaliste meer geprofessionaliseerd as ander is.

In 'n taamlke omvattende ondersoek gaan LeRoy (1973:253) uit van die veronderstelling dat professionalisering 'n kontinue veranderlike is met vyf groeperinge en menings:

- die gebruik van die organisasie as die belangrikste verwysingsgroep;
- die aanvaarding van diens aan die publiek;
- selfregulering;
- 'n roepingsbewustheid en
- outonomie.

LeRoy gaan dus ook van die standpunt uit dat 'n professionaliserende beroep oor sowel 'n organisatoriese struktuur as geïnternaliseerde professionele waardes by joernaliste moet beskik. LeRoy bevind dat daar "a crude sort of professionalism" onder die joernaliste is wat hy bestudeer het. Vergelyk ook Weinthal & O'Keefe (1974:193-209) en Idsvoog & Hoyt (Terry, 1978:57) vir soortgelyke bevindings.

In dieselfde empiriese konteks as bogenoemde, maar nie noodwendig met McLeod & Hawley (1964) se meetinstrument nie, het daar die afgelope dekade 'n hele aantal studies verskyn wat die professionalisering van joernaliste in verskillende lande ondersoek. Voorbeelde hiervan is dié van McLeod & Rush (1969) oor die professionalisering van Latyns-Amerikaanse en Amerikaanse joernaliste; Nayman, Atkin & O'Keefe (1973) van Turkse metropolitaanse joernaliste en Eapen (1969) van die professionalisering van die joernalistiek as 'n beroep in Indië.

Soortgelyke navorsing is ook gedoen met betrekking tot koerantfotograwe

(Coldwell, 1974); gespesialiseerde joernalistiek soos skrywers van reisartikels (Wood, 1977); skakelbeamptes en koerantjoernaliste (Nayman, McKee & Latimore, 1977) en elektroniese joernaliste in Kanada (De la Garde & Barrett, 1976).

In die afgelope dekade is daar ook toenemend deur navorsers ondersoek gedoen na spesifieke veranderlikes wat 'n rol in die professionaliseringsproses speel. Janowitz (1975) ondersoek die tradisionele *gatekeeper*-model as die sogenaamde objektiewe professionaliseringsattribuut teenoor die *advocacy*-model as voorbeeld van die nuwe subjektiewe joernalistiek. Volgens Janowitz (1975:618) het die *advocate*-model (hierna die kampvegtersmodel) die proses van professionalisering benadeel omdat dit die bestaan van 'n objektiewe realiteit feitlik misken.

De la Garde (1975) lê klem op die joernalis se beheer van inligtingsbronne en tegnieke om inligting te versprei, terwyl Barrett (1975) ook die organisasie waarbinne die joernalis funksioneer sowel as die opleidingsprogramme in joernalistiek ondersoek.

Van 'n meer sielkundige uitgangspunt ondersoek Schwartz (1978a) die waardestruktuur van joernaliste waaronder self-gerigte en ander-gerigte waardes. Surlin (1976) ondersoek weer die veranderlikes van fatalisme en outoritarisme as indikatore van professionele houdings by joernaliste.

In nog 'n ontwikkeling op hierdie gebied ondersoek Starck & Sudhaker (1978) en Schwartz (1977) die toepassing van gemeenskaplike professionaliseringsattribute oor nasionale grense heen. 'n Belangrike kenmerk van hierdie ondersoeke is dat die sosiale sisteem by die bepaling van attribute in aanmerking geneem moet word (vergelyk Hoofstuk 4.2.1.2). Volgens Starck & Sudhaker (1978:6) is dit veral die kulturele, historiese, sosiale, politieke en ekonomiese omstandighede van die betrokke pers en samelewingsisteem wat 'n invloed op professionalisering sal hê.

Binne die konteks van die etiek het Wright (1978:2,13) bevind dat dit meer idealisties as realisties sou wees om te beweer dat die joernalistiek 'n profesie in die tradisionele sin van die woord is.

Hy het aan die hand van die volgende kriteria: opleiding; verantwoordelikheid; professionele organisasie; professionele regulering; professionele trots en werksetiese beginsels bevind dat die joernalistiek baie elemente en karakteris-

tieke eienskappe van professionaliteit bevat, maar dat sommige van die kernbestanddele van die tradisionele professies ontbreek. Hy kom egter tot die gevolgtrekking dat talle individuele joernaliste in 'n hoë mate aan die eis van professionalisering voldoen. Om dié rede sal dit wenslik wees om die joernalistiek nie as 'n totale beroep nie, maar as 'n tipering van individuele joernaliste as professioneel of nie te ondersoek (vergelyk ook LeRoy, 1972/73).

Bogenoemde ondersoek is hoofsaaklik van mikro- of meso-invalshoeke aangepak. In Amerika en in Brittanje is egter ook makro-ondersoek van aansienlike omvang deur Johnstone e.a. (1976) en Tunstall (1971) gedoen. In eersgenoemde werk het die ondersoekers die kwessie van professionalisering uit twee invalshoeke benader. Aan die hand van 'n primêr historiese analise bevind hulle dat die joernalistiek kenmerke van 'n profesie het. Met betrekking tot formele strukturele kriteria kwalifiseer die joernalistiek as profesie omdat dit deur al die historiese fases gegaan het wat die ontwikkeling van professies kenmerk: die joernalistiek word heeltyds beoefen; daar is opleidingsgeleentheid vir die beroepsbeoefenaars; daar is professionele organisasies en daar is formele etiese kodes en selfs in 'n sekere sin wetlike sanksie (die *First Amendment*-reg van vryheid van spraak en die pers in Amerika).

Deur middel van hul beroepsbeskouings vertoon joernaliste ook 'n professionele oriëntasie. Hulle stel hoë prys op openbare diens; outonomie en vryheid om hul werk sonder toesig te doen en hulle neig om monetêre en ander konkrete vergoeding gering te skat. Dit is egter in die tweede analise, naamlik dié van joernaliste se organisatoriese gedrag, dat joernaliste nie soos ander professionele optree nie. Hul deelname aan beroepsorganisasies is relatief laag en daar is nie 'n enkele professionele vereniging in die joernalistiek wat namens meer as 'n klein groepie joernaliste kan praat nie. Die navorsers het ook teenstrydige data gevind met betrekking tot joernaliste se gebruik van die beroep as 'n primêre verwysingsgroep. Dit is hierdie feit, meer as enigiets anders, wat daartoe lei dat die joernalistiek gekenmerk word deur heterogeniteit, segmentasie en 'n gebrek aan eenheid in die beroep. Soos ander navorsers op hierdie terrein (vergelyk hierbo) bevind Johnstone e.a. (1976:181 e.v.) ook dat joernaliste in mindere of meerdere mate geprofessionaliseer is en dat die joernalistieke beroep in die kategorie van semi-professies of *emerging professions* geplaas kan word.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dus dat sowel die konseptueel-deskriptiewe as empiriese navorsing aantoon dat die joernalistiek as 'n professionaliserende be-

roep bestempel kan word. As sodanig verleen hierdie ondersoek teoretiese en empiriese steun vir die JP-model soos dit uit die sosiologiese benadering tot professionalisering ontwikkel is. Hierdie gevolgtrekking kom nog duideliker na vore wanneer daar in die volgende afdelings aangetoon word hoe empiriese en konseptuele ondersoek die drie professionaliseringsdimensies van kennis, oriëntasie en struktuur/organisasie ondersteun.

’n Belangrike vraag wat nou aan die orde gestel moet word, is waarom dit *überhaupt* noodsaaklik is dat die joernalistiek moet professionaliseer, en indien wel, op welke wyse hierdie professionalisering reeds geskied en in die toekoms toenemend moet geskied. Op hierdie vraag word in die volgende twee afdelings ingegaan.

3.3 WAAROM MOET DIE JOURNALISTIEK PROFESSIONALISEER?

Uit die literatuur blyk dit dat daar twee primêre redes aangevoer kan word waarom die joernalistiek (veral met betrekking tot die kennisdimensie) toenemend moet professionaliseer: naamlik die kennis- en tegnologiese ontploffings wat die joernalistiek in die tagtigerjare in die gesig staar. ’n Sekondêre rede is die feit dat al meer vergelykbare beroepe professionaliseer en dit derhalwe van die joernalistiek ook verwag kan word om in ’n hoogs geïndustrialiseerde samelewing toenemend te professionaliseer. Dié redes word vervolgens bespreek.

3.3.1 DIE KENNIS- EN TEGNOLOGIESE ONTPLOFFING

In die laaste twee dekades van die twintigste eeu stuur die wêreld af op ’n nuwe samelewing van ongekende tegnologiese en kommunikatiewe veranderinge. Hierdie samelewing sal volgens Mok (1973:24-25;66) bekend staan as die *knowledgeable society*. Dit sal ’n samelewing wees wat hoofsaaklik gekenmerk sal word deur die geweldige omvang van kennis en die feit dat die grootste deel van die bevolking in dié *post-industrial society* betrokke sal wees in die proses van navorsing oor kennisinsameling en in die verwerking en verspreiding daarvan.

Die nuwe profete van die twintigste eeu, die futuroloë, is volgens Freidson (1973:27) dit byna almal eens dat daar in die volgende twee dekades toenemende eise aan gespesialiseerde kennis en kundigheid gestel gaan word. Hierdie kennis sal in toenemende mate deur spesiaal-opgeleides ingesamel, ontleed, verwerk en toegepas moet word. Die verwagte en reeds bestaande kennis- en tegnologiese

ontploffing vereis reeds dat sosiaal-wetenskaplikes, maar veral ook diegene wat met die produksie van kennis te doen sal hê, hulle moet oriënteer en op die hoogte stel van die minimum parameters wat verwag kan word waarvolgens die nuwe samelewing van die een-en-twintigste eeu gekonstitueer kan word (Haug, 1973:195:211).

Uit bostaande volg dat die kennisontploffing uiteraard in toenemende mate van professionalisering sal vereis van diegene wat die verantwoordelikheid sal hê om esoteriese en ander vorme van kennis te hanteer. Dié kennis sal nie net van teoretiese aard wees nie, maar dit sal ook nodig wees dat die professionele oor die verskillende tegniese vaardighede en kundigheid sal moet beskik om die "manifold problems of mankind on a vulnerable and shrinking planet" (Haug, 1973: 195) die hoof te bied.

Volgens Etzioni (1969:136) sal die kennisfunksie van die toekoms basies uit twee elemente bestaan, naamlik die informatiewe en die normatiewe. Eersgenoemde sal feitlike verklarings oor die realiteit weergee, terwyl laasgenoemde evaluatiewe interpretasies van daardie realiteit sal moet gee. Die kennisprofessies sal in beter ingeligte publiek daarvan moet oortuig dat hulle nie net neutrale kanale van objektiewe kennis is nie, maar dat hulle self inderdaad oor die professionele vermoë beskik om as deskundige verskaffers van kennis hul werk professioneel te verrig. Dit sal veral nodig wees gesien teen die raamwerk van die *knowledgeable society* (Mok, 1973:66-67) waarin die nuwe kenniswêreld uit twee vorme van kennis of informasie sal bestaan, naamlik die sogenaamde stabiele en die sogenaamde veranderende kennis (*stable and transforming knowledge*). Die kennisprofessies sal hulle aan die hand van eersgenoemde kennis voortdurend moet heroriënteer en hul konsepte van bestaande kennis herspesifiseer teen die agtergrond van die kommunikasie- en tegnologiese revolusie. Terselfdertyd sal die kennisprofessies voortdurend voor die potensiële uitdaginge van die veranderende vorm van kennis staan wat nuwe hipoteses vir die *post-industrial society* stel (Phillips, 1973:307-326).

Aan die joernalistiek as kennis- en informasieberoep stel dié ontwikkelinge in die laaste twee dekades van die twintigste eeu uiteraard geweldige eise. Nie alleen sal die besit van kennis *per se* aan die informasieprofessies besonderhede mag verskaf nie, maar dit sal uiteraard ook besondere verantwoordelikheid meebring vir dié beroepe soos die joernalistiek wat in in toenemende tegnokratiese samelewing (Freidson, 1973:28) toegang (*access*) tot bepaalde vorme van kennis sal hê.

Die omvang van intensiteit van die joernalistiese verantwoordelikheid in die dekade van 1980-1990 en dié wat daarop volg, blyk onder meer uit die samevatting wat die voorsitter van die Amerikaanse *Federal Communications Commission*, Charles D. Ferris (1978), oor die ontwikkeling op informasieterrein in Amerika gee. Volgens Ferris (1978) word informasie Amerikaanse grootste enkele verbruikersproduk. Meer as vyftig persent van die bruto nasionale produksie is by informasie-aktiwiteite betrek. Byna die helfte van die Amerikaanse arbeidsmag is reeds betrokke by die skepping, oordrag, prosessering en evaluering van informasie. Vyf-en-sewentig jaar gelede is die Amerikaanse arbeidsmag gekenmerk as basies landboukundig van aard. 'n Kwarteeu gelede was dit hoofsaaklik nywerheidsgerig.

"But today we have placed our future in the hands of those who own, control, transfer, interpret, analyze and distribute information.

"Those who control access to information are our national trustees. Like it or not, they will be responsible to a great extent for the future values of our society. How we live, how we learn, how we love, and how we laugh, will be determined in no small part by the world view they create.

"Who will develop and own the new (communications) technologies; who will control them, who will have access to them; and at what cost?

"These issues will affect our children - and their environment - as certainly as they are affected by the television environment they watch today" (Ferris, 1978).

Die omvang van die kennis- en tegnologiese revolusie en meer spesifiek die manifestasie daarvan in die toegepaste elektroniese tegnologie word ook deur talke futuroloë en sosioloë beklemtoon. S6 het die tegnologie volgens McLuhan & Fiore (1967) reeds die konsepte van tyd en ruimte omvergewerp soos dit tradisioneel bestaan het. Die nuwe informasietegnologie is so oordonderend en oorweldigend dat die mens in die laaste kwart van die twintigste eeu nie meer aan hierdie onmiddellike en voortdurende kennisontploffing kan ontkom nie. Die elektroniese tegnologie deurbreek alle tradisionele grense van individualiteit en privaatheid sodat die mens van hierdie informasietydperk voor die onvermydelike feit te staan kom: "You can't go home again" (McLuhan & Fiore, 1967:16). Die wêreld het gewoon deel van die mens in die privaatheid van sy woonkamer geword. Deur televisie (en toenemend ander elektroniese media) is die gewone mens deelnemer aan vryheidsmarse, oorloë, revolusies, besoedeling en ander gebeurtenisse.

"The medium, or process, of our time - electric technology - is reshaping and restructuring patterns of social interdependence and every aspect of our personal life. It is forcing us to reconsider and reevaluate practically every thought, every action, and every institution formerly taken for granted. Everything is changing - you, your family, your neighborhood, your education, your job, your government, your relation to 'the others'. And they're changing dramatically" (McLuhan & Fiore, 1967:8).

Vir die joernalistiek is hierdie ontwikkelinge en beskouinge nie net van akademiese belang nie, maar raak dit die voortbestaan van veral die dagbladjoernalistiek ten nouste. Om dié rede is dit dan ook belangrik dat daar binne die konteks van die joernalistiek as professionaliserende beroep van die tagtigerjare gekyk moet word na ontwikkelinge op die terrein van die futurologie wat die joernalistiek regstreeks raak (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.1).

Esterhuyse (1975) toon aan dat die vraag wat tans die meeste ernstige diskussie oor die mens en sy wêreld domineer, nie die vraag na die mens se verlede is nie, maar wat die mens met sy toekoms wil doen. Anders as in die verlede toe die mens hom hoofsaaklik met sy hede en verlede besig gehou het, het die hedendaagse mens soos nog nooit voorheen in die geskiedenis nie toekomsbewus en toekomsgerig geraak. Aangesien die toekoms egter nie duidelik afgeteken kan word of met rasionele kategorieë volledig deursigtig gemaak kan word nie, word daar indringender as voorheen gevra of dit nog moontlik is om met:

"...die beleid, instellinge, institute en metodes waarmee dit tot op hede gebruiklik was om politieke probleemsituasies te hanteer en sosiaal-ekonomiese knooppunte te ontrafel, die rit na die toekomstige wêreld aan te durf. Trouens, hierdie vraag word nie meer beskou as net van akademiese belang en alleen geskik vir 'n interessante studeerkamerdiskussie nie. 'n Punt is reeds in die mens se geskiedenis bereik waar hierdie vraag as't ware op straat, buite die studeerkamer, gedebatteer word omdat aanvaar word dat dit met die voortbestaan van die mensdom self te make het en ons almal eksistensiële belang by die beantwoording daarvan het" (Esterhuyse, 1975: 3-4).

Soos in ander beroepe, is dit nie maklik om met betrekking tot die joernalistiek of met die kommunikasiemedia in die algemeen futurologies-korrekte voorspellings vir die toekoms te maak nie. By die *Rand Corporation* in Amerika is daar 'n aantal jaar gewerk aan 'n program om die toestand in Amerika teen die jaar 2000 te voorspel. Daar is bevind dat dit heeltemal onmoontlik is om vyf-en-twintig jaar in die toekoms in te voorspel, terwyl projeksies van tien jaar hoogstens interes-

sante voorspellings meebring het, maar dat daar 'n fout-faktor van 90% in die voorspellings was (Whitehead, 1976:32). Een van die belangrikste redes hiervoor is die voorkoms van die sogenaamde verrassingsfaktor wat alle ander veranderlikes kan beïnvloed (Kriss, 1976:52). Om dié rede word daar heel dikwels van die analogie-metode in futurologiese studies gebruik gemaak. Volgens Jones (1976:131) kom dié metode daarop neer dat voorspellings gedoen word op grond van bestaande informasie wat uit 'n verwante terrein verkry is (byvoorbeeld marknavorsers het statistiese data van die plate-mark gebruik om voorspellings vir die speelband-mark te maak).

Ondanks die beperkinge is daar 'n hele aantal Amerikaanse instansies soos die bogenoemde *Rand Corporation* in Santa Monica asook die volgende wat hulle met futurologiese ondersoeke besig hou: die *Institute for the Future* en die *Stanford Research Institute*, beide in Menlo Park; die *Hudson Institute* in New York en die *Futures Group* in Glastonbury, Connecticut. In Suid-Afrika bestaan daar futurologiese studiegroepe aan onder meer die Potchefstroomse Universiteit en die Randse Afrikaanse Universiteit. Aan die Universiteit van Stellenbosch is 'n eenheid vir toekomsnavorsing in 1974 gestig. Deur gebruik te maak van wetenskaplik-verantwoorde metodes, is die doelwit van die eenheid nie soseer om te bepaal hoe die toekoms sal lyk nie, maar eerder hoe die toekoms mag lyk. Die hoofdoel van die eenheid is om op die langtermyn toekomsontleding in Suid-Afrika te doen. In dié verband het die eenheid twee funksies. Die eerste is 'n informasiefunksie wat ingestel is op die verkryging, ontleding en beskikbaarstelling van toekomsinligting oor 'n wye front (ekonomies, institusioneel, sosiaal, politiek, fisiek en tegnologies). Dié inligting word veral vir die sake-wêreld (waaronder ook dan waarskynlik die pers as bedryf) beskikbaar gestel sodat tendense wat óf 'n bedreiging óf 'n beperking óf ontwikkelingsmoontlikhede daarstel, betyds ondervang kan word (Spies, 1979:9; vergelyk ook Du Plessis, 1974:2-4).

Op die terrein van 'n futurologiese beskouing van die toekomstige samelewing het daar ook reeds talle werke verskyn waaronder die sosiologiese werk van Phillips (1972) en die bekende werk van Toffler (1977). Afgesien van die verwysings wat Toffler (1977:257) oor die toekoms van die pers maak, is dit veral die versamelwerk van Grunig (1976) wat 'n intensiewe versameling van navorsing oor die toekoms van die pers en ander massamedia byeengebring het.

Dit is egter nie net sosioloë wat hulle met die toekoms van die pers besig hou

nie, maar 'n toenemende aantal skrywers uit die joernalistieke akademie en die pers self bied sowel impressionistiese as meer konseptueel-fundamentele vooruitsigte op die tagtigerjare soos dit die joernalistiek en die pers (veral die dagbladpers) raak. Onder die titel *Deadline for the Media* skryf Aronson (1972) oor die uitdaginge wat die pers in die gesig staar, en Wolseley (1975) oor *The coming disappearance of printed journalism* (vergelyk ook Hoofstuk 3.4.3.1 oor die uitwerking van hierdie ontwikkeling op die struktuur van die perswese).

Reeds twintig jaar gelede het Clark (1958:19) in sy werk *Journalism tomorrow* opgemerk dat die noodsaaklikheid vir studie oor die toekoms van die joernalistiek uiters dringend was. Hy het aangetoon dat daar in die voorafgaande twintig jaar heelwat diepsinnige voorspellings oor die toekoms van die samelewing in die algemeen was, maar net enkele *ad hoc*-projeksies oor die toekoms van die joernalistiek.

By die jaarlikse kongres van die *American Newspaper Publishers Association* het 'n uitgewer, mev. Ellen Sacher, gewaarsku dat die dagblad gevaar loop om as 'n *endangered classic* teen die einde van die eeu bestempel te word. Een van die belangrikste redes hiervoor was dat uitgewers en redakteurs hulle skynbaar nie oor toekomstige vraagstukke en die wyse waarop dit die dagbladpers sal beïnvloed, bekommer nie. Anders as die televisienetwerke wat uitgebreide en indringende ondersoeke na lesersvoorkeure doen en hul nuusaanbieding daarby aanpas, het koerante maar min of meer op die ou trant voortgegaan. Wat ander toekomstige probleme van die dagbladpers betref, soos veranderende lesersgedrag en bedryfsprobleme, sê mev. Sacher, is dit duidelik dat die persbase nie net nie antwoorde op die probleme het nie, maar dat hulle nie eens vrae daarvoor vra nie (UPI-berig: *Waco Tribune Herald*, 1979:04-25:04).

In Brittanje is in 'n spesiale uitgawe 'n hele aantal artikels gewy oor die toekoms van die Britse pers in die tagtigerjare waaronder faktore wat die nuusinhoud van koerante kan beïnvloed (Campbell, 1978; vergelyk ook Campbell, 1979: 4-6).

In die begin van 1980 het etlike Suid-Afrikaanse koerante aangetoon dat daar vir Suid-Afrika en sy inwoners, en derhalwe sy perswese en joernalistiek, 'n moeilike dekade voorlê. Volgens W.J. de Klerk (*Rapport*, 1979-12-30:8) is daar twee woorde wat die politiek van die dekade 70 en dié van 80 skei: "Wat verby is, was blaaskansjare, en wat kom, sal krisisjare wees." Dié tendens is ook in

ander koerante onderstreep, soos die hoofartikel in *Sunday Post* (1979-12-30: 08) onder die titel: "Its going to be a long, hot summer for South Africa." Die *Sunday Times* (1979-12-30:10) sê in 'n hoofartikel dat daar nie maklik 'n verbetering van die menslike bestaan sal intree nie. Volgens dié koerant lê daar vir Suid-Afrika geweldige probleme, maar ook belowende vergesigte voor. Die vraag sal egter wees of die land in staat sal wees om gewelddadigheid af te weer. Wat Suid-Afrika dus nodig sal hê, is soos die rubriekskrywer van *Die Burger*, Dawie (*Beeld*, 1980-01-12:6) dit stel:

"Ons is binne-in die jare tagtig, die dekade wat volgens alle aanduidinge beslissend gaan bepaal of Suider-Afrika 'n oase van vrede en vooruitgang gaan wees of 'n subkontinent wat soos die res van Afrika in konflik en agteruitgang verval."

Spesifiek met betrekking tot die omstandighede waarmee die joernalistiek en perswese in Suid-Afrika te kampe het, het Herbst (1973) reeds van die *dilemma* van die moderne koerant gepraat. Wanneer die rol van die pers in die samelewing (vergelyk DeFleur 1973) dan in ag geneem word, spreek dit duidelik dat daar binne hierdie konteks 'n besonder verantwoordelike taak op die joernalistiek as beroep gelê gaan word (vergelyk Hoofstuk 5.2.3.2).

Hierdie veranderde omstandighede gaan verreikende eise aan die joernalistiek, en meer spesifiek aan die nuusfunksie, as deel van die kennisdimensie stel. Tradisionele beskouinge oor die aard en doel van nuus sal binne 'n nuwe professionaliserende konteks aangepas en verander moet word (vergelyk Hoofstuk 4.2.1). Dit blyk reeds in die spesiale programme wat in Amerika vir senior joernaliste aan universiteite ingestel word sodat hulle op die hoogte gestel kan word van nuwe tendense. Die *National Endowment for the Humanities* (1978/1979) stel dit sê in 'n brosjure oor een van sy programme aan die Universiteit van Michigan:

"Every day, it becomes more urgent that media stress the why of the news over the what and where and when. As the world grows more complex, journalists must report not only events as they appear on the surface, but their causes and significance. It also is necessary to seek out and explain underlying trends, even though little appears to be happening on the surface."

Futurologiese beskouinge oor die tagtigerjare hoef natuurlik nie noodwendig presies sê te gebeur nie. Soos Trippett (1980:57-58) inderdaad aantoon, kan

futuroloë soms heeltemal van die kol af wees. In dié besondere werk word die voorspelling van futuroloë vir die sewentigerjare by nabeskouing getipeer as niks minder as 'n *pathetic flop* nie. Met nuwe en verbeterde tegnieke en met tendense wat egter reeds duidelik sigbaar is, kan verwag word dat toekomsbeskouings oor die rol van die joernalistiek in die tagtigerjare, veral met betrekking tot die kennisdimensie, eerder nader aan die kol as op die kantlyn sal wees. As sodanig sal toenemende professionalisering gesien die verwagte probleme (Hoofstuk 5.2.3.2) van die grootste belang wees.

3.3.2 PROFESSIONALISERING VAN ANDER BEROEPE

In die voorafgaande afdelings is 'n aantal intrinsieke eienskappe en redes aangevoer waarom joernalistiek as 'n professionaliserende beroep beskou moet word en waarom dit ook noodsaaklik is dat die joernalistiek toenemend in die tagtigerjare moet professionaliseer.

Die noodsaaklikheid dat die joernalistiek moet professionaliseer, is nie 'n geïsoleerde eis wat alleen tot die beroep beperk is nie. Soos Etzioni (1969) aantoon, is die moderne geïndustrialiseerde samelewing ook 'n professionaliserende samelewing (vergelyk Hoofstuk 2.4). Die aandrang op professionalisering word in 'n wye verskeidenheid van beroepe en aktiwiteite verkry. Dit geld vir die tradisionele professies soos dié van die teologie (Jarvis, 1976; Peterson & Schoenherr, 1979) en die militêre (Janowitz, 1960; Kanter, 1976) wat steeds hul professionele status in heroorweging moet neem en voortdurend metodes moet vind om geprofessionaliseerd te bly tot aktiwiteite wat beswaarlik onder die sosiologiese term professionaliteit ressorteer. *onderwys, inligtingkruisjare*

Reeds in 1937 het Sutherland die moontlikheid ondersoek dat dié ook professionele kan wees (Vollmer & Mills, 1966:29). Veertig jaar later is dié kwessie nog steeds aan die orde soos blyk uit 'n volbladadvertensie van 'n sekuriteitsmaatskappy onder die opskrif "the more professional crime becomes, the more you need professional help". Volgens dié advertensie is die gewone dief nou 'n "brilliant, calculating criminal who takes his profession as seriously as you do" (*Time*, 1979-10-29:04). Die teenpool het egter nie afwesig gebly nie - soos Feuille & Juris (1976:88-113) in hul ondersoek na professionalisering van die polisie aantoon.

Binne die konteks van *onwaarskynlike* professies word sport byvoorbeeld ook toe-

nemend as 'n professie volgens sosiologiese kriteria beskou. Dit geld nie net vir joernalistieke opmerkings soos "Big John Tate is the product of boxing professionalism" (*The Star*, 1979-11-03:15) nie, maar ook vir akademies-sosiologiese ondersoeke soos dié van Roadburg (1976) na die vraag of sokker as 'n professie beskou kan word.

Volgens 'n verklaring deur die Suid-Afrikaanse minister van vervoerwese gaan 'n kursus aan die Randse Afrikaanse Universiteit ingestel word om "die standarde van bevoegdheid van professionele en private *padvervoeroperateurs* te verbeter" (*Beeld*, 1979-11-16:9).

Onder die meer erkende beroepe is daar reeds geruime tyd pogings om te professionaliseer soos blyk uit die werk van Vollmer & Mills (1966:133;206;228) oor die professionalisering van beroepe soos dié van die ingenieurswese, verpleegkunde en sielkunde. Onder laasgenoemde het Hattingh (1966) 'n beroep gedoen op professionaliteit en 'n eie identiteit vir die kliniese sielkundige in Suid-Afrika. Ook met betrekking tot Suid-Afrika het De Villiers (1979) aangetoon dat die rekenmeestersprofessie in die tagtigerjare in gevaar gestel sal word indien daar nie aan sekere toekomsvereistes voldoen word nie (De Villiers, 1979:3).

Dit is egter wanneer die joernalistiek aan twee kennisberoepe soos dié van die biblioteekkundige en die onderwyser gemeet word, dat dit duidelik word dat die joernalistiek nie afsydig teenoor die kwessie van professionalisering kan staan nie.

Lortie (1969) het reeds aangetoon hoe die onderwys kan professionaliseer en Schwartzlose (1979:2) betoog dat die joernalistiek aan die kriteria van die onderwys as 'n professionaliserende beroep gemeet kan word.

Vir die onderwys en die joernalistiek is die oordrag van kennis en inligting 'n primêre aktiwiteit. Albei beroepe se beoefenaars moet staat maak op hul persoonlike intellek, die identifisering en evaluering van fenomene en die kanalisering van hul persepsies deur middel van 'n wye verskeidenheid van linguistiese strategieë. Soos Schwartzlose (1979:8) dit stel:

"...the purpose of education and journalism, in the final analysis, is the search for truth, an enterprise ideally involving all of society, but in the first instance initiated by educators and journalists because they share access to the means of communication."

Wanneer die joernalistiek met die professionaliserende beroep van die biblioteekkundige (Fouché, 1979; Goode, 1966; Steyn, 1976 en Zaaiman, 1976) vergelyk word, kom daar duidelik 'n groot aantal ooreenkomste na vore. Soos die biblioteekkundige moet die joernalis die vloei van informasie orden en organiseer. Hy moet die beste materiaal selekteer en dit op die beste wyse aan 'n relatief onbekende groep ontvangers aanbied. Hierdie besluitnemingsproses word tot groot hoogte deur middel van daaglikse, taamlik konkrete *rule-of-thumb*-metodes gedoen. Vir albei die beroepe word dit toenemend noodsaaklik om hierdie belangrike selekteringstaak deur middel van 'n behoorlike teoreties-gefundeerde kennissistiem te doen.

Net soos die biblioteekkundige ondervind die joernalis ook die probleem dat die breë publiek en selfs meer kundige kritici dikwels nie in staat is om onderskeid te maak tussen professionele en nie-professionele beroepsbeoefenaars nie (vergeelyk die verskil tussen die ongekwalfiseerde toonbankklerk in die biblioteek en die vakkundig-opgeleide bibliotekaris van dieselfde biblioteek teenoor die beginner-joernalis sonder formele kwalifikasies of beroepservaring en die senior politieke beriggewer).

Met betrekking tot die publiek se vereistes, sensuur en interne beheer (Goode, 1966:34-45), ervaar die joernalistiek dieselfde probleme as die biblioteekkunde. Die openbare biblioteekkunde se keuse van informasie en sy aanbieding daarvan word tot groot hoogte deur die smaak van die publiek bepaal. Selfs wanneer die biblioteekkundige oor 'n eie etiese kode beskik, word hy onderwerp aan staatsbeheermaatreëls met betrekking tot beheer oor publikasies en sensuur. Dit lei daartoe dat eksterne beheer vir sowel die joernalis as die biblioteekkundige 'n voortdurende probleem in sy professionele beroepsuitoefening is (Goode, 1966: 42-43).

Die onderwys (vergeelyk die professionaliseringsmaatreëls in Suid-Afrika in die jare 1978/79) en die biblioteekkunde het reeds ver gevorder op die terrein van professionalisering binne die beperkinge van hul beroepe. As naasverwante beroepsaktiwiteite kan dit vir die joernalistiek as maatstaf en stimulus vir professionalisering dien.

In die voorafgaande besprekings is die vraag behandel of die joernalistiek met betrekking tot konseptuele en empiriese bevindinge as 'n professionaliserende beroep bestempel kan word. Daar is aangetoon dat daar bevestigend op hierdie vraag geantwoord kan word. Hierna is die vraag gestel waarom dit hoegenaamd nodig is dat die joernalistiek moet professionaliseer. 'n Antwoord hierop is gegee veral binne die konteks van futurologiese beskouinge oor die tagtigerjare en die rol wat die kennisdimensie van professionalisering daarin sal speel. Daar is ook aangetoon dat verwante kennisberoepe soos die biblioteekkunde en die onderwys toenemend professionaliseer.

Uit bogenoemde aspekte vloei noodwendigerwys die volgende vraag voort, naamlik op welke wyse kán die joernalistiek dan toenemend professionaliseer? In Hoofstuk 2 van hierdie ondersoek is 'n konseptuele professionaliseringsmodel (die JP-model) ontwikkel waarvolgens joernalistieke professionalisering op teoretiese wyse bestudeer kan word. Vervolgens word daar dan op die metode gelet waarvolgens die joernalistiek volgens hierdie JP-model kan professionaliseer.

3.4 METODE VAN JOERNALISTIEKE PROFESSIONALISERING

In hierdie ondersoek word van die standpunt uitgegaan dat die joernalistiek op 'n drieledige en interafhanklike basis kan professionaliseer, naamlik deur middel van 'n kennisdimensie wat as die belangrikste beskou word (Steyn, 1976:113), en die dimensies van oriëntasie en struktuur/organisasie. Aangesien die klem van hierdie ondersoek op die kennis-dimensie val (wat vollediger in Hoofstukke 4-6 behandel word), word hier net op die kennisfaset as rasionaal vir die onderhawige navorsingsmetode gelet (vergelyk ook Hoofstuk 3.3). Meer aandag word egter in hierdie afdeling aan die oriëntasie- en struktuur/organisasie-dimensies gegee, omdat dié twee dimensies buite die primêre ondersoekgebied van hierdie navorsing val en daarom nie weer aan die orde gestel word nie.

3.4.1 DIE KENNISDIMENSIE AS RASIONAAL EN METODE VIR PROFESSIONALISERING

'n Kenmerk van die tagtigerjare en die dekades wat daarop volg, sal die ongekende kwantitatiewe en kwalitatiewe eenhede van inligting wees wat die mens sal oorval. Soos Kriss (1976:41-42) dit in sy futurologiese beskouing oor die media van die toekoms stel, sal hierdie "*tidal flood of information that will be washing over all of us*" van só 'n aard wees dat die gewone mens 'n groot deel van sy tyd sal moet bestee bloot om die inligting in te neem sodat daar nie genoeg tyd sal wees om die inligting behoorlik te verwerk en sinvolle besluite te neem nie.

Volgens Mills (1973:42) in sy werk oor die *sociological imagination*, sal die probleem nie net in die reuse-vloed van kennis alleen opgesluit lê nie, maar veral ook in die mens se vermoë om daardie kennis te gebruik. Wat nodig sal wees, is

"...a quality of mind that will help them to use information and to develop reason in order to achieve lucid summations of what is going on in the world and of what may be happening within themselves" (Mills, 1973:42).

Vir Mills (1973:42) sal dit juis ook joernaliste wees wat 'n bepaalde *sociological imagination* aan die dag sal moet lê om die publiek te help om hierdie kennis-oorstroming te hanteer, want soos Katzman (1976:202) ook in futurologiese sin aandui, het die menslike brein, anders as tegnologiese apparatuur soos die rekenaar, 'n beperkte vermoë tot berging en verwerking van inligting (vergelyk ook Hoofstuk 4.1).

Hoe byna duiselingwekkend die impak van die kennisrevolusie en -oorstroming op die mens in die volgende twee dekades gaan wees, word deur Klapp (1978:23-80) in sy werk oor strategieë vir informasie-aanpassing uiteengesit. Anders as die tradisionele beskouing dat oop kommunikasiekanale voordeliger as geslote kanale of minder informasie is, gaan Klapp (1978:23-80) van die standpunt uit dat die mens van die volgende dekades hom toenemend van kommunikasie gaan afsluit as gevolg van die kommunikasiegeruis.

Die eerste groep in die samelewing wat deur die kommunikasievloed getref sal word (en reeds daaronder gebuk gaan), is die deskundiges wat informasieprosesse-ring as hul beroep beoefen. Die produksie van tegniese, wetenskaplike en ander professionele inligting, is reeds oorweldigend. In 1974 is bereken dat daar minstens agt biljoen boeke elke jaar gedruk word. In die VSA alleen verskyn daar elke jaar meer as 40 000 titels. Aan die begin van die jaar 1970 is bereken dat daar elke minuut 2 000 bladsye van boeke, koerante en verslae gepubliseer word en dat die hoeveelheid wetenskaplike inligting elke ses jaar verdubbel.

Wat die publiek in die algemeen betref, word die mens deur derduisende *bits* inligting gebombardeer. Sogenaamde *junkmail* vul posbusse; gehuurde telefoon-agente bel tydig en ontydig om een of ander produk te verkoop. In die VSA kan hierdie soort oproepe deur middel van gerekenariseerde telefoonbanke tot 9 000 *persoonlike* oproepe per dag hanteer (Klapp, 1978:44).

Dit is egter ontwikkelinge op elektroniese gebied (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.1) wat die kommunikasievloed in ongekende omvang gaan laat toeneem. In sy futuristiese oorsig oor die invloed van kabeltelevisie as 'n interaktiewe medium van die toekoms beweer Jones (1976:125-136) dat die samelewing substansieel binne die volgende dekades gaan verander. Kabeltelevisie sal ingrypende sosiale, politieke en ekonomiese implikasies hê wat vroeëre ontwikkelinge soos televisie self heeltemal sal verdwerg. Afsien van die moontlikheid dat die publiek toegang deur middel van elektroniese huistoerusting tot 'n wye reeks van inligting en dienste sal hê (byvoorbeeld biblioteke, lugdiensbesprekings, winkelbestellings, ens.), is dit veral van belang vir die joernalistiek dat die publiek ook in staat sal wees om hul eie persoonlike koerante saam te stel. (In Hoofstuk 3.4.3.1 word dié aspek vollediger behandel met betrekking tot die uitwerking wat dit op die struktuur van die perswese sal hê).

Hoe die publiek te midde van 'n byna onbeheerbare stroom inligting hierdie taak sinvol kan verrig, word toenemend 'n vraag waarmee die joernalistiek en spesifiek die dagbladjoernalistiek hom besig sal moet hou. Soos Klapp (1978:60-65) aantoon, lê die gevaar vir 'n toekomstige samelewing daarin dat die mens hom volgens die teorie van selektiewe persepsie eenvoudig sal afsluit van kennis en ander vorme van inligting. Vir die joernalistiek sal daar dus 'n enorme taak voorlê om deur middel van die seleksieproses mee te werk om sinvolle inligting aan die ontvangers te verskaf. Dit sal dus vir die joernalistiek nie langer moontlik wees om gewoon te aanvaar dat tradisionele beskouinge oor nuus as 'n bepaalde vorm van informasie voldoende vir 'n nuwe samelewing is nie. Die eise van die kommunikasierevolusie sal meebring dat die geskrewe pers in die woorde van Kluyskens (1972:10) "haar eeuwenoud kleed en struktuur" sal moet afwerp of verdwyn. Binne die kennisdimensie van hierdie ondersoek sal die dagbladpers dus buitengewone aandag moet gee aan die kennisbasis waarop hy funksioneer, die opleiding en onderrig van joernaliste wat hul beroep in die opset van 'n kommunikasierevolusie moet beoefen en aan die noodsaaklikheid van sinvolle navorsing en die ontwikkeling van vakliteratuur. Aan hierdie aspekte word in Hoofstukke 4-6 volledig aandag gegee.

3.4.2 DIE ORIENTASIE-DIMENSIE AS RASIONAAL EN METODE VIR PROFESSIONALISERING

"There is a story, perhaps apocryphal, that the dinosaur did not go out of existence because he was too big or clumsy. What really happened was that he suffered a failure of

communication. His brain did not transmit signals to his foot - and his foot back to his brain - rapidly and accurately enough to create a picture of reality on which the dinosaur could act."

- Douglas Carter,
author and press critic
(In: Rivers, 1972:1).

Bogemelde beeld waarmee Rivers (1972) die pers en sy kritici uitbeeld, bied 'n uiters plastiese raamwerk vir 'n beskouing waarom die joernalistiek moet professionaliseer met betrekking tot die joernalis se oriëntasie tot homself, sy beroep, sy beroepsgenote en die gemeenskap. Soos nog nooit voorheen in die geskiedenis van die pers nie, is die pers, en veral die dagblad, sedert die sestigerjare onder 'n voortdurende spervuur van kritiek geplaas oor die wyse waarop hy sy taak verrig (Geyelin, 1976:1-111) en meer as voorheen het dit nodig geword om vas te stel wie en wat die joernalis is...of juis nê is nie (Harwood, 1976: 1). Die oriëntasie-dimensie in die joernalistieke professionaliseringsproses speel in dié opsig 'n belangrike rol.

3.4.2.1 Die joernalis se oriëntasie ten opsigte van homself

Talle navorsers op die terrein van die professionalisering van beroepe kom tot die gevolgtrekking dat die professioneel 'n kenmerkende oriëntasie ten opsigte van sekere aspekte vertoon wat nie by die nie-professionele beroepe aanwesig is nie. Soos Wilensky (1964:105) dit stel, kan hierdie oriëntasie onder meer bestempel word as die professioneel se "role concepts, role orientations, job identifications and reference groups". Die professioneel se oriëntasie kan veral opgevat word as sy oriëntasie teenoor homself as beroepsbeoefenaar, teenoor sy beroep en kollegas en teenoor die publiek. Dié aspekte word vervolgens kortliks behandel as metode en rasionaal vir die professionalisering van die joernalistiek.

Daar bestaan uiters min empiriese navorsingsresultate oor die konsep wat joernaliste van hulself ten opsigte van hul beroepsuitoefening het. In een van die min empiriese werke, maak Surlin (1976) onderskeid tussen joernaliste met 'n fatalistiese teenoor 'n outoritêre oriëntasie. Nell (1978) lê 'n verband tussen die magmotief by joernaliste soos dit 'n invloed het op nuuskeuse. Oor die algemeen bied navorsing egter tot groot hoogte net impressionistiese sieninge (dikwels van joernaliste self). Sô sê Mansfield (1962:1), is die joernalis iemand wat in staat is om:

"...to seize truth by the hair as it hurries past, recognize it instantly and set it down in broad sure strokes...(this) calls for qualities which derive equally from study and from contact with the world. Ideally the journalist should be something of a teacher, a detective and a showman. And often an artist, too, for his picture of events must reveal what is significant without fussy and obscuring detail. The journalist is a man trained to go to the heart of the matter."

Hierby voeg Mansfield (1962:2) nog die beskrywing van 'n gewese redakteur van *The Times*, Wickham Steed, wat die geweldige eise van kennis en insig en die vermoë om dit oor te dra, so stel:

"The ideal journalist would be one who having mastered and assimilated the wisdom of the ancients, the philosophies of the more modern, the knowledge of the scientist, the mechanics of engineers, the history of his own and of other times and the chief factors in economic, social and political life, should be able to hide all these things in his bosom and to supply as much of them as might be readily digested to his millions of readers in proportion as he divined their desire for them."

Vir die bekende Amerikaanse joernalis Joseph Pulitzer is die joernalis iemand wat oor 'n uitgebreide kennis beskik en die vermoë het om dit aan sy lesers op só 'n wyse oor te dra dat dit vir hulle ontvanklik is. Volgens Hohenberg (1973:5) sien Pulitzer die joernalis ook as iemand wat moet leiding gee, wat die weg moet baan:

"What is a journalist? Not any business manager or publisher, or even proprietor. A journalist is the lookout on the bridge of the ship of state. He notes the passing sail, the little things of interest that dot the horizon in fine weather. He reports the drifting castaway whom the ship can save. He peers through fog and storm to give warning of dangers ahead. He is not thinking of his wages or of the profits of his owners. He is there to watch over the safety and welfare of the people who trust him."

Hierdie siening van die joernalis as beroepsman wat sy werk nie in isolasie kan bedryf nie, maar hom voortdurend moet afvra hóé hy sy taak uitvoer, word ook deur die oud-redakteur van *Die Burger* en nou hoogleraar in die joernalistiek, P.J. Cillié (1967a) gedeel. Vir die joernalis gaan dit voortdurend daarom dat hy die belangstelling van die publiek moet probeer peil en dit probeer bevre-

dig. "Hy moet hom in die plek stel van die lesers, of belangrike seksies van die lesers, en homself afvra wat wil hulle hê, wat wil hulle weet, wat sal hulle interesseer."

Anders as Pulitzer meen Cillié egter nie dat die joernalis hom nie kan steur aan die winsmotief van sy koerant nie, want "(h)oe meer kopers, hoe meer drie sente en advertensies, en hoe beter en meer uitgebreid kan die koerant se dienste word" (Cillié, 1967a:3). Dit bring egter nie mee dat die joernalis bloot aan die publiek gee wat hy wil hê nie. "Die koerantman wat omgee, wat sy beroep ook as sy roeping sien, vra homself voortdurend af wát sy lesers behoort te wil hê" (Cillié, 1967a:10).

Hierdie aspek bied vir professionalisering aansienlike probleme. Oor die algemeen wil dit voorkom of daar wesentlike verskille bestaan oor die wyse waarop die joernalis die realiteit van die nuuswêreld ervaar en sy konsep van wat die publiek wil hê. Soos Bagdikian (1974b:134) dit stel:

"There are disparities between the professional journalist's view of 'reality' as he perceives it and as he believes his public needs to see it or wishes to see it... this raises the question whether the professional journalist exercises professionalized standard criteria for the selection of news based solely on some collective professional assessment of the scene or whether such an assessment legitimately needs to be moderated to meet the perceptions and desires of the audience."

Aan die een kant wil dit volgens sekere navorsingsresultate voorkom of joernaliste 'n betreklik akkurate oordeel van hul lesers se leesvoorkeure het (Martin, O'Keefe & Nayman, 1972) en dat lesers van 'n betrokke koerant waarskynlik dieselfde nuus as die redaksie sou gekies het (Galow, 1973). Tog beweer Bagdikian (1974b:134) dat daar teenstrydighede is in die beroepsjoernalis se persepsie van die werklikheid en hoe hy meen potensiële lesers dieselfde werklikheid met betrekking tot nuus sal vertolk of behoort te vertolk. Bevindinge in dié verband deur Gieber (1956), Johnson (1963), Atwood (1970) word in 'n landwye ondersoek deur Atwood & Grotta (1973) gestaaf toe hulle bevind het dat redakteurs se skatting van die lesers se belangstelling in betrokke berigte 0,33 of net 11% beter as die kansfaktor was.

Vir die joernalistiek lê die probleem daarin dat 'n feitlik konstante kriterium vir die professies 'n beklemtoning van die diensmotief is (Moore, 1970:13).

Indien hierdie professionele kenmerk vereis dat die professie nie op winsbejag ingestel mag wees nie, lê dit 'n bepaalde beperking op die joernalistiek as professionaliserende beroep. Soos Bogart (1974:36-43) met betrekking tot die aard van persbeheer aantoon, is die joernalis in die finale instansie onderhewig aan die beslissinge van die eienaars van die betrokke koerant waarvoor hy werk en nie vir sy eie konsepsie en die manifestering daarvan in sy berigte van 'n diensmotief gebaseer op sy persepsie van die publiek se behoeftes nie (vergelyk ook Hoofstuk 3.4.2.2).

Cillié (1967b:2) sê met betrekking tot Suid-Afrikaanse koerante dat die eienaars/bestuur die *fons et ergo* van die koerantbeleid is deurdat hul beskouing in die breë bepaal watter soort mense in die redaksie aangestel en watter breë beleid die koerant in sy nuus en kommentaar sal volg (vergelyk ook Hoofstuk 3.4.2.2). Vir die individuele joernalis sal die professionele uitliewing van 'n bepaalde diensmotief daarin geleë wees dat hy in die basiese inligtingsbehoefte van individuele lesers en die samelewing as geheel moet voorsien (O'Brien, 1967:491). Soos Flegel & Chaffee (1971:645-651) egter aantoon, sal hierdie persoonlike dienslewering tot sekere hoogte deur die koerantbeleid bepaal word. In dié verband toon Wentink (1972:83-85) dan ook aan dat die altruïstiese diensoriëntasie van die professioneel beswaarlik met die winsbejag van die joernalistiek versoen kan word. 'n Markoriëntasie waarin kommersiële eiebelang as die hoogste prioriteit geld, kan nie terselfdertyd dieselfde mate van voorrang aan gemeenskaplike of individuele belange gee nie. By só 'n persgroep geld dan dieselfde maatstaf as in die handelspraktyk: die kliënt is die baas. As dit blyk dat sekere soorte nuus deur die kliënte verwag word, sal die koerant dit uit winsoorwegings verskaf. By die ware professie is dié verhouding omgekeerd. Die professioneel besluit wat goed vir die kliënt is.

Deur middel van groter inspraak van die joernalis as professioneel in die nuusbeleidmakingsproses van die koerant en deur beter navorsing oor lesersvoorkeure, hoef hierdie besondere kenmerk nie as 'n hindernis in die weg van die professionalisering van die joernalistiek te lê nie (vergelyk ook Hoofstuk 3.4.3.4).

Twee ander sake is ook van besondere belang by die bepaling van die mate waarin die joernalis deur sy selforiëntasie professionele kenmerke vertoon, naamlik sy persoonlikheidsbetrokkenheid by die professie, en die mate waarin hy 'n bepaalde professionele lewenstyl en subkultuur navolg.

Dit is tipies van 'n professie dat dit 'n terminale beroep vir sy lede is (Steyn, 1976:115). Die teendeel is met joernalistiek die geval. Met die uitsondering van sekere persgroepe met 'n lang en standvastige tradisie, funksioneer ander koerantredaksies soms as 'n *brug-beroep* vir joernaliste. Tunstall (1971:65) toon aan dat dit veral 'n nie-roetine-beroep soos skakelwerk is wat joernaliste lok. Voorbeelde hiervan word in Suid-Afrika gevind met advertensies soos die vir 'n skakelbeampte van 'n universiteit "...joernalistieke ervaring dien as sterk aanbeveling", en vir 'n korporasie: "Vereistes:...joernalistieke onder-vinding" (*Sake-Rapport*, 1977-03-13).

Steyn (1976:115-116) meld verder dat daar ook 'n bepaalde lewenstyl en subkul-tuur en professionele sosialisering in die professie plaasvind. Die nie-ge-roetineerde aard van die joernalis se werk (Tunstall, 1971:24 e.v.), die beson-dere vorm van sosialisering wat in die redaksionele opset plaasvind (Breed, 1955) en die betrokkenheid wat sommige joernaliste ervaar om ondanks dikwels buitenge-woon moeilike omstandighede hul werk te verrig (vergelyk byvoorbeeld Woodward en Bernstein, 1976), bring mee dat daar 'n soort *esprit de corps* onder joernaliste verbonde aan sekere koerante ontstaan. Deskriptiewe werke (vergelyk byvoorbeeld Viljoen, 1953; Weber, 1967) bied aanduidings hiervan, maar daar is te min empiriese data beskikbaar om te bepaal in welke mate dié faktore professionalisering in Suid-Afrika in die hand werk.

Ongeag wat hierbo gestel is, bly die kardinale vraag met betrekking tot die joer-nalis se selforiëntasie of hy bereid en in staat is om verantwoordelikheid ten opsigte van sy dienslewering te aanvaar. Soos Jaehnig (1978:1-7) met betrekking tot joernaliste en hul verhouding tot nuus oor terrorisme as *gevangenes van die libertynse tradisie* aandui, is die meeste joernaliste nie besorg oor die effek van die nuus wat hulle publiseer nie, solank hulle net "die regte feite" deur-gee. Hierdie standpunt is deur die jare heen deur joernalistieke skrywers soos MacDougall (1977:11) gepropageer:

"He (the journalist) does not ask himself what the poten-tial use or effect of his information will be or how many 'gatekeepers' will handle it; rather, his sole duty is to concentrate on discovering the truth."

'n Groter betrokkenheid by die effek van sy boodskap (vergelyk ook die problema-tiek rondom objektiewe nuus in Hoofstuk 4.2.2.2) sal waarskynlik as belangri-ke voorvereiste vir 'n beter konseptualisering van hierdie professionele attri-buut dien.

3.4.2.2 Oriëntasie tot kliënte

Die professionele persoon staan in 'n besondere verhouding tot die kliënt - waar eersgenoemde die deskundige en laasgenoemde die leek is (Steyn, 1976:114).

Die kenmerkendste element in die verhouding tussen die professioneel en die kliënt is die diensoriëntasie (Moore, 1970:13-15). In die ware professies het die professioneel 'n bepaalde diensoriëntasie wat op 'n altruïstiese, eerder as 'n finansiële gewin, slaan. Die rede hiervoor is dat die professioneel sy werk eerder as 'n roeping dan as 'n beroep met materiële gewin beskou (Greenwood, 1966:17).

Vir die joernalistiek as professionaliserende beroep bied hierdie element besondere probleme. Indien aanvaar word dat die ware profesie hoegenaamd nie op winsbejag ingestel mag wees nie, kan die perswese in sy huidige vorm uiteraard nie daaraan voldoen nie. Soos Bogart (1974:123) met betrekking tot joernalistieke professionele personeel in die organisatoriese struktuur van die massamedia aantoon, is die joernalis onderhewig aan bestuursdruk in die uitoefening van sy beroepsaktiwiteite. Nie 'n diensmotief in die eerste plek nie, maar die beslissing van die eenaars op regstreekse of onregstreekse wyse van die betrokke koerant beïnvloed primêr die wyse waarop die joernalistiek bedryf sal word. (Dié posisie is nie 'n unieke verskynsel van die joernalistiek alleen nie. In 'n ander kennis- of inligtingsberoep, naamlik dié van die biblioteekkundige, word dieselfde problematiek gevind met betrekking tot professionele eise aan die een kant en burokratiese druk aan die ander kant; vergelyk Fouché, 1979:85 en ook Hoofstuk 3.4.2.1).

Volgens Wentink (1972:98) bied hierdie element 'n ernstige dilemma vir joernalistieke professionalisering. Die joernalis word voortdurend vasgevang tussen 'n kommersiële oriëntasie gebaseer op 'n winsdoelwit aan die een kant en wat neig om 'n diensoriëntasie aan die ander kant te oorskadu. Die erns van die dilemma word groter wanneer daar ondersoek ingestel word na die motivering van die joernalis. Volgens Wentink (1972:98) sal die suksesvolle joernalis dié een wees wat in die oë van die bestuur in staat is om die wins van die koerant te laat styg, terwyl die minder suksesvolle joernalis argumentsonthelwe bloot diens wil lewer en in die proses die wins kan laat afneem. (Dié argument gaan natuurlik nie in alle opsigte op nie. Die suksesvolle politieke of sportkrywer kan hom byvoorbeeld juis professioneel van sy taak kwyt en in die proses bydra tot die koerant se sirkulasiestyging).

Bogenoemde tweedeling (wins en diens) hoef egter nie as 'n noodwendige nadeel vir professionalisering beskou te word nie. Soos O'Brien (1967:491) aantoon, lê die diensmotief by die individuele joernalis daarin dat hy hom tot beskikking van die basiese inligtingsbehoefte van die individue en samelewing stel wat sy koerant dien. Die mate waarin die joernalis sy persoonlike diensoriëntasie kan uitleef, sal egter, soos hierbo aangetoon, tot sekere hoogte deur die koerantbeleid bepaal word. Hierdie koerantbeleid sal op sy beurt beïnvloed word deur wat Tunstall (1972:259-280) as die drieledige benadering tot beleid beskryf het. Volgens dié skrywer kan 'n koerant gesien word as 'n instelling wat een of meer of al drie van die volgende doelwitte nastreef: *audience-revenue goal*; *advertising-revenue goal* en *non-revenue goal** (Tunstall, 1972: 260; vergelyk ook McQuail, 1975:174-179 vir soortgelyke standpunte).

Die eersgenoemde twee doelwitte verwys klaarblyklik na 'n redaksionele beleid wat daarop ingestel is om net ðf lesers en/ðf advertensies te win. Laasgenoemde doelwit is egter daarop ingestel om ander doelwitte, waaronder politieke invloed of kulturele en opvoedkundige doelwitte, na te streef.

Dit sou egter verkeerd wees om die joernalis as professioneel bloot te sien as die willose slagoffer van die bestuur. Soos Lee (1976:128) aantoon, sal die joernalis en sy verhouding tot die kliënte grootliks bepaal word deur die joernalis se eie konsep van hoe hy sy *beroepsrol* sien. Die joernalis wat besef dat sy groot taak daarin lê om realiteit te postuleer en dat hy 'n besondere verantwoordelikheid in dié verband het, kan nie sonder meer afgeskryf word as 'n blote instrument in die hand van die persbestuur nie.

Soos Merrill (1974:143) aantoon, het elke joernalis 'n sekere psigies-ideologiese oriëntasie wat gemanifesteer word in die wyse waarop hy dink en optree. Dit geld veral vir sy optrede ten opsigte van die instituut waarin hy werk, die kliënte wat hy bedien en die ideologieë en feite van sy tyd (Merrill, 1974:151). Hierdie oriëntasie sal dan uit die aard van die saak nie net deur 'n besondere koerantbestuur bepaal word nie, maar ook beïnvloed word deur die geskiedenis, die kultuur en sosio-ekonomiese en politieke omstandighede (Starck & Sudhaker, 1978:12) asook deur die joernalis se eie rol-konsep.

*Hoe problematies dié saak is, blyk onder meer uit die publiserings van die dagblad *Citizen* met staatsgeld in Suid-Afrika (vergeelyk Rees & Day, 1980). Kan 'n joernalis professioneel eties optree as hy vir só 'n koerant werk?

3.4.2.3 Opsomming van oriëntasiedimensie

Die Tradisionele beskouing oor die joernalis se beroepsoriëntasie is dat hy bloot daarop ingestel is om die ware en objektiewe feite van nuusgebeure in te samel, te verwerk en weer te gee. As sodanig is die joernalis dan nie betrokke by die effek van sy boodskap nie omdat hy sogenaamd neutraal moet staan (Jaehnig, 1978:31). Só die standpunt sou slegs met die neutraliteitskonsep van professionalisering klop waar daar van die professioneel verwag word om neutraal en objektief teenoor sy kliënt te staan (Greenwood, 1966:15). Soos dié skrywer egter aantoon, is hierdie neutrale houding nie daarop ingestel dat die professioneel nie betrokke by die kliënt se behoeftes moet wees nie, maar bloot dat hy nie onderskeid tref tussen potensiële kliënte wat op sy diens aanspraak maak nie. Die ware professioneel is bereid om diens te lewer ongeag die stand of oortuigings van sy kliënt, maar hy neem beslis die effek van sy beroepsaktiwiteit op die kliënt in ag. Vir die joernalis geld dit eweseer.

Indien toenemende tendense van betrokkenheid by joernaliste in ag geneem word (vergelyk byvoorbeeld Hvistendahl, 1972:117-123; Surlin, 1976:68-73 en Schwartz, 1978b:721), kan verwag word dat daar ook die toenemende neiging sal wees dat joernaliste sal voldoen aan die professionaliseringsdimensie van oriëntasie ten opsigte van hulself, hul beroep en hul kliënte.

Naas die kennis- en oriëntasie-dimensie, vertoon die joernalistiek, soos ander professionaliserende beroepe, ook die bepaalde struktuur/organisasie-dimensie. Dit word in die volgende afdeling kortliks behandel.

3.4.3 DIE STRUKTUUR/ORGANISASIE-DIMENSIE AS RASIONAAL EN METODE VIR PROFESSIONALISERING

Weens die besondere aard van die professie ontwikkel dit die kenmerkende struktuur en organisasie as die spesifieke faset van die samelewing waarvan dit deel is en waarin die besondere beroep beoefen word (Steyn, 1976:116,117). Hierdie struktuur en organisasie spruit dan uit die fasette soos monopolie, outoriteit en outonomie. Dié attribute word vervolgens kortliks bespreek.

3.4.3.1 Struktuur/organisasie

Een van die essensiële attribute van die professies is dat die professionele

beoefenaars in staat moet wees om hulself in gespesialiseerde, formele organisasies of burokrasieë te organiseer waarvan die struktuur dit moontlik maak om bepaalde professionele doelwitte te bereik (Hughes, 1965:24-25).

Met betrekking tot Weber (1946) se teorie oor die *verburokratisering* van die wêreld kan die idealistiese konsep van die ware professioneel as iemand wat onafhanklik en individueel sy professie bedryf, nie altyd meer deurgevoer word nie. Burokratiese strukture maak dit egter tog moontlik dat professionele (geneeshere, wetenskaplikes en ook die publiseerberoep) aan die eise van professionele monopolievorming, outoriteit en outonomie kan voldoen (Hughes, 1965:25), hoewel die burokratiese opset volgens sommige skrywers juis professionaliteit kan teenwerk (vergelyk Fouché, 1979:85-90).

Soos Wentink (1972:84 e.v.) aantoon, is die persberoep 'n tipiese burokratiese organisasievorm wat kenmerkend van die tegnies-georiënteerde nywerheidsbedryf van die laaste deel van die twintigste eeu is. Die wyse waarop die pers en die joernaliste in sy diens hul taak verrig, is in dié verband in funksioneel-analistiese konteks deur onder andere De Fleur & Ball-Rokeach (1975:162-181) en Fauconnier (1973:75-156) beskryf. In historiese verband kan die ontwikkeling van die persstrukture teruggevoer word tot die opkoms van die massakoerant (Luykx, 1978:249 e.v.) en die ontwikkeling van die dagbladpers as 'n besondere instituut van die samelewing (Emery & Emery, 1978:461 e.v.).

Die ontwikkeling van massakoerantmarkte wat net deur groot en kapitaalkragtige persgroepe te midde van toenemend stygende koste bedien kon word, het tot monopolitiese toestande in die persbedryf gelei (Brown e.a., 1978:72 e.v.). Aan die ander kant het wanbestuur tot die ondergang van talle van dié groot perskonglomorate gelei (vergelyk Cleverley, 1976; Campbell, 1979). Desondanks het die dagbladpers in die sewentiger- en tagtigerjare steeds 'n sterk kontinue sosiale struktuur gevorm waarin joernaliste as beroepsmense hul funksie kon vervul (vergelyk ANPA, 1976).

Wat die *struktuur en organisasie* van die dagbladpers en die joernalistieke beroep betref, wys etlike skrywers daarop dat enorme veranderinge ten opsigte van die bestuursfunksie in die volgende dekade verwag kan word. Hierdie veranderinge word onder meer veroorsaak deur finansiële en tegnologiese faktore, sowel as veranderende leesgedrag by die ontvangers (vergelyk ook Hoofstuk 5.2.3.2 vir die standpunte van senior Afrikaanstalige joernaliste).

Alarmistiese werke oor die toekoms van die dagbladpers en die rol wat die bestuur daarin moet speel, verskyn al die afgelope aantal jare. So verwys Grotta (1974:498) na die feit dat 'n "prosperous newspaper industry may be heading for a decline". Die belangrikste rede hiervoor is dat alle dagbladbesture nog nie in staat was om basiese ekonomiese en bemerkingsvrae te beantwoord nie. 'n Groter mate van professionele bestuursvermoë sal aan die dag gelê moet word indien die dagblad wil bly voortbestaan. Dit sal onder meer gedoen word deur 'n herdefiniëring van die dagblad se rol in veranderende ekonomiese, sosiale en politieke omstandighede (vergelyk Bogart, 1973; 1974; Edwards, 1976).

In Brittanje het Cleverley (1976) daarop gewys hoe dié land se belangrikste koerante vanweë wanbestuur in die moeilikheid geraak het. Of soos Cleverley dit stel, kan daar van die *Fleet Street disaster* as 'n gevallestudie in wanbestuur gepraat word (vergelyk die titel en verder).

In 'n poging om aan te pas by die nuwe eise van bestuursverantwoordelikhede is koerantbase aan die ander kant dikwels geneig om te veel aandag aan die *hardware* van die beroep te gee en te min aan die mensemateriaal en die produk waarvoor hulle verantwoordelik is. So betwyfel 'n senior joernalis van die Knight-koerantgroep in Amerika, Saul Friedman, koerantuitgewers se bereidwilligheid om die kwaliteit van koeranttegnologie te verbeter, terwyl daar relatief min tyd en geld beskikbaar gestel word vir die joernalis en die ontwikkeling van sy basiese produk, naamlik nuus (*SA Journalist*, 1977, Feb., 4).

Naas die ontwikkeling van alternatiewe en mini-media is die enkele grootste bedreiging vir die dagbladpers se tradisionele, byna volkome monopolie in die verskaffing van bepaalde vorme van informasie, die ontwikkeling wat die tegnologiese revolusie sal meebring (vergelyk Hoofstuk 3.3.1 oor hierdie invloed op die joernalistiek).

Volgens futurologiese aanduidinge gaan die hele informasiestruktuur van die moderne samelewing teen die tagtiger- en negentigerjare ingrypend verander (vergelyk Hoofstuk 3.3.1).

In die woonhuis van die volgende twee dekades gaan daar nie meer rustig vir die koerantseun gewag word om die dagblad af te lewer nie, maar gaan die huis self in 'n kommunikasiesentrum omskep word. Dit sal moontlik gemaak word deur ontwikkelinge op die terrein van die rekenaarwese en telekommunikasie. Die rekenaar sal

die gewone mens in staat stel om letterlik die wêreld binne die bereik van sy vingers te bring. Deur middel van die rekenaar sal dit moontlik wees om 'n reuses-hoeveelheid inligting oor 'n wye verskeidenheid van sake te verkry.

In 'n oorsig van die kommunikasierevolusie wat in die tagtigerjare verwag word, sê die Suid-Afrikaanse Posmeester-generaal (Rive, 1979) dat die grootste impak op die samelewing waarskynlik deur beelddata of die interaktiewe videoteks te-weeggebring sal word. Die stelsel kom basies daarop neer dat veranderinge en toevoegings tot die huishoudelike televisiestel vir die ontvanger 'n oneindige aantal kommunikasiëkanale moontlik sal maak. In Brittanje is die videoteksstelsel reeds onder die handelsnaam *Prestel* in werking gestel. Meer as 200 000 bladsye van inligting oor 'n wye reeks onderwerpe is reeds beskikbaar en sal teen 1981 verdubbel word. In die VSA is soortgelyke stelsels reeds ontwikkel, waar huisbewoners teen sowat R500 se installeringskoste en R30 per maand huurgeld op 'n uitgebreide databankstelsel kan inteken. Teen so min as R5 per uur in kantoortyd of sowat 50c per uur tussen 19h00 en 07h00 kan 'n bykomende drukapparaat aangebring word waardeur die huurder in staat gestel word om toegang tot informasiebronne soos die nuustydskrif *Time* en 'n wye reeks van vaktydskrifte te verkry.

'n Soortgelyke ontwikkeling is die Britse *Ceefax and Oracle*-dienste wat gesamentlik deur die BBC en die ITV aangebied word. Deur middel van dié diens kan 'n deurlopende nuusoorsig in die vorm van drukstukke verkry word. Volgens Rive (1979) sal die toepassing van die elektroniese en rekenaar-tegnologie meebring dat inligting toenemend deur middel van laserstrale, goedkoop kommunikasiesatelliete, digitale mikrogolfverbindings en gesofistikeerde beweegbare radio- en televisienetwerke oorgedra word sodat papier en die tradisionele drukproses heeltemal verouderd en in onbruik sal raak:

"Paper and printing in business, education, news dissemination, indeed in all human activities, will in time be replaced by electronic methods" (Rive, 1979:24).

Die dagbladders en -joernalistiek sal hom dus struktureel en organisatories daarop moet instel dat hy in die tagtigerjare of spoedig daarna sal moet meeding met 'n nuwe informasie-medium wat aan sy huidige lesers die vermoë sal bied om oor hul televisiestelle te enigertyd in te skakel om die jongste stand van plaaslike en internasionale nuus te verneem, asook om sportuitslae, datums van toekomstige gebeure op plaaslike en nasionale vlak, spyskaarte en ander vorme van vermaak te

verkry. Dit sal ook moontlik wees om dele van tydskrifte en koerante òf op die skerm en/òf deur middel van 'n tuis-drukapparaat te verkry. Informasieontvangers van die volgende dekade sal dus nie nodig hê om 'n hele dik koerant van tientalle bladsye te koop nie, maar hoof slegs daardie inligting elektronies uit te druk waarin hulle belang stel (Challenges of the eighties, *US News and World Report*, 1979-10-15:45-80).

Een van die ingrypendste uitwerkings van hierdie tegnologiese ontwikkelinge sal die vermoë van die ontvanger van media-informasie wees om *terug te praat*. Dié ontwikkeling sal 'n radikale verandering van die konsep massamedia meebring soos dit tradisioneel volgens massakommunikasiemodelle uitgedruk is (vergelyk Stappers, 1966). Waar dit 'n kenmerk van die tradisionele massakommunikasiemodelle was dat daar relatief min of geen terugvoering na die sender was nie, sal die joernalis en sy dagbladorganisasie van die toekoms moet aanvaar dat terugvoering 'n belangrike deel van sy bedryfsaktiwiteite sal uitmaak. Hierdie ontwikkeling het reeds in die sewentigerjare begin deur die inspraak (*access*) wat lesers deur middel van briewe aan die redakteur, lesersopnames, adviesrade, en die ombudsman (Bittner, 1977:288-304) tot die pers verkry het.

Indien aanvaar word dat daar toenemend minder grenslyne tussen die elektroniese media soos televisie en radio en die dagbladpers as 'n vorm van elektroniese joernalistiek sal wees (Rosenfeld, 1977:171-179), sal dus ook aanvaar kan word dat die vermoë van die ontvanger om *terug te praat* soos dit nou reeds by televisie moontlik is, toenemend by die dagblad sal plaasvind. Volgens die futurologiese beskouing van Jones (1976:127) sal dit moontlik wees dat sowel die publiek as organisasies nie net inligting kan aanvra van biblioteke en ander openbare instellings nie (soos reeds vermeld), maar dat hulle ook in staat sal wees om hul eie *koerant* na hul besondere persoonlike keuse saam te stel. Dit sal meebring dat die joernalis geheel en al van sy huidige beskouinge van nuus sal moet afwyk soos Clark (1958:19) dit reeds twintig jaar gelede gestel het:

"By the year 2000 newspapers will be wholeheartedly devoted to the idea that their job is something more than hurling at their readers the crazy quilt of surface events of the few hours before publication. They will strive to relate the events of yesterday and today into a meaningful pattern to help their readers make sensible preparation for tomorrow."

Bogenoemde ontwikkelinge sal uiteraard 'n besondere eis aan die persstruktuur-

en organisasie stel. Wat die omvang hiervan sal wees, gaan, soos prof. P.J. Cillié dit stel, die menslike verstand te bowe:

"Die nuwe elektroniese joernalistiek beteken wesenlik dat die joernalis, soos die profete van ouds, as't ware regstreeks sal skryf aan die leser met 'n minimum van tussenmense om die kopie te korrigeer en te kontroleer. Wat hieruit kan voortkom, gaan my verouderde ervaring te bowe..." (*BeeId*, 1979-08-04,11).

Die elektroniese joernalistiek van die toekoms sal dus 'n ander soort joernalis as dié van die tradisionele pers verg (vergelyk Hoofstukke 4-6). Afsien van verskillende persoonlikheidsattribute waaraan die toekomstige joernalis moet voldoen, sal hy ook rekening met die feit moet hou dat sy koerant waarskynlik nie langer binne die huidige struktuur en organisasie in die tradisionele vorm op papier gedruk sal word nie. Dit sal meebring dat die eeue-oue kenmerk van die koerant dat hy individueel, privaat deur middel van die gedrukte woord op papier tot 'n sekere leser kan spreek, kan wegval (Bordewijk, 1973:12-28). Tot dusver het koerantbesture en joernaliste hulle nog met die gedagte getros dat die koerant 'n vorm, tekstuur en persoonlikheid het wat beswaarlik deur elektroniese media vervang kan word (*Challenges of the '80s: US News and World Report*), maar soos die *guru* van die futuroloë, Alvin Toffler (1977:257), dit stel:

"The day is already in sight when books, magazines, newspapers, films and other media will, like the Mustang, be offered to the consumer on a design-it-yourself basis."

As die ontvanger nog boonop feitlik onbeperkte toegang tot die sender kan verkry, sal die joernalis 'n revolusie in sy tradisionele persstruktuur en nuusaanbieding op hande hê wat uitermatige kundigheid sal verg om te hanteer (Christians, 1973:223-234).

Soos Brown (1974:1-20) dit in sy werk *The reluctant reformation* bespreek, was die pers na aanleiding van sy oriëntasie teenoor die beroep en die sosiale sisteem, maar ook teenoor veranderinge binne die sisteem, te lank teësinnig om te aanvaar dat strukturele en organisatoriese veranderinge moet plaasvind. Dit geld veral vir die feit dat die pers as kanaal vir die joernalistiek nie genoeg aandag aan die feit gegee het dat hy daarvan beskuldig is dat hy sy beroep ten opsigte van die volgende nie na behore uitgevoer het nie: onakkuraatheid, onbehoorlike beklemtoning van tradisionele nuusgebeure en beuselagtighede, 'n gebrek om op 'n samehangende wyse tendense aan te dui pleks van om op daaglikse re-

latief irrelevante gebeurtenisse van verbygaande aard te let en om in die algemeen ingestel te wees op inhoud wat lesers sal trek en dus geld sal maak eerder as om die klem te laat val op dit wat werklik ter sake is (Brown, 1974:1-20).

Afgesien van bogenoemde faktore wat 'n invloed op die persstruktuur sal uitoefen, sal die joernalistiek ook voortdurend kennis van die opkoms van die sogenaamde *nuwe* media moet neem (Schwartz, 1973:1-14).

Volgens futurologiese skrywers is die tydperk van die massamedia soos dit tot nou toe bekend was, vinnig aan die verbygaan (Grunig, 1976:1-2). Die persstruktuur as deel van die massakommunikasiemedie sal met 'n verskeidenheid van mededingers onder die nuwe noemer mini-kommunikasie (Gumpert, 1976:57) te doen kry. Hierdie mini-kommunikasie sal gespesialiseerde radio- en televisiedienste insluit, terwyl wat die gedrukte woord betref, die dagbladpers teen 'n verskeidenheid produkte van die sogenaamde *alternative press* sal moet meeding. Dit sal insluit die uitbreiding van die *New Journalism* (Dickstein, 1978), die *underground press* (Glessing, 1970) en die *community press* (Harlow, 1978).

Veranderinge in die persstruktuur en-organisasie sal uiteraard ook 'n invloed uitoefen op professionaliseringsattribute soos monopolie, outoriteit en outonomie. Dié fasette word vervolgens kortliks bespreek.

3.4.3.2 Monopolie

Een van die primêre doelwitte van 'n beroep onderweg na 'n profesie is om monopolie oor sy dienste en kennis te verkry (Greenwood, 1966:14). Geen profesie kan egter volkome alleenbeheer oor sy aktiwiteite uitoefen nie. Die strewe op die alleenbesit van kennis en geassosieerde tegnieke of minstens die aanspraak op die superieure toepassing daarvan (Steyn, 1976:117) bly egter die strewe van die profesies. Die rede hiervoor kan gevind word in die feit dat monopolie aan die beroep geleentheid gee om gesaghebbend op te tree (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.3) en om outonomie oor sy aktiwiteite te verkry (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.4).

Op die oppervlak en in 'n tegnologiese sin wil dit voorkom of hierdie professionaliseringsattribuut vir die joernalistiek besondere probleme bied. Met die koms van die vlakdrukproses het dit feitlik vir elkeen moontlik geword om teen 'n geringe koste as *joernalis* op te tree (vergelyk byvoorbeeld Glessing, 1970, se werk

oor die *underground press* en Bittner, 1977:78-80; 448-452).

Geen besondere professionele kennis of superieure tegniese vaardigheid en insig word van hierdie bogenoemde alternatiewe persjoernaliste verwag nie. Dieselfde sou egter ook van toepassing wees op die junior redaksielid van 'n gehalte-dagblad wat oor 'n alledaagse onderwerp 'n minder belangrike nuusberig moet skryf. Soos Hughes (1965:9-14) met betrekking tot die tradisionele professies, byvoorbeeld die geneeskunde, aantoon, sal professionalisering toenemend binne burokratiese strukture plaasvind en sal daar derhalwe groter diversiteit en kwalitatiewe onderskeidings in individuele professionalisering voorkom. Om hieraan te voldoen, sal dit egter nodig wees dat die joernalistiek oor groter outoriteit en outonomie ten opsigte van sy beroepsaktiwiteite moet beskik. Dit is nie buitengewoon onmoontlik nie wanneer die feit aanvaar word dat belangrike gehalte-blaaie toenemend onder monopolistiese beheer kom en derhalwe teoreties groter moontlikhede vir outoriteit bied (Sandman e.a., 1976:110-125). Aan die ander kant sal dit egter nodig wees dat die joernalis in hierdie burokraties-monopolistiese sisteem in staat moet wees om homself as 'n professioneel te handhaaf. Hoe dit kan gebeur, word in die volgende twee afdelings van hierdie hoofstuk bespreek.

3.4.3.3 Outoriteit

Elke ware professie streef daarna om die gemeenskap daarvan te oortuig dat openbare sanksie aan die beroep verleen moet word om onafhanklik op te tree (Greenwood, 1966:13; Pavalko, 1971:18).

Greenwood (1966:12-13) dui aan dat daar 'n wesenlike verskil tussen die klante (*customers*) van 'n beroep en die kliënte (*clients*) van 'n professie is. In eersgenoemde geval moet die klant tevrede gestel word en moet die beroepsman so optree dat hy altyd aan hierdie eis voldoen. Die uitdrukking, *die klant is altyd reg*, is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Aan die ander kant moet die kliënt hom op die outoritêre gesag van die professioneel verlaat. Die argument is dat die kliënt nie oor die teoretiese kennissisteem beskik om self 'n deskundige oordeel te vel nie. In die uiterste vorm van spesialisasie is die standpunt dat alle professionele op gelykwaardige gesagsbasis diens kan lewer. Daarom is die professies in die algemeen gekant teen reklame. Die argument is dat die kliënt bloot na die professioneel kom en nie self in staat is om die dienste van die professioneel te evalueer nie.

Die kernfaset van die outoriteitselement is egter die feit dat die kliënt in hoë mate van vertroue in die deskundigheid en morele integriteit van die professioneel stel (Wentink, 1972:85). Só besien, is daar geen rede waarom die professionele joernalis nie deur middel van veral die uitbreiding van die kennisdimensie sodanige gemeenskapsanksie kan verkry nie. Vanweë die kapitalistiese bestel waarin die pers in die Weste funksioneer, sal mededinging tussen koerante uiteraard steeds voorkom om na aanleiding van die algemene behoefte aan sekere soort nuus die *klante* te bevredig. Dit hoef egter nie die joernalis daarvan te weerhou om so deskundig en so gesaghebbend moontlik op te tree nie. Soos die geskiedenis van gehalte-koerante toon, is dit juis die gesaghebbende koerante wat op die lange duur ook finansieel die sterkste is (vergelyk Emery & Emery, 1978:461).

Dit is egter nie genoeg dat die joernalis bloot op grond van sy kundigheid (vergelyk die kennisdimensie), sy beroepsoriëntasie en struktureel-organisasoriese aspekte soos monopolie en outoriteit daarop aanspraak maak dat die publiek hom as outoritêre gesag oor die hantering van nuus moet beskou nie. Dit is ook noodsaaklik dat die joernalistiek sekere basiese stappe verrig om volle outonomie oor die beroep te verkry.

3.4.3.4 Outonomie

Daar word algemeen aanvaar dat een van die belangrikste kenmerke van die profesie die mate van outonomie is wat sy lede beklee (Daniels, 1973:39). Die kernfaset van hierdie professionaliseringselement is die feit dat die professioneel volle outonomie moet hê om die kwantitatiewe en die kwalitatiewe resultate van sy werk te beheer (Freidson, 1973:33). Vir die professioneel is dit noodsaaklik dat hy en sy kollegas intern of ekstern deur kollegiale inspraak toegelaat word om outonoom in alle opsigte van die beroep op te tree (Taylor, 1968:481). Dit bring natuurlik mee dat alle beroepsgenote oor die nodige kennis (vergelyk Hoofstuk 4) moet beskik sodat hul bevoegdheid in hul oordeel oor beroepsoptrede vir die verskillende beroepskollegas aanvaarbaar sal wees (Daniels, 1973:41). Laasgenoemde skrywer toon voorts aan dat professionele evaluering *ad hoc* gedoen moet word sodat kollegas *post hoc* in staat sal wees om dieselfde oordeel te vel.

Die kwessie van outonomie bied vir die joernalistiek besondere probleme. In die debat oor wat die spesifieke professionele rol en bevoegdhede van die joer-

nalis in die samelewing moet wees, het Head (1963:598) die saak waarskynlik korrek opgesom toe hy gestel het:

"It is one of the crosses of the journalistic profession, I'm afraid, that everyone with authority is likely to consider himself a journalism expert."

By die tradisionele professies is dit 'n kernfaset dat die betrokke professionele groep sy eie beheerraad het waar die professionele kollegas die alleenmag en seggenskap oor die beoefening van die beroep het (Daniels, 1973:52-54). In die meeste van die gevalle ontvang die profesie 'n besondere sanksie van die staat om outonoom te funksioneer. Hierdie sanksie word gewoonlik gebaseer op die publiek en/of die staat se tevredenheid dat die profesie in staat sal wees om beheer oor die beoefenaars uit te oefen waardeur bepaalde standaarde gehandhaaf sal word, toetrede tot die beroep beheer sal word en dat oortreders ingevolge bepaalde wetgewing òf intern gestraf òf voor 'n landshof gedaag kan word. In die meeste van die gevalle word die professionele beheerrade met sanksie van die owerheid aangestel en bestaan dit net uit verteenwoordigers van die profesie (Daniels, 1973:39; 54-56).

In talle Westerse lande is beheer oor die pers egter in die hande van leke of nie-joernaliste. Wright (1978:10) stel dit selfs in die volgende eksplisiete vorm: "Any regulation which exists in American mass communication is carried out by non-journalists."

In die meeste gevalle word daar òf deur perswetgewing òf deur middel van beroepsrade opgetree. In die meeste gevalle is die verantwoordelike joernalis dan die hoofredakteur of sy verteenwoordiger en nie die individuele joernalis nie. Hierdie toestand lei nie tot 'n ontwikkeling van 'n professionaliteitsgevoel onder individuele joernaliste nie, omdat hulle nie die aanmoediging kry om individuele verantwoordelikheid vir hul optrede te aanvaar nie (vergelyk Windahl & Rosengren, 1976:146, vir die posisie in Swede; Wentink, 1972:101, vir die posisie in Nederland; Tunstall, 1978:16-17, vir die posisie in Brittanje en Ashmore, 1972:229, vir die posisie in Amerika en Pienaar, 1968:75-180, vir 'n historiese oorsig van die Suid-Afrikaanse toestand).*

* In skrywer se ervaring met die Afrikaanstalige dagbladpers het dit geblyk dat bitter weinig joernaliste wat nie uitvoerende poste beklee nie, 'n idee het van wat die perskode behels. Sodanige joernaliste verlaat hulle dikwels op die uitgangspunt dat die redakteur of sy verteenwoordiger *verkeerde* kopie betyds sal keer en in elke geval verantwoordelikheid na buite daarvoor aanvaar.

Die gebrek aan verantwoordelikheid wat van die individuele redaksielid vereis word, bring mee dat daar nog nie werklik sprake van volle outonomie vir joernaliste van interne en eksterne beheer kan wees nie (Nayman, 1973:209).

Dit is nie net eksterne beheer wat vir die joernalistiek 'n probleem ten opsigte van outonomie vorm nie, maar interne sensuur word ook 'n probleem van toenemende omvang. Soos Bagdikian (1973:572) dit stel:

"Professionalism has both aggravated and provided an escape for tensions between traditional and the newer social consciousness values of the news media. It has aggravated tensions by providing a new degree of unity among working journalists in opposition to traditional, institutional constraints that they regarded as inadequate, unethical, or demeaning. There is a growing incidence of staffs openly challenging the policies of their superiors in news organizations. Staffs have, for example, attempted to buy advertising space for editorials to counter their own paper's position (sometimes granted by the paper, sometimes refused). It is one of the motivations behind the growth of local journalism reviews, usually published by reporters from local standard media and printing stories rejected by the standard media or critical of their policies."

Namate die joernalistiek toenemend professionaliseer (onder meer vanweë 'n beter en hoër onderrigpeil en beter beroepsorganisasies), word tradisionele standpunte oor die inspraak van individuele joernaliste in die redaksionele proses ingrypend verander (Boone, 1977:3). Die individuele joernalis verkry deur hierdie inspraak 'n groter greep op sy professionele verantwoordelikheid. Dit blyk veral wanneer aanvaar word dat professionele outonomie epistemologies beskou eerder 'n relatiewe as 'n absolute verskynsel is (LeRoy, 1973:254-255). As sodanig hoef outonomie dus nie as 'n onbereikbare ideaal vir 'n professionaliserende joernalistieke beroep gesien te word nie, maar dan sal Wentink (1972: 101) se bevindinge en aanbevelings op alle vlakke van die gehalte-joernalistiek deurgevoer moet word:

"Het is niet ondenkbeeldig dat een voortgezette professionalisering de positie van de hoofdredakteur zal doen wijzigen. Staat hij nu veelal aan de top van de deelorganisatie 'redaktie', in een meer geprofessionaliseerde structuur sal van medeverantwoordelijkheid en medezeggenschap van professionele kollega's meer sprake zijn."

Daar is egter ook 'n volgende faset wat die outonomie-aspek van joernalistieke professionalisering regstreeks raak. Naas die inspraak wat die staat en indi-

viduele joernaliste in die funksionering van die joernalistiek wil verkry, is daar die toenemende eis dat die publiek self nie net inspraak nie, maar ook effektiewe deelname in die persbedryf moet verkry.

Die historiese analise (Luykx, 1978: byvoorbeeld 374; 402; 444) toon dat die pers sedert sy ontstaan as massakommunikatiewe produk in die sewentiende eeu die meeste teenstand in sy verhouding tot die staat ondervind het. In die sewentigerjare is hierdie toestand veral in Westerse lande soos die VSA op die spits gedryf in wat bekend geword het as die *adversary relationship* (Hohenberg, 1978: 120-132). Die kenmerk van hierdie dekade was egter ook die feit dat die pers vir die eerste keer in sy geskiedenis as instituut van die moderne samelewing en as produk van die historiese, ekonomiese en maatskaplike kragte en bewegings van die samelewings waarin hy funksioneer, ook te doen gekry het met doelbewuste, doelgerigte en georganiseerde kritiek van die publiek. Dit was veral sedert die beginjare van hierdie dekade dat die vraag toenemend na vore gekom het of die pers sy taak, veral ten opsigte van sy inligtings- en kommentaar- of tendensstellingsaktiwiteite, as geïsoleerde en relatief onafhanklike instituut, na behore volvoer (Merrill, 1974:123-143). In die interaksie van staats- en openbare kritiek teen die pers, het hierdie vraag hom veral rondom die volgende basiese probleemgebiede gemanifesteer:

- Indien die pers as 'n besondere instrument in die werking en voortsetting van die demokrasie (Clor, 1974) en as 'n integrale deel van die komplekse ekonomiese opset van die kapitalistiese bestel (Van Neerven, 1974) beskou word, ontstaan die kardinale vraag wie beheer oor die pers se aktiwiteite van nuusinwinning, -selektering en -verspreiding en van tendensstelling (Bagdikian, 1969:10-13; Barron, 1975:1-12) uitoefen. Hierdie vraag het veral belangrik geword vanweë die pers se aandrang dat hy ingevolge sy sogenaamde *Fourth Estate*-funksie (Hulteng, 1976:210) ook die rol van waghond vir die leserspubliek moet speel. Met betrekking tot sy optrede teenoor die staat, maar ook die private belange van die publiek, is die vraag dan wie waghond oor die pers moet wees as hy homself as waghond aanstel.

- Indien die pers 'n toenemend belangrike rol in die verskaffing van nuus, vertolking en kommentaar in die moderne demokrasie speel, ontstaan die vraag ook hoe die verhouding tussen die pers en die publiek gedefinieer moet word (Roshco, 1975:120-125; Brown e.a., 1978:289). Hierdie vraag het veral aktueel geword waar die pers 'n monopolie of gedeeltelike monopolie in die prosessering van inligting verkry het, byvoorbeeld deur die beheer van al die nuusmedia in

’n bepaalde lesers- en TV-kykersgemeenskap. Dit het tot gevolg gehad dat die vraag ontstaan het of die publiek (en veral die spesifieke lesers van ’n bepaalde dagblad) nie medeseggenskap in die hantering en selektering van die stof bedoel vir publikasie, moet verkry nie (vergelyk Barron, 1975; Schmidt, 1976).

Teen die agtergrond van wat Walter Lippmann reeds vyftig jaar gelede gesê het, naamlik dat daar ’n toenemende "angry disillusionment about the press, a growing sense of being baffled and misled" (Hohenberg, 1978:28) is, word die vraag ook gestel of die publiek as ontvangers van die joernalistieke boodskap ook die reg moet verkry om die redaksionele standaard van die pers deur middel van regstreekse of onregstreekse metodes te verhoog (Sanders, 1975:148-168).

Hierdie vrae het in die laat sestigerjare en in die begin van die sewentigerjare hoofsaaklik in die VSA uitgekristalliseer en is op die spits gedryf deur die beweging om toegang (*access*) tot die pers te verkry en om van die pers ’n bepaalde vorm van verantwoordbaarheid (*accountability*) te vereis (vergelyk Barron, 1975; Rivers e.a., 1972). Dié beweging het hoofsaaklik in die VSA gelei tot die instelling van interne en eksterne selfkritiekprogramme deur sommige koerante. Een van die besondere innovasies in dié verband was die skepping van ombudsmanposte (Sanders, 1975; Kapoor & Smith, 1978) waardeur aan die lesers, kritici en die wyer publiek toegang tot die pers verseker is. In die VSA het dié ontwikkeling sy bekendste eksponent in die ombudsman van die *Washington Post*, Charles Seib (Geyelin, 1976:iv-v), terwyl die program ook deur ’n Suid-Afrikaanse koerant, die *Rand Daily Mail*, ingevoer is (Thamm, 1980). Oorsigte soos die van Barnett (1973) en Kapoor & Smith (1978) toon egter dat daar nie besondere belangstelling by die pers vir die saak is nie.

Bogenoemde ontwikkelinge het ’n besondere impak gehad op die konsep van joernalistieke professionalisering. Dit was veral duidelik ten opsigte van die joernalis se selfbeeld en sy oriëntasie ten opsigte van sy beroep en die publiek wat hy bedien. Volgens Bagdikian (1974a:192-202) was die instelling van selfkritiekprogramme deel van ’n bewuswording by die pers dat hy meer aandag aan sy funksionering binne ’n besondere sosiale sisteem moet gee. Dit was veral belangrik vanweë die pers se besondere samestelling en sy funksionering as ’n betreklik geslote sosiale en beroepsgeledere waarin terugkoppeling nie maklik van die publiek af geskied nie.

Met betrekking tot wedersydse oriëntasie tussen die pers en die sosiale sisteem het daar dus in die sewentigerjare ’n toenemende besef ontstaan dat dit vir

122

die pers en die joernalistiek in die algemeen van die grootste belang was dat hy enersyds die voortdurende steun van die publiek wat hy bedien, moet ontvang, maar dat hy terselfdertyd ook 'n posisie van gesonde wisselwerking met die regering van die dag moet handhaaf (Becker, Cobbey en Sobowale, 1978:421-430).

Die pers en veral die dagbladpers se bereidwilligheid om homself oop te stel vir kritiese ondersoek en daardeur sy professionele beeld by sowel die publiek as die staat te verbeter, is veral op die 1979-jaarkongres van die *American Society of Newspaper Editors* beklemtoon. Katharine Graham, voorsitster van die *Washington Post*-maatskappy, het tydens dié kongres die beweging tot groter openheid as een van die mees konstruktiewe veranderinge in die perswese van die laaste aantal jare bestempel.

Tydens bogenoemde kongres en ook rondom bepaalde nussegebeure wat hulle byvoorbeeld in die VSA en Suid-Afrika afgespeel het (vergelyk Pember, 1971, oor die *Pentagon Papers*; Woodward & Bernstein, 1976, oor die *Watergate*-kwessie, en Rees & Day oor die Suid-Afrikaanse *Inligting*-kwessie), het dit duidelik geword dat die joernalistiek nie aan die tendensie sou ontkom wat sy optrede in 'n moderne samelewing aan ondersoek en herevaluering wil onderwerp nie. Soos 'n vorige hoofartikelredakteur van die *New York Times* (Oakes, 1978) dit stel, is selfs die grondwetlike reg tot vryheid wat die Amerikaanse pers geniet, nie genoeg waarborg vir die pers om sonder meer op sy ou en tradisionele weë voort te gaan nie, omdat dit uiters noodsaaklik is dat die publiek se vertroue in die geloofwaardigheid en nut van die pers behou en versterk moet word. Dit verg van die joernalistiek buitengewone professionele optrede:

"The press has to be accountable to something more than our business offices and stockholders; we have to be accountable in the narrowest sense, and first of all, to our consciences, of course; but in the broadest sense, to the public interest as we see it" (Oakes, 1978:31).

Die aansprake van die staat, die publiek en joernaliste self om groter inspraak en beheer oor die redaksionele proses is tradisioneel deur joernaliste van die Westerse wêreld teengestaan. Die enkele belangrike rede hiervoor was die vrees dat selfs vrywillige beperkinge 'n bedreiging vir die vryheid van die pers en derhalwe van die professionele joernalis sou wees (Starck & Sudhaker, 1978:9). Maar soos Pienaar (1968:211) dit stel: "Die pers besef miskien nie sterk genoeg nie dat hy in 'n hoë mate sy eie vryheid bepaal deur die wyse waarop hy

self optree." Binne die konteks van die struktuur/organisasie-dimensie van professionalisering is dit derhalwe noodsaaklik dat die pers aan sekere spesifieke elemente besondere aandag moet gee. Die belangrikste hiervan is die kwessie van 'n beroepsorganisasie, opleiding en onderrig en interne en eksterne beheer. Dit word vervolgens kortliks bespreek.

(a) Die ontwikkeling van professionele organisasies

'n Essensiële kenmerk van die professies is dat daar met betrekking tot outonomie en selfbeheer professionele organisasies tot stand kom waarin die professionele hulself organiseer. Volgens Barber (1965:25) is dit noodsaaklik dat die professionele in hierdie organisasies hul kennissistiem ontwikkel en uitbrei en hul aktiwiteite koördineer en beheer. Hoe meer professioneel die besondere beroep is, hoe sterker is die organisasie as outonome liggaam waardeur die profesie sy standarde bepaal (Freidson, 1973:33; Daniels, 1973:40-56).

Van professionele organisasies in die ware sin van die woord is daar in die joernalistiek byna geen sprake nie. In 'n land soos Nederland is die organisasie van beroepsbeoefenare eerder op 'n vakbondbasis georganiseer as op 'n professionele grondslag. Soos Wentink (1972:87) dit stel: "Het ambigue karakter van de Nederlandsche Journalisten Vereniging kan er gemakkelijk toe leiden dat van een professionele uitbouw geen sprake kan zijn."

In Amerika waar die Westerse wêreld waarskynlik die beste voorbeeld van joernalistieke of persorganisasies het, sê LeRoy (1973:252) dat die meeste joernalistieke organisasies en assosiasies "are quite weak and disorganized. Most are organized around a parochial core of occupational attributes". Daar is verenigings vir koeranteienaars, vir redakteurs, vir uitsaaijoernaliste, vir nuuskorrespondente, ens. Die organisasies het egter min beheer oor hul lede en die verskillende kodes "are more often statements of principal, rather than enforceable standards of practice" (LeRoy, 1973:252).

Anders as die akademiese verenigings soos die *Association for Education in Journalism* met sy vakliteratuur (vergelyk Hoofstuk 6.3) is die Amerikaanse joernalistieke organisasies se publikasies volgens LeRoy (1973:252) "chatty, trivial, and remedial". Voorbeelde hiervan is *Editor & Publisher* en ook *Quill*, hoewel laasgenoemde heel dikwels substansiële, konseptuele artikels bevat.

In Brittanje is die *National Association of Journalists* in 1884 gestig met die gedagte dat dit op die lees van die erkende professies geskoel moes wees. Die *National Union of Journalists* wat in 1907 gestig is, het egter 'n tipiese vakbond-ingesteldheid gehad en is tot vandag toe feitlik uitsluitend ingestel om in bedingings met die persbestuur oor sake soos lone te onderhandel (Golding, 1974:75). Sedert die sewentigerjare is daar egter 'n toenemende geneigdheid by laasgenoemde organisasie om hom al meer met probleme soos onderrig en opleiding te bemoei (vergelyk Hoofstuk 5.1.4.2).

Anders as die Engelstalige joernaliste en die swart joernaliste in Suid-Afrika, het die Afrikaanstalige joernalis geen beroepsorganisasie waartoe hy kan behoort nie. Die meeste Engelstalige joernaliste is in die *Southern African Society of Journalists* verenig wat as veelrassige organisasie lede van alle taal- en rassegroepe toelaat. Die Suid-Afrikaanse swart joernaliste het hul egter in die *Writers Association of South Africa* (WASA) verenig wat geen blanke lede toelaat nie.

Volgens Steyn (1976:117) stel 'n beroepsorganisasie wat sy lede registreer en so-doende beheer oor hul beroepsaktiwiteite uitoefen, waarskynlik die hoogste graad van professionalisering. Die SASJ oefen wel in 'n sekere mate beheer oor die lidmaatskap en aktiwiteite van sy lede uit, maar dit is 'n vrywillige vakbond wat geen sanksie oor die beroep as geheel kan uitoefen nie. Dit geld dan veral ook vir die Afrikaanstalige pers wat om historiese en veral politieke redes nog nooit met die SASJ wou saamwerk nie.

Die SASJ se aktiwiteite as 'n beroepsorganisasie word weergegee in sy gereelde blad, die *S.A. Journalist*. Die Januarie 1980-uitgawe van hierdie blad bied 'n beeld van dié aktiwiteite. Op bladsy een is daar 'n hoofberig oor die onderhandelinge wat die SASJ met die Engelstalige pers se *Conciliation Board* oor salarisse voer. Die SASJ se aktiwiteite op onderrigvlak blyk uit die feit dat 'n finansiële bydrae tot die *South African Student Press Union* gelewer is om die publikasie van 'n handleiding moontlik te maak (bladsy 2).

Inligting word ook verskaf in verband met SASJ-beurse vir verdere studie en 'n doseerpos in joernalistiek aan 'n Technikon (bladsy 3 & 9). Die blad bied ook inligting oor die jaarlikse kongres wat die organisasie hou en die verskillende perspryse wat vir uitmuntende joernalistiek beskikbaar is (bladsy 2 & 3).

Nuusberigte in die betrokke uitgawe handel onder meer oor die verslag van die *International Press Institute* oor persvryheid (bladsy 8) en oor die *Survival of the Press*-konferensie wat in Oktober 1979 in Grahamstad gehou is (bladsy 6 & 7).

Afrikaanstalige joernaliste beskik oor geen enkele organisasie wat met die SASJ of WASA vergelyk kan word nie. Die uitsondering is sporadiese sosiale persklubs soos dié in Pretoria, Kaapstad en ook in Johannesburg. Hoewel daar enkele jare gelede 'n Konferensie van Redakteurs op 'n *ad-hoc*-basis tot stand gekom het om aktuele probleme rakende die Suid-Afrikaanse pers te bespreek, het die gewone Afrikaanstalige joernalis as beroepsman geen organisasie waar hy op professionele wyse met kollegas kontak kan hê nie. Pogings deur die voortsettingskomitee wat ná die Eerste Suid-Afrikaanse Konferensie oor die Onderrig van Joernalistiek in 1977 verkies is om die moontlikheid van só 'n organisasie te ondersoek, het misluk. 'n Nuwe poging is in 1979/80 deur 'n soortgelyke komitee aangewend wat na die *Survival of the Press*-konferensie (vergelyk hierbo) verkies is.

Waarskynlik die belangrikste rede vir die feit dat daar nie 'n behoorlike professionele beroepsorganisasie vir joernaliste in Suid-Afrika bestaan nie, is geleë in die feit dat die pers self, maar ook die perseienaarsvereniging, die SA Persunie, oënskynlik nie die nut daarvoor insien nie. 'n Tweede rede is geleë in die feit dat daar nie van die kant van die joernalistieke akademie genoeg belangstelling vir só 'n organisasie gewek kan word nie. Pogings om deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Dosente en Navorsers in Kommunikasiewetenskap (SAKOMM) 'n belangegroep vir die joernalistiek te stig, was sedert 1977 nog nie suksesvol nie.*

(b) Toesig en beheer oor opleiding en toetrede tot die beroep

'n Kenmerkende eienskap van die professies is die regulering van die keuring van voornemende beroepslede en toesig oor hul opleiding deur kontrole oor leerplaninhoud en kwaliteit van onderrig (Steyn, 1976:117).

Die eise wat die joernalistiek as beroep aan onderrig en toetrede tot die beroep stel, word uitvoerig in Hoofstuk 5 behandel. In die algemeen kan gestel word dat daar 'n toenemende tendensie in die VSA is om joernalistiek-gegradueerde studente in redaksie-aan te stel in beheer

* Volgens korrespondensie tussen hierdie skrywer, SAKOMM en die SA Persunie.

de studente in redaksies aan te stel (Johnstone e.a. 1976:236), terwyl streng beheer in Brittanje deur middel van vakbondopleiding deur die *National Council for the Training of Journalists* uitgeoefen word (NCTJ, 1975:1-34). In Wes-Europese lande soos Duitsland en Switserland vereis selfs gehalte-blaaie egter nie joernalistieke opleiding as toetredingskwalifikasie nie (vergelyk Hoofstuk 5.1.4.1).

Hoewel daar in Suid-Afrika 'n toenemende neiging, ook onder Afrikaanstalige dag-blaaie, is om kommunikasie- of joernalistiekstudente aan te stel,* besluit elke koerantredaksie individueel of hy 'n betrokke persoon tot sy redaksie wil toelaat. Dit geskied dikwels onder meer op grond van nie-akademiese of tegniese vaardigheidsfaktore asook die aansoeker se bereidheid om hom met die doelstelling en algemene signatuur van die koerant te assosieer (De Beer, 1977a:91).

Daar bestaan wel skakeling tussen departemente van kommunikasie en die pers in Suid-Afrika oor kursusse in joernalistiek (vergelyk Hoofstuk 5), maar die pers is nie verplig om die aanbevelinge te aanvaar nie. Soos in bogenoemde hoofstuk aangedui sal word, word ook deur sommige departemente beweer dat dit nie hul taak is om "joernaliste op te lei" nie. Barber (1965:20) toon egter aan dat dit juis die taak van die universiteit is om deur middel van opleiding en onderrig 'n bydrae tot die professionalisering van beroepe te lewer.

Daar is in Suid-Afrika op sporadiese wyse samesprekinge tussen lede van die pers, die Persunie en die Departement van Nasionale Opvoeding asook verteenwoordigers van die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys oor die onderrig van joernalistiek gehou. Dit het uitgeloop op die stigting van 'n driejarige diploma in joernalistiek aan die teknikons. Dié diploma is egter nie 'n vereiste vir toelating tot die beroep nie.

Anders as in die gevestigde professies oefen die pers of persorganisasies soos die Persunie en die SASJ geen regstreekse invloed of beheer uit oor die gehalte van die dosente in joernalistiek, doseerwerk of eksaminering nie.

* As voorbeeld hiervan het die assistent-redakteur belas met personeelaangeleenthede van die dagblad *Beeled*, mnr. S.S. de Swardt, aan skrywer op 1980-01-14 meegedeel dat daar tans minstens 20% redaksielede is wat grade in kommunikasie of joernalistiek verwerf het. Dit vertoon 'n stygende neiging sedert die koerant in 1974 gestig is toe daar net een redaksielid met 'n M-grad in joernalistiek was.

Opsommenderwys kan gestel word dat die infrastruktuur vir beheer oor onderrig en toelating wel bestaan, maar dat die joernalistieke beroep in Suid-Afrika wat hierdie aspek betref nog nie op formeel-organisatoriese vlak ver op die professionaliseringskontinuum gevorder het nie.

(c) Beroepskode

Die hele kwessie van onderrig en opleiding asook toelating tot die beroep en beheer oor die beroepslede hang saam met die kwessie van beroepskodes. 'n Beroep wat nie in staat is om 'n kode daar te stel waarvan al die elemente afdwingbaar is nie, kan nog nie op professionaliteit in die ware sin aanspraak maak nie. Oor die noodsaaklikheid dat 'n beroepskode vir die joernalistiek oor die nodige afdwingbare sanksie moet beskik, het Pienaar (1968:209-210) reeds twaalf jaar gelede met betrekking tot die Suid-Afrikaanse joernalistiek aange-
toon dat die destydse persverwysingsraad en gedragskode heeltemal ontoereikend was vir die skepping van toestande waarin dit vir die staat onnodig sou wees om in die funksionering van die joernalistiek in te gryp. Pienaar (1968:209-210) stel dit so:

"Na slegs enkele jare het geblyk dat die bestaande Perskode veel te ruim en die bestaande Verwysingsraad met veel te min gesag beklee is. Eers wanneer onderwerping aan die Verwysingsraad verpligtend is en die Verwysingsraad met die gesag van 'n instelling soos byvoorbeeld die Mediese Raad beklee is, sodat uitsluiting uit die beroep moontlik word, sal die pers in staat wees om teenoor die staat te onderneem om skadelike praktyke self uit te skakel. Uitbreiding van die gesag van die Persverwysingsraad behoort die verlening van mag aan die Raad in te sluit om op te tree teen organe wat die pers se primêre verpligtinge, naamlik betroubare beriggewing en so-wel intelligente as billike kommentaar, nie na behore nakom nie, soos byvoorbeeld teen geneeshere opgetree word wat so handel dat hulle die aansien van die beroep skaad.

"Dit impliseer die aanlê van 'n register van diensdoende joernaliste, soos byvoorbeeld die prokureurs of rekenmeesters, sodat skorsing doeltreffend kan wees. Dit impliseer ook die onderskrywing van die gedragskode deur alle nuusorgane en joernaliste. Soos tans geformuleer, is die Gedragskode niks-seggend en die Persverwysingsraad so magteloos dat dit die eerbied van nóg die staat nóg die pers afdwing."

Drie jaar gelede was die toestand in Suid-Afrika nie veel anders nie. Pienaar (1977:6-7) verwys in dié verband na die uitspraak van regter Heinrich de Villiers, eerste voorsitter van die destydse Persverwysingsraad, toe hy gesê het:

"Joernalistiek het in 'n beroep ontwikkel wat wyd beoefen word, maar, alhoewel joernaliste om hul eie belange te beskerm, verenigings geskep het, is daar geen beheer oor die toelating tot die beroep of oor die gedrag van sy lede soos in die meeste ander vrye beroepe nie."

Regter de Villiers het volgens Pienaar (1977:6) na die geneeskunde en die regte verwys as beroepe wat deur baie streng kodes beheer word en toe voortgegaan:

"Geen sodanige beheer oor die toelating of die uitoefening van die beroep van joernalistiek bestaan in enige plek van die wêreld waarvan ek weet nie. Dit was moontlik in groot mate toe te skrywe aan hierdie gebrek aan dissiplinêre toesig dat daar regverdiging ontstaan het vir die beskuldiging dat seksies van die pers objektiewe waarheid en juistheid prysgegee het vir sensasiebejag; en dat daarop aangedring is dat die pers onderworpe moet wees aan wetgewende beheer."

Pienaar (1977:6-8) wys dan daarop dat die gedragskode wat in 1977 in Suid-Afrika in werking gestel is, voorsiening maak vir die toepassing van tug wanneer die kode oortree word, maar dat daar geen sprake van die formulering van toelatingsvereistes tot en skorsing by ernstige oortreding uit die beroep is nie.

Pienaar (1977:6-8) waarsku dan dat die pers dringend aandag aan hierdie kwessie moet gee:

"Die pers verkoop nie negosieware nie, hy handel in nuus, kommentaar, gedagtes en denkbearde. Die groot publiek, die pers self, wil dat die doen en late van groot en landsbelangrike ondernemings wetgewend beheer word indien nodig, maar waarom moet 'n beginsel wat vir een groot onderneming geld, vir 'n tweede uit die bose wees? Die pers voer aan dat hy 'n waghondfunksie het. Hy is waghond oor die regering, die samelewing as geheel, maar wie is waghond oor die pers met sy magtige invloed ten goede of ten kwade?"

Pienaar stel dan dat die openbare belang waarskynlik nie 'n staatsbeheerde pers vereis nie en dat dit in elk geval teen die demokratiese vryheidsgevoel indruis. Die belangrike vraag is egter of die pers geneë en in staat is om soos die geordende professies self indringend genoeg op te tree. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat òf die pers self (wat verkieslik sou wees) òf die staat toetrede tot die joernalistiek moet bemoeilik en uittrede vergemaklik (Pienaar, 1977:7-8).

Oor hoe hierdie kwessie gehanteer moet word, het Pienaar reeds twaalf jaar gelede

duidelik aanduiding gegee toe hy 'n uitbreiding van die gesag van die Persraad bepleit het sodat opgetree kon word wanneer daar nie aan die pers se primêre verpligtinge, betroubare berigging en intelligente en billike kommentaar, na behore voldoen word nie. Pienaar (1968:209-210) stel dit so:

"Dit impliseer die aanlê van 'n register van diensdoende joernaliste, soos byvoorbeeld van prokureurs of rekenmeesters, sodat skorsing doeltreffend kan wees. Dit impliseer ook die onderskrywing van die gedragskode deur alle nuusorgane en joernaliste.

"Om die bestaan van 'n register sinvol te maak, behoort die beroepstatus van joernaliste aansienlik verhoog te word, sodat die pers daarin kan slaag om op 'n skerp mededingende arbeidsmark genoeg joernaliste te trek wat aan die hoogste eise van die beroep sal kan voldoen, en hulle na opleiding te kan behou.

"Die stelselmatige verhoging van die standaard waaraan joernaliste moet voldoen (om in die moderne tyd as geestelike leiers die publiek oor gekompliseerde nasionale en internasionale strominge betroubaar en intelligent te kan inlig en voorlig), sal die uitwerking hê dat sowel die staat as die burgers groter agting vir die pers en sy werknemers sal ontwikkel, wat op sy beurt die verkryging van inligting sal vergemaklik en die kommentaar van die pers met groter gesag sal beklee."

In die afwesigheid van behoorlik afdwingbare kodes (onder meer vanweë 'n gebrek aan universele norme, vergelyk Hulteng, 1976: 1-4) in die Westerse persbestel (vergelyk byvoorbeeld die omvattende werk van Rampal, 1976), het daar in die afgelope dekade besondere aandrag in veral Amerika en in sekere Wes-Europese lande ontstaan dat joernaliste en die publiek self regstreeks toegang en inspraak in die redaksionele proses moet verkry. Daar word vervolgens kortliks hierop gelet.

(d) Inspraak en toegang tot die redaksionele proses

Daar kan veral drie fasette in die beweging om toegang tot (*access*) en verantwoordbaarheid van die pers (*accountability*) te verkry, onderskei word.

(i) Persrade

Persrade kom nou feitlik oor die hele wêreld voor, en met die uitsondering van Frankryk het feitlik alle geïndustrialiseerde demokrasieë een of ander soort

persraad (vergelyk Rampal, 1976). Maar, soos Bertrand (1977:217) in sy evaluering van persrade aandui, is daar relatief min oor die funksionering van die rade bekend. Een van die redes hiervoor is dat persrade dikwels deur persbase gesien word as 'n metode om die media te verplig om die openbare belang te dien. Daarby is daar 'n voortdurende tweestryd tussen die publiek as ontvangers van nuus en met 'n reg om ingelig te word, aan die een kant, en die joernaliste aan die ander kant wat oor die vermoë, opleiding en talente beskik om hierdie inligting oor te dra. Dan is daar ook die tweestryd tussen die bestuur of eienaars van die pers aan die een kant en die landowerheid aan die ander kant wat volgens Hohenberg (1978:39 e.v.) en ook Pienaar (1968:22 e.v.) in 'n voortdurende stryd of *adversary*-verhouding teenoor mekaar staan.

Hoewel sommige persrade meer suksesvol is as ander - byvoorbeeld die Britse persraad (Paul, 1972:20 e.v.), is daar taamlik teenstand teen die gedagte dat persrade soos die professionele rade van geneeskunde en die regte ontwikkel moet word (Hendriks, 1976:21). Dié standpunt het veral in Amerika aanleiding gegee tot die aandrang op openbare toegang tot die pers.

(ii) Inspraak deur die publiek

In opvolging van die Skandinawiese konsep van die ombudsman (Hulteng, 1976: 234-235) is daar in die sestigerjare spesifieke persone in die redaksie van sekere Amerikaanse koerante aangestel om namens die publiek waghond vir die publiek oor die koerant te speel (vergelyk Babb, 1976, se versamelwerk oor die aktiwiteite van die *Washington Post* se ombudsman asook die werke van perskritici soos Barron, 1975, en Bagdikian, 1969). Vergelyk ook Hoofstuk 3.4.3.4 (b) oor hierdie faset.

Die aandrang op groter selfkritiek (vergelyk Diamond, 1976) en die voortdurende aandrang op groter inspraak en toegang van die publiek tot die pers (vergelyk Schmidt, 1976, en Barron, 1975) het egter daartoe gelei dat die pers verskillende interne metodes ontwikkel en verbeter het om kontak met die publiek te verbeter.

Soos Sanders (1975:148-168) en Bittner (1977:288-304) aandui, was hierdie pogings daarop ingestel om groter betrokkenheid van joernalis en leser by die nuusproses te verseker, maar ook om die beheer van die joernalistieke taak steeds in die hande van die pers self te hou. Voorbeelde van hierdie aksies

was die instelling van die genoemde ombudsmanprogramme, adviesrade, akkuraatheidsvorme wat in die koerant gepubliseer word nadat leser-reaksies ontvang is, staande rubrieke vir regstellings, groter en beter lesersopnames en die ontwikkeling van spesiale bladsye vir lesersmenings bo en behalwe die tradisionele briewe aan die redaksie.

Anders as byvoorbeeld in sekere Wes-Europese lande waar daar 'n wetlike reg tot antwoord in die pers vir die publiek bestaan (vergelyk Platel, 1971), was al hierdie interne maatreëls op 'n vrywillige basis georganiseer en bestaan daar in die Amerikaans-Brits-Suid-Afrikaanse opset nie 'n wetlike reg vir die publiek om deur enige van die interne maatreëls toegang tot die redaksionele proses te verkry nie. In Brittanje en Suid-Afrika en in sekere Amerikaanse state is toegang tot 'n persraad na aanleiding van bepaalde klagtes oor sekere beriggewing wel moontlik. Soos Baker & Ball (1972:55-59) aantoon, sal die pers heelwat meer moet doen om werklik op positiewe wyse teenoor die publiek en die staat se kritiek te reageer. Wat dus nodig is, is nie om bloot deur 'n gestadige proses van 'n *reluctant reformation* (Brown, 1971) te beweeg nie, maar om aktief te reageer en op te tree volgens die eise en noodsaak van hedendaagse eise. Soos Shaw (1977:229) aantoon:

"Newspapers *are* responding to their changing environment; whether their response will prove to have been quick enough - and intelligent enough - is something that can only be judged by future generations of readers... and non-readers."

Die pers sal nie net op die eise van die staat en die publiek moet reageer nie, maar ook toenemend op die eise van joernaliste. Dit blyk uit die volgende kort bespreking.

(iii) Inspraak deur joernaliste

Persbesture sal toenemend rekening moet hou met wat veral in Wes-Europa as joernalistieke inspraak (Boone, 1977:1-4) of redaksionele medeseggenskap en ook seggenskap (Bartman, Van Dijk, Hofland, Kempers, Spanjer, Tromp en Wieten, 1974:5) bekend staan.

Onder inspraak word dan verstaan die situasie waardeur redaksieledede die reg verkry om òf invloed uit te oefen, òf minstens hul standpunt bekend te maak ten opsigte van besluite wat op redaksionele terrein geneem word. Die term slaan dus

op situasies waar redaksielede oor bepaalde besluite ingelig moet word, terwyl daar ook oor duidelik omskrewe sake met hul oorleg gepleeg moet word voordat besluite geneem word.

Medeseggenskap behels onder meer dat redaksielede die bevoegdheid verkry om aan die besluitnemingsproses deel te neem en om onder sekere omstandighede besluite deur te voer of te veto.

Onder seggenskap word verstaan die situasie waarin die redaksie 'n deurslaggewende invloed het op die voorbereiding, die neem en die uitvoering van elke beslissing met betrekking tot redaksionele of selfs die pers se handelsbeleid. Vir die professionalisering van die joernalistiek sal ook aan hierdie aspek ernstige aandag gegee moet word. Volgens Bartman e.a. (1974:1 e.v.) word die argument al sterker dat joernaliste as professionele (wat 'n spesiale funksie in die samelewing moet vervul) uiteraard ook inspraak in die wyse moet hê waarop daardie funksie uitgevoer moet word.

3.4.3.5 Opsomming van struktuur- en organisasie-dimensie

Binne die struktuur/organisasie-dimensie van professionalisering het die pers 'n belangrike rol om as kultuurprodukt aan die veranderende eise van die tyd te voldoen. Soos P.J. Cillié dit in 'n lesing oor die rol van die pers gestel het (*Die Burger*, 1978-03-30:3).

"Ons het te doen met ingrypend veranderende waardes, waarby hy (die pers) hom sal moet aanpas ter wille van veel meer as sy eie vryheid.

"Ons gemeenskaplike stryd in Suider-Afrika is of behoort te wees vir die behoud en ontwikkeling van ons gemeenskaplike beskawing. Die alternatief van verval in 'n eeu van barbarisme, tirannie en namelose menslike ontbering, word al hoe duideliker.

"Die pers, net soos elke burger en instelling, moet sy funksie vind en bepaal teen daardie agtergrond, wat geen neutraliteit duld nie."

Vir die Afrikaanse koerant lê daar 'n belangrike taak voor om deur middel van sy oriëntasie, struktuur en organisasie sy eie lesers en publiek wat hy dien, te oortuig van sy doel en roeping. Soos Willem de Klerk dit in 'n oorsig oor

die Afrikaner en sy koerant in 1978 gestel het (*Rapport*, 1978-01-08:10):

"Dis nie ons werk om beleid te ontwerp nie, maar dis wel die Afrikaanse koerante se werk om binnekring-reaksies op beleid deur te gee, beleid te toets, te weeg en te meet, vrae te stel, doodloopstrate te identifiseer.

"Die terugpraat van Afrikaanse koerante deur menings deur te gee en menings uit te spreek, is deel van sy opgelegde werk. Dis een van die doelstellings van koerantwees."

In twee ander uitsprake het dié hoofredakteur van *Die Transvaler* gesê die pers moet altyd deur die staat en die publiek getoets kan word (*Die Transvaler*, 1980-01-17:2), maar, het hy in 'n ander verband gevra (*Die Transvaler*, 1979-12-08:6), of die Afrikaanse koerant besef dat hy 'n besondere taak het:

"Bied die Afrikaanse koerant aan wat gevra word, of lig hy stelselmatig die volksmaak op na 'n hoër vlak?

"Is die Afrikaanse koerante modern genoeg om die nuwe geslag Afrikaners betrokke te maak by die nuwe gestaltes of is die koerante té tradisioneel in hulle joernalistieke inhoud, styl en aktualiteit?"

Hoewel die perswese en die joernalistiek in Suid-Afrika oor die basiese infrastruktuur ten opsigte van oriëntasie, struktuur/organisasie beskik om as volwaardige professionaliserende beroep beskou te word, sal verdere navorsing moet aantoon of die joernalistiek met sy huidige organisatoriese struktuur in staat is om aan besondere eise van professionalisering te voldoen. Dat dié aspek besonder aktueel is, blyk uit die gebeure wat die laaste paar jaar spesifiek in Suid-Afrika uitgespeel het op 'n gespanne houding tussen die staat en die pers.*

In die begin van 1977 het die Regering bekend gemaak dat hy 'n wet op nuusblaai beoog om die pers te dissiplineer. Daar is onder meer aangevoer dat Suid-Afrika sō 'n wet nodig het omdat die land effektief in 'n staat van oorlog verkeer. Buitengewone maatreëls moes ingestel word om sekere dele van die pers en individuele joernaliste aan bande te lê wanneer feite (veral oor rasse- en veiligheidsake) so *verdraai* word dat dit die goeie orde en veiligheid van die land in gevaar stel. Heelwat kritiek is teen die wetsontwerp uitgespreek, onder meer omdat die bepalinge daarin vervat uiters vaag was, en dit is eventueel teruggetrek. Die Regering het besluit om nie in daardie stadium spesifieke statutêre beheermaatreëls

* Vergelyk onder meer: De Beer, A.S., Die persdebat van 1977, *Aambeeld*, 5(1), 14-15; Hoe ingelig is ons oor ons situasie?, *Aambeeld*, 8(2), 7-10.

teen die pers in te stel nie, maar dat die pers deur middel van sy eie raad (die SA Persunie as verteenwoordiger van die perseienaars) en met die hulp van 'n perssekretariaat verbonde aan die Premier se kantoor, homself sou dissiplineer.

Die staat was klaarblyklik nie tevrede met die vordering wat in dié verband gemaak is nie, want einde 1979 en begin 1980 het etlike nuwe stappe gevolg om bepaalde vorms van optrede teen die pers moontlik te maak. Ondanks die feit dat daar tot in daardie stadium reeds meer as sewentig wette bestaan het (*The Star*, 1980.06.07:7) wat een of ander beperking op persoptrede gelê het, is nog 'n nuwe wetgewing onder meer met betrekking tot weermag- en polisie sake, deurgevoer. Daarby het die staat ook 'n kommissie onder voorsitterskap van regter M.T. Steyn aangestel om berigging oor die laasgenoemde twee sake te ondersoek. (Ná afhandeling van hierdie ondersoek is nog 'n kommissie onder voorsitterskap van regter Steyn in 1980 aangestel om oor 'n wye spektrum ondersoek na die pers in te stel.)

Die verhouding staat-pers soos dit deur die kwessie van professionalisering geraak word, val nie binne die primêre bestek van hierdie ondersoek nie. Soos egter uit die beknopte voorafgaande bespreking met betrekking tot die struktuur/organisasie-dimensie blyk, is dit klaarblyklik 'n onderwerp wat ernstig en spoedeisende navorsing regverdig. Ook vir die dagbladjoernalistiek in Suid-Afrika is dit 'n onontkombare vraag op welke wyse toenemende professionalisering met betrekking tot die struktuur/organisasie-dimensie kan bydra om die *adversary*-verhouding tussen pers en staat by te lê.

3.5 OPSOMMING VAN HOOFSTUK 3

In hierdie hoofstuk is die vraag gestel of die joernalistiek kan professionaliseer, en indien wel, waarom dit noodsaaklik is. Daar is aan die hand van 'n literatuuroorsig van konseptuele en empiriese ondersoeke aangetoon dat die joernalistiek veel meer as 'n blote kuns of ambag is. Etlike empiriese ondersoeke in vergelykbare sosiale sisteem-stelsels het getoon dat die joernalistiek, hoewel nie 'n profesie in die tradisionele sin nie, wel duidelik die kenmerke van 'n professionaliserende beroep dra.

Met betrekking tot die vraag waarom dit noodsaaklik is dat die joernalistiek moet professionaliseer, is 'n antwoord binne die raamwerk van die JP-model gegee. Daar is in die eerste plek aangetoon dat die joernalistiek as 'n primêre kennisberoep in die tagtigerjare midde in 'n kennistegnologiese revolusie sal

staan. Dit bring mee dat die beroep ernstig kennis moet neem van wat futurologiese skrywers oor die omstandighede van die tagtigerjare te sê het soos dit die joernalistiek en die dagbladwese sal raak. Oor die hele kwessie van hoe die joernalistiek met betrekking tot die kennis-dimensie toenemend moet professionaliseer, word in Hoofstuk 4 teruggekom.

In die tweede plek is daarop gewys dat die joernalis nie sal kan ontkom nie aan 'n professionele oriëntasie ten opsigte van sy selfbeeld, sy beroep en die gemeenskap waarin hy werk - veral nie wanneer hierdie oriëntasie beskou word teen die eise van 'n kennis- en tegnologiese ontploffing nie.

Wat met dié afdeling aangetoon is, is dat daar van die individuele joernalis sowel as die pers as instituut van die samelewing 'n bepaalde professionele oriëntasie ten opsigte van die joernalistiek as beroep, die verhouding tot die publiek en die staat verwag kan word. Nie alleen moet die joernalis hom op professionele wyse instel ten opsigte van die kennis en tegnologiese ontploffing van die tagtigerjare nie, maar sal hy ook 'n groter besef moet hê van sy geweldige impak op hierdie kennis en die feit dat sy professionele oriëntasie van deurslaggewende belang vir die samelewing kan wees.

In die derde plek is daar aangedui dat besondere professionele kundigheid en aanpassing met betrekking tot struktuur en organisasie in die tagtigerjare van die joernalistiek verwag sal word. Daar is binne die konteks van die struktuur en organisasie van die beroep gelet op die vereistes van monopolie, outoriteit en outonomie as wyse waarvolgens op gestruktureerde wyse hoër vlakke van professionaliteit bereik kan word. Dit is veral ook belangrik vanweë die Suid-Afrikaanse opset.

In die volgende hoofstuk word daar nou spesifiek op die kennisdimensie as vereiste van joernalistieke professionalisering gelet.

Hoofstuk Vier

Die kennis-dimensie as basis vir professionalisering

Waarskynlik die mees fundamentele en kerneienskap van die professies is dat die uitvoering daarvan 'n besonder hoë graad van superieure tegniese vaardigheid vereis, wat voortvloei uit en ondersteun word deur 'n bepaalde kennisveld en substantiewe teoretiese onderbou gebaseer op navorsing (Nayman, 1973:208; Steyn, 1976:112). Soos in hierdie ondersoek aangetoon, gaan feitlik alle skrywers en navorsers op die terrein van die professionalisering van beroepe van die standpunt uit dat die kennisveld primêr en onderliggend aan die professies en as sodanig een van die kardinale onderskeidings in vergelyking met die nie-professies is (vergelyk Hoofstuk 2).

Die inhoud en sistematiesing van die verskillende attribute wat in die kennis-dimensie tuishoort, word nie deur alle navorsers eenders gedefinieer nie. S6 verwys Flexner (1915:904) na intellektuele inhoud en Carr-Saunders & Wilson (1933:284) na intellektuele optrede en 'n kennissisteam, waaronder dan ook praktiese toepassing. Soos Steyn (1976:112) egter aantoon, kan hierdie attribute saamgevat word onder die algemene noemer teoretiese onderbou, wat naas genoemde kenniselement as voorvereiste vir 'n substantiewe teorie ook oor vier ander aspekte moet beskik, naamlik vaardigheid by toepassing (Greenwood, 1966:11), onderrig en voorbereiding (Pavalko, 1971:19) navorsing (Greenwood, 1966:12) en vakliteratuur (Wentink, 1972:92).

Vir die joernalistiek is dit van primêre en kardinale belang dat die kennis-dimensie een van die mees sentrale elemente in die professionaliseringsproses is (vergelyk Greenwood, 1966:11). Soos in Hoofstuk 3.3.1 aangedui, is die joernalistiek nie net self 'n kennisberoep nie, maar sal die joernalis in die tagtigerjare te midde van 'n steeds toenemende tegnologiese en kennisontploffing (vergelyk Toffler, 1977) sy beroepsaktiwiteite moet verrig (Carey, 1969: 23-27; Miller, 1977:176-193).

Die ander twee dimensies van die professionaliseringsproses - oriëntasie en struktuur/organisasie - is uiteraard van besondere belang vir die joernalistiek (vergelyk Hoofstukke 3.4.2 en 3.4.3), maar die kennisdimensie is van deurslaggewende belang, omdat dié aspek ongetwyfeld die enkel belangrike funksie van die koerant is (vergelyk Pienaar, 1968:197-198). Hierdie dimensie vind sy neerslag hoofsaaklik in die primêre aktiwiteite van nuuslewering en tendensstelling (Wright, 1974:98 e.v.) waaraan toenemende eise gestel gaan word (vergelyk LeRoy & Sterling, 1973:83 e.v.; Roshco, 1975:121 e.v. en Hoofstuk 3.3). In 'n samelewing waarin een van die mees sentrale probleme die toenemende kompleksiteit van informasie en informasie-kanale is (Singer, 1973:2 e.v.), is die noodwendige gevolg dat al groter eise aan die joernalistieke kennisdimensie gestel sal word om kennis só oor te dra dat 'n geïndustrialiseerde en *post-industrial* samelewing sinvol kan bly voortbestaan.

Met betrekking tot die professionalisering van die joernalistiek is dit derhalwe noodsaaklik om die vraag te ondersoek of die joernalis oor die nodige kennis beskik om substantief-teoreties oor sy vakgebied en die invloed daarvan op die samelewing te dink, en of hy oor die nodige vermoë beskik om hierdie kennis toe te pas in 'n kennissisteem waaruit verdere teorievorming en navorsing kan spruit. Dit sal ook noodsaaklik wees om die vraag te ondersoek in welke mate die joernalis in die huidige opset aan hierdie vereistes aandag gee.

Kortom, die vraag moet ondersoek word of die joernalistiek met betrekking tot die kennisdimensie as 'n professionaliserende beroep in die tagtigerjare bestempel kan word. Met die JP-model as raamwerk (vergelyk Hoofstuk 2.6.2) word dié vraag vervolgens bespreek met spesifieke verwysing na die kennissisteem, teorievorming, onderrig en opleiding, tegniese vaardighede, navorsing en vakliteratuur. In hierdie hoofstuk word net eers aandag aan die kennissisteem en die vorming van teorieë gegee. Die ander aspekte word dan in Hoofstukke 5 en 6 behandel.

4.1 DIE KENNISSISTEEM AS BASIS VIR TEORIEVORMING

'n Taamlik algemene siening van die joernalistiek, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die buiteland, is dat dit 'n groot gebrek toon aan wat Steyn (1976: 112) 'n interne konsekwente samehangende sisteem van teorie noem. Hierdie standpunt is nie net tot die kritici van die joernalistiek beperk nie, maar ook talle navorsers op die terrein is van mening dat:

"Die Publizistikwissenschaft kennt noch keinen allgemein anerkannten theoretischen Bezugsrahmen und keine eindeutige wissenschaftliche Sprache und Methode. Sie befindet sich, wenn man es so ausdrücken will, in einem ernstesten rationalen Aufbruch der Wissenschaftswerdung, in welchem erkenntnis- und wissenschaftstheoretische Fragen primäre Bedeutung erlangen: Fragen der Begriffs- und Theoriebildung, Probleme der wissenschaftlichen Sprache, der Bestätigungs- und Ueberprüfungsart der wissenschaftlichen Aussagen einerseits und direkte Erörterungen der Existenzberechtigung einer einseitigen Disziplin 'Publizistik-wissenschaft' und ihrer Stellung im Kreis der übrigen Wissenschaften andererseits" (Marthy, 1974:7).

In dié hoofstuk sal egter aangetoon word dat bogenoemde standpunt nie sonder meer aanvaar kan word nie aangesien daar wel deeglik teorieë oor die joernalistiek tot stand gekom het. Die probleem is egter dat die verskillende teoretiese uitgangspunte nog nie in 'n interne konsekwente samehangende sisteem van kennis vervat is nie. Dit is ook 'n vraag in welke mate die joernalis in die uitoefening van sy beroepsaktiwiteite van hierdie teoretiese kennis bewus is en hoe hy dit implisiet of eksplisiet in sy beroepsbeoefening toepas.

Alle beroepe beskik in 'n mindere of meerdere mate oor 'n eiesoortige kennissisteem. Die kennis wat egter van die professionele beroepe vereis word, moet aan bepaalde vereistes voldoen (Steyn, 1976:112):

"So word dit vereis dat hierdie kennis georganiseer moet wees in 'n intern konsekwente en logies-samehangende sisteem van teorieë, wat bestaan uit 'n sisteem van gekodifiseerde abstrakte proposisies wat in algemene terme die klasse van die verskynsels wat die professie as belang-fokus daarstel, beskryf, verklaar."

Professionele kennis vertoon 'n verskeidenheid van kenmerke, wat dan ook vir die joernalistiek bepaalde probleme bied.

(a) Esoteriese kennis

In die eerste plek kan professionele kennis van gewone beroepskennis daarin onderskei word dat eersgenoemde esoteries van aard is (Jackson, 1970:11). Voorts verleen dit ook aan die *ware* professioneel 'n soort mistieke kwaliteit (Jackson, 1970:7) waardeur hy teenoor leke te kenne kan gee dat hy oor bepaalde kennis en vaardighede beskik wat aan hom die eksklusiewe reg verleen om die besondere beroep te bedryf (Montagna, 1977:203). Aan die ander kant is die

implikasie hiervan dat die besondere esoteriese kennis waaroor die professioneel beskik, hom in staat moet stel om gesaghebbende besluite op sy terrein te neem.

Volgens Jackson (1970:10-11) is dit 'n kenmerk van esoteriese kennis dat die besitter daarvan in omstandighede werk wat gewoonlik vir die leek uitgesluit of taboe is (byvoorbeeld die ondersoek van pasiënte deur medici). In hierdie konteks sou egter ook heelwat aktiwiteite van die joernalis geplaas kon word wat 'n wye reeks optredes insluit wat nie normaal deur die publiek ervaar word nie (byvoorbeeld die bywoning van nadoodse ondersoeke en die opsoek van 'n persoon wie se familie vermoor is).

Uitsluiting van leke tot esoteriese kennis verleen egter nie noodwendig aan 'n beroep professionele status nie. Soos Jackson (1970:11) aantoon, word die professionele graad van esoteriese kennis hoofsaaklik bepaal deur die aard en omvang daarvan en in die moeilikheidsgraad wat vereis word om dit te verkry. Die status van esoteriese kennis word ook bepaal deur die wyse waarop dit oorgedra word (byvoorbeeld die professor en die laerskoolonderwyser kommunikeer albei hul professionele kennis, maar weens die moeilikheidsgraad daarvan word die professor hoër op 'n professionele kontinuumskaal geag as die laerskoolonderwyser). In hierdie opsig bied die esoteriese kennisaspek vir die joernalistiek 'n besondere probleem omdat die algemene breë publiek die ontvanger van die joernalistieke boodskap is. Anders as in die geval moontlik van die Wes-Europese gehalte- en spesialisasiepers (Merrill, 1968:55-84) moet die algemene dagblad in Anglo-Amerikaanse lande en ook in Suid-Afrika aanvaar dat sy lesers oor die hele opvoedkundige en ekonomiese spektrum versprei is (Swart, 1976:99-113). Omdat nuus gemeenskaplike besit is (anders as byvoorbeeld die mediese kennis van 'n dokter), kan die leke-publiek uiteraard nie daarvan uitgesluit word nie. Vir die joernalistiek lê dié professionaliteitskenmerk egter daarin dat die joernalis uit hoofde van sy beroep toegang tot bepaalde kennis het wat nie onder normale omstandighede vir die publiek beskikbaar is nie (byvoorbeeld militêre inligtingsessies).

Hoewel die joernalis se gespesialiseerde kennis dus nie esoteries in die sin van mediese kennis is nie, het ontwikkelinge die laaste paar dekades getoon dat joernalistieke kennis juis toenemend van esoteriese aard word omdat nêr die joernalis al meer toegang tot sekere soort kennis verkry wat hy dan ook moet evalueer, vertolk en verwerk in die vorm van nuusberigte en kommentaar.

(b) Die aard van professionele kennis

Die aard van joernalistieke kennis bied ook besondere probleme in die professionaliseringsproses. Anders as natuurwetenskaplikes wat gewoonlik ondefinitiewe teenstrydige of onvoorspelde bevindinge volgens ongeïdentifiseerde veranderlikes, ontoereikende kontrole, onvoldoende data, steekproeffoute, ondersoekerseffekte, ens. kan probeer verklaar, beskik die joernalis nie oor dieselfde instrumente nie. In der waarheid moet die joernalis voortdurend worstel met wat Nilson (1979:570 e.v.) die *uncertainty principle in the professions* noem. Die joernalis moet vertolkings in nie-wetenskaplike taal doen van situasies en teenstrydighede in 'n kennisraamwerk wat hom leen tot dubbelsinnige betekenis (vergeelyk ook Hoofstuk 4.2.2.2).

Die beginsel van kennisonsekerheid bring mee dat die joernalis voortdurend met 'n klassifisering en vertolking van kennis te doen het wat onvoldoende is; waarin uitsonderinge en teenstrydighede gereeld voorkom; waarin die reëls vir vertolking voorlopig en nie eksakt is nie en waarin sy navorsingstegnieke nie voldoende gerasionaliseer word nie. Die uiteinde hiervan is dat die ontvanger van die joernalis se kennisprodukte dikwels nie die waarborg van volkome professionele gesaghebbendheid en deskundigheid sal hê nie. Dié probleem word vererger deur die feit dat die hedendaagse joernalis wel deskundig met betrekking tot die vaardighede van sy beroep kan wees, maar dat baie min deskundig is met betrekking tot al die materiële objekte waaroor hulle verslag doen (Wentink, 1972:86). Op hierdie aspek word in Hoofstuk 6 teruggekom.

(c) Gespesialiseerde kennis

'n Gebrek aan gespesialiseerde kennis bring ook mee dat koerantorganisasies soos ook ander professionaliserende beroepe (Etzioni, 1969:xi-xii), kennis van buite die beroep *koop* deur byvoorbeeld navorsing oor bemaking te laat doen, of om byvoorbeeld 'n nie-joernalis oor 'n spesifieke kennisveld te vra om 'n redaksionele bydrae te lewer (vergeelyk byvoorbeeld die boekeresensie-/ en kunsblad van dagblaaie). Hoewel die joernalis dan nie self oor die betrokke kennis beskik nie, moet hy nogtans in staat wees om die redaksionele bydrae van die nie-joernalis te kan beoordeel volgens die vereistes van die joernalistiek. ('n Klaarblyklike uitsondering in die verband is onder meer die tendensie by Suid-Afrikaanse koerante om ðf spesialiste aan te stel (byvoorbeeld 'n opgeleide historikus, *Beeld*, 1980-07-30:11, ðf ook redaksielede wat in spesifieke rigtings begin spesialiseer, byvoorbeeld militêre sake en omgewingsbewing).

Die gespesialiseerde aard van die kennis wat van die joernalis vereis word, verskil dan ook radikaal van ander professionaliserende beroepe. Vir professies soos die geneeskunde is kennis primêr van wetenskaplike (*scientific*) aard en in professies soos die regsgeleerdheid is die kennis nie *scientific* nie, maar primêr abstrak en gebaseer op 'n arbitrêr gekonstrueerde model van sosiale interaksies (Daniels, 1973:39-42). Die joernalis moet egter oor albei hierdie kennisvelde met relatiewe gemak kan beweeg.

Soos die onderwyser en die predikant is die joernalis se kennisbasis aan die een kant van 'n geesteswetenskaplike of gewoon normatiewe aard, terwyl hy aan die ander kant ook oor kennis met betrekking tot eksakte onderwerpe soos die natuurwetenskap (byvoorbeeld beriggewing oor kernsentrales) moet beskik (Schwartzlose, 1978:8). Hierby moet die joernalis ook nog oor die strukturele kennis van sy eie beroep beskik, terwyl dit ook toenemend van hom verwag word om kennis oor sowel die koerant as sosiale instrument of as bedryfsaktiwiteit te verkry (Dougherty, 1976:21-28).

Vir die joernalis sal sy kennisveld in die volgende dekade dus nie net as 'n toevalligheid kan dien nie, maar sal hy moet beseft dat sy besluitnemingsprosesse gebaseer op 'n bepaalde kennissistiem, toenemend ingewikkeld sal word (Dimmick, 1978:1 e.v.).

'n Besluit soos dié deur die Amerikaanse Nasionale Beroepsraad (vergelyk Hoofstuk 3.3.1) dat die joernalis nie oor "advanced knowledge acquired through a prolonged course of specialized study in journalism or communications in an institution of higher learning" (Terry, 1978:27) hoef te beskik nie, moet ernstig bevraagteken word wanneer daar na die toekomstige rol van die joernalis gekyk word. Soos Lang (1974:336) aantoon, sal die joernalis soos nooit voorheen nie die besitter van esoteriese kennis word waartoe hy vanweë die struktuur, aktiwiteite en funksies van die massamedia in die samelewing toenemend toegang sal kry. Dit is oor hierdie kennis waarvoor die joernalis moet beskik dat daar in die volgende aantal jare ernstig besin sal moet word.

Vir die joernalistiek, soos vir ander kennisberoepe, beteken dit egter nie die blote kompilasie van feitekennis nie. Soos Christians (1979:3) aantoon, is die Westerse mens, en veral ook die joernalis, té lank bloot beskou as 'n wese met 'n brein waar laasgenoemde hoofsaaklik gebruik moet word as 'n "container, a

a receptacle for environmental stimuli". Die noodsaaklikheid vir die joernalis sal nie net daarin geleë wees om blote data te akkumuleer, wat dan in tradisionele sin onbevraagteken *objektief* (vergelyk Hoofstuk 4.2.2.2) weergegee word nie, maar hy sal al meer in staat moet wees om aan die hand van 'n bepaalde kennissisteen krities te dink, toenemend gekompliseerde keuses tussen 'n wye aantal moontlikhede te doen en om waarde-oordele in al meer ingewikkelde probleemsituasies te vel (vergelyk byvoorbeeld R.van Reenen se berigging oor kerksake, *Beeld*, 1980.07.28:4).

Vir die joernalistiek, en meer spesifiek vir die individuele joernalis, sal dit dus noodsaaklik word om te besef dat 'n hoë premie op die kennis- en intellektuele sisteem van sy beroep geplaas sal word waardeur 'n bepaalde substantiewe teorie gebou moet word. Dit is hierdie kennisbasis wat deur Parsons (1968:547) so beskryf is:

"I conceive a profession to be a category of occupational role which is organized about the mastery of and fiduciary responsibility for any important segment of a society's cultural tradition, including responsibility for its perpetuation *and* for its future development. In addition, a profession may have responsibility for the application of its knowledge in practical situations."

Soos Greenwood (1957:45-55) en Carr-Saunders & Wilson (1966:4) dit stel, hang die kennissisteen saam met 'n professionele beskouing oor die noodsaaklikheid van 'n professionele oriëntasie teenoor intellektuele tegniek. Laasgenoemde is nie afhanklik van die struktuur van 'n besondere beroep nie, maar van die individu wat in die struktuur werk. Dit bring mee dat die verantwoordelikheid op individuele joernaliste rus om hulself op die hoogte te stel van die besondere kennis wat deur hulle beroep vereis word en om mee te werk aan die daarstelling van 'n algemene sisteem van sistematiese kennis (Ritzer, 1973:63).

Die joernalis as professioneel moet dus 'n baie gunstige beskouing verkry van intellektuele aktiwiteit as 'n noodsaalike voorvereiste vir die ontwikkeling van 'n kennissisteen vir sy beroep waarop nie net die toekoms van die beroep as sodanig nie, maar ook die joernalis se toekoms gebaseer kan word (Schwartz, 1977:2).

Indien aanvaar word dat intellektuele aktiwiteite professionalisering ten grondslag lê en as bron vir 'n bepaalde professionele oriëntasie en struktuur/organisasie dien, moet ook aanvaar word dat die joernalistiek toenemend 'n *dinkende* beroep moet word. Soos Hall (1969) dit stel:

"The stress on intellectual technique and important segments of cultural tradition runs through every definition of the professions and can perhaps be restated by saying that professions are organized around bodies of knowledge" (aangehaal deur Schwartz, 1977:13-14).

Kennis as teoretiese en abstrakte gegewe is moeiliker om te verkry as vaardigheidskennis wat meganies van aard is en deur middel van oefening en herhaling in die werksituasie ingeskerp kan word (Greenwood, 1966:11-12). As die joernalis dan met betrekking tot die vereistes wat sy beroep in die tagtigerjare aan hom gaan stel, oor sowel teoretiese as vaardigheidskennis moet beskik, ontstaan die vraag noodwendig wat die inhoud en aard van hierdie kennis moet wees.

Met die oog op die bogenoemde vraag het hierdie skrywer in 1977 en in 1979 twee veldondersoeke in Suid-Afrika oor die vereiste kennis-attribute van joernaliste gedoen. Dit is uitgevoer aan die hand van soortgelyke navorsing deur Starck, Schwartz en Sabine (1976:51-55) om 'n indruk van vereiste kennisattribute vir joernaliste in die VSA te verkry. In die 1977-ondersoek het hierdie skrywer Starck e.a. (1976) se tabel van kennis-attribute wesenlik onveranderd gehou, terwyl dit in die 1979-ondersoek aangepas en uitgebrei is met die oog op Suid-Afrikaanse omstandighede en die doeleindes van professionalisering. Hierdie ondersoek word vervolgens beskryf. Daarna word die navorsingsresultate met betrekking tot die verskillende toepaslike kennisattribute in hierdie hoofstuk bespreek. Relevante resultate uit die twee ondersoeke word in Hoofstukke 5 en 6 aan die orde gestel.

4.1.1 VELDONDERSOEKE MET BETREKKING TOT DIE KENNISDIMENSIE

In Hoofstuk 3 is aangetoon hoe verskillende professionaliseringsattribute deur middel van 'n konseptuele model in kennis-, oriëntasie- en struktuur/organisasie-dimensies ingedeel kan word. Aangesien die fokuspunt van hierdie ondersoek die kennis-dimensie is, is twee veldondersoeke uitgevoer om relevante empiriese gegewens met betrekking tot die Suid-Afrikaanse situasie te verkry. Wat laasgenoemde betref, was die hoofklem om 'n aanduiding van die posisie aan Afrikaanstalige dagblaaie, asook Afrikaanstalige voor- en nagraadse departemente van joernalistiek en kommunikasie te kry.

Twee ondersoeke is gedoen. In 1977 is die mening van Suid-Afrikaanse dag- en

weekbladredakteurs en dosente betrokke by alle Suid-Afrikaanse universiteits- en technikon-departemente van kommunikasie en joernalistiek ingewin. In 1979 is die 1977-ondersoek opgevolg met spesifieke beklemtoning van Afrikaanstalige dagbladjoernaliste en Afrikaanstalige voor- en nagraadse departemente van kommunikasie.

4.1.1.1 Die 1977-veldondersoek

Die 1977-veldondersoek het hoofsaaklik twee mikpunte gehad. Die eerste was om 'n aanduiding van sekere vrae met betrekking tot professionalisering oor die Suid-Afrikaanse dagbladspektrum heen te verkry, en die tweede was om die 1977-ondersoek as 'n basiese loodsstudie vir die verfyning van die 1979-ondersoek te gebruik.

(a) Doel

Die doel met die 1977-ondersoek was om data onder Suid-Afrikaanse joernaliste en Suid-Afrikaanse departemente van kommunikasie/joernalistiek in te win oor die kennis-dimensie van professionalisering.

(b) Prosedure

Die ondersoek het uit twee dele bestaan. In die eerste deel is 'n opname deur middel van vraelyste onder redakteurs van die metropolitaanse koerante in Suid-Afrika gedoen.

Twee vraelyste is per pos aan die redakteurs van al die koerante gestuur wat in die metropolitaanse afdeling van die Suid-Afrikaanse Persunie se ledelys van 1977-04-01 voorkom. Geen vraelys is aan die partikuliere *Southern Cross* (Rooms-Katolieke blad), die *SA Jewish Times* en die *Zionist Record* gestuur nie, asook nie aan *Weekend World* nie, wel aan *World*. Vraelyste is ook nie aan die *Citizen* gestuur wat nie lid van die Persunie is nie. Die vraelyste is deur redakteurs sowel as waarnemende redakteurs ingevul.

Die redakteurs is gevra om sekere vrae ten opsigte van joernalisattribute en werkgewerhoudings oor joernalistieke houdinge te beantwoord (vergelyk die 1977-vraelys in Bylae 1).

In 'n effe gewysigde weergawe van Starck e.a. (1976:51-55) se vraelys, is die redakteurs gevra om op drie stappe joernalisatiewe te reageer, naamlik kennis, vaardigheid en persoonlikheid. Daar was in dieselfde volgorde 10, 12 en 13 items in elke afdeling. Starck e.a. (1976) se items is deur ideë-sessies en onderhoude met redakteurs en dosente in joernalistiek ontwikkel. Twee van die items in die kennis-tabel is aangepas, *gatekeeper functions* na *news theory (history/structure/flow)* en *American History* na *South African history*. Die ander twee stappe items is onveranderd gelaat, aangesien die ondersoeker van mening was dat dit genoegsaam met die Suid-Afrikaanse joernalistieke opset ooreenstem. Aangesien die vraelyste aan Afrikaanstalige sowel as Engelsprekende redakteurs gestuur is, is die items nie vertaal nie.

Aan die respondente is twee opdragte gegee. Eerstens moes hulle dié drie items met 'n *Ja* aandui wat na hul mening *die belangrikste* vir joernaliste is. Daarna moes hulle in elke tabel dié drie items met 'n *Nee* aandui wat hulle *van die minste belang vir joernaliste* beskou. Dit was moeilik om te doen omdat elkeen van die items van belang vir die joernalis is. Die doel met die *nee-vrae* was om die relatiewe waarde van die verskillende items te bepaal. Die persentasie van respondente wat nie op bepaalde items gereageer het nie, is verkry deur die som van die *Ja*- en die *Nee*-response van 100 af te trek.

Die response van die Suid-Afrikaanse redakteurs is met dié van Starck e.a. (1976) se Amerikaanse redakteurs en dosente vergelyk waarna dit toegepas is met betrekking tot leerplaninhoud aan Suid-Afrikaanse universiteite.

(c) Resultate

'n Vraelys van hierdie aard gaan uiteraard mank aan die probleme wat Miller (1976:9-10) bespreek, maar vanweë beperkte finansiële bronne en die tydfaktor is dit vir die doeleindes van hierdie ondersoek as 'n aanvaarbare metode beskou.

Van die 32 vraelyste wat uitgestuur is, is 22 (68,8%) terug ontvang nadat opvolgtelegramme aan redakteurs buite Transvaal en telefoonoproepes aan dié in Transvaal gedoen is. Twee van die redakteurs het geantwoord dat hulle die vraelyste nie kon invul nie, en 'n derde het net die *Ja*-deel gedoen (N = 19; 59,4%).

In die tweede afdeling van die 1977-ondersoek (vergelyk Bylae 1) is response van die redakteurs verkry oor joernalistieke menings ten opsigte van universiteits-

opleiding en verwante sake (vergelyk Hoofstuk 5). Die vraelyste wat oor hierdie aspekte handel, is saam met die bogenoemde vraelys (dié oor die kennis- en ander attribute) en op dieselfde wyse aan dieselfde redakteurs gestuur. Net 18 van die redakteurs (N = 18, 56,3%) het op dié vraelys gereageer, en enige afleidings na aanleiding van die response is dus uiters beperk. Ondanks dié betreklik klein aantal respondente moet egter in gedagte gehou word dat die respondente meer as die helfte van die Suid-Afrikaanse dag- en weekbladredakteurs verteenwoordig het.

As deel van die 1977-ondersoek is vraelyste (vergelyk Bylae 2) ook aan al die universiteits- en teknikondepartemente van kommunikasie en joernalistiek van Suid-Afrika gestuur. Aangesien net twee departemente op die vraelys gereageer het, is die vraelys in die 1979-ondersoek in gewysigde vorm herhaal. Die resultate van die 1977-vraelyste aan die dosente kon dus nie gebruik word nie en daar is besluit om die response van die redakteurs, Starck e.a. (1976) se data en kursusbeskrywings in jaarboeke te gebruik as basis waarop die kursusinhoud van die verskillende departemente vergelyk en ontleed is (vergelyk Hoofstuk 5).

4.1.1.2 Die 1979-veldondersoek

In 1979 is 'n opvolgondersoek na aanleiding van die 1977-ondersoek gedoen. Die basiese doel met eersgenoemde was om enkele probleme wat met die 1977-ondersoek opgeduik het, te ondervang en ook om die ondersoek meer spesifiek tot Afrikaanstalige dagbladjoernaliste en onderrig aan Afrikaanstalige universiteite te rig (vergelyk Bylae 3).

(a) Doel

Die doel met die 1979-ondersoek was om die menings van Afrikaanstalige dagbladjoernaliste en dosente aan Afrikaanstalige voorgraadse én nagraadse universiteitsdepartemente in kommunikasie te verkry oor elemente van professionalisering soos dit verband hou met die kennis-dimensie van die JP-model wat vir hierdie ondersoek ontwerp is (vergelyk Hoofstuk 2.6.2).

(b) Prosedure

Dieselfde prosedure is met die 1979-ondersoek as met die 1977-ondersoek gevolg met betrekking tot die opstel en inwin van data.

Waar die universum in die 1977-ondersoek al die dag- en weekbladredakteurs van Suid-Afrikaanse Persunie-koerante was asook departementshoofde van alle departemente van kommunikasie en joernalistiek aan Suid-Afrikaanse universiteite en die teknikons, was die 1979-ondersoek se universum meer beperk.

Ten einde te bepaal wat die mening van senior Afrikaanstalige joernaliste verbonde aan Afrikaanstalige dagblaaië is, is vraelyste aan die vyf senior joernaliste van elke Afrikaanstalige dagblad gestuur. Volgens die S.A. Persunie se ledelys vir 1979 was daar 8 Afrikaanstalige dagblaaië. Altesame 40 vraelyste bestaande uit attribuut- en meningstabelle is aan die vyf mees senior beskikbare joernaliste van elk van die 8 Afrikaanstalige dagblaaië gestuur. In elke geval is die vraelyste aan die redakteur of waarnemende redakteur gestuur met die skriftelike versoek dat hy die vraelys self moet invul, asook die vier mees senior lede van sy redaksie (in enkele gevalle was dié lede nie beskikbaar nie en is die vraelyste deur die volgende redaksielede in senioriteit ingevul).

Dieselfde vraelys is ook aan die dosente verbonde aan die drie Afrikaanstalige residensiële universiteite gestuur wat kommunikasie/joernalistiek op voor- én nagraadse vlak aanbied, te wete die Potchefstroomse Universiteit, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Randse Afrikaanse Universiteit.

Vraelyste is ook aan die Universiteit van Suid-Afrika gestuur waar die departement kommunikasiekunde kursusse in Afrikaans en Engels op voor- en nagraadse vlak aanbied. Geen vraelyste is aan die Universiteit van Stellenbosch en Rhodes-universiteit gestuur nie. Die rede hiervoor is dat eersgenoemde slegs 'n nagraadse kursus aanbied en laasgenoemde 'n Engelstalige departement is, terwyl die opset van die 1979-ondersoek was om voorgraadse Afrikaanstalige departemente en Afrikaanstalige dagblaaië en joernaliste te betrek. Die teknikons is ook nie by dié ondersoek ingesluit nie aangesien die Nasionale Diploma in Joernalistiek net deur heeltydse personeel in Engels aan die Durbanse Technikon aangebied is. Die dosentepos in joernalistiek aan die Afrikaanstalige Pretoriase Technikon was ten tyde van die ondersoek vakant. Die betrokke departementshoofde van die vier universiteite in die ondersoek, asook die dosente regstreeks betrokke by die onderrig van joernalistiek aan hul onderskeie universiteite, het almal vraelyste ontvang.

Die 1979-vraelys het uit 'n begeleidende brief bestaan waarin biografiese gegewens gevra is, asook 'n versoek dat die vraelys so volledig moontlik ingevul moet

word sodat dit die mening van die respondent die beste weerspieël. Die respondente moes op ses tabelle met vrae reageer (vergeelyk Bylae 3).

In Tabel 1 is hul mening gevra oor die noodsaaklikste kennisattribute waaroor beginnerjoernaliste moet beskik. Hierdie attribute is uitgebrei en aangepas by die Suid-Afrikaanse omstandighede om 'n meer volledige beeld te bied as dié van Starck e.a. Vergelyk Hoofstuk 4.1.2 vir 'n bespreking van die resultate.

Die joernaliste moes op dieselfde wyse in Tabel 2 (belangrikheid van vaardighedsattribute) en Tabel 3 (belangrikheid van persoonlikheidskwaliteite) reageer. Soos in die geval van Tabel 1 is ook hierdie tabelle uitgebrei en aangepas. Vergelyk Hoofstuk 5 vir Tabel 2 se resultate. Die inligting verkry met betrekking tot Tabel 3 is vanweë metodologiese probleme nie in hierdie ondersoek gebruik nie (ook nie die 1977-persoonlikheidsvraelys nie).

In Tabel 4 moes die joernaliste op 'n sestal vrae reageer. In vraag 1 moes die joernaliste aandui hoe positief hulle op studente van sekere departemente sou reageer by aanstelling, terwyl die dosente moes aandui hoe positief hulle die reaksie van die dagblaaie op joernalistieke onderrig beskou. Aangesien hierdie vraag uiters onvolledig beantwoord is, is dit nie vir die doeleindes van die ondersoek in aanmerking geneem nie.

In vraag 2 moes die belangrikste voordele en in vraag 3 die belangrikste nadele van joernalistieke onderrig genoem word. In vraag 4 moes 'n aanduiding gegee word van die belangrikste universiteitshoofvakke vir die joernalistiek; in vraag 5 die belangrikste probleme wat die perswese in die tagtigerjare sal konfronteer, en vraag 6 die belangrikste bydrae wat die pers tot joernalistieke onderrig kan lewer. Vergelyk Hoofstukke 4, 5 en 6 vir 'n bespreking van die resultate.

(c) Resultate

Altesaam 34 van die joernaliste het die vraelys teruggestuur (N = 34; 85%).

Van die agt dagblaaie wat by die ondersoek ingesluit is (vir die doeleindes van die ondersoek is almal as gehalte-blaaie beskou, vergelyk Hoofstuk 1.4.5) is die volgende vraelys terugontvang:

<i>Beeld</i>	5	<i>Die Burger</i>	4
<i>Die Transvaler</i>	5	<i>Die Oosterlig</i>	4
<i>Die Volksblad</i>	5	<i>Die Vaderland</i>	3
<i>Hoofstad</i>	5	<i>Oggendblad</i>	3

Die respondente het die volgende poste beklee:

Hoofredakteur	3	Redakteur buiteland	1
Assistent-hoofredakteur	1	Nuusredakteur	4
Besturende redakteur	1	Politieke korrespondent/verslaggewer	3
Assistent-redakteur	10	Hoofsubredakteur	1
Hoofredaksielid	2	Bylae-redakteur	2
Assistent tot redakteur	1	Sportredakteur	1
Politieke redakteur	1	Rubriekskrywer	1
Hoof: buitelandse nuus	1	Redaksionele verteenwoordiger	1

Die respondente het die volgende (hoogste) kwalifikasies verwerf:

PhD (Afrikaans)	1	BSc Honns (Landbou)	1
MA (Gesiedenis)	1	Bluris	1
MS (Joernalistiek)	1	BA Kommunikasie	1
L1B	1	BA	21
BA Honns (Afrika-studie/ ekonomie)	1	BComm	1
BA Honns (Gesiedenis)	2	Matriek	1
BA Honns (Staatsleer)	1		

Die gemiddelde aantal jare ervaring van die joernaliste was 18 jaar.

Dieselfde vraelyste is ook aan die dosente aan die drie Afrikaanstalige universiteite en die Universiteit van Suid-Afrika gestuur wat joernalistiek/kommunikasie op voor- én nagraadse vlak aanbied. Al dié dosente het gereageer (N = 14; 100%); vergelyk Hoofstuk 5 vir biografiese besonderhede.

Soos in die eerste vraelys (1977) is nie net die universum nie, maar ook die besondere aantal response wat ontvang is, besonder klein. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die departemente sowel as die koerante die totale universum van die betrokke instellings in Suid-Afrika verteenwoordig. Die individuele response van die dosente verteenwoordig die totale universum, terwyl vyf senior joernaliste van elk van die dagblaaie as die maksimum beskou is wanweë die redaksionele opset van Afrikaanstalige dagblaaie.

Die bostaande twee veldondersoeke se resultate word vollediger in Hoofstukke 4, 5 en 6 bespreek. In hierdie hoofstuk word dié aspekte bespreek wat regstreeks met die kennisattribuut verband hou.

4.1.2 BESPREKING VAN VELDONDERSOEKE MET BETREKKING TOT DIE 'KENNISSTEE- TEEM

Op die oog af wil dit soms voorkom of joernaliste en dosente haaks is oor die juiste inhoud van die kennissistees waarvoor joernaliste moet beskik. Heel dikwels is dit 'n geval van joernaliste wat uitgaan van die standpunt dat *those who can, preach - and those who can't teach*. Dosente weer meen dikwels dat hulle oor sowel die teoretiese as die praktiese kennis en ervaring beskik en derhalwe beter in staat is om hieroor te oordeel. Soos Starck e.a. (1976:51) dit beskryf:

"A sure-fire way to provoke an argument between journalism educators and news executives is to ask them what are the most important attributes that a reporter should have."

Starck e.a. (1956) bevind egter in hul ondersoek dat daar nie noodwendig 'n verskil is nie. Om die waarheid te sê, daar bestaan 'n verbasende ooreenkoms tussen die redakteurs en die dosente se menings oor hierdie kwessie. Wanneer die Suid-Afrikaanse joernaliste se standpunt volgens die 1977-ondersoek met dié van hulle Amerikaanse kollegas en Amerikaanse dosente vergelyk word, blyk dit dat daar ook 'n groot ooreenstemming is.

Dieselfde gevolgtrekking kan met betrekking tot die 1979-ondersoek gemaak word, naamlik dat daar relatief min verskille tussen Afrikaanstalige senior joernaliste en dosente in joernalistiek bestaan oor die noodsaaklikste kennisattribute waarvoor joernaliste moet beskik.

In die 1977-ondersoek het die respondente só op die vraelys gereageer:

TABEL 3: (op volgende bladsy)

TABEL 3: BELANGRIKHEID VAN KENNISITEMS VIR JOERNALISTE*

ITEMS	SUID-AFRIKAANSE JOERNALISTE		AMERIKAANSE JOERNALISTE		AMERIKAANSE DOSENTE	
	%JA (N=19)	%NEE	%JA (N=40)	%NEE	%JA (N=37)	%NEE
Gemeenskapstruktuur en -prosesse (sosiaal, polities en ekonomies)	74	11	93	0	89	03
Persreg	68	0	30	15	32	14
Persverantwoordelikheid	68	0	75	05	73	08
Effekte van die massa- media	21	26	25	30	14	27
Suid-Afrikaanse geskie- denis	16	5	08	15	22	14
Nuusteorie	16	26	18	45	08	49
Perseconomie	5	47	20	38	11	41
Ander kontemporêre kul- ture	5	63	0	70	05	59
Die mensdom se intellek- tuele en wetenskaplike geskiedenis	5	74	28	30	30	22
Joernalistieke tradisies en geskiedenis	5	26	03	55	08	59

Soos hul Amerikaanse kollegas (Starck e.a., 1976:51-55), beskou Suid-Afrikaanse redakteurs kennis van die gemeenskapstruktuur en -prosesse (sosiaal, polities en ekonomies), persreg en die pers se verantwoordelikheid in die samelewing as die belangrikste kennisattribute waaroor die joernalis moet beskik. Daarteenoor word kennis van die mens se intellektuele en wetenskaplike geskiedenis, ander kontemporêre kulture en die koerant se ekonomiese fasette die laagste aangeslaan. Nuusteorie, die joernalistiek se tradisies en geskiedenis, die effekte van die

* Vergelyk Bylae 1 vir die oorspronklike Engelstalige vraelys.

massamedia en Suid-Afrikaanse/Amerikaanse geskiedenis beklee 'n plek tussenin. (In Hoofstuk 5 word aangedui in welke mate aan hierdie verskillende kennisattribute in die universiteite en kolleges se leerplanne vir joernalistiek aandag gegee word.)

In die 1979-ondersoek (vergelyk Hoofstuk 4.1.1) is Starck e.a. (1976) se kennisattribute uitgebrei om voorsiening te maak vir ander aspekte wat implisiet of eksplisiet in die voorafgaande bespreking van die sosiologiese professionaliseringsvereistes aan die joernalistiek gestel word. In hierdie vraelys moes die senior joernaliste op 'n vyfpuntskaal aandui watter kennisitems hulle as van die grootste belang vir joernaliste beskou. Dieselfde vraelys is ook aan die dosente gestuur wat hulle op dieselfde wyse moes beantwoord. Aangesien hierdie vraelys aan Afrikaanstalige joernaliste en dosente gestuur is, is dieselfde probleem ten opsigte van 'n moontlike semantiese verskil soos by die 1977-ondersoek (waar Engelstalige en Afrikaanstalige joernaliste die vraelys moes beantwoord) uiteraard nie ondervind nie en daarom is Starck e.a. (1976) se items vertaal en saam met die ander in Afrikaans weergegee.

Die volgende tabel bied 'n beeld van die relatiewe waarde wat die joernaliste en dosente aan die verskillende kennisitems toegeken het:


TABEL 4: (op volgende bladsy)

TABEL 4: GEMIDDELDDES VAN RESPONSE TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN KENNISITEMS VIR JOERNALISTE (Op 'n skaal van 1-5, waar 1 = hoegenaamd nie van belang nie en 5 = van uiterste belang is)

<u>Kennisitems</u>	<u>Joernaliste</u> (N=34)	<u>Dosente</u> (N=14)
1 Reklame	2,05	2,92
2 'n Moderne Europese taal	2,26	2,75
3 Algemene bestuursbeginsels (waaronder kommunikasie in organisasies)	2,37	2,68
4 'n Natuurwetenskaplike vakrigting	2,38	2,30
5 Die kunste	2,52	2,74
6 Massakommunikasieteorie (onder meer teoretiese raamwerke vir die funksionering van die pers en die joernalistiek)	2,59	3,85
7 Persgeskiedenis (onder meer samestelling van persgroepe; invloed op die samelewing)	2,62	3,21
8 Persbedryfsaspekte (onder meer sirkulasie)	2,64	2,81
9 Sport	2,76	2,58
10 'n Ekonomiese vakrigting	2,79	2,82
11 Ander kontemporêre kulture	2,88	3,05
12 'n Swart Suid-Afrikaanse taal	3,03	3,60
13 Nuusteorie (basiese konsepte, eise van veranderende omstandighede)	3,48	4,47
14 Kontemporêre geskiedenis	3,73	3,60
15 Persetik (onder meer kodes, persverantwoordelikheid)	3,79	3,78
16 Algemene kennis	3,81	4,37
17 Persreg (onder meer laster en hofprosedure)	3,94	3,85
18 Praktiese joernalistiek (skryf van berigte, subwerk, bladuitleg)	4,33	4,44
19 Die Suid-Afrikaanse samelewingstruktuur (sosiaal, polities en ekonomies)	4,35	4,30

Hierdie verskille tussen dosente en joernaliste kan ook grafies s6 uitgedruk word:

FIGUUR 3: GRAFIESE VOORSTELLING VAN GEMIDDELDDES VAN RESPONSE TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN KENNISITEMS VIR JOERNALISTE (Op 'n skaal 1 - 5, waar 1 = hoegenaamd nie van belang nie en 5 = van uiterste belang)



Die gemiddeldes van die response van die joernaliste ($N = 34$) op die kennisitems word weergegee met 'n breë lyn, terwyl die soortgelyke response van die dosente ($N = 14$) weergegee word met 'n dunner lyn; vergelyk die vertikale skaal van 1 tot 5 waar 1 hoegenaamd nie van belang is nie en 5 van uiterste belang is.

Vir die doeleindes van vergelyking is die response van die joernaliste as basis gebruik, terwyl die ooreenstemmende response van die dosente teenoor die betrokke items afgelees kan word. Vir 'n verklaring van die verskillende items (sien die horisontale as met items van 1 - 19) vergelyk Tabel 4 op p.154.

Ten einde 'n indruk te kry van die mening van senior Afrikaanstalige joernaliste verbonde aan die agt Afrikaanstalige dagblaaie en die dosente verbonde aan die Afrikaanstalige (en ook Unisa-) departemente van kommunikasie wat joernalistiek op voor- en nagraadse vlak aanbied, word die response op die kennisitems soos verteenwoordig in Tabel 4 en grafies voorgestel in Figuur 3 vervolgens bespreek.

Aan die hand van bogenoemde tabel en grafiese voorstelling blyk dit dat senior joernaliste verbonde aan Afrikaanstalige dagblaale en dosente wat joernalistiek op voorgraadse én nagraadse vlak in Afrikaans doseer 'n besondere ooreenkoms vertoon in hul algemene beoordeling van kennisitems waarvoor joernaliste moet beskik. Dit is egter opvallend dat die dosente ten opsigte van die belangrikste kennisitems vir professionalisering 'n meer *professionele* inslag as die joernaliste vertoon.

Soos in hierdie ondersoek aangetoon, sal besondere eise aan joernalistieke kennis in die tagtigerjare gestel word ten opsigte van die joernalistiese basiese aktiwiteit, naamlik die verskaffing van nuus. Aan nuusteorie (Item 13) heg die dosente besondere belang, terwyl hulle ook die waarde van massakommunikasieteorie (Item 6) en persgeskiedenis (Item 7) hoër as die joernaliste ag. Anders gestel, die belangrikste en mees primêre items wat essensieel vir die ontwikkeling en daarstelling van 'n substansiële joernalistieke teorie is, word deur die joernaliste relatief laer as die dosente aangeslaan.

Soos in die 1977-ondersoek, toon die joernaliste egter dat hulle wel die waarde van dié teoretiese kenniselemente van die beroep besef deurdat hulle kennis van nuusteorie (Item 13) as *taamlik belangrik* bestempel. Die probleem lê egter by massakommunikasie-teorie, persgeskiedenis en ook persbedryfsaspekte wat op die vlak *van minder belang* val.

Daarteenoor is dit opvallend dat sowel joernaliste as dosente kennis oor die praktiese joernalistiek (Item 18) besonder hoog aanslaan. Te dikwels word die beswaar geopper dat joernalistieke kursusse té akademies is en dat nie genoeg aandag aan die praktiese aspekte gegee word nie. Wanneer egter aanvaar word dat die verwerwing van tegniese vaardighede 'n wesentlike element van die professionaliseringsproses is (vergeelyk Hoofstuk 6), is die hoë waarde wat aan hierdie kennisitem gegee word, van besondere belang vir die joernalistieke professionaliseringsproses. Dit is egter ook moontlik dat die hoë waarde wat aan Item 18 gegee is, deur twee verskillende uitgangspunte beïnvloed is, naamlik 'n meer vakbondgerigte houding van die joernaliste dat *praktiese joernalistiek* belangriker is as *teoretiese joernalistiek* (byvoorbeeld Items 8 en 13), terwyl die dosente dit moontlik kon gekoppel het aan die teoretiese onderbou wat alle praktiese toepassing voorafgaan. Soos in die inleiding van hierdie hoofstuk aangetoon is, bied die esoteriese en gespesialiseerde aard van professionele kennis vir die joernalistiek besondere probleme (vergeelyk Hoofstuk 4.1). In Tabel 4

en Figuur 3 kom hierdie probleem duidelik na vore. Van 'n professie en ook van 'n professionaliserende beroep sou verwag kon word dat kennis van die beroep *per se* (in hierdie geval byvoorbeeld nuusteorie) deur praktisyns én dosente die hoogste geag sal word. Kennis wat nie primêr deel van die vakgebied *per se* is nie, word egter van hoogste belang geag, naamlik kennis van die Suid-Afrikaanse samelewingstruktuur (dit kom ook ooreen met die resultate van die 1977-onderzoek).

Volgens die joernaliste is dit dus belangriker vir 'n joernalis om oor kennis van die sosiale struktuur te beskik waarbinne hy moet funksioneer as van die inherente teoretiese konsepte wat hy nodig het om daardie werk te verrig (byvoorbeeld Items 6 en 13). 'n Analogie in die mediese of die regsprofessies sou wees dat hierdie twee beroepe meer aandag aan die sosiale struktuur sou gee waarbinne hulle funksioneer as aan die kardinale onderliggende beginsels van hul vakgebied. Daar sou egter wel aangevoer kan word dat só 'n analogie skeef is. Anders as die mediese en die regsprofessies *werk* die joernalis primêr met sy omgewing. Om nuus te kan evalueer, is dit noodsaaklik dat die joernalis oor kennis van die dinamiese en strukturele komponente van die samelewing beskik. As sodanig moet dan ook die dosente se hoë evaluering van hierdie kenniselement gesien word.

Dat die joernaliste egter nie afsydig teenoor wesentlik primêre professionaliseringsfasette van die teoretiese joernalistiek staan nie, blyk uit die hoë waarde wat geheg word aan persreg (Item 17) en persetiek (Item 15). Inderwaarheid vertoon die joernaliste en dosente 'n merkwaardige ooreenkoms wanneer Items 14 tot 19 met mekaar vergelyk word. Kontemporêre geskiedenis, algemene kennis en die Suid-Afrikaanse samelewingstruktuur vorm saam die basiese raamwerk waarbinne die joernalis sy werk verrig, terwyl praktiese joernalistiek, persreg en persetiek primêre ondersteunende kennis uit die vakgebied van die joernalistiek self is.

Op grond van hierdie deskriptiewe analise sou daar dus gestel kan word dat senior Afrikaanstalige joernaliste en akademici dit basies eens is oor die belangrikste elemente wat die kennissisteam van die joernalistiek as professionaliserende beroep vorm. Vir toenemende professionalisering sal dit egter nodig wees dat joernaliste self ook die waarde van nuusteorie, massakommunikasieteorie en persgeskiedenis as funksionele elemente van die kennisdimensie moet besef indien daar van toenemende professionalisering sprake kan wees.

Wat die ander items betref, sal die tyd waarskynlik leer dat 'n ander faset vir die joernalistieke kennissisteem van toenemende belang behoort te wees naamlik persbedryfsaspekte (Item 8). Nou word dit betreklik laag deur sowel joernaliste as dosente aangeslaan. Dit is opvallend dat sowel die dosente as die joernaliste ook 'n ekonomiese vakrigting (Item 10) en bestuursbeginsels, waaronder juis die faset van kommunikasie in organisasies soos die perswese (Item 3), besonder laag aanslaan. Die dosente beskou egter kennis van dié faset asook van die reklamewese (Item 1) van groter belang as die joernaliste.

Soos in Hoofstuk 3.4.3 aangetoon is, sal dit vir die joernalis toenemend van belang word om ook kennis van die ekonomie, die bedryfslewe en die rol van die joernalistiek daarin te verwerf. Die Suid-Afrikaanse joernalistieke onderrig ag dié besondere faset reeds etlike jare lank van besondere belang (vergelyk Hoofstuk 5.2). Dit is veral die kwessie van sirkulasie, advertensiewese en ook koerantpromosie wat aandag gekry het (vergelyk Rucker & Stolpe, 1960; Cutlip & Center, 1978; Hill & Knowlton Executives, 1976). Op die kennisvlak van professionalisering sal die joernalistiek ook meer aandag hieraan moet gee.

Oor 'n wye reeks van ander kennisattribute, soos 'n moderne Europese taal (Item 2), 'n natuurwetenskaplike vakrigting (Item 4), die kunste (Item 5) en ook sport (Item 9), 'n swart Suid-Afrikaanse taal (Item 12) en ander kontemporêre kulture (Item 11), stem dosente en joernaliste wesentlik ooreen dat dit nie van buitengewone groot belang as kennisitems vir die beginnerjoernalis is nie. Dit is wel interessant dat die dosente meer klem op 'n swart Suid-Afrikaanse taal lê en die joernaliste op sport.

Vir die joernalis bied kennisattribute as faset van professionalisering besondere probleme. Soos tot dusver aangetoon, moet die joernalis nie net oor kennis van sy eie vakgebied besluit nie, maar ook oor 'n wye terrein. Dié stelling blyk onder meer uit 'n ondersoek na die verskeidenheid van inligting wat in dagblaaie voorkom. Sô dui De Beer en De Beer (1979:174-185) aan hoe 'n enkele uitgawe van 'n Johannesburgse dagblad oor die volgende wye fasette heen kennis verskaf: *nuusfunksie* (ekonomie, binnelandse politiek, buitelandse politiek, arbeid, geografie, kultuur, militêre aangeleenthede, omgewingsleer en geskiedenis); *kommentaar* (ekonomie, geskiedenis en politiek, omgewingsleer, sport en finansies); *agtergrond en vertolking*, medisyne, kultuur, algemeen, soos die briewekolom waaronder 'n wye reeks van onderwerpe; *dienste* (opvoedkundige, ekonomiese en ander aspekte, soos vermaak en dienste soos die weerberig); *kultuur* (koor, ballet, simfonie, beeldhou, skilder-

kuns, ligte vermaak, taal en letterkunde en aspekte soos blokkiesraaisels en woordewedstryde).

Uit bogenoemde blyk dit dat een enkele joernalis nie al die terreine op gesaghebbende wyse kan bestryk nie, en dat toenemende spesialisasie derhalwe noodsaaklik is (vergelyk die versamelwerk van Grunig, 1976).

Die joernalis van die toekoms sal egter steeds moet aanvaar (indien die dagblad sy huidige vorm behou) dat sy dissipline 'n kennisbasis van veralgemeende en gesistematiseerde kennis bevat. Soos Kimball (1965:248) dit stel:

"As a generalist, the journalist should be continually looking for relationships - relating what he sees to everything else he never knew, and relating that to an audience he can never know. The mind of the journalist should aim outwards."

'n Moontlikheid wat in dié verband ondersoek kan word, is dat spesiale kursusse juis in *algemene joernalistiek* ingestel word sodat voornemende joernaliste daarin kan spesialiseer (vergelyk byvoorbeeld die spesialiseringsrigting vir huisartse aan Suid-Afrikaanse mediese fakulteite).

Algemene kennis *per se* sal dus nie langer voldoende wees nie. Soos ander professionaliserende beroepe waarmee die joernalistiek vergelyk kan word, naamlik die biblioteekkunde en die onderwys, sal die verpligting toenemend op die praktyk van die joernalistiek en die akademiese joernalistiek lê om sy gespesialiseerde kennisbasis uit te bou.

Soos in die biblioteekkunde (Zaaiman, 1976:43) sal die joernalistiek ook nie kan volstaan met kennis wat intern opgebou is nie, maar sal die kennisbasis oor die teoretiese en akademiese vlakke heen uitgebrei moet word.

Vir toekomstige professionalisering sal dit dus uiters noodsaaklik wees dat die joernalis groter waarde moet heg aan dié kennisfasette wat noodsaaklik is vir die opbou van 'n substansiële joernalistieke teorie, naamlik persgeskiedenis, massakommunikasieteorie en nuusteorie wat volgens hierdie ondersoeke betreklik laag deur die joernaliste aangeslaan word.

Die joernalis van vandag en môre moet oor 'n indringende en substansiële kennisbasis beskik. Dat die joernalistiek hiervan bewus is met betrekking tot ken-

nisfasette soos praktiese deskundigheid, blyk uit bogenoemde besprekings en ook uit ondersoeke soos die van Wentink (1972). Om toenemend te professionaliseer, sal nie net tegniese deskundigheid nodig wees nie, maar ook kennis oor die materiële objek waarmee die joernalis sy dagtaak verrig, naamlik die verskaffing van nuus in al sy fasette (vergelyk Hoofstuk 4.2.2).

Tunstall (1978:17) se beskouing dat die joernalis nooit kan professionaliseer nie omdat hy nie oor 'n *distinctive body of knowledge* beskik nie, is derhalwe 'n onnodig pessimistiese siening. In die volgende afdeling sal aangetoon word in hoe 'n mate die betreklik ongestruktureerde kenniskorpus van die joernalistiek reeds in bepaalde teoretiese uitgangspunte gemanifesteer is.

4.2 JOERNALISTIEKE TEORIEVORMING

Naas 'n basiese sisteem of korpus van kennis, moet 'n professie oor 'n duidelike teoretiese grondslag beskik. Die eerste pogings tot joernalistieke teorievorming kan waarskynlik tot die sewentiende eeu in Duitsland teruggevoer word toe daar met 'n studie van die koerant en sy lesers aan Duitse universiteite begin is. Teen die einde van die agtiende eeu is *Zeitungskunde* aan Duitse universiteite aangebied en van die laaste dekade van die vorige eeu is joernalistiek aan die universiteite van Leipzig en Heidelberg onderrig (Hemels, 1972:5).

Soos in die ander geestes- en sosiale wetenskappe, het die joernalistiek in sy poging tot teorievorming voor etlike probleme gestuit. Soos die sosiale sielkunde (Deutsch & Krauss, 1973:172), moet die joernalistiek hom deur die reëls van deduksie laat lei wat feitlik deurgaans gekoppel is aan die sintaksis van die gesproke woord. Dit lei daartoe dat afgeleide teoretiese konsepte selde ondubbelsinnig en streng logies is. Die joernalistiek is ook verplig om sy teorie dikwels deur middel van implisiete aannames te verbaliseer sodat daar op die lang duur staat gemaak moet word op 'n "criterion of intuitive reasonableness or plausibility rather than on formal logical criteria of consistency" (Deutsch & Krauss, 1973:172). Soos grootliks in die geval van die sosiologie, is daar in die joernalistiek geen "unified body of theory but rather a series of general perspectives and orientations, with a few middle-range theories and conceptualizations" (McQuail, 1972:81). In 'n oorsig van die literatuur vir die tydperk 1967 - 1969, kom Weiss (1971:309) tot die volgende gevolgtrekking oor die stand van massakommunikasieteorie (waarvan die joernalistiek 'n onderafdeling is):

"...at this time the area of mass communications lacks conceptual coherence and comprises principally a potpourri of diverse research interests. It is a borrowing area, borrowing theory and principles small and large from the social sciences generally. But then, this should not be surprising, since the research focuses on the significant role played by the instruments, contents, and effects of public communications in the lives of people and the functioning of sociopolitical systems."

Hierdie stand van sake kan waarskynlik aan vier belangrike faktore toegeskryf word.

In die eerste plek is daar die fundamenteel verskillende teoreties-wetenskaplike standpunte wat aan die twee kante van die Atlantiese Oseaan deur navorsers op dié terrein ingeneem is. Aan die een kant was die Europese denkers wat só sterk op die geesteswetenskaplike denkpatriene gesteun het, dat daar nouliks van enige prakties-sosiale relevansie in die sin van eksakt empiriese bevindinge sprake was. Soos Silberman & Krüger (1975:17-18) dit stel, het die histories-hermeneutiese benaderingswyse in Europa daartoe gelei dat die hele kwessie van 'n empiries-verifieerbare samehang tussen die massamedia en sosiale gedrag grootliks uitgesluit is. (Dié aspek word vollediger in Hoofstuk 6.2 behandel.)

In die tweede plek het die Amerikaanse belangstelling in die joernalistiek en die massakommunikasie weer tot groot hoogte die idealistiese en normatiewe benadering van die Europese skool uitgesluit. Waar die joernalistiek in Wes-Europa hoofsaaklik onder noemers soos *Publizistik*, *Zeitungskunde* en *Perswetenschap* veral binne historiese konteks bestudeer is, het die klem in Amerika op sosiaal-wetenskaplike navorsing deur veral sosiaal-sielkundiges en sosioloë geval. Ondanks die groot aantal navorsingsresultate wat binne empiries-eksakte verband in Amerika gepubliseer is, het al dié navorsing nie tot 'n buitengewone groot kwalitatiewe ontwikkeling in teorievorming gelei nie (vergelyk Hoofstuk 6.2). Soos Tunstall (1970:32) dit stel, is die Amerikaanse navorsing nie net onderheilig aan 'n provinsialistiese uitkyk nie, maar het die klem té lank geval op geïsoleerde navorsingsprojekte wat nie uitgevoer is met die oog op teorievorming nie:

"Too many American studies are about the magazine reading habits of 50 pig farmers in S.W. Iowa, and too few exhibit the kind of qualities to be found in Harold Wilensky's *Mass Society and Mass Culture* - virtues such as the creative use of both social theory and research methods and the selection of a research problem of some sociological importance and public concern" (Tunstall, 1970:32).

In die derde plek was daar relatief min belangstelling die afgelope twee of drie dekades vir 'n spesifieke teoretiese grondslag vir die joernalistiek. Die eerste rede hiervoor is dat die kommunikasie as vakterrein in wese 'n interdisiplinêre gebied is wat soos 'n kruispad na vele rigtings strek en "where many pass, but few tarry" soos Schramm dit by geleentheid uitgedruk het (Kline, 1972:25). Hiermee saam hang die feit dat die joernalistiek in die laaste twee dekades deur hoofsaaklik empiries-ingestelde navorsers bestudeer is wat dit veral oor die effek van die massamedia gehad het en in die proses die hele fenomeen van joernalistiek verontmenslik het. Soos Van Schoor (1975:2, 1977:12) aantoon, het dié benadering daartoe gelei dat die mens as kommunikeerder in 'n meganistiese sisteem van kommunikasie ingedruk is, onderhewig aan allerhande behavioristiese beklemminge. Die gevolg was dat onwerklike modelle op die kommunikasiefenomeen afgedruk is, wat ten spyte van die voordele van 'n omvattende sistematiek die ontwikkeling van die vakgebied gestrem het (Van Schoor, 1975:2). Die gevolg was dat 'n nuwe generasie van *PhD research orientated* ondersoekers (Kline, 1972:25) die hele joernalistieke proses nie holisties nie, maar stukgewys benader het. Soos Van Schoor (1977:12) aandui, is die hele kwessie van kommunikasie soos 'n kadawer gehanteer wat in stukke gesny, ontleed en toe weggegooi is sonder dat 'n mensbeskoulige teorie na vore gekom het.

Joernaliste en dosente in joernalistiek het self ook nie veel beter gevaar nie. Oor 'n tydperk van dekades het handboekskrywers te dikwels teoretiese konsepte bloot as gerieflike kapstokke gebruik om sekere beskouinge aan op te hang sonder dat daar fundamenteel oor 'n teorie van joernalistiek besin is (vergelyk byvoorbeeld die werke van Hohenberg, 1973; Charnley, 1975 en Wolseley & Campbell, 1959). Selfs skrywers wat oënskynlik sensitief vir die kwessie van joernalistieke teorievorming is, soos Hiebert e.a. (1979) en Davison e.a. (1976) bied nie daadwerklike pogings aan om tot 'n teorie van die joernalistiek te kom nie. Werke waarin dié saak aan die orde gestel word, is, gesien die omvang van die joernalistiek, uiters beperk (vergelyk Hoofstuk 6.3).

'n Vierde probleem wat teorievorming op die terrein van die joernalistiek belemmer het, is die feit dat die joernalistiek self 'n deeldisipline van massakommunikasie en kommunikasie is.

Die joernalistiek word verdeel in tipografiese en elektroniese media wat elk sy eie besondere metode van selektering, samestelling, vertolking en verspreiding het. Hoewel al die massamedia (koerante, tydskrifte, radio, televisie, rolprente en die sogenaamde alternatiewe media) produkte van geïnstitutionaliseerde

tegnologiese organisasies is wat gewoonlik op massaproduksie en massamarkte ingestel is, vertoon elk dus sy eie unieke eienskappe wat teorievorming bemoeilik (Gerbner, 1972:51).

Vir teorievorming bied die joernalistiek as deel van die massamedia derhalwe 'n uiters komplekse probleem, nie net omdat die aantal veranderlikes in die proses van massakommunikasie so groot is nie, maar ook omdat die interafhanklikheid tussen hierdie veranderlikes self 'n veranderlike is (Fauconnier, 1973:75). Dié probleem is egter nie net tot die veranderlikes *per se* beperk nie, maar slaan ook op die diversiteit van sosiale gebeurtenisse waarbinne die veranderlikes geleë is en wat dan as sodanig vatbaar vir 'n wye reeks van verskillende konseptualiserings (McQuail, 1975:32) is.

Hierdie verskille is hoofsaaklik in twee elemente geleë, naamlik die benaderingswyse tot die besondere studie-objek en die klem of fokus van die ondersoek op 'n bepaalde faset van die kommunikasieverskynsel (vergelyk Fauconnier, 1973; McQual, 1975). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit nie ter sake om verder op die breë kwessie van teorievorming in massakommunikasie in te gaan nie, maar dit is wel belangrik om op die vernaamste aspekte van teorievorming te dui soos dit spesifiek die joernalistiek as professionaliserende beroep raak. Die kwessie kan (waarskynlik ietwat arbitrêr) in twee ondersoekterreine verdeel word, naamlik 'n teorie vir die joernalistiek in die algemeen, en 'n teorie vir die belangrikste aktiwiteit van die joernalistiek, naamlik nuus. Dit word in die volgende twee onderafdelings behandel.

4.2.1 ENKELE TEORETIESE BESKOUINGE

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die begrip teorie opgevat as 'n verwysing na 'n stel proposisies wat sintakties geïntegreer is (dit wil sê dat hulle logies met mekaar verband hou en dat hulle gebaseer is op een of ander waarneembare basis van data) en wat terselfdertyd dien as 'n metode waarvolgens waarneembare fenomene verduidelik, maar ook voorspel kan word (Snelbecker, 1974:31). Dit bring mee dat hier nie ingegaan word op aspekte soos hipotesevorming, paradigmas en bousels nie.

In die onderstaande bespreking sal die klem hoofsaaklik op deduktiewe teoriebou geplaas word, veral soos dit na vore kom in funksionele en ook kwalitatiewe onderskeidings. As sodanig word daar ook uitgegaan van die metode om eers teorie

en dan navorsing te ontwikkel (Reynolds, 1975:144). Daar sal egter ook na induktiewe teorieboumetodes verwys word soos die sogenaamde gebruik- en grafikasiehipotese (vergelyk Hoofstuk 4.2.1.1.c).

Wat dus hier beoog word, is wat Hawes (1975:28 e.v.) beskryf wanneer hy aantoon dat 'n teorie gekonstrueer word as 'n voorlopige oplossing of verduideliking om bepaalde verhoudinge tussen konsepte in 'n logiese sisteem weer te gee.

Enige bespreking van die teorie van joernalistiek sal noodwendig met die feit rekening moet hou dat hierdie deeldisipline van die kommunikasiewese, net soos kommunikasie self, gekortwiek word deur 'n gebrek aan 'n *sentrale konsepsie* waarmee kommunikasie inhoudelik onder die knie gekry kan word (Van Schoor, 1976:4).

Die gebrek aan 'n sentrale konsepsie bring dan mee dat daar 'n verskeidenheid van moontlikhede is waarop die onderhawige kwessie ondersoek kan word. Soos Fauconnier (1973:34-72) aantoon, kan teoriebou byvoorbeeld met betrekking tot die verskillende *elemente* van die (joernalistieke) kommunikasieproses (vergelyk Shannon en Weaver, 1949) ondersoek word. Só 'n oorsig sal dan aantoon dat die sistematiese ordening van die verskillende funksies duidelik in twee gesigshoeke onderskei kan word, naamlik dié van die kommunikator en dié van die ontvanger, terwyl daar ook op die elemente soos medium en boodskap gelet kan word.

Daar sou ook 'n historiese analise (vergelyk Kempers, 1971:712-714), of 'n analise volgens 'n filosofiese onderskeiding tussen deterministiese, nie-deterministiese en in-deterministiese benaderings gedoen kan word.

Wat eersgenoemde metode betref, toon 'n ondersoek na die literatuur dat kwantitatiewe empiriese navorsing die klem op die ontvanger en effekte van massakommunikasie laat val het (Weiss, 1971:309-336). In die proses is dit opvallend dat die ontvanger baie aandag gekry het tot uitsluiting van die sender (Nayman, 1973:196; Halloran, 1969:5-21). Min aandag is spesifiek aan die intensie van die kollektiewe sender asook van die individuele sender gegee (Fauconnier, 1973:87-89). Uit die groot aantal inhoudsanalitiese navorsingsresultate en sogenaamde *gatekeeper*-studies aan die ander kant, het nie veel in die vorm van 'n teorie tereggekome nie (Fauconnier, 1973:60-69), soos weer in Hoofstuk 6.2 aangetoon sal word.

Indien daar in die tweede plek 'n analise van die stand van joernalistieke teorie aan die hand van 'n historiese oorsig gedoen sou word, blyk dit dat 'n viertal

fases onderskei kan word (Kempers, 1971:712-714).

Die eerste fase het pas ná die ontstaan van die eerste gedrukte koerante in die sewentiende eeu begin en is veral gekenmerk deur die belangstelling van historici, ekonome en juriste in pershistoriese en persetiese probleme sowel as in probleme van die perspraktyk. Hierdie belangstelling het etlike eeue die toneel in Wes-Europa met betrekking tot perswetenskaplike teorievorming oorheers. Dit was later veral Duitse navorsers soos Dovifat (1967), Groth (1960), Haacke (1962), Hagemann (1950) en Prakke (1968) wat op dié basis voortgebou het. In België was veral die persetikus N. de Volder (1952) van belang, terwyl die werk van die Fransman Clause (1963) ook genoem moet word.

Die tweede fase het teen die einde van die negentiende eeu en in die begin van die twintigste eeu saamgeval met die opkoms van die massapers en eventueel ook van die rolprentwese, die radio en televisie. Hiermee saam het sosiaal-wetenskaplike dissiplines soos die sielkunde, die sosiologie en later die sosiale sielkunde 'n besondere belangstelling gewek vir die vraag na die effekte van die massamedia. Onder invloed van die stimulus-responsteorie is aanvaar dat die geatomiseerde massaontvangers van die massamedia min of meer uniforme reaksies op informatiewe en oorredingstimuli van die massamedia sou toon volgens die meganistiese spuitnaaldteorie (Kempers, 1971:712-714).

In die derde fase wat ongeveer van die veertiger- tot die vyftigerjare geloop het, het sosiaal-wetenskaplike navorsers in Amerika hul al meer van die Europese persoonlik-getinte filosofies-historiese interpretasies van die joernalistiek na 'n meer eksakte, empiries-gefundeerde bestudering gewend. Deur die werk van Lasswell en Lazarsfeld (Kempers, 1971:712-714) is begin met 'n omvangryke reeks van empiriese studies oor die ontvanger van die boodskap. Die klem het ook al meer na die inhoud van die boodskap verskuif en min aandag is aan die sender gegee.

In aansluiting by die fundamentele navorsingsterrein van die psigologie en die sosiologie (waaronder waarneming, leer, motivering, houdingstudie en interaksieprosesse), het die klem in hierdie fase dus al meer op die individu (as ontvanger) en al minder op die institusionele faktore van die media as sodanig begin val. Van joernalistieke teorievorming het daar derhalwe nie veel tereg gekom nie.

Kempers (1971:712-714) toon aan dat die vierde fase in massakommunikasie-teorievorming teen ongeveer die dekade 1960-70 begin het. Soos in die geval van interpersoonlike kommunikasie is besef dat terugvoering ook 'n belangrike proses in massakommunikasie is. Ontvangers is nie langer gesien as oorgelewerde, geïsoleerde individue nie, maar dat hulle binne die konsentriese sirkels van sosiale verhoudinge op massakommunikatiewe boodskappe reageer.

'n Tweede ontwikkeling in die vierde fase was die besef dat 'n makro- en holistiese beskouing van die massakommunikasiemedie en derhalwe van die joernalistiek, 'n vrugbaarder analise vir teoriebou kan bied. Hiebert e.a. (1979:352-353) toon dat die besef al meer posgevat het dat die massamedie en die joernalistiek alleen sinvol bestudeer kan word wanneer aanvaar word dat hul werking afhanklik van bepaalde institusionele faktore is (vergelyk Hoofstuk 4.2.1.2 vir 'n bespreking van hierdie metode).

Navorsers soos Tunstall (1971) en McQuail (1975) het op makro-vlak aangetoon dat institusionele faktore van besondere belang in die bepaling van massakommunikatiewe boodskappe en 'n evaluering van sender- en ontvangergedrag is. Een van die benaderingswyses wat hier sterk op die voorgrond getree het, is die funksioneel-analitiese (vergelyk De Fleur & Ball-Rokeach, 1975; Wright, 1974) wat op vergelykende makro-vlak die fokus rig op die gestruktureerde herhalende en gepatroneerde funksies van die massamedie as sosiale subsysteme vir die handhawing van die stabiliteit en aanpassing van sosiale stelsels onder voortdurend veranderende interne en eksterne omstandighede (vergelyk Hoofstuk 4.2.1.2).

In hierdie stadium verskuif die navorsing ook al meer op mikro-vlak na die kommunikator self deur middel van 'n uitgebreide en sistematiese ondersoek na onder meer die konkrete werksituasies van individuele joernaliste. Die groot aantal *gatekeeper*-studies (vergelyk Gieber, 1956; White, 1950) spruit uit hierdie tyd. Halloran (1969:5 e.v.) toon egter aan dat te veel van dié navorsing op *lower-level*-probleme gekonsentreerd was, terwyl navorsing op die terrein van beleid en beplanning, en derhalwe teorievorming, nie die nodige aandag gekry het nie. Op die terrein van die massakommunikasie en die joernalistiek was dit veral die Nieu-Marxiste wat die laaste paar jaar die klem op laasgenoemde aspekte laat val (vergelyk Hoofstuk 4.2.1.1) het.


Naas bogenoemde historiese oorsig bied McQuail (1975:1-55) 'n bondige dog uiters relevante oorsig van die belangrikste teoretiese ontwikkelinge wat nie spesifiek

166

hierbo bespreek is nie. McQuail verwys onder meer na die invloed van die leer-, informasie-, kongruensie-, sisteem-, simboliese interaksie- en fenomenologiese bydraes op massakommunikasie-teorievorming. Hoewel elk van hierdie besondere benaderinge relevante knooppunte met die joernalistiek self het, is dit nie regstreeks van belang vir die huidige ondersoek nie. Meer relevant sou 'n raamwerk wees waarin van die vernaamste kommunikatiewe en massakommunikatiewe teoretiese beskouinge wat regstreeks verband met die joernalistiek hou, bespreek word. Dit word gedoen teen die raamwerk van die deterministiese, nie-deterministiese en in-deterministiese beskouings. Daar is op hierdie indeling besluit omdat die skrywer meen dat dit 'n praktiese metode is om 'n raamwerk vir joernalistieke teorievorming te stel gesien die groot aantal veranderlikes wat in die teorievormingsproses werksaam is. Die probleem van joernalistiek as deeldisipline noodsaak ook só 'n breë filosofiese indeling.

4.2.1.1 Deterministiese benaderinge

Binne 'n oorsig van die vernaamste teoreties-deterministiese benaderinge tot die joernalistiek kan daar veral vier fasette of insette onderskei word, naamlik die transendentalistiese, behavioristiese, tegnologiese en ekonomiese benaderinge. Elk van hierdie benaderinge sal kortliks bespreek word met meer klem op eersgenoemde en laasgenoemde vanweë hul bydrae tot die joernalistiek. By elke benadering sal ook 'n enkele eksponent se besondere bydrae bespreek word. Dié beperkte oorsig kan skematies só voorgestel word:



Hierdie voorstelling is uiteraard uiters beperk. Die doel met dié skema is egter om aan te toon dat daar aanduidings van teorievorming met betrekking tot die joernalistiek volgens 'n deterministiese uitgangspunt is.

Met determinisme word in hierdie ondersoek bedoel daardie benadering wat joernalistieke gebeure in die werklikheid binne 'n geslote samehang van oorsaak en gevolg beskou waar elke toestand volledig vooraf bepaal word deur dit wat dit voorafgaan. Van belang is dus die oorsaaklikheidsbeginsel wat bepaalde noodwendighede en onveranderlike wetmatighede voorveronderstel.

(a) 'n Transendentalistiese benadering

In transendentalistiese sin is dit veral die werk van die twee Suid-Afrikaners H.G. Stoker en P.G. Snyman wat 'n besondere bydrae lewer tot 'n begrip van die joernalistiek en ook die konsep nuus (vergelyk Hoofstuk 4.2.2).

Binne die konteks van 'n ontologiese en teosentriese uitgangspunt beskryf Snyman (1971) aan die hand van die wysgerige insigte van H.G. Stoker die rol van die joernalis en van die ontvanger van die joernalistiese produkte as 'n historiese voortgang wat gekenmerk word deur die telkense totstandbrenging van die nuwe en van die mens (joernalis en publiek) as kennende, handelende en meelewende wese wat 'n bepaalde verantwoordelike en verantwoordbare betrokkenheid by hierdie voortgang het. Spesifiek met verwysing na die informasiefunksie (nuus) van die dagblad, is die basiese uitgangspunt dat dié joernalistieke aktiwiteit verband hou met die kontingente (telkens nou en hêr) en aktuele (daadwerklike nou-hier-gebeure) aard en nuttheid van gebeurtenisse (Snyman, 1971:300-308).

Die joernalis is as mens van nature die beskikker van 'n bepaalde kemaanleg en is as sodanig op bipolarêre wyse betrokke by nuus. Aan die een kant is daar die kontingente, aktuele, nuwe gebeurtenis (objektief) en aan die ander kant die mens wat (subjektief) deur sy kennisvormende toedoen betrokke by die nuus raak. Sowel joernalis as leser kan hul nie van hierdie betrokkenheid losmaak nie, aangesien dit 'n algemeen menslike verantwoordelikheid is.

Hoewel alle nuusgebeure vanweë hul kontingente nuttheid uniek en eenmalig is, vind elke nuusgebeurtenis in 'n samehang van gebeurtenisse binne 'n historiese voortgang plaas.

Met betrekking tot 'n joernalistieke en/of kommunikatiewe beskouing, sou daar

dus gestel kon word dat die mens (joernalis en leser) se optrede sowel as die nuusgebeurtenis (waaroor die boodskap deur die joernalis aan die leser oorgedra word) konteksgebonde binne 'n bepaalde betrokkenheid bepaal word deur:

- die individueel-psigiese samestelling van die joernalis en leser (vergelyk by Snyman die aard, aanleg, funksies en talente van die mens);
- die sosiale sisteem (vergelyk by Snyman die verbondenheid van die joernalis en leser by ander joernaliste en lesers binne bepaalde samelewingskringe);
- die kommunikasiesituasie (vergelyk by Snyman tyd, ruimte en plek).

Uitgaande van die standpunt dat die mens as toerekenbare en verantwoordelike wese by nuus belang het omdat die mens dit nodig het vanweë die feit dat die mens deur kennis homself vorm en waar nodig handel ten einde sy bestemming en roeping te vervul, bied Snyman (1971) 'n omvattende uiteensetting binne persetiese konteks van die rol van die pers en die joernalistiek in die samelewing.

In die eerste deel van sy werk behandel Snyman sy standpunt dat 'n analise van die pers moet uitgaan van 'n voorveronderstelling dat elke mens 'n bepaalde mensbeskouing het waaroor die navorser hom wysgerig-antropologies moet verantwoord. Alle wetenskapvorming vind dan prinsipiëel en histories sy oorsprong in 'n lewens- en wêreldbeskoulige sin en word in hooftrekke daardeur bepaal. Die doel van wetenskapsbou en 'n menslike aktiwiteit soos die joernalistiek moet dan ingestel wees op die eer en verheerliking van God en nie bloot om die uitbouing van menslike hoedanighede en aktiwiteite *per se* nie (Snyman, 1971:1-14).

Snyman (1971:21 e.v.) toon aan dat die mens (dus ook joernalis en leser) voortdurend in die verhouding God-mens-kosmos binne bepaalde primêre, sekondêre en tersiêre samelewingskringe staan. Hierdie samelewingskringe is vertikaal, horisontaal en dinamies gestruktureer waarin elke mens as 'n individueel-sosiale besonderheid dinamies betrokke by handeling en gebeurtenisse is.

Vir die joernalis is dit van belang om daarop te let dat die bestemming van die publiek nou verwant is met die reg om te weet (Snyman, 1971:77). Hierdie reg om te weet is van ontiese aard en relevant vir die roepingsvervulling van die mens. Die publiek het egter net 'n reg om te weet deur middel van universele *inter-weetnodigdhede*, maar almal het nie die reg om alles te weet nie. Snyman (1971:77) verwerp die humanisties-liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing waarvolgens die individu as sy eie sedelik-redelike gesagsteller beskou word. Die pers en die joernalis het dus nie 'n reg om alles aan almal mee te deel nie.

Hierna beskryf Snyman (1971:98) die pers en sy taakstelling as 'n openbare, informatiewe, institusionele, kollektiewe, onregstreekse, nie-amptelike, eenrigting-, formele, anonieme en kontinue instituut (vergelyk ook Hoofstuk 4.2.2).

(b) 'n Behavioristiese benadering

Waarskynlik die eerste *teorie* van die massakommunikasie in die sosiaal-wetenskaplike konteks was die spuitnaaldteorie of die behavioristiese stimulus-responsteorie wat rondom die huidige eeuwisseling sosiologiese en psigologiese teorievorming oorheers het (Kempers, 1971:112-714). Volgens dié benadering is die pers as 'n vrywel almagtige manipulasie-instrument van menslike denke en gedrag in die geïndustrialiseerde samelewing beskou. Die publiek is beskou as 'n geatomiseerde massa van psigies-geïsoleerde individue wat losgeslaan van hul tradisionele bindinge en norme ná die industriële revolusie was.

Die ontvanger van die pers se produkte was niks meer nie as 'n alleenstaande individu wat losgeslaan van tradisionele bindinge en norme, teruggewerp is op instinkmatige en dus min of meer eenvormige reaksies op die deur die massamedia-toegediende informatiewe en *oorredingsinspuitings*. Die pers se stimuli sou dus volgens hierdie spuitnaald- of meganistiese SR-teorie die afsonderlike lede van die publiek regstreeks, outomaties en uiters effektief beïnvloed (Kempers, 1971:712-714). Volgens Skinner (1957) se ekstreme behavioristiese siening van die SR-teorie sou toevallige en spontane joernalistieke handelingte bloot voorbeelde wees van operante *emitted responses*. In die geval van operante gedrag is die stimulus nie waarneembaar nie. Joernalistieke gedrag sal dan volgens hierdie behavioristiese benadering bloot as die respons op 'n voorafgaande stimulus (terugvoering) beskou kan word, of ook as 'n respons wat op sy beurt weer as stimulus dien om die beginpunt vir 'n nuwe reeks stimulus-respons-assosiasies te vorm. In bogenoemde sin is joernalistieke handelingte dus reaksie-prosesse, en selfs in die geval van sogenaamde ekspressiewe gedrag kan dit net deur middel van reaksie verklaar word (vergelyk McQuail, 1975:35-38).

Ontwikkelingte op veral die terrein van die sosiale sielkunde (onder meer Festinger, 1957; Heider, 1959; Newcomb, 1953) en die publikasie van Klapper (1960) se baanbrekerswerk oor die effekte van massakommunikasie, het die besef laat posvat dat daar verskillende tussenkomende veranderlikes tussen massamedia-stimuli en die publiek se reaksies is. Dit het daartoe gelei dat die meganistiese SR-model as onhoudbaar verwerp is (Kempers, 1971:15).

(c) h Tegnologiese benadering

Die derde deterministiese benadering is die tegnologiese waaronder veral die kubernetiese beskouing van Norbert Wiener (1948) val. Onder invloed van die geweldige tegnologiese ontwikkelinge wat tydens en ná die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, het dié skrywer h algemene kubernetiese teorie van kommunikasie opgestel wat op sowel masjiene as mense van toepassing gemaak kan word. Afgelei van die Griekse woord vir stuur (*kubernao*), het hierdie teorie veral klem op die beginsel van terugvoering gelê as h belangrike kontrolesisteen waardeur by veranderinge in die omgewing aangepas kan word.

Aangevul deur skrywers soos Shannon & Weaver (1949) het h teoretiese model ontwikkel waarvolgens kommunikasiegedrag beskou is as onderhewig aan die modifiëring en stuureffek van terugvoering na die kommunikator. Heelwat kritiek is teen die meganistiese liniêre beskouing van h kubernetiese teorie van kommunikasie uitgespreek. Die vernaamste besware was dat dit nie voorsiening maak vir aspekte soos die intensie van die sender en ontvanger, die betekenis van die boodskappe en die algemene oorredingsfasette wat implisiet in kommunikasiegedrag opgesluit is nie (Fauconnier, 1973:99).

In die sosiaal-sielkundige benaderinge op mikro-vlak (die koöriëntasie- of balanstorieë van Heider, 1959, Festinger, 1957 en Newcomb, 1953) en op makro-vlak (die sosiale sisteembenadering van DeFleur, 1973), word elemente van die stuurbeginsel in die sosiale sisteem weer teruggevind. In hierdie benaderinge speel die kubernetiese konsep van ewewig (kongruensie, konsonansie, harmonie, homeostase) h belangrike rol en dien dit as h vertrekpunt vir die studie van die rol van die joernalistiek in die samelewing as stabiliserende faktor (vergeelyk die afdeling oor die funksionele benaderinge hieronder).

(d) h Ekonomiese benadering

Die laaste deterministiese benadering wat hier bespreek word, is die ekonomiese, soos dit veral sedert die begin van die sewentigerjare deur die nieu-Marxistiese konsep van massakommunikasie en die perswese na vore gebring is. (Streng gesproke moet DeFleur, 1973, se betreklik deterministiese massakommunikasie-beskouing ook hier tuisgebring word.)

Uit reaksie teen die gedwonge administratiewe benadering in die kommunikasiewe-

tenskappe (dat die *alfa en omega* van kommunikasienavorsing geleë is in "the discovery of some kind of measurable effect," Tunstall, 1970:5), het daar veral aan die *Open University* in Brittanje 'n beweging onder nieu-Marxistiese denkers soos Murdock & Golding (1977) en Curran, Gurevitch & Woollacott (1977) ontstaan wat dié tradisionele benadering krities bevraagteken. Volgens laasgenoemde skrywers moet die kommunikasiewetenskappe en die joernalistiek hul met die sentrale sosiale probleem besig hou, naamlik om te verduidelik waarom radikaal ingrypende ongelykhede in die verspreiding van vergoeding as natuurlik en onvermydelik plaasvind en hoe dié proses deur stratifikasie en ander verskynsels gewettig word (Murdock & Golding, 1977:12-43).

Die nieu-Marxistiese benadering tot kommunikatiewe en joernalistieke teorievorming is gebaseer op die filosofiese standpunte van Karl Marx. Hoewel Marx dwarsdeur sy beroepslewe aktief in die joernalistiek betrokke was (in sy twintigerjare was hy redakteur in Duitsland en later was hy in Londen 'n korrespondent van die *New York Tribune*, terwyl hy ook gereeld vir radikale koerante in Brittanje en Wes-Europa geskryf het), het hy volgens Murdock en Golding (1977:15) nooit sover gekom om 'n samevattende teorie van die pers se rol in die samelewing op te stel nie. Dié skrywers haal dan die bekende vertaalde deel uit *The German ideology* van 1845 aan waarin Marx en Friedrich Engels hul standpunt oor die samelewing s6 saamvat:

"The class which has the means of material production at its disposal has control at the same time over the means of mental production, so that thereby, generally speaking, the ideas of those who lack the means of mental production are subject to it ... In so far, therefore, as they rule as a class and determine the extent and compass of an epoch, it is self-evident that they ... among other things...regulate the production and distribution of the ideas of their age: thus their ideas are the ruling ideas of the epoch."

Volgens Murdock & Golding (1977:15) verteenwoordig hierdie aanhaling 'n belangrike aanduiding van die kritiek teen die huidige kommunikasiekundige bestel. In die eerste plek is die nieu-Marxiste besorg oor die feit dat die produksie en verspreiding van idees in die hande van die kapitalistiese eienaars gekonsentreer is wat beheer oor die produksiemiddele het. As gevolg van hierdie beheer verkry die persbase voortdurende publisiteit vir hul beskouinge en weergawes van die werklikheid en lei dit tot oorheersing van die denkpattone van ondergeskikte groepe. Op die lange duur is dit hierdie ideologiese oorheersing wat 'n sleutelrol in die behoud en voortsetting van klasse-ongelykhede speel.

Elkeen van bogenoemde stellings skep volgens Murdock & Golding, (1977:15) sekere vrae: wat is die verhouding tussen kommunikasie-entrepreneurs en die kapitalistiese klas; wat is die verhouding tussen die eienaarskap en beheer tussen die verskillende kommunikasiebedrywe; deur watter prosesse word die dominante ideologieë van die tyd in kulturele kommoditeite omskep en wat is die prosesse en omvang van die wyse waarop ondergeskikte groepe bogenoemde dominante idees as hul eie aanvaar?

Hierdie vrae moet volgens Marx se beskouing gesien word, naamlik dat kennis en kennisprosesse as sosiale aktiwiteite binne 'n sosiale totaliteit plaasvind (Philp, 1979:85) en dat kennis of die bewussyn gewortel in die materiële realiteit is en derhalwe as sosiale produk beskou moet word. Dit is om hierdie rede dat die massamedia, en veral die produkte van die joernalistiek soos gemanifesteer in die kapitalistiese pers, gesien word as 'n metode waardeur die bourgeoisie die werkers domineer en eksploiteer. Solank die joernalistiek dus in die hande van die heersende klas is, sal die kapitalistiese orde bly voortbestaan (Daley & Soloski, 1978).

Op teoretiese vlak sal met hierdie nieu-Marxistiese beskouing van die joernalistiek toenemend rekening gehou moet word. Nie alleen bied dit 'n aanslag van die akademiese spektrum op die sosiale wetenskappe se hantering van die kommunikasiewetenskappe as 'n proses van kompartementalisering en spesialisering nie, maar bied dit ook 'n antwoord op die eksakt empiries-positivistiese beskouing om die mens as kommunikerende wese uit sy situasie te isoleer. Soos Daley & Soloski (1978:12) dit stel:

"What has been missing, is a view of man situated in his total societal context with all of its attendant ramifications and complexities."

Teenoor die transendentalistiese beskouing van 'n Calvinistiese kommunikasiekundige soos Snyman (1971) bied die nieu-Marxiste 'n teoretiese benadering wat die joernalis en sy produk binne 'n spesifieke historiese konteks holisties wil ontleed. Die rede hiervoor is onder meer in die feit geleë dat kommunikasiekundiges oor die algemeen navorsing oor die mens se kommunikasiegedrag doen, nie om te verduidelik of om te begryp nie, maar om te voorspel en metodes vir beheer daar te stel. 'n Voorbeeld hiervan is, volgens Daley & Soloski (1978:14), die sogenaamde *uses and gratifications*-benadering, wat tot groot hoogte die sosio-historiese konteks van die kapitalistiese stelsel negeer en fokus op

die gebruike wat die ontvangers vir die produkte van die media het. As sodanig vermy hierdie benadering die metodes waarop die media die ontvanger eksploiteer.

Nog 'n rede waarom die joernalistieke teorievorming ernstig kennis van die nuwe-Marxistiese beskouing moet neem, is die aanklank wat laasgenoemde by voorstanders van die sogenaamde *New Information Order* vind.

Die joernalistiek van die tagtigerjare sal hom moet vergewis van die aanslae wat uit die Derde Wêreld op tradisionele konsepte en stereotiperings van nuus binne 'n gestruktureerde media-sisteem gemaak sal word (Hamelink, 1979:18-20). Die kern-uitgangspunt van dié nuwe beskouing (Snijders, 1978:11-12) is dat nuus as 'n basiese kapitalistiese kommoditeit deur die nuusmedia van die Weste beskou word. Die internasionale nuusagentskappe domineer die vloei van internasionale nuus sodat die nuusmedia en die joernalistiek nie die sosiale funksie kan vervul wat dit volgens die aanhangers van die *New Information Order* verskuldig is nie. Die aandrang in die tagtigerjare sal wees dat nuus oor die Derde Wêreld hoofsaaklik deur die lande van die Derde Wêreld gegenereer, verwerk en versprei moet word, dat nuus beskou moet word as 'n noodsaaklike element in nasiebou en dat informasie of nuus gebruik moet word as 'n metode om huidige magstrukture en gevolglik internasionale ekonomiese verhoudinge te verander.

Die aanhangers van hierdie basiese nuwe-Marxistiese teorie bied 'n totaal onaanvaarbare konsepsie van vryheid van spraak en vryheid van die pers wat in 1978 uitgeloop het op 'n poging om deur UNESCO 'n nuwe massamediadeklarasie deurgevoer te kry wat op beheer van die massamedia sou neerkom (*Waco Tribune-Herald*, 1978-10-10:4a). Die pogings om onder die dekmantel van die waarheid en die vryheid van die joernalis 'n nuwe rol vir die joernalis in die Weste te formuleer, het reeds in die middel van die sewentigerjare begin (Hill, 1976; Rubin, 1975) en sal volgens alle verwagtings met verskerpte ywer in die tagtigerjare voortgesit word (Masmoudi, 1979). Vir die Suid-Afrikaanse joernalistiek hou dié ontwikkeling ook 'n bedreiging in aangesien die deklarasie van fundamentele beginsels oor die bydrae wat die massamedia tot internasionale vrede moet lewer, ook spesifiek teen rassisme en apartheid gemik is (Androunas & Zassoursky, 1979:186-198).

(e) Opsomming van deterministiese benaderinge

In die voorafgaande afdeling is 'n uiteensetting gegee van die vernaamste deterministiese benaderinge tot joernalistieke teorievorming. Hoewel daar nog nie

sprake van 'n eenvormige en oorkoepelende teorie is nie, blyk dit dat 'n transendentalistiese benadering soos dié van Snyman (1971) besondere waarde vir 'n teoretiese beeld van die joernalistiek inhou. Aan die ander kant sal daar in die Vrye Westerse pers ernstig aandag gegee moet word aan die teoretiese grondslae wat onder invloed van die nieu-Marxisme beslag kry en veral ingang in die Derde Wêreld se joernalistiek vind.

In die volgende afdeling word daar op van die belangrikste bydraes in nie-deterministiese sin tot joernalistieke teorievorming gelet.

4.2.1.2 Nie-deterministiese benaderinge

In hierdie afdeling word die aandag op twee benaderinge gevestig, naamlik die funksioneel-analitiese en die fenomenologie. Eersgenoemde val eintlik in die grys gebied tussen die determinisme en die nie-determinisme en kan in een van die twee afdelings geplaas word afhangende van die navorser se uitgangspunt.

(a) Die funksioneel-analitiese benadering

Anders as die voorafgaande nieu-Marxistiese beskouing wat die perswese op 'n dialekties-kritiese wyse wil ontleed, is dit 'n kenmerk van die funksionalisme as 'n nie-deterministiese benadering dat dit op 'n analitiese of 'n strukturele wyse teorievorming oor die joernalistiek benader. In dié opsig verskil dit dan van die ander nie-deterministiese benadering wat hier beskryf sal word, naamlik die fenomenologie wat, soos die Calvinistiese en ander filosofiese beskouinge, die joernalistiek eerder wil *verstaan* as *meet*.

Die funksionele benadering tot teorievorming in massakommunikasie en ook die joernalistiek is ongetwyfeld die dominerende rigting van ondersoek uit sosiologiese hoek en is inderwaarheid al as die *leitmotif* (Silberman & Krüger, 1975:98 e.v.) bestempel.

Dit is 'n vrywel onbegonne taak om enigsins 'n beeld van die omvangryke literatuur oor die funksionalisme as teoretiese basis vir die joernalistiek en massakommunikasie te gee. Om dié rede word net enkele van die mees relevante aspekte hier beskryf.

Volgens Kline (1974:16) kan die funksionalistiese benadering tot teoriebou as een van drie belangrike rigtings in veral die Amerikaanse wetenskapsbenade-

ring tot kommunikasie onderskei word. Volgens dié skrywer is die eerste rigting dié van versterking volgens die Hovland-skool wat veral bevind het dat kommunikasie bestaande meninge en verhoudinge bevestig en versterk. Die tweede groep is die onderwerp van hierdie afdeling, naamlik die funksionalistiese sosioloë, en die derde groep is die mikro-funksionalistiese sosiaal-sielkundiges soos Heider, Newcomb en Festinger na wie reeds verwys is.

In 'n kritiese, goed gefundeerde artikel vat Jansen (1977:22) die wesenlike elemente van die funksionele benadering tot kommunikasie s6 saam:

"...die grondliggende vertrekpunt van die funksionalisme is die siening dat die sosiale werklikheid en enige faset daarvan, bestaan uit interafhanklike dele wat op so 'n wyse saamwerk dat die geheel waarvan hulle deel uitmaak, juis deur hulle bydraes (funksies) ordelik in stand gehou word. In die meeste gevalle is die funksionalisme 'n *sisteem*-benadering: die sisteem is die geheel van die samewerkende dele waarin 'n soort balans (ekwilibrium) gehandhaaf word deurdat die bydraes van die dele konformeer aan 'n betreklike vaste funksioneringspatroon. Enige drastiese afwyking van hierdie normale bydraes van 'n deel of dele, versteur hierdie dinamiese balans. Die sisteem reageer dan deur kontrole uit te oefen ten einde die *afwyking* teen te werk en die balans te herstel. Indien die kontrole faal, staar desintegrasie die sisteem in die gesig."

Dit is veral onder invloed van sosioloë soos Durkheim, Pareto en Weber, asook 'n sosiale antropoloog soos Malinowski, dat die struktureel-funksionalisme in een van die belangrikste rigtings van die sosiologie ontwikkel het (Silbermann & Krüger, 1975:98).

Vir massakommunikasievorming was dit meer spesifiek die werke van Merton (1957) en sy voorganger, Parsons (1951), wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van 'n besondere funksioneel-teoretiese model vir massakommunikasie.

Waarskynlik die belangrikste rol is in dié verband deur Wright (1964) gespeel toe hy 'n funksionele inventaris vir massakommunikasie opgestel het. Aan die hand van veral die werke van Lazarsfeld & Merton (1948) en Merton (1957), bespreek Wright (1964) dié items met betrekking tot die massamedia wat sinvol vir funksionele analise is en aan die hand waarvan hipoteses vir 'n sistematiese funksionele raamwerk ontwikkel kan word. Volgens Wright (1964:94) het funksionele analise hoofsaaklik ten doel om die gevolge van sosiale verskynsels te ondersoek wat die normale gedrag, aanpassing en verstelling in een gegewe sisteem van

individue, subgroepe en sosiale en kulturele sisteme teweegbring. Dié ondersoek kan wesenlik op vier wyses aangepak word. In die eerste plek kan die rol van die massamedia, en dus ook van die joernalistiek en die pers, as 'n sosiale proses ondersoek word wat deur gepatroneerde (*pattermed*) en herhalende aktiwiteite bepaalde effekte (*consequences*) op die samelewing het. Daar kan dan ondersoek ingestel word na dié gevolge.

In die tweede plek kan gevra word watter behoeftes die massamedia (dus spesifiek ook die pers) in 'n bepaalde samelewing vervul, terwyl daar in die derde plek ondersoek gedoen kan word na die institusionele samestelling van enige massamedium waarin die funksie van 'n herhalende en gepatroneerde operasie (byvoorbeeld nuus) binne die konteks van die instituuat ondersoek word (vergelyk byvoorbeeld Hiebert e.a., 1979:14-29).

In die vierde plek meen Wright (1964:96 e.v.) dat 'n funksionele teorie van massakommunikasie die beste ontwikkel kan word aan die hand van die vraag "what are the consequences of handling the basic communication activities by means of mass communication".

Met betrekking tot die perswese kan redaksionele *aktiwiteite* dan opgevat word as die selektering en vertolking van inligting en tendensstelling in die vorm van kommentaar op en vertolking van gebeurtenisse waardeur die publiek se kennis en begrip uitgebrei, ontwikkel en in stand gehou word ("*surveillance* of the environment and the *correlation* of the parts of society in responding to the environment"). Vervolgens het die pers dan ook ten doel om deur die voortdurende proses van sy aktiwiteite kultuuroordrag moontlik te maak waardeur bestaande norme en waardes in stand gehou word ("the *transmission* of the social heritage from one generation to the next"). By hierdie drie belangrikste aktiwiteite (volgens Lasswell, 1948) van gespesialiseerde kommunikatore (joernaliste) voeg Wright (1964:97) dan ook ontspanning by ("*entertainment* refers to communication primarily intended to amuse people irrespective of any instrumental effects it might have").

Aan die hand van Merton (1957) stel Wright (1964:98) vervolgens 'n funksionele inventaris van kommunikasieaktiwiteite op waarin hy onderskeid maak tussen *manifeste* en *latente* funksies aan die een kant en *eufunksies* en *disfunksies* aan die ander kant. As 'n funksionalistiese instrument kan die volgende ondersoekvraag dan gestel word (Wright, 1964:98):

<i>What are the</i>	(1) <i>manifest</i> <i>and</i> (2) <i>latent</i>	(3) <i>functions</i> <i>and</i> (4) <i>dysfunctions</i>	<i>of mass commu- nicated</i>
(5) <i>surveillance (news)</i> (6) <i>correlation (editorial activity)</i> (7) <i>cultural transmission</i> (8) <i>entertainment</i>	<i>for the</i>	(9) <i>society</i> (10) <i>subgroups</i> (11) <i>individual</i> (12) <i>cultural systems?</i>	

Heelwat kritiek is teen Wright (1964) se funksionele model uitgespreek, onder meer vanweë die feit dat sy konsepte op 'n hoë vlak van abstraksie bly; dat die afsonderlike funksies moeilik geïsoleer kan word en dat daar derhalwe voortdurend vir die doeleindes van operasionalisering met multi-veranderlikes rekening gehou moet word (Silbermann & Krüger, 1975:113). Hierby kom nog die wesenlike beswaar dat die aktiwiteite van die joernalistiek nie noodwendig in 'n betreklik meganistiese sisteem van latente en manifeste funksies en disfunksies gesien kan word nie (McQuail, 1975:31). In 'n latere artikel (Wright, 1974:208) sê Wright self dat sy inventaris hoofsaaklik op die individu gerig was, maar dat DeFleur (1973) dit meer sinvol binne die sosiale sisteem toegepas het. Vir anti-funksionaliste is die vraag voorts of só 'n benadering waarin ekwilibrium of homeostase voorveronderstel word as 'n geldige norm vir teorievorming kan dien.

Selfs al sou die meer ekstreme positivistiese elemente van 'n funksionele benadering nie aanvaar word nie,* bied 'n institusionele funksionele konsep van die rol van die joernalis en die pers in die samelewing 'n sinvolle metode om die groot aantal veranderlikes sistematies te bestudeer. Dit kan veral gedoen word wanneer funksionele analise as 'n sosiale sisteembenadering toegepas word en waar daar nie soseer 'n teorie gekonstrueer word nie, maar eerder 'n konseptuele model opgestel word waarin die rol van die massamedia se interaksie as 'n sosiale subsisteem met die res van die samelewing na vore kom. Só 'n analise word dan binne 'n struktureel-funksionele sisteemteorie moontlik indien die persjoernalistiek beskou word as 'n komplekse organisasie wat homself besig hou met die oordrag van simbole deur middel van nuus-, tendensstellings-, diens- en vermaaklikheidsboodskappe aan 'n groot, potensieel onbegrensde gehoor deur middel van bepaalde tegniese hulpmid-

* Soos in hierdie ondersoek, veral met betrekking tot die beginsel van 'n teosentriese beskouing van die skepping en die Goddelike wetsorde, en die plek van joernalistieke professionalisering daarin.

dele.


Só n struktureel-funksionele analise moet volgens Wentink, (1972b:231-232) minstens uit die volgende stappe bestaan: n noukeurige omskrywing van die sisteem; n noukeurige omskrywing van die relevante omgewing waarin die massamedium-subsisteem funksioneer; n noukeurige omskrywing van die toestande of kenmerke wat nodig is om die sisteem te laat funksioneer; die identifisering van die sisteem-onderdele wat die funksies vervul waardeur kontinuïteit moontlik gemaak word en n ondersoek na die wyse waarop die sisteem bydra om ewewig en selfregulering moontlik te maak.

Binne n funksioneel-historiese konteks kan die joernalistiek in die twintigste-eeuse demokrasieë op veral drie vlakke waargeneem word (Sandman, Rubin & Sachman, 1976:4-7): as n instituut van die samelewing waarvan die effek op manifeste en latente wyse (Wright, 1964) n besondere deurlopende en deurdringende* karakter het; as n besondere instrument in die werking en voortsetting van die demokrasie as sodanig en derdens as n integrale deel van die komplekse ekonomiese opset van die Westerse kapitalistiese bestel.

Hoewel nie aan die vereistes van Wentink (1972b) met betrekking tot n funksioneel-strukturele analise voldoen kan word nie, bied die werk van Hiebert e.a. (1974:21 e.v.) n waardevolle bydrae as vertrekpunt vir n teoretiese ontwerp van die rol van die joernalistiek in die moderne Westerse demokrasie. Volgens dié skrywers is daar n funksionele interafhanklikheid tussen die massamedia en die samelewing waarin dit funksioneer. n Besondere samelewing skep sy eie mediasisteem wat dan op sy beurt weer die samelewing modifiseer. Samelewings verskil van mekaar en daarom sal mediasisteme ook verskil. Daarby is die verhouding tussen massamedia en samelewingsisteem nie staties nie, maar verander dit voortdurend. Desondanks kan die volgende model die vernaamste elemente van hierdie sosiale sisteembenadering weergee:

* Die Engelstalige term *pervasive* ("to become diffused throughout every part... of the social system"), is hier besonder effektief (vergelyk Webster's, 1977: 856).

FIGUUR 4: MEDIA-SISTEEM-PARADIGMA (Hiebert e.a., 1974:21)



In dié model verteenwoordig (in effens gewysigde vorm):

(a) die sosiale sisteem waar veral n sestal faktore of kragte (i) fisiek-geografiese; (ii) tegnologiese vermoë; (iii) kulturele verskille; (iv) ekonomiese vermoë; (v) politieke ideologieë; (vi) mediakwaliteite en -vermoë in interaksie (vii) is om n nasionale medium-sisteem (b) te skep, wat bepaalde funksies (c) uitoefen, wat weer n invloed op (a) en eventueel op (b) het.

Vir hierdie studie is dié model van belang aangesien dit die veld van ondersoek beperk tot dié mediastelsels wat vergelykbaar is. Met betrekking tot die joernalistiese basiese beroepsaktiwiteit, naamlik die prosessering van nuus, en ook met betrekking tot die breë onderskeidings van die pers se rol in die samelewing, word daar in die vakliteratuur heelwat impressionistiese en/of deskriptiewe beskrywings asook empiriese bewys vir dié model aangebied dat elke sosiale sisteem sy eie besondere kenmerke het. In n oorsig van die literatuur (De Beer, 1977a:10-12) blyk hierdie verskille volgens Hiebert e.a. (1974) se model ook regstreeks van toepassing op die joernalistieke beroep en eventuele professionalisering te wees.

Hiebert e.a. (1974) se model word vervolgens bespreek as n voorbeeld van joernalistieke teorievorming in die proses van professionalisering.

(a) Die sosiale sisteem

Van die sestal kragte wat Hiebert e.a. (1974) onderskei, is daar nie by elkeen dieselfde mate van invloed teenwoordig op die joernalistieke beroepsaktiwiteit nie, maar elk van die kragte dra by om in die geheel 'n invloed uit te oefen.

(i) Fisiek-geografiese faktore

In 'n land soos Brittanje speel topografiese faktore 'n beslissende rol in die vorming van die nasionale mediasisteem. In dié land is etlike nasionale koerante maandelik (Wainwright, 1972:48; Golding, 1974:23-29), terwyl dit nie in 'n land met die grootte van die VSA maandelik is nie.

Dié situasie het 'n besondere uitwerking op die beroepsmobiliteit van Britse joernaliste waar dit tradisioneel is dat 'n beginner-joernalis eers sy spore in die plattelandse pers verdien voordat hy probeer om 'n pos in Fleet Street te verkry (Golding, 1974:56-61). In sy daaglikse werk sal dit ook 'n verskil maak of die joernalis se evaluering van nuus weens ruimtelike afstand tot sy onmiddellike omgewing beperk word of nie. Dié aspek sal onder meer 'n rol speel in die interaksie van die plattelandse joernalis met sy lesers (Greenberg, 1964: 437-440) wat van die meer anonieme verhouding van die joernalis in die nasionale pers en sy lesers sal verskil. Wat die spesifieke omvang en effek van die interaksie tussen joernalis en leser is, bied die navorsingsliteratuur teenstrydige bevindinge (vergelyk Hoofstuk 3.4.2).

(ii) Tegnologiese faktore

In die eerste plek slaan die tegnologiese faktore op die vermoë wat 'n land as sosiale sisteem het om die nodige tegnologiese onderbou vir 'n joernalistieke media-sisteem te verskaf (byvoorbeeld kommunikasiestelsels, tegnologiese kennis om die joernalistieke bedryfsmatige aspekte te ondersteun, ens.).

Die tegnologiese faktore slaan voorts ook op die vermoë van 'n betrokke dagblad se joernaliste om nuus in te samel, te verwerk en vir die dagbladorganisasie om dit te versprei (Boone, 1973:20-52).

In die beroepsituasie gaan dit 'n aansienlike verskil maak of 'n betrokke joernalis deel van 'n klein plattelandse koerantjie is waar hy meer as een taak sal

verrig (vergelyk Harvard Post, 1978) en of hy in 'n gespesialiseerde afdeling soos buitelandse nuus (vergelyk Tunstall, 1971) vir 'n gehalte-koerant sal werk waar hy as beroepsbeoefenaar groter spesialiteit teenoor die *generalist* van die kleiner koerant sal bereik. Die status van die joernalis sal dus ook tot sekere hoogte bepaal word deur die omvang van die koerant se tegnologiese vermoë om nuus oor 'n wye gebied in te samel (deur van elektroniese toerusting soos die interkontinentale satellietstelsel gebruik te maak) en deur middel van 'n tegnies goed-ontwikkelde vervoerstelsel te versprei.

(iii) Kulturele verskille

Kulturele verskille speel nie net 'n belangrike rol in die ontwikkeling en inhoud van media-sisteme nie, maar bepaal tot sekere hoogte ook die rol en status van die joernalis in die betrokke gemeenskap.

Taalverskeidenheid is een van die kenmerkende elemente wat onderlinge verskille tussen dagblaaie in lande soos Tsjeggo-Slowakye, Switserland en ook Suid-Afrika veroorsaak. Wat laasgenoemde betref, het taalverskille tussen die blanke groepe en ook tussen die nie-blanke bevolking 'n duidelike uitwerking op die wyse waarop die pers nie net as instelling van die samelewing funksioneer nie, maar ook op die wyse waarop dit 'n besondere invloed op kultuurvorming het.

Só bestempel Pienaar (1974:12) die Afrikaanse koerant as die beste en bestendigste draer en uitbouer van die Afrikanertradisie en die Afrikaner-identiteit. Hiermee gaan ook 'n feitlik deurlopende verskynsel gepaard dat die Afrikaanse koerantman dikwels verwyt word dat hy sensasionale beuselagtigheid publiseer wat nie kultuurverrykend is nie of strydig met die volkstradisies geag word (Pienaar, 1974:13). Hierteenoor staan die Engelstalige gemeenskap kultuurgesproke baie meer neutraal teenoor die Engelstalige pers en word dié pers nie in dieselfde mate as die Afrikaanse pers as noodsaaklike bondgenoot en vriend van ander kultuurinstellings beskou nie (vergelyk Potter, 1975).

Afgesien van taalverskille toon Hiebert e.a. (1979:38-39) aan dat die hele wye spektrum van kultuuraspekte 'n deurslaggewende rol in die funksionering van die pers speel. Aspekte soos verstedeliking, akkulturasie, toenemende spesialisasie, rasse-verhoudings, arbeidskwessies en opvoeding speel almal 'n belangrike rol. Só is die rol van die joernalis in die VSA byvoorbeeld ingrypend beïnvloed deur die burgerregte- en die vrouebeweging van die sestiger- en sewentigerjare. Op

dieselfde wyse sal die Deense joernalis se beskouing oor promiskuiteit klaarblyklik die huidige waardes van 'n deel van die Deense bevolking weergee, maar dieselfde beskouing sal byvoorbeeld nie in die meer konserwatiewe dele van die VSA en in Suid-Afrika in die pers geduld word nie.

(iv) Ekonomiese vermoë

Die ekonomiese filosofie en struktuur van 'n land bepaal volgens Hiebert e.a. (1979:39) tot groot hoogte die wyse waarop die media-stelsels in die betrokke land sal funksioneer. Afgesien van die feit dat daar 'n afdoende makro-ekonomiese stelsel moet bestaan om die duur media-sisteme in werking te hou, sal die besondere aard van die media en meer spesifiek van die dagblad 'n besondere uitwerking op die rol van die joernalis hê.

Een van die belangrikste aspekte in die verband is die feit dat die dagblad in die meeste kapitalistiese lande as 'n handelsproduk beskou word wat met 'n duidelike winsmotief bemark moet word. Tunstall (1972:259-280) het hierdie kenmerk van die dagbladpers in Brittanje as 'n driedeling bestempel waarin die klem by verskillende koerante verskillend sal val. Die dagblad het volgens Tunstall nie net 'n *non revenue goal* ('n opvoedkundige doelwit) nie, maar ook 'n *audience goal* (die bereiking van die grootste aantal kopers in sy gebied), asook 'n *revenue goal* (die verkryging van hoë inkomste uit advertensies). Hoewel die een doelwit meer klem as die ander in 'n besondere koerant kan ontvang, bied dit vir die definiëring van die joernalistieke beroep heelwat probleme. Soos reeds voorheen aangetoon (vergelyk Hoofstuk 3.4.3), verskil redakteurs in hul siening of die joernalis aan die winsnastrewing van sy werkgewer gebonde is of nie. Soos Walton (1975) met betrekking tot die koerante van die *South African Associated Newspapers* en Zaïman (1972) met betrekking tot die koerante van die *Nasionale Persgroep* aantoon, is dit 'n faktor wat nie getignoreer kan word nie.

(v) Die politieke en staatsideologiese faktore

Die betrokke politieke stelsel bepaal die wyse waarop die dagblad in enige gegewe samelewing sal funksioneer. Hierdie taamlik kategoriese stelling word deur etlike skrywers oor die joernalistiek onderskryf. Waarskynlik die beste voorbeeld is die onderskeiding wat deur Siebert e.a. (1974) getref is om die invloed van die staatsbestel op die funksie van die pers en die werksaamhede van die joernalis aan te dui (vergelyk byvoorbeeld die verhouding van die Suid-

Afrikaanse pers tot die staat; Hoofstuk 3.4.3.5).

Siebert (1974:9-38) onderskei in die eerste plek die *outoritêre stelsel*, waar die dagblad en ander massakommunikasiemedie ondergeskik aan die belange van die staat gestel word. Binne die konteks van hierdie sosialistiese ideologie word die individu (dus ook die joernalis) asook die massamedia onderworpe aan owerheidsbeheer gestel sodat die orde, gesag en sedes van die gemeenskap in stand gehou en nie ondermyn word nie. Dié stelsel was kenmerkend van die tydperk voor die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland en in Italië. Teenswoordig word die stelsel in sekere Latyns- en Suid-Amerikaanse state aangetref, terwyl dit die reël eerder as die uitsondering in ander lande van die Derde Wêreld is. Die moderne aandrang van dié state op die sogenaamde Nuwe Informasie-orde (vergeelyk Hoofstuk 4.2.1.1) hang nou saam met hierdie ideologie en is strydig met die konsepte van die demokrasie soos dit in die laasgenoemde twee stelsels na vore kom (Snijders, 1978:1-10).

’n Strenger vorm van die outoritarisme is die *Kommunistiese* teorie waar die take, opdragte en mandaat van die massakommunikasiemedie streng en duidelik omskryf is. Volgens dié ideologie word die massamedia uitsluitend bedryf (en staan die joernaliste dus onder dié stelsel) met die doel om die Kommunisme aan die bevolking oor te dra en te bevorder. Omdat die massamedia in die meeste van die gevalle ten volle deur die staat beheer word, word dit dan ook gebruik om die bevolking kultureel op te voed en om inligting wat die heersers as skadelik beskou, van die massa weg te hou (Schramm, 1974:105-146).

As voorbeeld van hierdie stelsel in Kommunistiese lande, bied die Sowjet-stelsel ’n goeie aanduiding. Rooij (1974:15) wys daarop dat die monolitiese karakter van die samelewing ook tot uiting kom in die verskillende sosiale strukture: die party en die staat beheer die wyse waarop die dagblad sy taak vervul. Van die pers word verwag om op die basis van ’n militante lojaliteit te funksioneer. Waar die joernalis in die Weste hom in nuuskeuses deur die verskillende tradisionele nuuswaardes (vergelyk De Beer, 1977a) laat lei, en waar gebeure (*events*) dikwels die deurslaggewende faktor is (Schramm, 1949:259 e.v.), is sosiale prosesse in die Kommunistiese bestel die hoofbestanddeel van nuus. Westerse nuuskonsepte soos tydigheid, afstand, ongewoonheid, omvang en selfs die verandering van die status quo, maak ’n gebeurtenis nog nie in die Sowjet-stelsel nuus nie. Soos Inkeles (1951:139) dit stel:

"The major, and in a sense virtually the only, news item in the Soviet Union is the process called socialist construction, that is, the general effort to build up the Soviet society."

Dié beperking op die joernalis se besluitnemingsfunksie bring mee dat die joernalis in dié stelsel voortdurend onder die opdrag werk dat nie alle feite in die pers mag verskyn nie, maar alleen die inligting en kommentaar wat die lesers sal bystaan in hul strewe om steeds hoër vlakke van sosialisme en kommunisme te bereik (vergelyk ook Kruglak, 1962).

Lynreg teenoor laasgenoemde ideologie staan die *libertynse* benadering wat nie soseer 'n stelsel as 'n wysgerige beskouing is nie. Uit die rasionalistiese denke van die 18de eeu dat die mens as individu (en dus ook die joernalis) deur sy rede begrip het en oordeel kan vel oor goed en kwaad, kon John Stuart Mill in die 19de eeu die noodsaaklikheid van 'n *free market place of ideas* in sy *Areopagitica* verkondig. Volgens Rivers & Schramm (1969:39) was dit derhalwe die taak van die samelewing om hierdie forum te skep sodat die mens rede en keuse kon uitoefen:

"In the place of more formal controls libertarianism chooses to trust the self-righting process of truth. This implies that ideas must have equal chance and that everyone must have access to the channels of communication."

Dié standpunt hou met betrekking tot die joernalis se werksaamhede vrye optrede ongebonde deur staatsinmenging in. In die Anglo-Amerikaanse en etlike ander Westerse lande het dié konsep gelei tot die aanvaarding van basiese menseregte soos die vryheid van spraak en van die pers en van die gedagte dat private ondernemings koerante in ope mededinging op die ope mark kon publiseer (vergelyk ook Siebert, 1974:39-71).

Twee faktore het egter die volle ontplooiing van die teorie verhinder. Volgens Rooij (1974:18) het ontwikkelinge op die terrein van die sielkunde die filosofiese beeld van die mens as rasioneel-denkende, -kiesende en -handelende wese grootliks afgebreek. In die tweede plek het ontwikkelinge op sosiaal-ekonomiese terrein die algeheel vrye konsep van die *free market place* onmoontlik gemaak. Oral het beheer en ingryping deur die staat en ander owerheidsinstansies noodsaaklik geword en in omvang toegeneem. Die uiteindelijke nie-uitvoerbaarheid van die libertynse gedagte (ook op die terrein van die pers) het gevolglik aanleiding gegee tot die totstandkoming in die Anglo-Amerikaanse wê-

reld van die *social responsibility*-teorie.

Sterk kritiek teen die pers in die begin van die 20ste eeu in Amerika (onder meer weens die opkoms van die *yellow journalism* en die era van *muckraking* volgens Emery & Emery, 1978:243 e.v.; 270 e.v.), het die gedagte laat posvat dat die pers (en spesifiek die dagblad) nie toegelaat kan word om algeheel vry en ongebonde te funksioneer nie. Vanweë die feit dat dit toenemend duidelik geword het dat die pers afhanklik van groter wordende getalle lesers was ten einde ekonomies lewensvatbaar te bly, het die gedagte ook al meer posgevat dat informasie nie gebruik is om die publiek in te lig nie, maar as metode (byvoorbeeld die gebruik van sogenaamde sensasie-nuus) om sirkulasie te bou. Hiermee saam het die opkoms van die party-politieke pers en grootskeepse perskonsentrasies toenemend die gedagte laat posvat dat joernaliste in hul nuusseleksie en -kommentaar nie meer voldoen het aan die eise van 'n maatskaplik verantwoorde informasie-hantering nie (Rivers & Schramm, 1969:19; Peterson, 1974:73-104).

'n Nuwe beskouing oor die rol van die pers en van die joernalis in die samelewing het dus nodig geword. Uit hierdie behoefte het die gedagte van die sosiale verantwoordelikheidsteorie ontstaan. Volgens dié benadering moes die klem val op die morele en sosiale verantwoordelikheid van die joernalis en die instansies wat die pers beheer. Terselfdertyd moes die pers jaloers waak teen ingrype van die staat of drukgroepe wat sy vryheid in gevaar sou stel. Die hoofsaak van die pers is gesien as die nakoming van die publiek se reg om ingelig te word (*the public's right to know*). Volgens Rooij (1974:20) moes dit geskied deurdat die joernalis in sy beroepsuitoefening billikheid en waarheid moes nastreef binne die raamwerk van die skeiding van nuus en kommentaar en die nastrewing van akkuraatheid en objektiwiteit en betroubaarheid in nuusberiggewing, vertolking en kommentaar.

Dat al die ideale van die sosiale verantwoordelikheidsteorie nie die toets van die tyd kon weerstaan nie, blyk onder meer uit die opgang wat nuustydskrifte soos *Time* en *Newsweek* gemaak het waar dit nie altyd duidelik en maklik is om nuus en redaksionele kommentaar te skei nie (vergelyk byvoorbeeld hoe *Time* in die kled van nuusvertolking Amerikaanse presidente gestereotipeer het volgens Fedler, Meeske & Hall, 1979 se bevindings).

Die ontstaan van die alternatiewe pers in Amerika, waaronder die *New Journalism* van onder andere Tom Wolfe (Wolfe & Johnson, 1975), het ook die konsep uit 'n vo-

rige eeu terugbring dat die joernalis nie 'n passiewe, neutrale en objektiewe toekyker van nuusgebeure is nie, maar dat hy subjektief betrokke moet wees.

Hoewel nóg die libertynse nóg die sosiale verantwoordelikheidsteorie in hul ideale vorme êrens voorkom, is dit 'n kenmerk van die Amerikaanse en die Britse pers (en in afgeleide vorm van die Suid-Afrikaanse pers) dat die ideale van die sosiale verantwoordelikheidsteorie minstens nagestreef moet word. Dit sluit dan die verantwoordelikheid van die joernalis en die dagblad in om aan die publiek alle inligting en kommentaar te verskaf binne die konteks van die sosiale sisteem waarbinne die media funksioneer. Omdat elke samelewing sy eie waardes en norme vanweë bepaalde histories-kulturele ontwikkelinge het, is die ideaal dat die media daardie sake en aspekte sal vermy wat nadelig vir die samelewing in sy geheel sal wees. (Dat hierdie standpunt noodwendig tot botsings met die staat moet lei, word onder meer deur Pienaar, 1969, bespreek.)

Een aspek wat nog hier met betrekking tot die invloed van die staats- of politieke bestel genoem moet word, is die feit dat joernaliste gebonde is aan die politieke rigtings wat hul besondere koerante voorstaan (daar is wel uitsonderings, byvoorbeeld die gebruik van gesindikeerde skrywers van verskillende standpunte of die plaas van spotprente wat nie strook met die betrokke koerant se beleid nie, vergelyk byvoorbeeld die werk van Weiner, 1977). Die gebondenheid van joernaliste aan die bepaalde beleid wat hul koerant steun, is veral duidelik in tweeparty-stelsels soos die in Brittanje, Amerika en Suid-Afrika (vergelyk Robinson, 1972, 1974; Lever, 1972; Potter, 1975).

(vi) Media-kwaliteite en vermoë

'n Deel van hierdie onderskeiding wat deur Hiebert e.a. (1979:40-41) getref is, is reeds in die afdelings oor die pers se ekonomiese en tegnologiese vermoë behandel. Die wye reeks van faktore wat 'n invloed op die joernalis se beroepsaktiwiteite binne 'n bepaalde koerant uitoefen en derhalwe sy beroepsbesluite beïnvloed, is onder meer deur De Beer (1977a:13-18) beskryf. Hierdie faktore sluit in die publisistiese individualiteitskenmerke of signatuur van die betrokke koerant wat nie net in sy innerlike styl neerslag vind nie, maar ook in die koerant se algemene houding soos gemanifesteer in die aanbieding en inkleeding van sy inhoud.

By bogenoemde moet nog gevoeg word aspekte soos eienaars- en bestuursverander-

likes (Bowers, 1967:43-50), redaksionele interaksie, redaksionele organisasie (Popovich, 1978:1 e.v.) en beleid ten opsigte van aspekte soos tipografiese aanbieding en nuustemas, -soorte en -styl (De Beer, 1977a). Eksterne druk speel ook 'n rol, waaronder die invloed van mededinging van ander dagblaaie, die druk van lesers en drukgroepe (vergelyk ook die model van Snyman, 1971:247 wat 'n uiteensetting bied van die komplekse aard van invloede wat op die joernalis inwerk, asook Daudt, Bergsma, Kempers & Cohen, 1971, se versamelwerk).

Met bogenoemde bespreking van die sosiale sisteem-model is 'n raamwerk geskets wat kan dien as basiese vertrekpunt vir 'n teoretiese analise van die joernalistiek. Hoewel onvolledig, is dié model ook in hierdie ondersoek gebruik as 'n teoretiese basis waar die joernalistiek as professionaliserende beroep volgens 'n kwalitatiewe navorsingsmetode ondersoek kon word.

(i) Die Hiebert-model as rasionaal vir ondersoek

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek moes daar 'n bepaalde beperking geplaas word op die verskillende joernalistieke stelsels wat ondersoek is. Teen die agtergrond van wat hierbo bespreek is, is besluit dat veral twee lande praktiese vergelykingsmoontlikhede bied, naamlik die VSA en Brittanje. Teen die agtergrond van die invloed van die Duitse sisteme op die Afrikaanse konteks, asook die historiese verband met Frankryk, is besluit om ook in mindere mate die aandag te fokus op Nederland, Wes-Duitsland, België en Frankryk.

Die rasionaal vir die gebruik van die Amerikaanse en Britse sisteme vir 'n vergelyking met die Suid-Afrikaanse mediastelsel kan in verskeie fasette van die Hiebert-model gevind word.

Wat die algemene media-invloed betref, toon Tunstall (1977) hoe *Amerikaans* die wêreld (en ook Suid-Afrika) se nuusmedia geword het. Dié invloed geld oor 'n wye spektrum.

Amerika is 'n belangrike nuusbron vir Suid-Afrika (vergelyk die invloed van Amerikaanse buitelandse beleid op Suid-Afrika, die VVO, handelsbande en sportaktiwiteite). Teen hierdie agtergrond sou die verhouding Suid-Afrika/Amerika binne die raamwerk pas van Galtung & Ruge (1973) se tipering van wanneer gebeure op die internasionale front nuus in 'n bepaalde land word.

Uit 'n historiese agtergrond het die Suid-Afrikaanse media-wêreld, en meer spesifiek die dagbladpers, 'n lang betvloeding van die Britse stelsel ondergaan. Dié geskiedenis strek terug tot die beginjare van die pers in Suid-Afrika (Meurant, 1885), tot die koms van verskillende Britse of Britsopgeleide joernaliste na Suid-Afrika (Green, 1947; Wilson, 1947). Hierby moet nog die noue finansiële en ook selfs politieke bande met Brittanje gevoeg word (Broughton, 1961; Neame/Rosenthal, 1956).

Wat die konseptualisering van die pers se rol in die samelewing betref, blyk dit telkens uit konfliktsituasies tussen die pers en byvoorbeeld die staat dat die Suid-Afrikaanse pers hom op die basiese ideologiese grondslae van die sosiale verantwoordelikheidsteorie beroep en meer spesifiek op die reg van die publiek om ingelig te word. As enkele voorbeeld geld hier die reaksie van die Suid-Afrikaanse pers teen die einde November, begin Desember van 1979 na aanleiding van die Weermag se beweerde betrokkenheid by die onwettige skiet van wild in Suidwes en ook die aankondiging dat die Regering 'n kommissie benoem het om ondersoek in te stel na beriggewing oor die Weermag. Die kenmerkende elemente van die sosiale verantwoordelikheidsteorie is in sowel die Afrikaans- as die Engelstalige pers se reaksie op dié nuusgebeure gekry. Sō skryf *The Star* in 'n hoofartikel (1979-12-04):

"In a society such as ours the people expect their newspapers to fulfill their role by seeking out the truth - or at least enough of the truth to lift the lid on malpractice or injustice.

"This is part of the delicate balance between state and individual - a thin balance on which individual freedom stands.

"The balance is lost when government cannot accept that the role of the newspapers is an adversary one."

Etlike koerante het gereageer op die spesifieke opdrag van die kommissie om onder meer vas te stel wat die publiek se reg om ingelig te word, presies behels. Soos die rubriekskrywer *Hogarth* van die *Sunday Times* dit gestel het (1979-12-09):

"When governments appoint people to examine the public's right to know... believers in freedom of expression become uneasy.

"But since the existing Defence Act already imposes total censorship on matters military, we must of necessity believe that Mr. Botha's (the Prime Minister and Minister of Defence) intentions are benevolent, that he intends to liberalise the system, and that he is seeking ways of giving the public more access to information rather than less.

"Of course there will always be military secrets, but we should never lose sight of this key fact: South Africa's is largely a citizen army and citizens are loyal and most dedicated when they know what's going on, be it good news or bad."

In die Afrikaanstalige pers is dieselfde sentimente gevind. *Die Vaderland* skryf in 'n hoofartikel (1979-12-07) dat die eerste reaksie op die kommissie noodwendig een van kommer, moontlik verset sal wees vanweë die feit dat alle Weermagaangeleenthede sterk beheer, selfs gesensor word. Die blad spreek die hoop uit dat sowel die vereistes van landsveiligheid as dié van 'n vrye pers in aanmerking geneem sal word. Dié blad vervolg dan:

"Behoorlike nuusdekking is nie net in belang van die pers en die publiek nie, maar ook van landsveiligheid. Iran het bewys dat 'n oningeligte bevolking maklik die prooi word van revolusionêre opsweping. Gerugte is altyd gevaarliker as feite.

"Vir verantwoordelike persvryheid, vryheid van spraak en die publiek se reg om ingelig te word, pleit ons sonder kompromis."

Anders as die meeste Engelstalige koerante, gaan *Die Vaderland* (soos ook *Beeld* van 1979-12-07; *Die Transvaler*, 1979-12-07) ook van die standpunt uit dat persvryheid nie teenstrydig met vaderlandsliefde en lojaliteit aan die eie is nie. Uit dié enkele aanhalings blyk dan ook duidelik in hoe 'n mate die konsep van die sosiale verantwoordelikheidsteorie deel van die perswese in Suid-Afrika is. Sō word daar verwys na die pers se taak om die waarheid te soek en te publiseer; dat die soeke na waarheid dikwels daartoe lei dat daar 'n *adversary relationship* tussen pers en staat bestaan; dat die publiek 'n reg het om ingelig te word; dat die publiek toegang (*access*) tot inligting moet hê; dat verantwoordelike persvryheid nie aan bande gelê moet word nie omdat dit tot 'n oningeligte publiek lei wat op sy beurt weer skadelik vir die demokrasie is; maar dat dié vryheid

altyd getemper moet word met 'n vaderlandsliefde en lojaliteit teenoor die land.

Naas bogenoemde voorbeelde wat op die relevansie dui om die joernalistiek in Suid-Afrika met dié in die VSA en Brittanje te vergelyk, word talle voorbeelde van Amerikaanse invloede binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse pers self aangetref. S6 is daar die invloed van die Amerikaanse nuusstyl (van die omgekeerde piramidevorm van berigskrywing tot die moderne vertolkende en ondersoekende beriggewing); ontwikkelinge op die gebied van die koeranttegnologie soos veral blyk in die jongste ontwikkelinge rondom die elektroniese joernalistiek; asook die invloed van gesindikeerde Amerikaanse artikels en strokiesverhale (vergelyk Tunstall, 1977).

In die laaste instansie is daar ook die onmiskenbare invloed van die Amerikaanse akademiese joernalistiek op die Suid-Afrikaanse joernalistiek. Dit strek van die opleiding van Suid-Afrikaanse joernaliste aan Amerikaanse skole en departemente van joernalistiek (vergelyk die eerste Afrikaanse joernalis wat in die twintigerjare die Columbia School of Journalism bygewoon het, Viljoen, 1953:48-53) tot die invloed van die jarelange *Nieman Fellowships* waaraan etlike senior Suid-Afrikaanse joernaliste deelgeneem het. Hierby kom nog die invloed oor byna twee dekades van die gebruik van Amerikaanse handboeke, nie net in universiteitskursusse oor die joernalistiek nie, maar feitlik oor die hele veld van die sosiale wetenskappe waardeur die Suid-Afrikaner toenemend aan die *American way of thinking* blootgestel is.

In bogenoemde voorbeelde kom dan 'n kernfaset van hierdie ondersoek na vore, naamlik dat daar belangrike ooreenkomste tussen die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse mediastelsels bestaan wat 'n vergelyking volgens 'n funksionele indeling moontlik maak. Naas die media-stelsel in die Hiebert-model, sou ook aangetoon kan word dat daar wesentlike ooreenkomste tussen Suid-Afrika, die VSA en Brittanje met betrekking tot die ander faktore in die model is.

In die voorafgaande bespreking is die funksionalistiese benadering as 'n nie-deterministiese benadering beskryf, hoofsaaklik vanweë die uitgangspunt dat dié benadering vir 'n groot aantal tussenkomenlike veranderlikes voorsiening maak wat die funksioneel-strukturele en/of -analitiese benadering nie as 'n suiwer deterministiese benadering tipeer nie.

Uit 'n ander hoek beskou, sou die funksionele benadering weer as deterministies

gesien kan word, veral as daar op die ekonomiese determinisme van DeFleur (1973) se sisteem-model gelet word. S6 sou ook n *funksionele* en strukturele ontleding aan die ander kant binne n deterministies-teosentriese benadering gedoen kan word (soos in hierdie ondersoek) waar die funksionalisme hoofsaaklik vanweë sy *funksionaliteit* as ontledingsbenadering gebruik is.

Teenoor die funksioneel-analitiese metode, bied die fenomenologiese benadering egter n besondere beeld van die invloed van nie-deterministiese benaderinge tot die kwessie van teoriebou in massakommunikasie en derhalwe ook in die joernalistiek, hoewel dit weer indeterministiese trekke vertoon.

(b) Die fenomenologiese benadering

Die bydrae van die fenomenologie tot die teorievorming van die joernalistiek is uiters beperk (Whitney & Barkin, 1978:1-2). Deur die werke van veral skrywers soos Schutz (1973) word egter belangrike weë vir die joernalistieke teorievorming geopen omdat hierdie benadering wegbeweeg van die siening dat (joernalistieke) kommunikasie in die eerste plek ingestel is op die bereiking van n bepaalde kommunikasie-effek deur middel van oorreding. Vir n fenomenoloog soos Schutz gaan dit daarom dat kommunikasie n spontane handeling is waarin die sender (joernalis) homself verstaanbaar aan die ontvanger wil maak ten einde n beter totaliteitsvisie of greep op die konkrete bestaan van die mens as in-die-wêreld-syn te verkry (McQuail, 1975:49 e.v.; Whitney & Barkin, 1978:16).

Vir die joernalistiek is dit ook belangrik dat die fenomenologie besondere klem op die intensiteit van die sender (joernalis) lê waardeur tot n beter begrip van die joernalis se intersubjektiewe aktiwiteite met sy ontvangers gekom word.

S6 toon Tuchman (1971/72:660-679) aan hoe die joernalis in fenomenologiese sin voortdurend die realiteit rekonstrueer volgens sy definiëring van wat nuus is. Hierdie proses geskied in voortdurende interaksie met nuusbronne, nuusontvangers en die nuusorganisasie. Hoewel die inhoud van die nuus dus van dag tot dag kan verskil, bly die metodes van insameling en verwerking taamlik konstant en verkry dit n geroetineerde basis wat dan as wettiging vir die voortbestaan van die nuusorganisasie dien (Whitney & Barkin, 1978:11). Die joernalistieke bedryf en die persorganisasie verkry deur n fenomenologiese beskouing n baie minder strakke monolitiese karakter. Wat na vore tree, is die moontlikheid dat joernaliste al meer selfaktualiserend deur middel van hul beroep te werk kan gaan (vergelyk ook Tuchman, 1973).

Ook wat navorsing betref, kan die fenomenologiese beskouing 'n belangrike bydrae lewer aangesien dit die klem op die korttermyn-effekte van massakommunikasie kan verbreed na vroeë oor kumulatiewe media-effekte op die langtermyn. Dit is moontlik deur die fenomenologiese metode van regstreekse waarneming (vergelyk byvoorbeeld Tuchman, 1971/72; 1973).

Die laaste teoretiese benadering wat vervolgens kortliks behandel word en wat by die fenomenologie aansluit, is die indeterministiese benadering van die eksistensialisme.

4.2.1.3 Indeterministiese benadering

Die joernalistiek as wetenskaplike dissipline het selde sō kwaai onder 'n bepaalde filosofiese denkrigting deurgeloopt, maar terselfdertyd middele ontvang vir 'n uitbouing van die begrip van joernalistiek, as van die eksistensialisme.

In Suid-Afrika is dit veral Van Schoor (1977; 1979) wat 'n besondere bydrae tot die invloed van eksistensiële denkers soos Ortega y Gasset en Soren Kierkegaard tot die teorie van joernalistiek gelewer het. Nie dat 'n eksistensialis soos Kierkegaard besonder vleënd oor die joernalistiek was nie. Aan die een kant erken hy dat die joernalistiek 'n uiters veeleisende beroep is wat sō moeilik is dat "slegs die bewustheid van wat mens bereik in diens van die waarheid ter verdeling van die mensdom jou (die joernalis) krag kan gee om te volhard" (Van Schoor, 1979:15). Maar byna in dieselfde asem vergelyk Kierkegaard joernaliste met *nag-draers* of *nag-vullisdraers*.

"Ek glo nie die woord is naastenby so goed van toepassing op die werkers van die sanitasie-departement vir wie dit gebruik word nie. Maar joernaliste is werklik nag-vullis-draers. Hulle dra die afval nie snags *weg* nie - iets wat tegelykertyd 'n edele taak en 'n goeie werk is. Nee, hulle dra die afval gedurende die dag *in*, of, meer akkuraat gestel, hulle versprei die nag, donkerte, verwarring by mense. Kortom, hulle is nag-draers" (Van Schoor, 1979:22).

Hierdie *vullis* wat die joernalistiek sō gereeld uitdra, het ook vir 'n ander eksistensialistiese skrywer in die sewentigerjare die vernaamste bron geword waarom 'n eksistensialistiese beskouing van die joernalistiek 'n *sine qua non* vir kontemporêre teorie geword het (Hardt, 1972:175). Dié skrywer gaan van die standpunt uit dat die joernalistiek en die massamedia in die algemeen grootliks bydra tot die *waste* waarmee die moderne mens te kampe het. Deur middel van wet-

like, filosofiese, sosiale en ekonomiese las en ook die volume en intensiteit van die joernalistieke boodskappe word net tot die onegtheid van die menslike bestaan bygedra (Hardt, 1972:185-186).

Wat die teoretiese massakommunikasie aanbetref, lê Hardt (1972), soos Van Schoor (1977), 'n groot deel van die skuld vir die onvermoë van hierdie wetenskaplike dissipline om massakommunikasie te begryp, aan die deur van die kommunikasietradisie soos dit oor die afgelope dekades ontwikkel het.

"Kommunikasie het soos baie sake wat die mens aangaan, die slagoffer geword van inkennige en eiesinnige wetenskapsbeoefening wat dit verstrengel het in die vakjargon van veral die sosiale wetenskappe. Hulle het kommunikasie sê verteoretiseer... dat hulle die doodgewone handeling van kommunikasie uit die mens verwyder het" (Van Schoor, 1977:11).

Die skrywer het dit veral teen die gebruik om net sekere dele van die kommunikasieproses aan ondersoek deur byvoorbeeld positivisties-empiries-eksperimentele metodes te onderwerp sonder dat kommunikasie as 'n bestaanswyse, as 'n ontologiese begrip van die syn, aan die orde gestel word.

Die gevolg van bogenoemde is dat navorsers en teoriebouers op die terrein van die kommunikasie hulle net op die bekende onderdele toespits. Die gevolg hiervan is dat die volgende geslag net enkele kenmerke en fasette van kommunikasie onder die oë kry en die verskynsel dan ook net van een kant af benader (Van Schoor, 1977:7). Aan die hand van Kierkegaard se beskouinge oor kommunikasie toon Van Schoor dan aan dat die mens (dus ook die joernalis) nie noodwendig in deterministiese en positivistiese sin net deur 'n eksakte metodologie wetenskaplik bestudeer kan word nie, maar dat dit volgens Kierkegaard se onregstreekse kommunikasie veral op hermeneutiese wyse moet geskied. Dit kan alleen gebeur indien aanvaar word dat die grondslag van menslike kommunikasie die mededeling en die vertolking van boodskappe is "waarvolgens elke (kommunikasie-) komponent afsonderlik ontleed kan word sonder dat die eenheid van kommunikasie onnodiglik vir analitiese doeleindes versnipper word" (Van Schoor, 1977:36).

Vir die joernalistieke teorievorming is dit belangrik om daarop te let dat hierdie benadering kommunikasie nie bloot as 'n kwessie van tegniese vaardigheid beskou nie, maar dat die kommunikasieproblematiek veel dieper lê, naamlik aan die wortels van die menslike bestaan. Die joernalis sal daarom nie net moet meedeel nie, maar ook die ontvanger eksistensieel moet betrek sodat die ontvanger se ver-

194

tolking ook sy mededeling kan word (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.4). Die joernalis self sal ook nie bloot 'n kanaal kan wees nie, maar ook 'n denkende verantwoordelike vormer en mededeler sodat hy deur middel van inspraak sy beroep eksistensieel kan benader en beoefen (Van Schoor, 1977:120 e.v.).

4.2.1.4 Samevatting van die teoretiese benaderinge

In die voorafgaande afdeling is aandag aan die kwessie gegee of die joernalistiek wel oor 'n teoretiese basis beskik wat as grondslag vir toenemende professionalisering kan dien. Uit die bespreking het dit geblyk dat dit foutief sou wees om te beweer dat daar hoegenaamd géén teoretiese begroning vir die joernalistiek as een van die deelwetenskappe van die kommunikasie bestaan nie. Weliswaar is aangetoon dat die joernalistiek *per se* nie oor 'n buitengewone bron van substansiële en substantiewe teorieë beskik nie, maar dat daar wel deeglik op die breë terrein van kommunikasie en massakommunikasie toepaslike benaderings bestaan. Dié stelling is getoets aan die hand van 'n oorsig van deterministiese, nie-deterministiese en indeterministiese teoretiese benaderinge.

In die voorafgaande bespreking is aangetoon dat die funksionele analise van die joernalistiek 'n sinvolle basis vir 'n analitiese beskrywing en identifisering van die joernalistiek bied. As sodanig doen dit natuurlik nie afbreuk aan die fundamenteel-wysgerige waarheid wat in die transendentalistiese beskouing van 'n Calvinistiese benadering geleë is nie.

'n Kenmerk van 'n teoretiese onderbou vir 'n profesie is die feit dat dit ook neerslag in die praktyk van die beroep moet vind. In hierdie opsig moet die vraag dan gestel word of daar wel substansiële teoretiese grondslae vir 'n belangrike faset van die joernalistiek, naamlik nuus, bestaan. Hierdie vraag word vervolgens bespreek.

4.2.2 ENKELE TEORETIESE TOEPASSINGE MET BETREKKING TOT NUUS

'n Kernfaset, en waarskynlik een van die mees fundamentele kenmerke van 'n profesie, is die besonder hoë graad van superieure tegniese vaardigheid wat die uitvoering daarvan vereis. Hierdie vaardigheid vloei voort en word ondersteun deur 'n bepaalde kennisveld en teoretiese onderbou.

Dit is dus een van die ernstige beperkinge van die joernalistiek as profesio-

naliserende beroep dat daar nog geen substantiewe en substansiële teorie oor die vernaamste aktiwiteit van die joernalis, naamlik dié van nuus, bestaan nie. Die beplanning, insameling, verwerking, verspreiding van en behoefte aan nuus as besondere vorm van informasie het wel die laaste aantal jare geweldige vordering ondergaan (vergelyk Bagdikian, 1971; Lyle, 1967), maar aan die ander kant het die wetenskaplike analise van die fundamentele meganismes van nuus nog nouliks sy kinderskoene ontgroeï (Boone, 1973:53).

Ondanks etlike werke in die laaste paar jaar in die buiteland (vergelyk byvoorbeeld De Beer, 1977a:113-114; 135 e.v. oor Lippmann, 1966; Saxer, 1969; Cohen en Young, 1973; LeRoy en Sterling, 1973) verskyn het, het geen substantiewe teorie oor nuus uitgekristalliseer wat toepassing in die praktyk gevind het nie. Die Suid-Afrikaanse literatuur bied ook min op die terrein van teorievorming. Waarskynlik die enigste uitsondering is die werk van Snyman (1971) wat in persetiese verband teoretiese riglyne neerlê. Onder die enkele ander werke oor die pers se nuusaktiwiteit val die lesings, referate en biografieë van praktiserende joernaliste (onder meer Cillié, 1967a; Viljoen, 1953). In die jongste paar jaar is daar wel ernstige akademiese pogings om dié kwessie in breër konteks te sien (onder meer Van Schoor, 1976).

Kennis van die insig in bogenoemde pogings tot teorievorming dien egter nog nie as vereiste vir toetrede tot of vir die beoefening van die joernalistiek nie.

Anders as in die *ware* professies (byvoorbeeld die geneeskunde en die regte) vind 'n basiese joernalistieke aktiwiteit soos die hantering van nuus nie noodwendig binne 'n voorafopgestelde en onderliggende teoretiese raamwerk plaas nie, maar word dit tot groot hoogte deur die proses van sosialisering en ervaring bepaal. Dié stelling kan veral ten opsigte van drie nuus-aspekte onderskei word, naamlik die bepaling van *nuuswaardes*, die kwessie van *objektiwiteit* in nuus en die bepaling en toepassing van *nuwe nuuskonsepte*. Elk van hierdie fasette word vervolgens bespreek waardeur aangedui sal word dat hoewel daar sprake van joernalistieke teorievorming is, dit nog nie voldoende op die vlak van toepassing deurgevoer is nie.

4.2.2.1 Nuuswaardes

Indien aanvaar word dat die bepaling en toepassing van tegniese vaardighede in 'n professie geskied op grond van 'n teoretiese onderbou, skiet die joernalistiek

nog heelwat te kort in sy hantering van die bepaling van die nuuswaardigheid van gebeure. Soos De Beer (1977a:24) dit stel:

"Hoewel formele nuuswaardes soos beskryf deur joernalistieke handboekskrywers (onder andere Bond, 1961 en Charnley, 1975) as operasionaliserende faktore nuusgebeure waarneembaar kan maak (Hall, 1973b:184), en in 'n sekere sin ook as 'n professionele snelskrif (Hall, 1973a:87) beskou kan word, word dit uiters selde (Crump, 1974:56) as individuele evalueringswaardes, en sover bekend, nooit in 'n konseptuele model of rangorde-formule geverbaliseer in die joernalistiek deur praktiserende joernaliste gebruik nie (Murdock, 1973:169).

"Dit gebeur vermoedelik onder meer omdat die joernalis die tradisionele nuuswaardes onbewustelik aanleer en internaliseer (Nordenstreng, 1972:396) en omdat daar nie van hom verwag word om in die uitvoering van sy nuusevaluering 'n formele of informele skaal van nuuswaardes te gebruik nie.

"Empiriese bewys vir hierdie *onbruik* van (teoretiese) nuuswaardes *per se* in die praktyk, is onder meer beskryf deur Warner (1979). In 'n uitgebreide ondersoek van die vyftig belangrikste hekwagters van die drie belangrikste en grootste Amerikaanse televisienetwerke het hy bevind dat hul gebruik van kriteria vir die seleksie van nuus grootliks subjektief is, en dat dié joernaliste dit moeilik gevind het om dié kriteria wat hul wel gebruik, te verduidelik. Gewoonlik word 'n berig dan met hoë nuuswaarde aangedui met opmerkings soos *it grabs me*, terwyl die lae nuuswaarde van 'n aantal berigte aangetoon sal word met 'n *light* of 'n *quiet newsday*. Toe die nuuspersoneel gevra is om die kriteria vir nuuswaardigheid meer presies te definieer, is 'n groot aantal begrippe genoem, waaronder *importance*, *political balance*, *dramatic quality*, *freshness* en *timeliness* (Warner, 1970:163).

"Hierdie *joernalistieke aanvoeling* van wat nuus is, word deur talle joernalistieke skrywers beskryf, en wel onder begrippe soos om 'n *neus* vir nuus te hê, of 'n *sesde sintuig*, of 'n *aanvoeling* vir wat nuuswaardig is (Doig, 1972:7; Hughes, 1942: 11; McDowall, 1952:65; Mott, 1952:24). Aan die ander kant word daar tog ook aanduidinge gegee van bepaalde nuuswaardes, naamlik dat 'n berig *vars* is, van *belang* is vir *sekere lesers*. ensovoorts (Sellers, 1969)."

'n Geneigdheid tot dieselfde verskynsel is ook met betrekking tot Suid-Afrikaanse nuusredakteurs gevind wat tientalle geverbaliseerde attribute vir die begrip nuuswaardigheid gebruik soos in *groot storie* of *scoop* teenoor 'n *vaal* of *flou storie* (vergelyk De Beer, 1977a:210-217).

Op 'n vraag dus of daar in joernalistieke sin enige teoretiese skaal van nuuswaardes gebruik word:

"...by which the news commodity can be weighed to determine its specific gravity or importance - or weight of its reader appeal"? The best answer is 'No'. Just as the news essence, so also the news magnitude is best recognized or *felt* by intuition or instinct (the nose for news)" (Harris & Stanley, 1965:33).*

Dit is egter nie net 'n aspek soos nuuswaardes wat 'n wesenlike teoretiese onderbou kortkom nie, maar ook uiters belangrike aspekte soos die kwessie van objektiwiteit teenoor subjektiwiteit in die nuus en nuwe konsepte van nuus verg teoretiese besinning en eventueel 'n teoretiese raamwerk vir praktiese toepassing. Op dié twee aspekte word vervolgens gelet.

4.2.2.2 Die kwessie van objektiwiteit

Om enigsins 'n begrip van die problematiek van objektiwiteit van nuus te kry, is dit nodig om eers 'n aanduiding te gee van wat die konsep nuus behels. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word hier volstaan met 'n gewysigde weergawe van die begrip nuus soos dit reeds dertig jaar gelede deur Schramm (1949:259) in 'n artikel oor die aard van nuus beskryf is.

Nuus bestaan nie in die werklikheid buite die individu nie (vergelyk Molotch & Lester, 1974:101-112) en is ook nie in 'n gebeurtenis of tendens *per se* geleë nie. Nuus in Westerse gehalte-koerante kan oor die algemeen bestempel word as 'n verslag oor gewoonlik aktuele, kontingente gebeurtenisse wat ná (en in sommige gevalle antisiperend) vóór bepaalde gebeurtenisse of tendense tot vergestaltung kom. Nuus is nie identies met 'n bepaalde gebeurtenis self nie, maar is 'n poging deur die joernalistieke beroep om die essensiële raamwerk van daardie gebeurtenis in 'n verslagvorm te rekonstrueer volgens bepaalde nuusvorme en

* Die rol van nuuswaardes in die nuusproses word uitvoerig deur De Beer (1977a) bespreek. In dié ondersoek is aangetoon dat nuuswaardes waarskynlik teoretiese-konseptueel in twee dimensies verdeel kan word, naamlik 'n afstandsdimensie en 'n intensiteitsdimensie. In eersgenoemde word die nuuswaardes van *tyd*, *geografiese afstand* en *psigo-sosiale afstand* onderskei en in laasgenoemde dimensie word onderskeid gemaak tussen die nuuswaardes van *status quo*, *omvang (kwalitatief en kwantitatief)* en *ongewoonheid*. Daar is ook bevind dat hoewel nuuswaardes in die teorie én praktyk onderskei kan word en as sodanig deur middel van die genoemde twee-dimensionele model in 'n beperkte mate geoperasionaliseer kan word, praktiserende joernaliste hulle nog tot groot hoogte eerder op 'n betreklik subjektiewe *joernalistieke oordeel* van nuuswaardigheid verlaat.

nuuswaardes* gedefinieer binne besondere joernalistieke verwysingsraamwerke wat daarop gemik is om die gebeurtenis onder meer sinvol vir die lesers te maak.

Bostaande omskrywing bied eintlik maar net 'n aanduiding van die verhouding gebeurtenis, joernalis en lesers en sê weinig van die komplekse aard van die begrip self. 'n Poging om die vernaamste veranderlikes in die nuusproses te identifiseer soos dit in Suid-Afrika voorkom, is deur De Beer (1977a) aangedui. 'n Wye reeks van faktore moet in ag nemeem word alvorens daar oor die begrip nuus 'n bespreking gevoer kan word. Dit sluit die volgende in: die sosiale sisteem; die koerantsoort; die signatuur van die koerant; nuus as 'n verslag van 'n gebeurtenis en die invloed van aspekte soos eienaars- en bestuursveranderlikes (Liebes, 1966); redaksionele interaksie (Sigelman, 1973); redaksionele organisasie (Tunstall, 1971:24); tipografiese beleid (Wrolstadt, 1960) en mededinging (Nixon & Jones, 1956; Rarick & Hartman, 1966). By al hierdie faktore moet nog ook aspekte soos nuuswaardes, nuustemas (Curran, 1970); nuusstyl (Saalberg, 1975) en nuussoorte (Tuchman, 1971/72) gevoeg word. (Vir 'n bespreking van al hierdie aspekte, vergelyk De Beer, 1977a:1-23.)

Byna 'n eeu lank het die joernalistiek in die Westerse wêreld, en meer spesifiek binne die Anglo-Amerikaanse konteks van gehalte-koerante, hom op die objektiwiteit van sy nuusbeoordeling en -aanbieding beroem. Onder die talle joernalistieke konsepte waarmee die tagtigerjare tegemoet gegaan word, is daar min wat só in die branding staan as juis die joernalis se aanspraak dat sy professionaliteit geleë is in die mate waarin hy objektief oor nuus verslag doen. (Janowitz, 1975:618).

'n Kenmerk van die ware professioneel is dat hy effektief neutraal teenoor sy kliënte moet staan. Daar mag nie gediskrimineer word ten opsigte van sosiale posisie, leeftyd, geslag, godsdienstige of politieke oortuigings, ensovoorts nie. Wentink (1972a:78) toon aan die hand van Parsons dat daar in dié verband van die universalisme van professionele gedrag gepraat kan word. In 'n oorsig van die historiese ontwikkeling van die objektiwiteitsbeginsel in die moderne joernalistiek toon Drew (1973) en Atkins (1977) ook aan dat nuus die kliënt of ontvanger onbesoedel deur die joernalis se eie betrokkenheid moet bereik.

Die joernalis moet volgens die tradisionele beskouing van objektiwiteit as 'n

* Vergelyk voetnoot op vorige bladsy

onbetrokke waarnemer die nuus insamel, verwerk, en weergee sodat dit konkreet en sensories verifieerbaar kan wees (Atkins, 1977:27).

Die belangrikste rede teen die huidige eeuwisseling vir die ontstaan van die objektiwiteitsbeginsel van die nuus, was geleë in die beleid dat lesers en belangegroepe nie te na gekom moet word nie. Dié gedagte is vervat in die standpunt van Adolph Ochs, wie se *New York Times* in 1896 die volgende leuse aanvaar het: "to give the news impartially without fear or favor, regardless of any party, sect or interest involved" (Glasser & Donohue, 1978:2).

Die tweede belangrike rede vir die ontwikkeling van objektiewe berigging was die opkoms van die internasionale nuusagentskappe (meer spesifiek die *Associated Press*) wat aan 'n wye verskeidenheid van kliënte nuus moes verskaf. Gevolglik was dit nodig dat nuus so *objektief* moontlik aangebied moes word en is die klem op die *blote feite* volgens die bekende model van die vyf W's en die H aangebied. Vertolking is aan die ontvangers oorgelaat.

Hoewel objektiwiteit deur die jare ontwikkel het as die vernaamste onderskeidingskenmerk wat die joernalis in staat gestel het om op 'n professionele wyse nuus te evalueer, te skryf en aan te bied (Tuchman, 1973:123 en ook: 1971/72:672), is dit opvallend dat joernaliste self bitter weinig oor die konsep van objektiwiteit ondersoek gedoen het of selfs net impressionisties daaroor geskryf het (Atkins, 1977:26). Objektiwiteit in die joernalistiek het derhalwe nie as 'n professionele standaard *per se* ontwikkel nie, maar as 'n soort konvensie of organisatoriese imperatief waarvolgens die joernalis sy werk doen. As sodanig het dit nie 'n gedissiplineerde verwysingsraamwerk aan die joernalis gebied nie en ook nie aan hom die volle geleentheid tot kritiese perspektiewe en evaluering gegee wat die kwaliteit van sy werk betref nie. Wat in werklikheid gebeur het, was dat objektiwiteit as 'n roetine ontstaan het waarvolgens joernaliste *post hoc* 'n rasionaal gehad het waarvolgens hulle hul beroepsoptrede kon regverdig of rasionaliseer (Glasser & Donohue, 1978:3). Sedert die sestigerjare het die gedagte toenemend na vore gekom dat volkome objektiwiteit in nuus nie moontlik is nie, soos die bekende Amerikaanse radio-omroeper Edward R. Murrow dit reeds in die vyftigerjare gestel het:

"It is not, I think, humanly possible for any reporter to be completely objective, for we are all to some degree prisoners of our education, travel, reading - the sum total of our experience" (Roschco, 1975:48).

Daar is toenemend aanvaar dat elke joernalis se beskouing van 'n nuusgebeurtenis net so subjektief is as die leser se voorkeur wanneer hy daardie berig sou lees (Roshco, 1975:46). Die rede hiervoor is geleë in die feit dat die joernalistiek tot groot hoogte bestaan uit die voortdurende evaluering van nuus waar keuses noodwendig gedoen moet word tussen wat eventueel gepubliseer sal word en wat nie. Nie alleen speel persorganisasoriese faktore soos nuuswaardes hier 'n rol nie, maar daar is toenemend aanvaar dat nuuskeuse ook 'n weerspieëling van die fundamentele lewensbeskoulike waardes van die joernalis en eventueel van die lesers is (Rosengren, 1978:42).

Vir die joernalistiek as professionaliserende beroep bied die problematiek rondom die kwessie van objektiwiteit drie kernvrae: wat behels die realiteit waarvolgens joernaliste nuusevaluering moet doen; wat is die invloed en omvang van die druk waarbinne hierdie beslissings gedoen word en wat is eventueel die doel van nuus?

Wat die eerste aspek betref, word daar in die sosiale wetenskappe, sowel as in die joernalistiek self, aanvaar dat objektiwiteit as 'n positivistiese verifieerbare begrip in die joernalistiek onmoontlik is (vergelyk bevindinge van Drew, 1973 en Atkins, 1977). Soos Cillié (1967a:5) aantoon, is die joernalistiek en sy hantering van nuus geen spieëlbeeld van die werklikheid soos dikwels voorgesê word nie:

"Die koerant, in sy geheel gesien, is veel nader verwant aan 'n skildery, 'n impressionistiese skildery, as aan 'n spieëlbeeld of 'n foto. Ons selekteer en aksentueer, ons kan nie anders nie."

As sodanig is Rivet (1976:96) se bevinding dat 'n objektiewe joernalistiek nie moontlik is nie, of dat dit 'n blote mite is (Sigelman, 1973:133), 'n aanduiding dat die joernalis voortdurend tussen twee antagonistiese pole moet beweeg (Hemánus, 1976:102). Aan die een kant is daar die joernalis se geneigdheid om sy eie leefwêreld en dié waaroor hy verslag doen, in harmonie met sy eie waardesisteem te hou (vergelyk byvoorbeeld DeFleur, 1973:155-172), en aan die ander kant word sy lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed deur die druk van feitelike omstandighede in die werklikheid soos hulle hul voordoën binne die konteks van die sisteem waarin die joernalis werk (vergelyk Snyman, 1971:248-299).


Een van die belangrikste elemente waarmee die joernalis te doen kry, is dus om sy begrip van realiteit met die konkrete nuusgebeure in ooreenstemming te bring.

In die joernalistiek is nog min aandag gegee aan die feit dat joernaliste vir 'n groot deel van hul werk met simbole moet omgaan. In die joernalistiese geval is dit woorde wat gebruik moet word om bepaalde simbole oor te dra. 'n Basiese probleem in die proses van die rekonstruering van die nuusrealiteit deur middel van nuusberigte is die feit dat die woorde wat gebruik word om die nuusgebeure te simboliseer, arbitrêr is. Soos Brooks (1978:64) dit stel: woorde *per se* het nie betekenis nie, maar mense gee betekenis aan woorde soos bepaal deur hul eie sosiale en sielkundige samestellings. Elke ontvanger van die woorde in 'n nuusberig sal dus sy eie unieke persoonlike betekenis aan enige gegewe woord gee. Soos Richards (1936:69) dit stel: geen enkele woord het 'n betekenis van sy eie nie, of selfs 'n klein aantal korrekte betekenis nie, maar arbitrêre betekenis word deur kommunikeerders aan woorde gegee.

Vir die doeleindes van objektiwiteit in nuusberiggewing is dit ook belangrik om daarop te let dat senders (joernaliste) en ontvangers (lesers) geneig is om te glo dat dit *dinge* is wat gekommunikeer word en nie arbitrêre simbole nie. Wat in werklikheid gebeur, is dat die joernalistiese persepsie van realiteit (denke) oor dinge (nuusgebeure) deur middel van woorde gesimboliseer word waar hierdie simbole arbitrêre betekenis het.

In hul bekende diade stel Ogden & Richards (1956:11) die verhouding tussen objek, vertolker en woord só voor:

FIGUUR 5: SIMBOOL-MODEL VAN KOMMUNIKASIE (vergelyk Ogden & Richards, 1956:11).




Hierdie driehoek van betekenis dui op die geestelike proses waardeur die joernalis met die nuusonderwerp verbind word deur middel van die simbool wat daaraan toegeken word. Die gebroke lyn tussen die simbool en die nuusobjek dui aan dat, indien daar van 'n regstreekse verhouding tussen die twee sprake sou wees,

dit alleen deur die joernalis se denkproses kan geskied. Daar is dus geen direkte verband tussen simbool (die woord in die nuusberig) en objek (waaroor die nuusberig handel) nie. Vir die joernalis sowel as die leser geld dieselfde proses. Die verband tussen die nuusberig en die nuusobjek word moontlik gemaak deur die arbitrêre en unieke gestelike proses van die sender of ontvanger.

Uit bogenoemde blyk dan dat die woorde in 'n nuusberig as simbole bloot na die nuusobjek verwys, maar nie die objek self is nie. Nuusverslaggewing is dus niks meer as 'n arbitrêre plaasvervanger vir die aktuele nuusgebeurtenis nie. Die wyse waarop die joernalis die werklikheid beskou en weergee, kan dan volgens die volgende model van Bross (1970:21) weergegee word wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gewysig en aangepas is om dit op die nuussituasie van toepassing te maak:

FIGUUR 6: SIMBOLISERING VAN NUUSREALITEIT



In die bepaling van objektiewe nuus lê die probleem vir die joernalis (vergelyk Figuur 6) daarin dat hy vanweë talle sosiale sisteem-faktore (vergelyk Hoofstuk 4.2.1.2) 'n kortpad tussen die oorspronklike data in die reële wêreld deur B, D, E en eventueel na G neem, sonder dat hy soos die sosiaal-wetenskaplike byvoorbeeld eers die stappe van C en F kan deurgaan. Hiervoor is daar 'n aantal redes. Die eerste is die reeds genoemde sosiale sisteemfaktore, maar hierby moet ook die tradisionele konsep van nuus gevoeg word wat onderhewig aan die onverbiddelike tyddimensie (Rock, 1973:76 e.v.) is, asook die klem op *harde nuus* wat uitermate tydgebonde is (Cohen & Young, 1973:24 e.v.).

Indien die joernalistiek dus aanspraak op objektiwiteit as een van die kenmerke vir professionalisering wou maak, sal daar beslis aandag aan die kwessie van waarneming, die toetsing van data en die vereistes van tyd en harde nuus gegee

moet word. Hiervoor bestaan daar in deelwetenskappe genoegsame teoretiese modelle waardeur die teoretiese sy van die joernalistiek op dié punt versterk en uitgebou kan word.

Vir die professionaliserende joernalistiek van die volgende dekades lê die moeilike en newelagtige onderskeiding tussen objektiewe en onbevangen waarnemer aan die een kant en subjektiewe betrokke aan die ander kant as wesenlike opgawe voor die deur. Dié dilemma word gekompliseer deur die feit dat al meer joernaliste inspraak (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.4) in die nuusproses as kampvegters vir bepaalde doelwitte wil verkry. Volgens Burd (1978b:1) sal die joernalistiek ook die tweeslagtigheid van objektiewe waarnemer aan die een kant, maar terselfdertyd subjektiewe kampvegter aan die ander kant moet versoen.

Kennis sal dus van die teoretiese konsepte soos dié van Merrill (1974:156-161) wat die hele filosofie van objektiwiteit bevraagteken, geneem moet word. Kennis sal ook van die ontwikkelende teorie geneem moet word dat:

"...even the *quest* for objectivity is a myth, that the prime purpose of the press is not to report the world, but to reform it..." (Sevareid, 1970:8).

Volgens Glasser & Donohue (1978:1) is die vernaamste vrae wat in dié verband beantwoord moet word, die volgende:

"But is it right for journalists to let the *facts* speak for themselves? Is it good for journalists to remain neutral about events, issues, and personalities they have been assigned to cover? Is objective reporting socially desirable?"

Vir 'n professionaliserende joernalistiek is vrae van hierdie aard met betrekking tot die kennisdimensie van deurslaggewende belang.

4.2.2.3 Nuwe nuuskonsepte

As aanvaar word dat die mens van die moderne geïndustrialiseerde wêreld nuus as 'n besondere vorm van inligting vir sy daaglikse voortbestaan nodig het, is dit 'n ope vraag of die tradisionele konsepte van wat nuus veronderstel is om te wees, nog in die volgende dekades aanvaarbaar sal wees. Soos Hiebert e.a. (1974:345-349) aantoon, geld dié vraag byvoorbeeld vir tradisionele joernalistieke standpunte dat *goeie nuus* geen nuus is nie en dat die klem op die nega-

tiewe, die ongewone en die abnormale moet val.

Hierdie tradisie kan regstreeks herlei word na die ontwikkeling en aanvaarding van die tradisionele nuuswaarde-konsepte (vergelyk De Beer, 1977a) met klem op aspekte soos tydigheid, die verandering van die status quo, die omvang van die nuusgebeurtenis en ongewoonheid. Die probleem is dat hierdie benadering daartoe gelei het dat nuus heel dikwels oppervlakkig, sketsmatig en brokgewys by die leser uitkom sodat daar nie 'n sinvolle geheelbeeld van die werklikheid gekonstrueer kan word nie.

Dit is teen bogenoemde agtergrond dat daar die afgelope dekade 'n beweging onder sekere nuusteoretici is om nie net die kwessie van tradisionele nuuswaardes nie, maar ook van tradisionele nuustemas te bevraagteken. Een van hierdie skrywers is Burd (1970; 1973 en 1979) wat daarvoor pleit dat daar 'n totaal nuwe herwaardering van die moderne stadsmens se informasiebehoefte moet ontstaan. Hy toon aan dat veral die ontwikkeling van die metropolitaanse stadskompleks nuwe omstandighede geskep het wat ook nuwe eise aan nuus stel. S6 byvoorbeeld bevraagteken Burd (1967; 1968; 1979) die tradisionele indeling van 'n nuuskantoor met afdelings vir misdaad, munisipale aangeleenthede en howe. Hy s6 die eise van die tyd verg nuwe konsepte soos 'n herindeling van die tradisionele nuustemas om voorsiening te maak vir afdelings soos die gereontologie, omgewingsjoernalistiek en selfs ook toekomstkunde (vergelyk Hoofstuk 3.3.1).

Toenemende professionalisering deur middel van die uitbreiding van die joernalistieke kennis- en teoretiese terrein en die manifestasie daarvan in vakliteratuur waar dit vir akademici sowel as beroepsbeoefenaars toeganklik sou wees, is een metode om antwoorde op bogenoemde vrae te soek. Naas die uitbouing van 'n vakliteratuur wat in Hoofstuk 6.3 aan die orde kom, is dit ook noodsaaklik dat die kennisbasis en teoretiese grondslae neerslag in die onderrigsituasie en die praktyk moet kry. Di6 kwessie word in die volgende hoofstuk aan die orde gestel.

4.3 OPSOMMING VAN HOOFSTUK 4

In hierdie hoofstuk het die klem op die kennisdimensie as wesentlike element van die joernalistieke professionaliseringsproses geval vir sover dit betrekking het op joernalistieke teorievorming.

In die eerste plek word die aard van joernalistieke kennis bespreek. Hierna word 'n uiteensetting gegee van twee veldondersoeke wat in 1977 en 1979 met betrekking tot die kennisdimensie onderneem is. Die respondente (Suid-Afrikaanse joernaliste en dosente in joernalistiek) is gevra om op bepaalde kennis- en vaardigheids-items te reageer. Deur middel van 'n kwalitatiewe en deskriptiewe analise is bevind dat daar 'n besondere mate van ooreenstemming tussen die respondente bestaan oor die aard van die kennis waarvoor joernaliste moet beskik.

Voorts is aangetoon dat die joernalistiek, anders as wat dikwels beweerd word, oor 'n relatief uitgebreide korpus van kennis in die vorm van teoretiese modelle beskik. Hierdie teorieë bied inderwaarheid belangrike ondersteuning aan die joernalistiek as professionaliserende beroep. Só is daar aangetoon dat 'n transendentalistiese benadering soos dié van Snyman (1971) en 'n funksioneel-strukturele beskouing heelwat grond bied vir die argument dat die joernalistiek wel oor 'n basiese onderliggende teoretiese onderbou beskik.

'n Praktiese probleem wat hom egter in verband met bogenoemde voordoen, is dat die teoretiese konsepte nog nie na behore in die praktyk van die joernalistiek verwerklik is nie. In dié verband is byvoorbeeld aangetoon dat teoretiese grondslae 'n wesentlike bydrae kan lewer tot 'n herdefiniëring van basiese joernalistieke konsepte soos nuuswaardes, objektiwiteit en nuwe nuustemas om aan die vereistes van die tagtigerjare te voldoen.

Met betrekking tot die bepaling van die mate van professionaliteit wat die joernalistiek deur middel van teoriebou bereik het, kan gestel word dat die joernalistiek wel oor die basiese onderbou beskik wat verder ontwikkel en uitgebrei kan en móét word, maar dat ernstige aandag aan die toepassing daarvan in praktyk gegee moet word. 'n Metode om hierdie toepassing te versnel, is om meer aandag aan die joernalistieke onderrigsituasie te gee. Dit word vervolgens bespreek.

Hoofstuk Vyf

Onderrig en opleiding as professionaliserings-attribute in die kennis-dimensie

Waarskynlik een van die mees polemiese kwessies in die professionalisering van die joernalistiek handel oor opleiding en onderrig. Is die joernalis basies 'n ambagsman wat soos enige ander gelyksoortige beroepsbeoefenaar deur die proses van ambagsopleiding moet gaan soos in Brittanje grootliks die geval is (*National Council for the Training of Journalists*, hierna: NCTJ:1975:9), of kan daar van hom verwag word om soos in die professionele beroepe die geval is, hom selfs as gedoktoreerde by 'n koerantredaksie aan te sluit? Enkele aanhalings sal dié vraag duideliker belig.

Met betrekking tot die kwessie van akademies-universitêre onderrig het die bekende Nederlandse joernalis dr. A. Kuyper reeds in 1900 die volgende pleidooi in 'n hoofartikel in sy koerant, *De Standaard*, onder die opskrif *Journalistieke opleiding*, gelewer:

"De herhaalde denkbeelden op het Journalisten-Congress, en nu pas weer in Engeland, ter sprake gekomen, om tot een welgefundeerde opleiding van de journalisten te geraken, leden dusver schipbreuk, en wij betwijfelen of ze ooit slagen zullen.

"Er moet, dunkt ons, een geheel andere weg worden ingeslagen: het moet komen tot de instelling van een *Doctoraat voor de pers*.

"De tegenwoordige toestand is onhoudbaar." (Voorblad van *De Standaard* van 1900-09-14:1 afgedruk in Hemels, 1972:g.p.).

'n Driekwarteeu later staan die NCTJ (1975:9) se beleid in Brittanje reëlreg teenoor die gedagte van Kuyper:

"...the British system, based on apprenticeship or learnership, puts the emphasis on training allied to current practice and practical requirements."

’n Kenmerk van professionaliteit is die hoë graad van onderrig wat onderskei kan word, en wel met betrekking tot die kwantitatiewe omvang daarvan, die mate van spesialisasie wat moontlik is, die kwalitatiewe mate waarin die opleiding simbolies en begripvormend is, en die duur van die onderrig (Pavalko, 1971:19).

Hoewel enkele vroeëre skrywers oor die professionalisering van beroepe aantoon dat gespesialiseerde intellektuele onderrig nie noodwendig ’n vereiste vir die professies is nie (D.K. Wright, 1978:8 verwys na die standpunte van Flexner, 1915 en ook dié van Carr-Saunders & Wilson, 1933) is dit te betwyfel of dié standpunt nog in die tagtigerjare stand sal kan hou. Soos Steyn (1976:113) aantoon, verg die professies inderwaarheid ’n langdurige opleiding - nie net in die verwerwing van teoretiese en stilswyende kennis nie, maar ook kennis wat die bemeestering van tegniese vaardighede moontlik maak. Hoe nader die betrokke beroep aan die uiterste kontinuum van professionaliteit verskuif, hoe intenser en langduriger word die onderrig (Moore, 1970:10 e.v.). Vir die joernalistiek as professionaliserende beroep, bied die hele kwessie van onderrig en opleiding etlike fundamentele probleme. Dié belangrikste van die probleme en sake wat daarmee saamhang, word vervolgens beskryf. Hierna word die joernalistieke onderrigopset in Suid-Afrika bespreek waardeur aangedui sal word in welke mate daar van professionalisering op hierdie vlak sprake is.

5.1 SPESIFIEKE PROBLEME

’n Standpunt dat akademiese joernalistieke onderrig sonder meer ’n kardinale voorvereiste vir die professionalisering van die beroep is, sou vir die verkondiger daarvan etlike probleme skep wanneer die huidige bestel van die joernalistiek in Westerse landse soos die VSA, Brittanje en ook Suid-Afrika in aanmerking geneem word.

5.1.1 PROFESIONELE JOERNALISTE SONDER JOERNALISTIEKE OPLEIDING

As dit ’n voorvereiste vir professionalisering is dat die beroepsbeoefenaar op formele wyse in die teorie van sy vak opgelei moet wees, bied die joernalistiek, minstens op die oppervlak beskou, vir die navorser ongetwyfeld probleme.

Sonder om eers op die vraag in te gaan of Britse joernaliste soos John T. Delane van die Londense *Times* en G.P. Scott, en Amerikaanse joernaliste soos Joseph Pulitzer en Randolph Hearst (om maar enkele van die ou skool te noem) *professionele* in die ware sin van die woord is, bied die Afrikaanse joernalistiek alleen

genoeg bewys dat joernalistieke opleiding nie noodwendig 'n voorvereiste vir professionaliteit is nie.

Daar is minstens vyf sprekende voorbeelde van professionele joernaliste in die Afrikaanse joernalistiek wat nooit formele onderrig en opleiding in die joernalistiek deurloop het nie, maar beswaarlik daarom as *on-professioneel* bestempel kan word. Hulle is P.J. Cillié, tans hoogleraar in die joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch, dr. W.J. de Klerk, tans hoofredakteur van *Die Transvaler*, dr. Willem van Heerden, gewese redakteur van *Die Vaderland* en later van *Dagbreek*, wyle Schalk Pienaar, in lewe redakteur van *Die Beeld* en later stigter-redakteur van *Beeld*, en Phil Weber, 'n gewese redakteur van *Die Burger*, en soos Cillié, 'n voorsitter van die Nasionale Pers-groep.

Aan drie van bogenoemde redakteurs is ere-doktorsgrade vir hul werk op joernalistieke terrein toegeken (deur die Universiteit van Stellenbosch aan Cillié en Weber en deur die Randse Afrikaanse Universiteit aan Van Heerden). Pienaar, soos Cillié, was die ontvanger van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Markus Viljoen-prys vir joernalistieke prestasie, terwyl Pienaar ook die *South African Society for Journalists* se Pringle-prys ontvang het. De Klerk weer het sy doktorsgraad in die teologie ontvang en het nie deur die gewone redaksionele kanale tot sy huidige pos van redakteur van *Die Transvaler* en onder-voorsitter van die direksie van die Perskor-groep gevorder nie, maar is regstreeks van sy pos as hoogleraar aan die Potchefstroomse Universiteit as redakteur aangestel.

Deur ervaring in die praktyk opgedoen en 'n besondere intellektuele inset het hierdie redakteurs deur hul beroepsbeoefening buitengewoon hoë professionele standaarde aan die dag gelê soos getuig deur die akademiese en/of beroepserkenning aan hulle verleen. Inderwaarheid is daar vir sover aan skrywer bekend, net een senior redaksielid van 'n Afrikaanse dagblad wat 'n meestersgraad in die joernalistiek verwerf het, naamlik 'n assistent-redakteur van *Die Burger*, E. Dommissie, terwyl net een betreklik senior redaksielid hoegenaamd onderrig in kommunikasie en/of joernalistiek ontvang het (vergelyk die resultate van die 1979-veldondersoek, Hoofstuk 4.1.1 en ook Hoofstuk 5.1.3).

Bogenoemde kwessie bring twee kardinale vrae na vore: moet daar dan nie eerder van individuele as van kollektiewe professionalisering in die joernalistiek gepraat word nie? (vergelyk Windahl en Rosengren, 1976; 1978.) Op hierdie moontlikheid is reeds vroeër tydens 'n bespreking van dié twee skrywers se mo-

del gedui (vergelyk Hoofstuk 2.6.1) en as sodanig bied dit beslis moontlikheid vir verdere ondersoek.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is 'n tweede vraag egter uiters relevant, naamlik of dit hoegenaamd nodig is dat voornemende joernaliste in die tagtigerjare formele tersiêre joernalistieke onderrig moet ondergaan. Op hierdie vraag word in die volgende afdelings teruggekom.

5.1.2 JOERNALISTIEKE OPLEIDING AS TOETREDINGSVEREISTE

Spesifieke joernalistieke onderrig en opleiding in die teorie en die praktyk van die joernalistiek word tot hede nog nie as 'n noodsaaklike voorvereiste vir toetrede tot die beroep deur die praktyk beskou nie. Dit geld vir alle afdelings van die beroep, maar veral ook vir die basiese aktiwiteit van nuusinsameling, -verwerking en -evaluering. S6 stel Cillié (1967a:6) byvoorbeeld nie kennis van die teoretiese joernalistiek as vereiste om 'n verslaggewer die belangrikste elemente van nuuswaardigheid in te skerp nie, maar sê hy die joernalis se bestaande oordeelsvermoë moet ontwikkel en verskerp word deur voorligting en ervaring.

Selfs 'n bekende Amerikaanse hoogleraar in joernalistiek, Curtis D. MacDougall (1975:6), beweer dat kennis van die politieke staatswetenskappe, sosiologie en ekonomie dié primêre kennisterreine vir die joernalis is.

'n Probleem wat met laasgenoemde aspek saamhang, is geleë in die aard van die beroep self. Die joernalis is nie soos die sosiaal-wetenskaplike wat op grond van sy teoretiese kennis en ervaring eers 'n bepaalde hipotese postuleer wat dan empiries getoets word nie (MacDougall, 1975:6). Die tydsdruk en ander joernalistiek-organisatoriese aspekte (vergelyk Hoofstuk 4.2.2) bring mee dat die data wat die joernalis versamel, fragmentaries en van betreklik kortstondige of verbygaande aard is. Soos Ashmore (1972:230) dit stel:

"...the conclusions with which he (the journalist) ends his endeavor are tentative. His mission is to present the facts as they are available, but he rarely has reason to confuse their sum with the truth."

Die gevolg hiervan is dan dat 'n graad in die joernalistiek en/of kommunikasie nie as 'n toelatingsvereiste vir die joernalistiek gestel word nie, omdat die praktyk glo 'n persoon met die regte aanleg en algemene opleiding kan wel deur

ervaring die nodige joernalistieke insigte en vaardighede verwerf.

In Amerika is die neiging wel toenemend om gegraduateerdes in die joernalistiek in redaksies aan te stel, bevind Johnstone, Slawski en Bowman (1976) in hul omvattende werk oor Amerikaanse joernaliste, maar "there is little agreement as to what constitutes the most appropriate training for entering the field" (Johnstone e.a., 1976:187, vergelyk ook p. 53 en 98 e.v.).

In Brittanje verkies die Thomson-organisasie (nie net vir sy provinsiale koerante nie, maar ook vir die gehalte-koerante *The Times* en *The Sunday Times*) dat kandidate naas die verpligte vakbond-opleiding verkieslik 'n graad in geskiedenis, staatsleer en ekonomie moet verwerf. 'n Graad in die klassieke, Engels of die regte word ook as goeie voorbereiding beskou. 'n Vreemde taal is nie 'n vereiste nie, maar kan nuttig wees (*Careers in the Thomson Organisation*, hierna CT0, 1977:7). Daar is in dié brosjure nie 'n enkele verwysing na die meestersgraad in die joernalistiek wat met die steun van die betrokke koerantgroep aan die nabygeleë City University aangebied word nie. Die redakteur van *The Sunday Times*, Harold Evans, is as Brittanje se eerste professor (deeltyds) in die departement aangestel (Dodge, 1978:71). In persoonlike onderhoude* met die volgende joernaliste is die standpunt bevestig dat die Britse pers nie 'n graad in die joernalistiek as van besondere waarde vir die praktiserende joernalis beskou nie: W. Eastwood, besturende redakteur van die *Daily Telegraph*; John Grant, besturende direkteur van *The Times*; Derek Jameson, redakteur van die *Daily Express*, en J.G. Davies, redaksionele direkteur van die Thomson Regional Newspaper-groep.

Ook akademië betrokke by die onderrig van joernalistiek of massakommunikasie aan Britse universiteite het bevestig dat joernalistiek *per se* nie as toelatingsvereiste of selfs as besondere voordeel vir toelating tot die joernalistiek gereken word nie. In onderhoude* met prof. Jeremy Tunstall, hoogleraar in massakommunikasie, en mnr. Tom Welsh, direkteur van die afdeling vir joernalistiek aan die City University, asook sir Tom Hopkinson, stigter en gewese direkteur van die Sentrum vir Joernalistieke Studies aan die Universiteitskollege van Cardiff, blyk dit ook dat joernalistieke onderrig op universiteitsvlak nog lank nie as noodsaaklike vereiste vir die beroep deur die huidige Britse perspraktyk beskou word nie.

* Onderhoude deur skrywer in die tydperk Julie 1978-Julie 1979 in die kantore van genoemde persone op ongestruktureerde wyse gevoer tydens 'n studiebesoek aan Wes-Europa en die VSA (vergeelyk Bylae 4).

Dieselfde standpunt as bogenoemde is ook deur skrywer in soortgelyke onderhoude met verteenwoordigers van gehaltekoerante in Wes-Europa teengekom.*

In Wes-Duitsland is daar in 1978 met die eerste joernalistieke departement aan die Universiteit van Frankfurt-am-Main begin. Die eerste hoogleraar is die gewese buitelandse redakteur van die *Frankfurt Allgemeine Zeitung*, dr. G. Gillesen. Laasgenoemde, sowel as die besturende redakteur van dié koerant, Dietrich Ratzke, is van mening dat dit veel meer sin het om akademiesopgeleides in spesifieke rigtings vir spesiale take in die redaksie aan te stel. S6 is die hele hoofredaksie op een na van dié koerant gedoktoreerd, terwyl tien lede van die politieke redaksie en dertien lede van die *Wirtschaftredaktion* ook oor doktorsgrade in toepaslike rigtings beskik.

Dieselfde toestand heers by die Switserse gehalte-koerant, die *Neue Zürcher Zeitung*, waar die beleid volgens die waarnemende hoofredakteur, dr. E. Mettler, is om gespesialiseerde gedoktoreerdes in die redaksie aan te stel. Indien dit blyk dat hulle ná 'n proef tydperk van ses maande nie in staat is om die *tegniese* aspekte van die joernalistiek te hanteer nie (nuusskrywing en -evaluering) word hul kontrakte nie hernieu nie. Die algemene beleid is om mense vanweë hul gespesialiseerde kennis in 'n bepaalde vakgebied (staatsleer, ekonomie, ens.) aan te stel en nie vanweë hul teoretiese kennis van die joernalistiek nie. Dié standpunt is ook deur prof. U. Saxer, dosent in publisistiek aan die Universiteit van Zürich, onderskryf, ondanks die feit dat laasgenoemde 'n belangrike bydrae tot die teorie van nuus gelewer het (vergelyk Saxer, 1969).

In Nederland en België is die posisie in sekere opsigte vergelykbaar met dié in Engeland en in Suid-Afrika.

Soos in Duitsland waar die onderrig van joernalistiek as besondere vakwetenskap reeds tot die 17de eeu terugstrek (Von Hadel, 1977:37 e.v.), beskik Nederland sowel as België oor sterk departemente van perswetenskap en kommunikasie (Fauconnier, 1977:31 e.v.; Hemels, 1977:101 e.v.). Volgens proff. G. Fauconnier en L. Boone van die Katolieke Universiteit van Leuven, en proff. P. Kluyskens en I. von Isacker van die Ryksuniversiteit van Gent, asook dr. F. Kempers van die Universiteit van Amsterdam en prof. E. Diemer van die Vrije Universiteit beskou die pers in dié twee lande ook nie die universitêre opleiding van joerna-

* Vergelyk voetnoot op bladsy 211

liste as 'n kardinale noodsaaklikheid nie.*

Een van die belangrikste redes vir bogenoemde toestand is dat die organisasie van beroepsjoernaliste in Nederland (soos dié in Brittanje en in mindere mate die SASJ in Suid-Afrika) eerder 'n vakbondkarakter as 'n professionele beroepsinstelling het (Wentink, 1972:87). Onderrig aan vakskole in België (Fauconnier, 1977:33) en in Nederland (Hemels, 1977:101 e.v.) lê eerder klem op die praktiese komponente van die joernalistiek as esoteriese-teoretiese kennis. Dié posisie laat Wentink (1972:88) dan tot die slotsom kom dat die joernalistiek in Nederland nie aan die vereistes van 'n professie kan voldoen nie.

5.1.3 TEENREAKSIE TEEN JOERNALISTIEKE OPLEIDING

'n Verdere probleem in die onderrig van joernalistiek as tersiêre vakdissipline is geleë in die teenreaksie wat in koerantredaksies teen universitêr-opgeleides in die joernalistiek ontstaan het. In die VSA het die teenstand uitgekristalliseer in die sogenaamde stryd tussen *green eye-shades* en die *chi squares*. Die klem wat op die verkryging van 'n doktorsgraad in die joernalistiek of kommunikasiewetenskappe geval het, het 'n oormaat van *Ph.D's* tot gevolg gehad wat die joernalistiek volgens sommige skrywers (Rivers, 1971:58; MacDougall, 1975:7) oënskynlik meer kwaad as goed gedoen het, soos laasgenoemde dit stel:

"The Ph.D has been vastly overrated and considerably cheapened in many areas. In journalism it can't compare in value with twenty, ten or even five years of reporting experience on a newspaper."

Op grond van impressionistiese waarnemings kan skrywer stel dat daar veral in sekere dagbladredaksies 'n betreklik negatiewe houding teenoor kommunikasie- of joernalistieke studente is. 'n Taamlik algemene standpunt is dat hierdie studente *niks weet nie*. Dit is 'n stelling wat gewoonlik gebaseer word op die feit dat die betrokke studente nie onmiddellik of kort ná hul diensaanvaarding al die meer tegniese aspekte van die joernalistiek baasgeraak het nie (vergelyk Hoofstuk 5.2.3.2).

Bogenoemde probleme het in Suid-Afrika vir die professionalisering van die joernalistiek op onderrigvlak taamlik verreikende implikasies.

* Vergelyk voetnoot op bladsy 211 in verband met onderhoude

Geeneen van die twee groot Afrikaanse persgroepe, Die Nasionale Pers en Perskor, vereis 'n graad in die joernalistiek of kommunikasieleer as toelatingsvereiste nie. Beurslenings aan voornemende joernaliste word ook grootliks tot voorgraadse studie beperk. Hoewel daar oor die algemeen 'n neiging is om toenemend joernalistieke of kommunikasiestudente aan te stel, word dié vakrigtings nie van primêre belang geag nie. So byvoorbeeld stel twee koerante van die Nasionale Pers hul vereistes aan studente bekend: "Koerantwerk (is) nie net vir taal-studente bedoel nie. Knap jong mense uit enige studierigting is welkom" (*Beeld*-werwingsreklame, RAU, 1975). Die twee groot Engelstalige persgroepe, die South African Associated Newspapers (SAAN) en die Argus, vereis dat afgestudeerde studente in die joernalistiek in elke geval eers hul afsonderlike kadette-opleiding deurloop. (Mededeling aan skrywer deur hoof van SAAN-opleiding; vergelyk bladsy 215).

Die effek van bogenoemde is dat betreklik min Suid-Afrikaanse (veral Afrikaanstalige) joernaliste in die huidige stadium teoretiese opleiding in die joernalistiek het. In 'n opname onder die redaksielede van 'n Afrikaanstalige gehalteoggendblad in 1976 het dit geblyk dat net drie uit die 33 senior joernaliste grade in die joernalistiek en/of kommunikasie verwerf het (De Beer, 1977a:98 e.v.), terwyl dit in die 1979-ondersoek geblyk het dat net een van die senior joernaliste oor 'n B.A.-graad in kommunikasie beskik het, terwyl nog een 'n meestersgraad in die joernalistiek aan 'n Amerikaanse universiteit verwerf het.

Volgens mededelings aan skrywer deur indiensnemingspersoneel verbonde aan bogenoemde vier persgroepe, is die neiging wel om toenemend voorkeur aan *goeie* kommunikasie- of joernalistieke studente te gee. Dit is egter nie 'n mening wat blyk uit die opname in die 1979-ondersoek na die voorkeurvakke wat die senior joernaliste vir die joernalistiek verkies nie (vergeelyk Hoofstuk 5.2.3.2).

Die ontwikkeling van joernalistiek as 'n professionele vakdisipline is deur die loop van die jare ook gestrem vanweë die feit dat die praktyk self byna geen belangstelling in die ontwikkeling daarvan getoon het nie. Soos McDougall (1975: 7) dit stel:

"Journalists never have been as interested in the operations of their schools as have lawyers, doctors and other professionals in their alma maters. Today, however, interest is developing."

Belangstelling in hierdie rigting uit persgeledere was die eerste keer duidelik

sigbaar in die Argus-groep se betrokkenheid by die joernalistieke kursus aan die Rhodes-Universiteit. Na 'n jaar of twee het dié belangstelling getaan en het die groep weer sy aandag aan sy eie kadette-skool gewy.*

In die Afrikaanse perswese is 'n buitengewone stap in 1977 deur die Nasionale Pers gedoen deur sy betrokkenheid by die instelling van 'n nagraadse opleidingsprogram vir verslaggewers aan die Universiteit van Stellenbosch. In hoe 'n mate hierdie kursus egter tot die professionele *teorie* van die joernalistiek bydra, sal die tyd nog moet leer (vergelyk Hoofstukke 5.1.4.3 en 5.2.1.7).

Uit bogenoemde bespreking moet egter nie afgelei word dat die kritiek uit persgeledere teen tersiër-akademiese onderrig en opleiding in alle opsigte volgehou word nie. Soos in Hoofstuk 5.2 aangetoon sal word, is daar in werklikheid 'n kentering op dié terrein waarneembaar. In lande soos Amerika, Brittanje en ook in Suid-Afrika word al meer afgestudeerde studente in die kommunikasiewetenskappe en/of joernalistiek in die redaksies van koerante aangestel.

'n Ander positiewe ontwikkeling vir professionalisering op die onderrigvlak is dat al meer praktiserende joernaliste 'n belangstelling vir die teoretiese onderbou en konsepte van hul vak begin toon. Dit blyk onder meer uit die feit dat meer as 40% van die sowat 200 studente in joernalistiek aan die Universiteit van Suid-Afrika praktiserende joernaliste of ander media-personeel is.** Vir die joernalistiek as professionaliserende beroep is só 'n ontwikkeling van die grootste belang. In die eerste plek skep dit groter geleentheid vir wisselwerking tussen die akademiese joernalistiek en die praktyk en in die tweede plek kan die wisselwerking neerslag in meer funksionele opleiding en navorsing vind.

Dat daar egter heelwat meningsverskil en onsekerheid oor die juiste aard, inhoud en nut van joernalistieke onderrig bestaan, blyk uit die volgende afdeling.

* Persoonlike mededeling aan skrywer deur mnr. Les Dunn, hoof van die Argus se kadette-skool op 1978-10-14. Vroeg 1980 was daar egter sprake dat Engelstalige koerantgroepe die instelling van 'n joernalistieke kursus aan die Universiteit van die Witwatersrand sou steun.

**Mededeling op 1980-02-11 deur mev. Amanda van Eeden, dosente verantwoordelik vir joernalistieke onderrig in die universiteit se departement kommunikasiekunde.

5.1.4 DIE AARD EN INHOUD VAN JOERNALISTIEKE KURSUSSE

’n Wesenlike probleem in die beoordeling van die joernalistiek as professionaliserende beroep is die uiteenlopende betekenisse en inhoude wat daaraan as vakdissipline gegee word. Die gevolg hiervan is dat daar nog geen finale model vir die akademiese onderrig van joernalistiek op universitêre vlak bestaan nie. Historiese en kulturele verskille, asook die pers- en tersiêre onderwysstelsels van elke land oefen ’n eiesoortige invloed op joernalistieke onderrig in elke land en die interaksie met die praktyk uit (vergelyk Fischer & Roegale, 1977; Aufermann & Elitz, 1975; Bugeja, 1977:382-385; Russell, 1978:15-16).

Oor die algemeen kan die volgende breë benaderingswyses egter onderskei word.

5.1.4.1 Geen spesifieke joernalistieke onderrig nie

Die standpunt dat geen spesifieke akademies-joernalistieke onderrig en opleiding as noodsaaklik vir toetrede of beoefening van die beroep vereis word nie, word histories op twee punte van die skaal aangetref. In Wes-Europa geld die standpunt nog dat toetreders by gehalte-koerante oor gespesialiseerde (nie-joernalistieke) kennis moet beskik, terwyl daar byvoorbeeld in ’n land soos Amerika nog die tradisie voortleef dat die joernalistiek maar *on the job* geleer kan word.

Wat die Wes-Europese standpunt betref, is daar in sy uiterste vorm die elite-koerante (veral Duitstalige blaaië) wat meen dat die beste professionele resultate verkry word deur verkieslik gedoktoreerdes of ander teoreties-akademies hoogopgeleide mense in spesifieke redaksionele poste aan te stel. ’n Voorbeeld hiervan word gevind in die *Neue Zürcher Zeitung* (1971?), hierna NZZ, ’n glanswerk oor dié koerant. Altesaam 19 van die hoofredaksielede is gedoktoreerd. Dit geld vir redaksielede verantwoordelik vir politiek, plaaslike nuus, die kunste tot bladuitleg. Van die twaalf redaksionele verteenwoordigers in Wes-Europa is almal op een na ook gedoktoreerd (NZZ, 1971:8-9; 12-13).

In ’n onderhoud* het die waarnemende hoofredakteur, dr. E. Mettler, gesê die ver naamste rede vir die beleid om akademies-hoogopgeleides aan te stel, is geleë in die aard van die koerant se nuusaanbieding en kommentaar. Kennis en insig

* Vergelyk voetnoot op bladsy 211

van 'n betrokke spesialiseringsterrein word by aanstelling geverg, nie bepaalde tegniese joernalistieke kennis soos dié van berigskryf of bladuitleg nie. Die rasionaal hiervoor is ook geleë in die feit dat die *Neue Zürcher Zeitung* volgens die redakteur, F. Luchsinger, as opinie-koerant nie daarop aanspraak maak dat sy beriggewing neutraal is nie. Volgens dié redakteur is die koerant basies gekompromitteer tot die beginsels van 'n liberale sosiale orde binne 'n demokratiese, federalistiese en konstitusionele staat:

"To objectively and correctly analyze and comment upon questions... cannot and must not mean to give up one's basic orientation in the evaluation of questions concerning one's own home ground.

"To propose a *neutrality* of that kind, a neutrality of values, would be to postulate a kind of political idiocy. It is not our cup of tea" (NZZ, 1971:5).

Hoewel die *Frankfurter Allgemeine Zeitung* (onderhoude* met Gillessen en Ratzke) tot dusver byvoorbeeld dieselfde beleid as die *Neue Zürcher Zeitung* gevolg het, het dié koerant nou een van sy senior redaksielede afgestaan om die nuwe joernalistieke departement aan die Universiteit van Frankfurt-am-Main te stig.

Wat die Wes-Europese benadering betref, sal waarskynlik aanvaar moet word dat gespesialiseerde akademiese kennis sonder spesifieke joernalistieke opleiding nog betreklik lank in aanvraag sal wees. Dit geld veral vir gespesialiseerde terreine soos die ekonomie en die buitelandse politiek waarvoor bepaalde akademiese opleidings in dié besondere rigtings noodsaaklik is (CTO, 1977:7).

Bogenoemde opset sluit egter nie joernalistieke onderrig uit nie. In sy oorsig wat reeds dertig jaar gelede verskyn het, toon Desmond (1949:18 e.v.) aan dat dit al ná die Eerste Wêreldoorlog duidelik geword het dat joernalistieke opleiding besonder noodsaaklik geword het sodat joernaliste, afgesien van kennis en insig van die staatkunde, ekonomie en geskiedenis ook oor opleiding vir hul unieke beroepsvereistes moet beskik.

Die lukraak metode waarvolgens joernaliste *on the job* geleer kon word, is veral sedert die Tweede Wêreldoorlog al meer bevraagteken. Die bekende Wilbur Schramm, wat oor 'n tydperk van etlike dekades 'n belangrike rol op die terrein

* Vergelyk voetnoot op bladsy 211

van die teorie van massakommunikasie en die joernalistiek gespeel het, het die noodsaak van behoorlike universitêre opleiding net ná die oorlog só opgeneem:

"Society demands professional training and professional conduct of the men who minister to its needs in legal and medical matters. The fact that society demands less of the men who minister through news to its knowledge and attitudes is one of the great and dangerous inconsistencies that give shape to the twentieth century" (Schramm, 1947:1).

Die beseft het al meer posgevat dat die joernalistieke beroep besondere eise stel. Die *on the job*-standpunt het in die VSA nou feitlik volledig plek gemaak vir 'n erkenning van joernalistieke onderrig binne 'n *liberal arts* opleiding aan universiteite (Dressel, 1973:44 e.v.). Een van die redes hiervoor is dat nie-gegraderdes al moeiliker redaksionele poste kan kry, terwyl joernalistieke studente, naas die vereiste akademiese vorming, ook basiese tegnieke en vaardighede in die joernalistiek baasraak, sodat hulle, veral in die VSA, byna onmiddellik ekonomies aktief in die bedryf ingeskakel kan word (vergelyk Hoofstuk 5.1.4.3). Dan is daar ook 'n groter wisselwerking tussen universiteit en perspraktyk (buitekurrikulêre kursusse vir joernaliste; spesiale persfondse vir departemente; beurse vir spesifieke programme ens.; vergelyk Hoofstuk 5.2.3.1), wat daartoe bydra om groter betrokkenheid tussen pers en joernalistieke departemente moontlik te maak. Dit lei op sy beurt tot 'n feitlik volslae wegbeweging van die konsep van *on the job training* en die algemene beleid dat universitêre joernalistieke opleiding van geen of weinig nut is.

5.1.4.2 Buite-universitêre opleiding

Engeland het waarskynlik die beste stelsel ter wêreld vir die opleiding van joernaliste in vakbondverband en met uitsluiting van universitêre opleiding. Hoewel dié stelsel nog in volle swang is, vat die gevoel al meer pos dat die gewone vereistes van tik, snelskrif en elementêre regs- en taalkennis nie meer voldoende vir die opleiding van joernaliste is nie. Die gevolg is dat die *National Council for the Training of Journalists* 'n al groter akademiese komponent by sy kursusse voeg (O'Brien, -:5 e.v.). Die klem bly egter steeds op die joernalistiek gerig soos blyk uit die tweedejaarskursus wat onder meer bestaan uit 'n ondersoek na ondersoekende beriggewing, vergelykende joernalistiek, die struktuur en funksionering van die persbedryf, professionele etiek en gespesialiseerde beriggewing in byvoorbeeld politiek, nywerheidsweese en landbou. Daar word egter ook

toenemend voorsiening gemaak vir nagraadse en diploma-kursusse, terwyl die stigting van kolleges wat 'n sistematiese opleiding in joernalistiek aanbied, deur die raad verwelkom word (NCTJ:1975:34; 41 e.v.).

Getrou aan die professionele proses soos deur Greenwood (1966:10-18) beskryf, speel die NCTJ 'n al groter rol om joernalistieke kursusse op universiteitsvlak aangebied te kry (byvoorbeeld Sussex en Cardiff) waardeur die vakbond se opleidingstydperkvereiste vir suksesvolle studente verkort kan word. Hoewel afgestudeerde studente steeds die bevoegdheidseksamens van die NCTJ moet aflê (waaronder openbare administrasie, persreg en snelskrif), voorsien die raad dat onderrig op universiteitêre vlak waarskynlik 'n verandering in die huidige bedeling moontlik kan maak (NCTJ, 1975:42-43).

In Suid-Afrika het 'n byna soortgelyke geskiedenis hom afgespeel deur die bemiddeling van die *South African Society of Journalists*, wat hom oor 'n lang tydperk beywer het vir die instelling van 'n diplomakursus aan 'n tegniese kollege vir die joernalistiek (*Newspaper Press Union of South Africa: Bulletin*, 1957: 810; 829; 836; 845). Dit het in 1976 moontlik geword toe die driejarige Nasionale Diploma in Joernalistiek deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur en aanvaar is (inligtingstuk van die Natalse Kollege vir GT0: Departement Moderne Tale Joernalistiek). Daar is besluit dat twee Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys, nou Technikons genoem, (Durban en Pretoria) die diploma sou aanbied nadat pogings om dit met die steun van die plaaslike pers in Johannesburg by die Witwatersrandse KGTO aan te bied, misluk het.*

Anders as wat algemeen skynbaar vermoed word, het die kursusse aan die KGTO's van die begin 'n sterk teoretiese inslag gehad.** Studente in al die kursusse soos joernalistieke praktyk, politieke beriggewing en televisie- en radiojoernalistiek moes 'n deeglike teoretiese onderbou ontvang om eksamens af te lê wat bepaalde teoretiese insigte vereis het. Dit blyk onder meer uit die feit dat standaardwerke soos dié van Cohen & Young (1973) en Gilmore & Root (1972), soos in sommige universiteitskursusse, deur die KGTO's gebruik is. Die standaard wat veral deur die Durbanse KGTO's bereik is, word onder meer verbeeld in

* Mededeling deur die skakelbeampte, mnr. Henning Botha, van die Witwatersrandse Kollege vir GT0, 1977-09-14.

**Stellings gebaseer op skrywer se waarneming as eksaminator en moderator (1975-1980) van ses kursusse in die Nasionale Diploma vir Joernalistiek.

die feit dat die senior lektor van dié KGT0 in 1980 as hoogleraar in die joernalistiek aan Rhodes-Universiteit aangestel is. Vanweë toelatingsvereistes en ander omstandighede (onder meer 'n wisselende dosentekorps) was die standaard van hierdie kursusse nie by al die sentrums op dieselfde peil nie.*

Soos in Engeland, het die SASJ die afgelope aantal jare 'n groter bereidwilligheid getoon om met veral die departement van joernalistiek aan Rhodes-Universiteit saam te werk. Dit blyk onder meer uit die aanstelling van die onderpresident van dié organisasie as lektor aan laasgenoemde departement in 1978.

Naas joernalistieke onderrig op kollegevlak word joernalistiek ook deur korrespondensiekolleges en private instellings aangebied. So word daar in Suid-Afrika byvoorbeeld deur korrespondensiekolleges in Johannesburg sertifikate in joernalistiek uitgereik. Dié soort kursusse word oor die algemeen nie baie hoog deur die perspraktyk aangeslaan nie. Aangesien dié kursusse se inhoud oor die algemeen nie relevant tot die behoeftes van die perswese gereken word nie en omdat die struktuur en gehalte van opleiding van wisselvallige gehalte is, dien dit derhalwe nie tot 'n persoon se besondere krediet wanneer hy met so 'n sertifikaat om werk by 'n Suid-Afrikaanse dagblad aansoek doen nie.**

Ondanks voorbeelde in ander professionaliserende beroepe (byvoorbeeld die aptekerswese) waar daar vir onderrig op universiteits- en technikonvlak voorsiening gemaak word, meen skrywer dat dit vir die doeleindes van professionalisering noodsaaklik is dat joernalistiek steeds aan universiteite onderrig moet word. Hiervoor is daar veral twee belangrike redes.

In die eerste plek verg toenemende professionalisering 'n groter klem op die kennisdimensie van die beroep (vergelyk Hoofstukke 3 en 4). Aan 'n universiteit kan daar ook beter aansluiting by ander vakdissiplines verkry word om die kennisbasis uit te bou. In die tweede plek sal dit egter noodsaaklik wees dat die vaardigheidskomponente (dus die sogenaamde *tegniese* aspekte van die beroep) meer aandag op universitêre vlak kry en derhalwe ook beter by die kennis- en teoretiese vlakke geïntegreer word vir die ontwikkeling van 'n substan-

* Stellings gebaseer op skrywer se waarneming as eksaminator en moderator (1975-1980) van ses kursusse in die Nasionale Diploma vir Joernalistiek.

**Mededeling deur mnr. E. Dommissie, assistent-redakteur van *Beeld*, belas met aanstellings, 1977-09-14, en mnr. Clive Emdon, vise-president van die SASJ, 1977-09-14.

tiewe joernalistieke teorie (vergelyk Hoofstuk 5.1.4.3.c).

5.1.4.3 Universitêre onderrig

Daar bestaan 'n hele aantal modelle van universiteitsonderrig en -opleiding in die joernalistiek. Dit is ook moontlik om verskillende metodes van onderskeid te tref. Die metode wat hier gevolg word, is gebaseer op die basiese klemverskil tussen teoreties-akademiese onderrig aan die een kant, en suiwer praktiese onderrig aan die ander kant. Drie basiese modelle word bespreek.

(a) *Suiwer teoreties-akademiese benadering*

Die benadering word hoofsaaklik in twee vorme aangetref: die van die perswetenskaplike skool en dié van die sosiaal-wetenskaplike skool.

Die benadering van die Rijksuniversiteit Gent in België bied 'n beeld van die beskouing dat die joernalistiek teen die breë agtergrond van historiese, ekonomiese en sosiale verband bestudeer moet word. Volgens die gedenkblad *Tien Jaar Pers- en Communicatiewetenskap - Rijksuniversiteit Gent* (1973:9-17) word die meeste van die kursusse in die lisensiaat vir Pers- en Communicatiewetenskap afgestem op die wetenskaplike benadering van die talryke probleme waarmee afgestudeerdes in hul beroepslewe gekonfronteer sal word. Dit impliseer dan dat praktiese opleiding slegs marginaal bygebring word. 'n Oorsig van die kursus dui dan ook duidelik aan dat daar naas die teorie van die massamedia (ontwikkeling, juridiese aspekte, vraagstukke met betrekking tot die massamedia en 'n vergelykende studie van veral die perswese) grootliks aandag gegee word aan aspekte soos politieke aardrykskunde, ekonomiese stelsels, die natuurwetenskappe, finansiële ekonomie en die internasionale politiek. In aansluiting hierby word daar dan ook aandag gegee aan die sosiologie en die psigologie van kommunikasie.

Dit is veral in die Amerikaanse konteks dat die ander vorm van die teoreties-akademiese benadering gevolg word, en wel binne die kader van die sosiologie en die sosiale sielkunde met besondere toespitsing op empiries-eksperimentele navorsing. Volgens Dressel (1973:42) word bitter min aandag aan aspekte soos die letterkunde, die kunste en die filosofie gegee. Daar word van die uitgangspunt uitgegaan dat die joernalis behoorlik in die sosiale wetenskappe opgelei moet word sodat hy die probleme waarmee hy te kampe kry met die sosiaal-wetenskaplike metodes kan oplos.

Dressel (1973:42) toon egter aan dat hierdie benadering die belangrike toepassingsgebiede van die joernalistiek negeer en ook nie bydra tot 'n behoorlike begrip van die breë konsepte en beginsels waarmee die joernalis te doen kry nie. 'n Uitvloeisel van die sosiaal-wetenskaplike benadering is die standpunt dat die joernalistiek as 'n behavioristiese wetenskap beskou moet word. Dit verg dan van die student kennis van die fisiese, biologiese en psigologiese wetenskappe. Die probleem met hierdie benadering is dat die student volgens Dressel (1973:43):

"...will become so engrossed in the essential nature of the communication process, that their work has little direct relevance for the level at which the journalist operates."

Die nadeel van hierdie benadering (Rivers, 1971:58) is dat die sosiaal-wetenskaplike, anders as die joernalis, in die eerste plek bekommerd is oor die vraag hoë die effek van die boodskap gemeet kan word, en nie wát die element van skepende skryfwerk (die krag van 'n bepaalde woord, die vorm en strukturering van 'n sin en die vloei van woorde en idees) is nie. Die gevolg hiervan in talle Amerikaanse joernalistieke departemente is dat sosiaal-wetenskaplikes hulle met die opleidingsaspekte van kommunikasie besig hou en die werklike praktiese opleiding van joernaliste in die hande van dikwels afgetrede *old pro's* laat. Dit lei tot 'n skeiding in die opleidingsprogramme wat nie bevorderlik vir 'n professionele onderrigstelsel is nie.

(b) *Klem op beroepsopleiding*

Die joernalistieke skool aan die Universiteit van Columbia in New York word dikwels aangeprys as die beste van sy soort in die wêreld (Dodge, 1978:70; Ziegler, 1975:20).

Hoewel studente teoreties die geleentheid het om 'n wye reeks van akademiese kursusse te volg, gebeur dit in die praktyk dat die studente hoofsaaklik *on the job training* aan dié universiteit kry. 'n Belangrike rede hiervoor is enersyds geleë in die basiese filosofie van die oprigter, Joseph Pulitzer, dat opleiding in die nuus- en redaksionele aspekte van die profesie moes plaasvind. Pulitzer was byvoorbeeld ook gekant teen opleiding in die bedryfaspekte van die perswese. Sy hoofdoel was om beter joernaliste op te lei en nie noodwendig professionele beroepsbeoefenaars wat hul plek tussen die ander geleerde professies moes inneem nie (Desmond, 1949:13-18).

Die gevolg van hierdie benadering was dat die opleiding op die *training* van joernaliste afgestem is. Studente het volle geleentheid om deur middel van die samewerking van die New Yorkse pers feitlik deurlopend 'n vorm van indiensopleiding aan die universiteit te verkry. Die studente werk onder spertyd-druk en moet op 'n gereelde basis sorg dat hul verslaggewingswerk (die versameling van gegewens, voer van onderhoude, kontrolering van feite en die skryf van die berig) op die bestemde tye afgehandel is.

Die akademiese program van die deursneestudent sien soos volg daaruit: verslaggewing; seminare (oor die skryf van verskillende soorte berigte en artikels, V.V.O.-beriggewing, kunskritiek, populêr-wetenskaplike artikels en hoofartikels); weeklikse praktiese opdragte en enkele verpligte vakke soos persreg; filosofie van die pers en aktuele politieke en sosiale probleme.

Aan die Columbia-skool word ook teoretiese kursusse van kommunikasie-wetenskaplike aard aangebied, maar dit is nie verpligtend nie en volgens Ziegler (1975: 20-21) het die studente gewoon nie die tyd of die lus om dit by te bring nie.

In Suid-Afrika is die Columbia-patroon grootliks nagevolg deur die instelling van 'n honneurskursus in joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Die basiese filosofie vir hierdie kursus is geleë in die opsomming wat die eerste hoogleraar en die gewese redakteur van *Die Burger*, P.J. Cillié, gegee het van die vereistes waaraan 'n student in die joernalistiek moet voldoen:

"Dit sou al deur redaksies as groot wins beskou word as 'n nuweling, wanneer hy instap, goed kan tik, betreklik goed kan vertaal en opsom, sy tweede taal goed kan gebruik, en sy werктаal redelik duidelik en eenvoudig kan skrywe.

"Dit sou die koerante, en seker die elektroniese media ook, nog verdere plesier gee as 'n rekrut 'n min of meer akkurate lopende verslag van 'n toespraak of 'n debat kan maak, en 'n telefoniese berig direk op die tikmasjien kan afneem sonder om met 'n stadige gesukkel die posterye se inkomste te verhoog (Cillié, 1977:5).

Soos Columbia syne, is Stellenbosch se kursus ook nagraads, sodat daar van die veronderstelling uitgegaan word dat 'n student reeds in 'n bepaalde gebied voorgraads 'n sekere mate van teoretiese vorming ondergaan het.

Volgens die amptelike jaarboek van die Universiteit van Stellenbosch (1979) be-

staan die kursus hoofsaaklik uit twee afdelings, naamlik onderrig en opleiding in tegniese vaardighede en die geestelike toerusting wat die verslaggewer nodig het. Eersgenoemde bestaan vernaamlik uit die volgende:

"Vinnig en skoon tik; medium-vinnige snelskrif en *shorthand*; verslaggewing van die gesproke woord, gebeurtenisse en ondersoeke; redigering van kopie; onderhoudvoering; suiwer gebruik van albei landstale en twee-rigtingvertaling; korrekte en duidelike spraak; elementêre fotojoernalistiek en radio- en televisietegniek."

Die geestelike toerusting omvat media-etiek en regsreëls; algemene kennisuitbreiding; hantering van mense; spesiale konsentrasie op enkele gekose nuusgebiede; navorsingsvermoë deur diepteprojekte; oordeel, seleksie en elementêre meningsvorming; geskiedenis, struktuur en funksies van die media.

Eksamens moet in tik- en snelskrif afgelê word en praktiese werk moet deurlopend gedoen word.

Hierdie ekstreme beklemtoning van die praktiese of toegepaste elemente van die joernalistiek aan die universiteite van Columbia en Stellenbosch as nagraadse kursusse, is waarskynlik eerder die uitsondering as die reël. Op grond van 'n besoek* aan twaalf verskillende Amerikaanse departemente van joernalistiek (Columbia, Northwestern, Illinois (Urbana), Michigan, Minnesota, Washington, Stanford, Texas Christian, Texas, Pennsylvania, Maryland, Baylor (Texas), Trinity (Texas), Miami), en ook 'n oorsig van die geakkrediteerde departemente van joernalistiek in Amerika se leerplanne (*Journalism Educator*), blyk dit dat 'n gekombineerde beklemtoning van die akademiese sowel as praktiese of beroepsopleiding toenemend die rigting is waarin joernalistieke onderrig in Amerika ontwikkel.

(c) *Gekombineerde en beroepsopleiding*

Die benadering wat aan talle Amerikaanse universiteite en ook in Wes-Europa (veral Engeland en België) sedert die laat-sestigerjare na vore gekom het, is dat joernalistieke onderrig aan universiteite op voorgraadse vlak teoreties sowel as beroepsgerig ingestel moet wees met 'n stewige onderbou uit ander akademiese dissiplines (Van Zuilen, 1978:17-20).

* Vergelyk voetnoot op bladsy 211

Volgens Dressel (1973:46-48) het die gedagte toenemend in Amerika posgevat dat joernalistieke onderrig geïntegreerd binne 'n *liberal arts*-opset aangebied moet word. Die joernalistiek verg veel meer as bloot die meganies korrekte navolging van 'n bepaalde skryfstyl en nuusinsamelingsvermoë. Soos Dressel (1973:46-47) dit stel:

"If the role of the journalist is regarded as that of trying to understand the many factors involved in a problem and to isolate the real issues underlying a particular event, this task may be seen as satisfying all of the requirements of an educational activity of liberal nature. The basic skills of journalism include careful observation, critical listening, interviewing, evaluation of statements and of evidence, research and writing. Accordingly, journalism courses should be so taught as to have a strong liberal content in the sense that they provoke a spirit of inquiry, relate knowledge from many fields, and encourage further research as needed to attain a depth of insight before attempting to interpret events. Accepting this view, the first qualification of the journalist is a general and liberal education. Beyond this, he must have an understanding of the relationship between press and society and some training in the technical and craft skills of the several mass media of communications."

Die basiese vaardighede van die joernalis is dus nie in die eerste plek ingestel op die bepaalde skryfformule van 'n sekere berig nie, maar wel op die vermoë om gebeure en tendense te identifiseer en te analiseer binne 'n teoretiese verwysingsraamwerk van die rol van die joernalistiek in die samelewing en die plek van daardie gebeurtenis of tendens in die historiese verloop van die werklikheid.

Die tendens is dus al meer om nie bloot junior verslaggewers op te lei nie, maar joernaliste wat oor 'n wye spektrum kundig hul beroep kan beoefen. Dit sluit nie net kennis van 'n betrokke spesialiseringsterrein in nie, maar ook veral van die wye spektrum wat die joernalistiek as beroep self moet bestryk. 'n Standpunt wat in hierdie opsig al meer veld wen, is om op voorgraadse vlak aan studente 'n *liberal arts*-opleiding te bied sodat hulle juis die fragmentasie van kennis waaroor Cillié (1977:8 e.v.) dit het, kan teenwerk. Volgens hom is 'n ernstige saak wat die beroep kwel, die fragmentasie van kennis wat deur spesialisasie en differensiasie op skool begin en verder op universiteit gevoer word:

"Ons kry mense met eilande van kennis in die kop, wat op sigself nie noodlottig hoef te wees nie, maar dan ook sonder enige bewustheid van die oseane van onkunde tussen daardie eilande en dit is in die joernalistiek nie aanvaarbaar nie.

"Ons tegnologiese beskawing roep om spesialisasie, en dit kan gewens wees dat die spesialis in 'n bepaalde stadium van sy ontwikkeling al hoe meer moet konsentreer op al hoe minder, maar die vereistes vir die joernalistiek is heeltemal die teenoorgestelde.

"Die joernalis moet bewus wees en bly van die eenheid van kennis. Hy moet weet van die oseane wat sy eilande van kennis verbind.

"Kan die universiteite en kolleges hier help, sy dit deur hulle kommunikasiedepartemente, of op ander maniere, deur jong mense beter te oriënteer in die moderne wêreld. Dit is beslis 'n verwyd aan ons hele onderwysstelsel dat jy die toestand kry - en ek praat uit ervaring - dat 'n senior kweekskoolstudent so goed as niks weet van biologie of astronomie nie, en dat 'n wetenskapstudent onder die indruk verkeer dat Michaelangelo 'n kollega was van die aardse engel Gabriël en Beethoven die skrywer van *Sonde met die Bure*.

"Hierdie soort kennis is onuitstaanbaar by mense wat hulle beskaaf noem, en des te ondraagliker by 'n joernalis, wat op sy minste 'n omvattende kennis moet hê van wat hy nie weet nie ..."

Om hierdie fragmentasie teen te werk, moet die voorgraadse kursus dus só ingestel wees dat daar aan sowel die vereistes van esoteriese joernalistieke en algemeen-toepaslike kennis voldoen word (vergelyk byvoorbeeld Russell, 1978, Van Zuilen, 1978).

Dit bring derhalwe ook mee dat die student 'n grondige akademiese basis sowel as 'n behoorlike professioneel-gerigte opleiding op voorgraadse vlak aan universiteitsdepartemente van joernalistiek moet ontvang. 'n Bekendstellingspublikasie van die departement joernalistiek aan Baylor-Universiteit in Texas stel dit só:

"Baylor Journalism students are trained to become leaders in their respective fields. Their studies and the practice they are given on various publications, both student and professional, are designed to put them in the ranks of the pace-setters and decision makers within only a few years

after they are graduated from Baylor.

The Baylor faculty represents a blend of academic training and long professional experience working toward the goal of placing graduates in jobs in some area of journalism - newspapers, magazines, public relations or broadcast news.

The journalism program calls for a broad liberal arts education plus refined professional skills. Every journalism student at Baylor must complete two majors - one in journalism and one in some substantive area in which the student has a particular interest - the humanities, science, business - or any other field the university has to offer. The Journalism Department is not a trade school despite its emphasis on the basics of reporting, writing and editing. The department also encourages students to take part-time work that supplements classroom and laboratory training. Some of these jobs are at Baylor: *The Lariat* (campus newspaper), *The Round Up* (Baylor Yearbook), *Brazos Communications* (campus advertising and public relations agency), and *KWBU* (campus radio station). Others are in the Waco area - newspapers, magazines and broadcast media. Still other job experience comes from summer internships on publications, radio or television stations for academic credit in addition to earnings."

h Soortgelyke publikasie van die joernalistieke skool van die Universiteit van Minnesota stel dit só:

"As an academic discipline, journalism is concerned with the theories and practice of the mass communications media in the context of their historical development and contemporary problems, and with the development of skills and techniques requisite for the successful practice of the craft of written, oral, and visual mass communications.

A well-prepared journalist today must know the world with which his or her work is involved - must have a knowledge of history, economics, the arts, literature and language, and other social as well as natural sciences."

Pleks van om op nagraadse vlak (soos by Columbia) met algemene joernalistieke vorming van verslaggewers te begin, is dit baie meer sinvol om met die oog op die professionalisering van die joernalistiek, soos in die geval van ander professies, spesiale kursusse vir gespesialiseerde afdelings van die joernalistiek in te stel. Hierdie soort kursusse kan basies een van twee doelwitte

nastreef - ðf om spesifieke spesialiste op te lei, ðf om beter intellektueel-toegeruste joernaliste vir die algemene praktyk te voorsien. Baylor-Universiteit bied, wat eersgenoemde betref, 'n goeie voorbeeld met sy program om spesifiek buitelandse joernaliste op te lei. Die universiteit bied 'n meestersgraad in die internasionale joernalistiek (*Journalism Educator*, 1976,30(4),32) aan:

"The Baylor department (offers) a new master's program in international correspondence and news analysis - the only of its kind in the United States...

"The program (is) unique, combining professional and academic philosophies in a fashion designed to generate growth within a professional cast...

"Designed to produce journalists able to interpret the significance of foreign happenings and trends for the American public, the Master of International Journalism Degree (is) opened so as to accept students whose journalistic experience ranges from none to full-time professional. Included will be a sixmonth foreign internship. (The course is headed by prof. dr. Loyal) Gould, a veteran foreign correspondent in West and East Europe, Asia, Latin America and Africa."*

Op nagraadse vlak word die tweede voorbeeld goed verteenwoordig deur die Universiteit van Michigan se departement van joernalistiek wat op M-vlak die onderlig spesifiek op die voorbereiding vir 'n bepaalde joernalistieke beroep instel (*Bulletin, University of Michigan*, 1978):

"At Michigan, education for careers in journalism is offered at the master's degree level. The program awards the Master of Arts in journalism. It provides thorough grounding in work and production techniques for both print and broadcast news media. At the same time, the program familiarizes the student with social science trends and methods, and offers advanced courses in journalism techniques.

The student also selects a minimum of four cognate courses from a carefully designed interest area outside journalism. Cognates chosen recently have included political science, Near Eastern Studies, sociology, history, natural resources, and urban planning.

At the M.A. level, the Department's goal is not the training of just another person to fill an entry-level job in the media, but the education of an intelligent, reflective, and critical journalist who can improve the media from within."

* My parentese

Op doktorale vlak is die doel om hoogs gespesialiseerde joernalistieke deskundiges op te lei wat òf tot die akademiese joernalistiek toetree, òf 'n belangrike rol in navorsing speel:

"...the ultimate goal of this program is improvement of the mass media through research into communication structure, processes, and effects.

Some graduates teach and conduct research in colleges and universities. Others enter policy research roles involving communication systems in the media, government, and business."

In 'n sekere opsig kan die toenemende aantal *fellowships* waardeur aan senior joernaliste die geleentheid gegee word om gespesialiseerde kennis op hul spesifieke terrein te verwerf, ook onder hierdie vorm van onderrig geplaas word. Van die bekendste programme is eerstens dié van die *Nieman Fellowship* aan die Harvard-Universiteit waar senior joernaliste die geleentheid kry om 'n jaar lank navorsing te doen, asook die spesiale program van die Universiteit van Michigan (1978)* wat só opgesom word:

"The Department of Journalism guides the programs of established young professionals, broadening their horizons and instilling in them a deeper understanding of the role of journalism in the world."

Dit is teen die agtergrond van bogenoemde besprekings dat daar in 1977 en 1979 twee veldondersoeke in Suid-Afrika gedoen is om vas te stel wat die aard en omvang van joernalistieke onderrig in Suid-Afrika is. In die 1977-ondersoek, sowel as in die 1979-ondersoek, is spesifieke vraelyste met betrekking tot die kennis-, vaardigheid- en persoonlikheidsattribute soos dit verband hou met onderrig en opleiding, uitgestuur (vergelyk Hoofstuk 4.1.1). Die resultate van dié ondersoeke met betrekking tot die onderrigfasie in Suid-Afrika word vervolgens bespreek.

5.2 JOERNALISTIEKE ONDERRIG IN SUID-AFRIKA

Die onderrig van joernalistiek in Suid-Afrika op universiteitsvlak as voorvereis- te vir die professionalisering van die beroep word aan die hand van die volgende

*'n Brosjyre in verband met genoemde program.

drie breë indelings bespreek: die historiese ontwikkeling van die vakgebied, die aard en inhoud van die kursusse en die organisatoriese bestel. Dit word gedoen teen die agtergrond van die standpunt dat universitêre onderrig 'n noodsaaklike komponent in die professionaliseringsproses op die kennisvlak is.

5.2.1 HISTORIESE ONTWIKKELING

Kronologies kan die ontwikkeling van joernalistiek as akademiese dissipline op tersiêre vlak s6 weergegee word:

5.2.1.1 Die Potchefstroomse Universiteit vir CHO*

In 1960 word joernalistiek vir die eerste keer as universiteitsvak ingestel. Onder leiding van (later prof.) G.J. Pienaar, oud-joernalis van *Die Transvaler* en *Die Volksblad*, word die kursus n6 1963 uitgebou tot 'n driejarige graadkursus in perswetenskap. Namate die leerstof van perswetenskap verken en uitgebou is, word besluit om perswetenskap in 'n vierjarige hoofvak te verander en skakel- en reklamekunde tot die studierigting toe te voeg. In die vroeë sewentigerjare word besluit om die naam kommunikasiekunde vir die kursus te aanvaar omdat die studie, sowel teoreties as professioneel, reeds ver buite die grense van die perswetenskap uitgekring het.

Daar is tans elke jaar sowat 300 studente wat die B-, M- en D-graadkursusse, asook die spesiale diplomakursusse, volg. Die personeel bestaan uit 'n hoogleeraar, drie senior lektore, twee junior lektore en 'n professionele assistent. Die eerste doktorsgraad in perswetenskap in Suid-Afrika is in 1968 aan prof. Pienaar op die proefskrif *Perssensuur en staatsveiligheid* toegeken, en die eerste doktorsgraad in kommunikasiekunde aan D.A.S. Herbst in 1973 op die proefskrif *Die dilemma van die moderne koerant*.

5.2.1.2 Die 1967-Kommunikasiekonferensie

'n Sterk stoot in die rigting van die ontwikkeling van kommunikasie as doseer- en navorsingsdissipline waarby joernalistiek inbegrepe is, is in 1967 gegee deur die konferensie oor kommunikasie wat in Pretoria gehou is. Twee lede van die

* Hoofsaaklik gebaseer op: Kommunikasiekunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, in: *Communicatio*, 1975, 1(1) 18-19. (Anon).

konferensie, prof. F.W. Blignaut van Unisa en dr. F.J.de Villiers, het 'n verslag aan die Minister van Nasionale Opvoeding opgestel waarin onder meer voorgestel is dat Suid-Afrikaanse universiteite gevra word om kursusse in kommunikasie in te stel. Kort daarna het vier universiteite met sodanige kursusse begin (Giffard, -:28).

5.2.1.3 Die Universiteit van Suid-Afrika*

Onder leiding van prof. F.W. Blignaut het Unisa se departement kommunikasie in 1970 tot stand gekom. Prof. Blignaut, voorheen hoogleraar in sielkunde aan dieselfde universiteit en gewese joernalis van onder meer *Die Volkstem*, was sedert 1965 voorsitter van die Unisa-vakkomitee: joernalistiek. Dié komitee het 'n nagraadse diplomakursus met toespitsing op die joernalistiek, rolprent- en radiowese en advertensie- en skakelwerk aangebied. Joernalistiek het onder meer uit persgeskiedenis, persreg en vorm en tegniek bestaan. Die leerplanne van die nuwe kommunikasiekursus het as basiese vertrekpunt die mens as kommunikator gehad. Dit het egter spoedig geblyk dat die kursus in 'n meer beroepsgerigte rigting moet ontwikkel, soortgelyk aan, maar wyer as, die Diploma in Joernalistiek waaruit dit gevloei het.

'n Adviesraad met verteenwoordigers van die pers, uitsaaiwese, rolprentwese, diplomasië, inligtingswese, reklamewese, skakelwese, pos- en telekommunikasiewese en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing is in 1973 ingestel sodat geleentheid vir kontak met die praktyk vir studente en dosente geskep kon word. In 1980 is die instelling van kleiner beroepskomitees oorweeg wat voorsiening vir elk van die kommunikasiefasette sou maak.

Onderrig aan die Universiteit van Suid-Afrika se kommunikasiedepartement volg basies 'n institusionele benadering. Wat die joernalistiek betref, word daar veral klem gelê om die persbedryf in Suid-Afrika aan studente bekend te stel. In dié proses volg die departement 'n onderrigprogram van vyf fases. In die eerste plek word die basiese terminologiese agtergrond van die perswese gedoseer, dan volg 'n herkenningsfase (byvoorbeeld van die inhoud van 'n dagblad), dan 'n kritiese fase waar die student analities te werk moet gaan ten opsigte van die funksionering en inhoud van die pers. Die laaste twee fases behels skepping en impli-

* Hoofsaaklik gebaseer op: Departement Kommunikasiekunde, in: *Unisa Bulletin*, 1974, 9(8), 8-11. Anon, en 'n persoonlike onderhoud met prof. H.P. Fourie op 1979-09-14.

mentering. Volgens die hoof van die departement, prof. H.P. Fourie, is die departement nie daarop ingestel om studente beroepsgerig vir die praktyk af te rond nie, maar word hulle wel van 'n breë kommunikasiekundige opleiding voorsien. Aangesien sowat 40% van die departement se studente reeds in kommunikasieberoepes staan, word dus ook nie buitengewone klem op die laaste twee fases geplaas wat hierbo bespreek is nie.

Die departement bestaan tans (1980) uit twee hoogleraars (proff. H.P. Fourie en M.B. van Schoor), 'n mede-hoogleraar, drie senior lektore en ses lektore. Daar is jaarliks sowat 2 000 voorgraads en sowat sewentig studente nagraads. Die B-, BHonns-, M- en D-graadkursusse kan gevolg word.

5.2.1.4 Rhodes-Universiteit*

In 1964 het prof. Guy Butler van Rhodes-Universiteit op 'n kongres van die *South African Society of Journalists* voorgestel dat 'n universiteitskursus vir joernaliste ingestel word. Dr. C.A. Giffard (later professor en hoof van die departement) en dr. André de Villiers van dieselfde universiteit, het hierna uitgebreide onderhoude met pers- en tydskrifgroepe in Suid-Afrika oor die noodsaaklikheid van so 'n kursus gevoer. Die gevolg was dat 'n departement van joernalistiek in 1970 as deel van die departement Engels en in 1972 as onafhanklike departement ingestel is.

Graadkursusse word op B- en M-vlak aangebied. Die departement bestaan (in 1980) uit twee hoogleraars, 'n senior lektor, 'n lektor en 'n junior lektor. Sowat 100 studente het sedert die stigting van die departement die B-graad en 4 die honneursgraad verwerf. Daar is tans sowat 35 studente in die departement.

5.2.1.5 Randse Afrikaanse Universiteit

Onder leiding van prof. T.L. de Koning is kommunikasieleer in 1970 aan die RAU ingestel as 'n akademiese kursus wat 'n wetenskaplike studie van die kommunikasieverskynsel by die mens maak. Aanvanklik het A.M. van Schoor, destyds redakteur van *Die Vaderland*, die praktiese kursus in joernalistiek op deeltydse basis behartig. Hy is in 1974 deur 'n heeltydse personeellid opgevolg.

* Gebaseer op Giffard (-:29),

In 1975 is 'n skakelkomitee bestaande uit lede van die departement, ander universiteitsverteenwoordigers en verteenwoordigers van die perswese, advertensiewese, skakelwese, uitsaai- en rolprentbedryf en kommunikasienavorsing op 'n termynbasis ingestel om nouer samewerking met die praktyk te bewerkstellig.

Sowat 200 studente het die B-graad sedert stigting verwerf, 15 die honneursgraad, 3 die meestersgraad en 3 die nagraadse diploma in kommunikasie. Die D-graad kan ook verwerf word.

'n Nuwe driejarige graadkursus met kommunikasieleer as hoofvak en met joernalistiek, reklame en inligtingswese as afsonderlike spesialiseringsevakke, elk op eenjarige basis, is in 1979 ingestel. Dié nuwe graadkursus bied besondere moontlikhede vir studente om voorgraads nog 'n betreklik breë akademiese basis te behou, maar om reeds in twee spesialiseringse rigtings toegepaste teoretiese kennis en vaardighede te bekom.

5.2.1.6 Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

'n Oud-student van die PU vir CHO se departement perswetenskap, D.A.S. Herbst, destyds nuusredakteur van *Die Transvaler*, word in 1971 stigter en hoof van die nuwe departement perswetenskap (later kommunikasiekunde) aan die UOVS. Aanvanklik word aspekte van joernalistiek binne die breë konteks van kommunikasie behandel, maar van 1978 af word die kursus verdeel in twee bene, 'n driejarige vak, kommunikasieleer, en 'n tweejarige vak, mediakunde. Dié verdeling word in 1979 verder deur die huidige departementele hoof, prof. H.C. Marais, uitgebou. Kommunikasieleer word ontwikkel as die fundamentele wetenskap, terwyl operasionele kommunikasie (waaronder joernalistieke fasette) as die toepassing van kommunikasiekundige teorieë en beginsels in die praktyk ondersoek word. Studente in die joernalistiek moet minstens die minimum van vaardighede bereik deur onder meer werkwinkels by te woon en deel te neem aan studentepublikasies.

5.2.1.7 Universiteit van Stellenbosch

Die redakteur van *Die Burger*, P.J. Cillié, word in Oktober 1977 die eerste hoogleraar en hoof van die nuwe departement joernalistiek. In 'n oorsig van die eerste jaar se kursus aan die universiteit, skryf Joubert (*Die Burger*, 1978-02-23:07) dat die studente nie net deeglik geskool word nie, maar dat hulle ook goed toegerus word om by 'n koerant *in te stap*. Volgens die skryfster

is die studente "nie verhewe bo die aanleer van 'n basiese vaardigheid soos tik nie. Snelskrif kom ook gereeld aan die beurt".

Die studente werk Maandag tot Vrydag van 8 vm. tot 4.30 nm. Daar is 'n daaglikse nuuskonferensie, waar die studente kans kry vir informele besprekings, koerante en gebeurtenisse word uit die oog van 'n verslaggewer bespreek, terwyl van deskundiges as deeltydse instruksiegebruikers gebruik gemaak word (byvoorbeeld vir taal- en redigeerwerk). (Vergelyk ook: Piet Cillié kom huis toe, in: *Matieland*, 1976, 3,33, Anon..)*

5.2.1.8 Ander Universiteite

Ten tyde van die skryf van hierdie verslag het die universiteite** van Zoeloland, Fort Hare en Port Elizabeth ondersoek ingestel na die moontlikheid om met kursusse in kommunikasie te begin wat waarskynlik ook onderrig in joernalistiek sou omvat.

Uit voorgaande bespreking van die historiese ontwikkeling van die universitêre onderrig van joernalistiek in Suid-Afrika blyk dit dat veral Afrikaanstalige universiteite aan die saak aandag gegee het. Ongeag die bestaan van bepaalde departemente is 'n relevante vraag met betrekking tot professionalisering ook in hoe 'n mate die kursusse wat aangebied word, as kongruent met die behoeftes van die praktyk beskou kan word en voorts ook wat die betrokkenheid van die praktyk by hierdie kursusse is. Op dié vrae word vervolgens gelet.

5.2.2 DIE AARD EN INHOUD VAN KURSUSSE

In hoe 'n mate voldoen die kursusse wat aan Suid-Afrikaanse universiteite met die oog op joernalistiek aangebied word, aan die vereistes van teorie en kennis wat van professionaliserende beroepe verwag kan word en in hoe 'n mate is die inhoud van die kursusse kongruent aan die vereistes of verwagtinge wat die praktyk stel? Om antwoorde op hierdie vrae te verskaf, is die twee veldondersoeke, in 1977 en 1979, onderneem (vergeelyk Hoofstuk 4.1.1).

* 'n Ooreenstemmende jaarkursus vir gegradueerdes uit alle studierigtinge word aan die PU vir CHO aangebied, waar dit as die Universiteitsdiploma in kommunikasiekunde bekend staan. Dié diploma verleen toegang tot honneursstudie.

**Departemente van Kommunikasie is sedertdien by eersgenoemde twee universiteite goedgekeur.

Soos Starck e.a. (1976:51) dit stel, sou h mens verwag dat daar aansienlike verskille tussen akademiëci en praktiserende joernaliste sal wees met betrekking tot die inhoud van leerplanne. Soos in die tabelle by die bespreking van die kennis-attribute aangedui (vergelyk Hoofstuk 4.1.1), is daar in werklikheid h besondere groot ooreenkoms. Dieselfde tendens is ook duidelik wanneer die joernaliste se verwagtinge ten opsigte van die kennis waarvoor joernaliste moet beskik, vergelyk word met die aard en inhoud van die verskillende departemente se kursusse (volgens die 1977-leerplanne soos uiteengesit in die hieronder bespreekte universiteite se jaarboeke).

5.2.2.1 Die 1977-ondersoek met betrekking tot onderrig*

In die 1977-ondersoek is bevind dat die Suid-Afrikaanse redakteurs, soos hul Amerikaanse kollegas (Starck e.a. 1976), kennis van die gemeenskapstruktuur en -prosesse (sosiaal, politiek en ekonomies), persreg en die pers se verantwoordelikheid as die belangrikste kennisattribute beskou.

Daarteenoor word kennis van die mens se intellektuele en wetenskaplike geskiedenis, ander kontemporêre kulture en die koerant se ekonomiese fasette die laagste aangeslaan.

Nuusteorie, die joernalistiek se tradisies en geskiedenis, die effekte van die massamedia en die Suid-Afrikaanse geskiedenis beklee h plek tussenin.

Wanneer die redakteurs se voorkeure vir bepaalde kennisattribute (waarvoor verslaggewers moet beskik) met die van die dosente vergelyk word soos dit neerslag in die leerplanne van die onderskeie departemente vind, blyk dit dat daar belangrike ooreenkomste is. Vir die doeleindes van bespreking is die verskillende kennisitems soos dit op die vraelys van die 1977-ondersoek voorgekom het, volgens die hoofde verdeel: van besondere belang, van minste belang en van middelmatige belang (vergelyk Bylae 1). Daar is besluit om hierdie deskriptiewe metode van ondersoek te volg omdat dit h beeld kan bied van die onderrigopset eendersyds, maar veral ook van die interaksie tussen die kennisinhoude waarvoor verslaggewers moet beskik en die joernaliste in die 1977-ondersoek se evaluering van die kennisitems soos bespreek in Hoofstuk 4.

* Vergelyk die beskrywing van hierdie ondersoek in Hoofstuk 4.1.1 en Tabel 3 met response op bladsy 152.

(a) Kennisitems wat van besondere belang is

Drie kennisitems is van besondere belang geag deur die joernaliste:

(i) *Gemeenskapstruktuur*

Elkeen van die departemente behandel hierdie aspek, maar nie noodwendig met soveel klem as wat die redakteurs vermoedelik daarby geïmpliceer het nie.

Die PU vir CHO behandel in die eerste jaar die *struktuur van die samelewing en die plek, rol en take van kommunikasie daarin*. Rhodes behandel *political systems and the press* en lê veral klem op bepaalde teorieë van die pers. In sy voorgestelde kusus behandel die UOVS onder meer die *media en samelewingsinstellings, sosiale kontrole* asook *samelewingsverskeidenheid*. In sy huidige eerstejaarskursus behandel die RAU die *struktuur en funksie van kommunikasie in die samelewing*, waaronder kulturele waardes en norme se invloed op kommunikasie. In die nuwe voorgestelde joernalistiekursus word aandag gegee aan die kulturele, ekonomiese, staatkundig-politieke en tegnologiese samelewingsinvloede.

Hoewel dié aspek wel deur die verskillende departemente gedek word, wil dit voorkom of meer aandag aan regstreeks verwante vakke soos staatsleer, volkekunde, ekonomie en sosiologie as ondersteunende byvakke gegee kan word.

(ii) *Persreg*

Elkeen van die departemente gee regstreeks aan hierdie aspek aandag. Hoewel die benaderings effens verskil (PU vir CHO en RAU: *kommunikasiereg*; UOVS: *mediareg*; Rhodes: *press law*; Unisa: *kommunikasie en die reg*), kom die kursusse wesenlik ooreen deurdat 'n inleiding tot die SA regswese gegee word en daarna spesifiek persregtelike sake behandel word soos regsbespreking op kommunikasievryheid (ongewenste publikasies, hofprosedure, openbare en ander vergaderings), laster, outeursreg en die Persraad. Die standaardwerk van Strauss, Strydom en Van der Walt (1976) word feitlik deurgaans as handboek gebruik.

Dit is 'n vraag of die perspraktyk genoeg waardering vir hierdie kennisattribuut het wat alle kommunikasiestudente op tersiêre vlak verwerf. Wanneer studente uit ander vakgebiede in redaksies aangestel word, of wanneer 'n *praktiese joernalistieke kursus* bepleit word, word dié kennisattribuut selde só hoog aangeslaan

as wat in die ondersoek die geval was.

(iii) *Persverantwoordelikheid*

Net soos in die geval van persreg, gee Suid-Afrikaanse departemente van kommunikasie en joernalistiek baie eksplisiet aandag aan die kwessie van die pers se verantwoordelikheid. Die PU vir CHO behandel die *etiese en normatiewe grondslae van kommunikasie, waaronder dié van die pers*; Rhodes behandel *freedom and responsibility in the mass media*; UOVS het dieselfde tema, naamlik *vryheid en verantwoordelikheid vir die media*; die RAU behandel *kommunikasie-etiek*, waaronder die verantwoordelikheid van die pers ten opsigte van sosiale probleme soos rasse-vooroordeel en -konflik, terwyl die KGT0's die etiese en sosiale verantwoordelikhede van die joernalis behandel.

Weer soos in die geval van persreg, is dit 'n vraag of die persbedryf dié aspek van joernalistieke onderrig na waarde ag. In 'n stadium dat die pers se posisie in Suid-Afrika feitlik voortdurend in gedrang is, is dit uiteraard van waarde dat hierdie aspek besondere aandag kry.

Dit is van belang om daarop te let dat studente as voornemende joernaliste net binne die kommunikasie- en joernalistieke kursusse regstreeks met hierdie probleem gekonfronteer word. Dit is egter ook die indruk van skrywer dat van die universiteitskursusse in die opsig betreklik teoreties en abstrak is. Meer klem op toegepaste fasette (byvoorbeeld beriggewing en kommentaar oor staatsveiligheid; persvryheid en rasse-onluste) sal sinvol wees om die teorie by studente in te skerp.

(b) Van die minste belang

Die volgende attribute word deur die redakteurs as van die minste belang vir joernaliste beskou:

(i) *Ander kontemporêre kulture*

Nie een van die departemente bied spesifiek onderrig in hierdie verband aan nie, hoewel dit aan die orde kom in afdelings oor interkulturele en/of internasionale kommunikasie (byvoorbeeld UOVS: *interkulturele kommunikasie* en die RAU: *rasse- en internasionale kommunikasie*). Gesien die Suid-Afrikaanse politieke en internasionale opset, word daar waarskynlik genoeg aandag aan dié as-

pek gegee sonder dat dit ander meer belangrike attribute se plek inneem.

(ii) *Intellektuele en wetenskaplike ontwikkeling*

Min of geen aandag word aan hierdie aspek deur die verskillende departemente gegee nie. Dit is egter 'n vraag of sowel die departemente as die perswese nie toenemend ingestel moet wees op die rol van die pers in die nuwe era van die rekenaar en ander inligtingsbronne en kanale nie. Nie alleen raak dit die pers in sy huidige fisieke verskyningsvorm nie, maar ook die hele beroepsopset. Meer klem op die toekomstkunde blyk noodsaaklik te wees.

(iii) *Perseksonomie*

Dit is 'n vraag of die huidige finansiële dilemma waarin die pers hom wêreldwyd bevind, nie na die neiging onder sekere joernaliste teruggevoer kan word om hierdie aspek van minder belang vir die joernalis te ag nie. Enkele van die departemente verskil hier met die redakteurs (byvoorbeeld Rhodes, PU vir CHO, UOVS en RAU) deurdat spesifieke aandag gegee word aan die struktuur, administrasie en ekonomiese aspekte van die koerantbedryf.

(c) Van middelmatige belang

Dit is interessant dat drie van die attribute wat hier ter sprake is, regstreeks verband hou met die joernalistieke beroep. Die vierde (kennis van Suid-Afrikaanse geskiedenis) word waarskynlik by implikasie deur attribute soos samelewingstruktuur ingesluit en word nie verder hier bespreek nie.

(i) *Nuusteorie*

Onder geen enkele ander kennisattribuut bestaan daar waarskynlik soveel wanbegrip as oor hierdie een nie. Vir skrywer bly dit steeds een van die onverklaarbare verskynsels van die joernalistiek dat praktiserende joernaliste dikwels oor hierdie kwessie afsydig staan. Dit geskied ondanks die feit dat nuus die enkele belangrike begrip is wat die joernalistieke beroep van ander beroepe onderskei. Hierdie onbereidwilligheid of onvermoë om nuus as 'n wesentlik kardinale studiegebied in eie reg te beskou, is dan waarskynlik ook een van die vernaaamste redes waarom die joernalistieke beroep tot dusver nog so stadig op die teoretiese weg na professionalisering gevorder het (vergelyk Hoofstuk 4.2.2).

Joernaliste is waarskynlik nog te geneig om nuus as ðf die esoteriese domein van die praktyk-ervare joernalis ðf as die abstrak-teoretiese ondersoekgebied van die akademikus of navorser te beskou. Vir skrywer behoort nuus as manifestasie van die joernalis se primêre aktiwiteit, naamlik informasieverspreiding en tendensstelling, die kernpunt van enige joernalistieke onderrig uit te maak. Sð byvoorbeeld moet die belangrikste kennis-attribute van gemeenskapstruktuur en persverantwoordelikheid nie los gesien word as synde ook in 'n ander vakdissipline gedekte onderwerp nie, maar as kernaspekte van nuusteorie. Vir toegepaste vrae soos: *Wat is nuus?*, *wat is nuus in hierdie spesifieke samelewing?* en *watter berig het die grootste nuuswaarde?* sou kennis en insig van die teorie van nuus dus as boustof kan dien en nie noodwendig oor 'n tydperk van jare in praktyk deur osmose of sosialisering opgedoen hoef te word nie. Van die departemente (byvoorbeeld PU vir CHO, UOVS en RAU) gee dan ook in die besonder aan dié aspek aandag.

Wat waarskynlik ook nie altyd ten volle deur die praktyk besef word nie, is dat die tradisionele oordrag van kennis deur ervaring en voorbeeld nou tot groot hoogte te boek gestel is. Die praktiese toepassing van joernalistieke praktyke is derhalwe deel van die teorie van joernalistiek. In die kursus van Rhodes word dit onder meer so beskryf: bronne van nuus, koerantstyl, algemene verslaggewing (waaronder toesprake, vergaderings, hof- en polisieverlaggewing). Elkeen van die ander departemente gee in meerdere of mindere mate spesifiek aan hierdie aspekte aandag.

Groter begrip vir wat onder die term nuusteorie verstaan word, is waarskynlik noodsaaklik. Meer aandag behoort ook aan die verband tussen nuus-*teorie* en nuus-*praktyk* in die kursusse gegee te word.

(ii) *Joernalistieke tradisies*

Kennis van hierdie attribute sou waarskynlik nie as 'n *sine qua non* vir die joernalis beskou kan word nie, maar vir die geïntegreerde beroepsbeoefening en professionalisering in 'n moderne samelewing sou dit wel sinvol wees dat aandag hieraan gegee word. Dié kwessie word in elk geval in die departemente in mindere of meerdere mate onder temas soos *die pers in Suid-Afrika* (nuwe ontwikkelinge, sirkulasie, leserstal en aard, advertensie by die teknikons) tot 'n *historiese oorsig van die media* (UOVS) bespreek.

(ii) *Media-effekte*

Dit skyn toenemend belangrik vir die pers te wees om te bepaal wat sy invloed in die samelewing is en hoe om daardie invloed te bepaal. Van die departemente bied afdelings aan waarin die studente onderrig ontvang in die bepaling en evaluering van media-effekte, byvoorbeeld die RAU met 'n afdeling oor metodologie waarin onder meer houdingsopnames en skakeling gedoen word, UNISA en UOVS met inhoudsanalise van mediaboodskappe.

Uit voorgaande bespreking blyk dit dat die departemente eksplisiet onderrig verskaf in die drie belangrikste kennis-attribute wat die redakteurs die belangrikste ag, terwyl daar minder aandag gegee word aan dié attribute wat die redakteurs as van minder belang beskou, maar dat daar waarskynlik van sommige van hierdie en die middelmatige belangrike attribute 'n herwaardering deur die praktyk met die oog op professionalisering noodsaaklik is.

5.2.2.2 Die 1979-ondersoek met betrekking tot onderrig*

In die 1979-ondersoek is bevind dat ontwikkelinge en veranderinge in leerplanverband nie afwyk van bogenoemde bevindinge in die 1977-ondersoek nie. Ten einde 'n beeld van die spesifieke aard en inhoud van die kursusse te kry, is dit noodsaaklik om eers 'n uiteensetting van die leerplanne te gee.

(a) Die Potchefstroomse Universiteit

Aan die Potchefstroomse Universiteit word 'n vierjarige graad in kommunikasiekunde aangebied wat uit die volgende afdelings bestaan:

Kommunikasiekunde I: Kommunikasie-geskiedenis; geskiedenis van spraak- en persvryheid; kommunikasieteorieë.

Kommunikasiekunde II: Teorieë in sake nuus en kommentaar; voortgesette studie van kommunikasieteorieë, waaronder beeldkommunikasie. Ná die tweede jaar verdeel die kursus in Publiseerkunde en Skakel- en Reklamekunde.

Publiseerkunde III: Norme - eties en juridies; voortgesette studie van kommunikasieteorieë; radio-, televisie- en filmkunde.

* Vergelyk Hoofstuk 4.1.1.2.

Skakel- en Reklamekunde III: Geskiedenis, aard, doel en vorme van skakeling en reklame.

Publiseerkunde IV: Kommunikasiekunde as vakwetenskap; gevorderde kommunikasie-reg; gespesialiseerde joernalistiek; radio-, televisie- en filmkunde.

Skakel- en Reklamekunde IV: Staats-, institusionele en kommersiële skakeling; ekonomiese en etiese norme en probleme.

Praktiese werk

Eerste jaar - verwerwing van tikvaardigheid.

Volgende drie jaar - beriggewing, vertaling, bladuitleg, voorbereiding van uit-saai- en reklamemateriaal, vakansiewerk.

Die vierjarige graad verleen toegang tot die M-studie. Die D-graad word ook aangebied.

(b) Die Randse Afrikaanse Universiteit

Aan die Randse Afrikaanse Universiteit word joernalistiek van 1981 af as 'n afsonderlike eenjarige voorgraadse spesialisering aangebied. Dit is een van twee spesialiseringrigtings wat studente vir die B.A.-graad in Kommunikasie moet neem. (Die twee ander spesialiseringrigtings is Organisasiekommunikasie en Voorligtingskommunikasie.)

Ná voltooiing van Kommunikasieleer II, asook 'n semesterkursus in kommunikasiereg en ná verkryging van 'n basiese tikvaardigheid, kan studente vir die kursus in joernalistiek inskryf. Die kursus is uiters buigsaam en is bedoel om aan voornemende joernaliste 'n basiese en grondige teoretiese opleiding in die joernalistiek te gee, gepaardgaande met praktiese implementering. In die eerste semester word die aandag bestee aan die pers as instelling van die samelewing: ontwikkeling- en verskyningsvorme, struktuur en funksionering en samelewingsinvloede; die joernalistiek as beroep en vakkundige dissipline; persjoernalistiek (dag- en weekblad); praktikum: toegepaste praktiese werk in joernalistiek.

In die tweede semester word die volgende aspekte gedek: bedryfs- en institusionele joernalistiek; tydskrifjoernalistiek; radio- en televisiejoernalistiek; praktikum: soos vir die eerste semester.

Van spesifieke belang vir die joernalistiek is die studie in Kommunikasieleer I van die rol en struktuur van kommunikasie in die samelewingstruktuur; interkulturele en internasionale kommunikasie en in Kommunikasieleer II die rol van kommunikasie en die individu; kommunikasie in die kleingroep (waaronder onderhoudvoering) en beïnvloedingskommunikasie.

In Kommunikasieleer III word spesifiek aandag gegee aan massa-kommunikasieteorie en -effekte, asook kommunikasie-etiek en -navorsingsmetodologie.

Studente wat belang stel in joernalistiek, kan ook 'n kursus op honneursvlak neem, terwyl onderwerpe van joernalistieke aard op M- en D-vlak nagevors kan word.

(c) Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat word in die eerste jaar aandag gegee aan die wesenlike aspekte van kommunikasie, waaronder interpersoonlike, kleingroep- en openbare kommunikasie. In die tweede en die derde jaar word onder meer aandag gegee aan massakommunikasie, interkulturele kommunikasie en politieke kommunikasie.

In die kursus operasionele kommunikasie word onder meer aandag gegee aan die geskiedenis en aard van die massamedia en met betrekking tot die joernalistiek word spesifieke aandag aan nuus en nuuswaardes gegee. Op honneursvlak is joernalistiek een van die vraestelle terwyl die meestersgraad en die doktorsgraad voorsiening maak vir navorsing op joernalistieke terrein.

(d) Universiteit van Suid-Afrika

Aan die Universiteit van Suid-Afrika* word 'n gespesialiseerde afdeling in joernalistiek van die tweede jaar aangebied. Studente het 'n keuse van drie uit nege spesialiseringsrigtings waarvan joernalistiek een is. In die tweede jaar word daar in hoofsaak gelet op die Suid-Afrikaanse institusionele mediapraktyk (persgroepe, nuusagentskappe, die nuusproses, ens.). In die derde jaar word die klem op onder meer die volgende gelê: die basiese samestelling van nuus en die internasionale pers (met spesifieke verwysing na die pers in die VSA, Brittanje

* Mededeling op 1979-09-16 deur mev. Amanda van Eeden, dosent in joernalistiek aan hierdie universiteit.

en die U.S.S.R.). In die derde jaar word ook 'n praktiese komponent gedoseer wat hoofsaaklik bestaan uit basiese praktykbeginsels en die vermoë om berigte te analiseer.

Hoewel die onderrig in hierdie stadium nie gemik is op die opleiding van joernaliste *per se* nie, meen die betrokke dosent dat daar 'n klaarblyklieke behoefte hieraan bestaan en dat 'n meer praktyk-gerigte komponent in die toekoms oorweeg sal word.

5.2.2.3 Vergelyking tussen Afrikaanse en enkele Amerikaanse leerplanne

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die Afrikaanse departemente volgens die 1977-onderzoek die klem op dieselfde kenniselemente as die ondervraagde redakteurs laat val. Volgens die 1977- en 1979-ondersoeke blyk dit ook dat die leerplanne in joernalistiek aan die universiteite wat ondersoek is, 'n besonder breë raamwerk vir die ontwikkeling van die kennisdimensie op onderrigvlak bied.

Anders as professies soos die geneeskunde en selfs 'n semi-professie soos die onderwys, is dit egter opmerklik dat joernalistiek aan die Afrikaanstalige universiteite nog hoofsaaklik as een vak aangebied word, of selfs as onderafdeling van die breë kommunikasievakgebied. Vir toenemende professionalisering sal dit noodsaaklik wees dat die joernalistiek ook op meer gedifferensieerde wyse aangebied word sodat daardeur 'n breër akademiese beslag aan die vak gegee word. Enkele aspekte uit die Amerikaanse bestel bied 'n voorbeeld van só 'n ontwikkeling.

'n Tipiese voorbeeld van 'n breë akademiese joernalistieke onderbou is die volgende leerplan van die Universiteit van Texas (*Texas Bulletin*, 1978/1979) vir voor- en nagraadse vakke in joernalistiek.

Onder normale omstandighede neem 'n student met joernalistiek as hoofvak (*major*) op voorgraadse vlak nie meer as 25% van sy kursusse in die departement joernalistiek nie. 'n Gespesialiseerde joernalistieke nagraadse kursus kan egter geneem word. Die afsonderlike kursusse wat elk as 'n semesterkursus aangebied word, is:

"Undergraduate: Journalistic Writing; Writing for the Mass Media; Copy Editing; Broadcast News; Interpretation of Urban Problems; Projects in Professional Experience; Intensive Writing/Editing; Photographic Communication; News Reporting; International News Survey; Newspaper Editing and Layout; Photography I;

Photography II; Advanced Photojournalism; Feature Writing; The Mass Media and Society; History of Photography; Principles of Public Relations (Principles and Practices; Military Public Relations; Business and Public Relations); Graphics of Journalism; Advanced Broadcast News; Public Relations: Specialized Media; Mass Media and Minorities; Media Law and Ethics; Reporting Urban News; Environmental Reporting; Theories of Mass Communication; Editorials, Comments, Columns; Reporting State Government; Photographic Styles; Advanced Feature Writing; The Journalistic Essay; Politics and Publicity; Advanced Photojournalism; Photographic Illustration; Magazine Editing; History of Journalism; Public Relations Campaigns; Media Management and Journalism Research projects."

"*Graduate*: Introduction to Research Methods; Research Methods Seminar; Seminar in Mass Communications; Health Information Studies; International Communication Seminar; Mass Communication Theory; Social Functions and Role of the Mass Media; Public Relations Seminar; Public Opinion and Persuasion; Special Studies in the Teaching of Journalism; Photographic Styles; Problems in Specialized Fields; Seminar in Journalism History; The Media and Urban Affairs; Seminar in Media Law and Reporting Minority Affairs."

Selfs aan 'n baie kleiner departement soos dié van Baylor-Universiteit (*Bulletin of Baylor University*, 1978/79) word 'n wye reeks van kursusse deur die departement van joernalistiek aangebied.

"*Undergraduate*: Introduction to Mass Communications; Beginning Reporting and Writing; Publication Critique; Lariat Reporting (Department's newspaper); Editing; Graphics; Studies of Mass Communication Centers; Newspaper Publishing; Broadcast News Writing; Advertising Procedures; Advanced Graphics; Introduction to Photojournalism; Advanced Photojournalism; Production and Management; School Publications Supervision; Public Relations for Churches; Public Relations; Advanced Public Relations; Christian Communication; Advanced Reporting and Writing; World Communication Systems; Magazine Writing and Editing; News Internship; Photo Internship; Advertising Internship; Public Relations Internship; Professional Communication Internship; Public Affairs Reporting; Seminar on Journalism/Communication; Techniques of Communication Research; Mass Media and Society; Law of Journalism/Communication; News and Documentary Film and Special Studies."

5.2.2.4 Opsomming van die onderrigopset

In die voorafgaande bespreking is aangetoon dat die joernalistiek oor 'n wye en diepgaande veld as universitêre vakrigting in veral Amerika en Suid-Afrika aangebied word. As sodanig bied dit 'n basis vir die vereistes wat aan die onderrigfasies van professionalisering gestel word. Hoewel dié opleiding en onderrig nie van 'n buitengewone langdurige aard (Pavalko, 1971:19) is nie, is dit gespesialiseer in die sin dat dit oor simboliese en begripsvormende elemente beskik wat 'n noodsaaklike vereiste vir professionalisering is.

Daar is ook in hierdie afdeling aangetoon dat daar 'n besondere ooreenkoms tussen praktiserende joernaliste en dosente in die joernalistiek bestaan oor die wesenlike elemente waaraan joernalistieke onderrig moet voldoen. Hierdie ooreenkoms bied 'n besondere grondslag vir toenemende professionalisering.

Volgens die vereistes van professionalisering is ook aangetoon dat die joernalistieke onderrigopset reeds 'n duidelike historiese ontwikkelingslyn toon waarin voortdurend verandering en aanpassing gedoen word om aan die eise van die tyd te voldoen.

'n Wesenlike probleem vir professionalisering is egter die feit dat die joernalistieke praktyk as geheel nog nie genoeg waarde heg aan tersiêre (veral universitêre) onderrig in die joernalistiek nie. Maar, soos in ander fasette van die joernalistieke professionaliseringsproses, is hier ook duidelik tekens van 'n kentering. 'n Besondere deurbraak vir die professionalisering van die joernalistieke beroep sal egter eers bereik word wanneer 'n basiese universitêre opleiding in die joernalistiek en/of kommunikasiewetenskappe as voorvereiste vir toetrede tot die beroep gestel word. In welke mate só 'n stap 'n praktiese moontlikheid binne die volgende dekade sal word, blyk onder meer uit die volgende afdelings wat oor die interaksie tussen die universiteitsdepartemente en die praktyk handel.

5.2.3 INTERAKSIE TUSSEN UNIVERSITEITSDEPARTEMENTE EN DIE PRAKTYK

'n Kenmerk van die professies is die belangstelling wat die praktyk in die onderrig vir die betrokke beroep toon. Soos Wilensky (1964:143-144) toon, geskied opleiding gewoonlik eers buite die universiteit in die beroep self. Namate die kennissistiem uitbrei en ontwikkel, word aansluiting by universiteite gesoek.

Die mees geprofessionaliseerde beroepe het volgens Barber (1965:20) 'n groter betrokkenheid by universiteitsopleiding as die minder geprofessionaliseerde beroepe. Waar 'n beroep nie sy opleiding aan 'n universiteit laat geskied nie, probeer hy dit doen deur 'n eie Instituut of soortgelyke organisasie waar daar minstens na universitêre status gestreef word.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is in sowel 1977 as in 1979 se vraelys (vergelyk Hoofstuk 4.1.1) items ingesluit om die skakeling tussen universiteitsdepartemente en die perspraktik te ondersoek. Die response op dié vraelyste verkry, word vervolgens op deskriptiese wyse beskryf.

5.2.3.1 Skakeling tussen departemente en die pers

Uit die 1977-ondersoek het die volgende resultate na vore gekom met betrekking tot skakeling tussen universiteite en die pers.

(a) *Informele kontak*

Die meeste kontak geskied waarskynlik op hierdie vlak tussen die universiteite en die praktik. Sô bestaan daar kontak tussen Rhodes-Universiteit en die *Daily Despatch* van Oos Londen; die kommunikasiedepartement aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en *Die Volksblad* en die RAU en die Johannesburgse pers. Wat laasgenoemde betref, word die vorm van kontak op verskeie vlakke aangetref, byvoorbeeld deur die reël van werkwinkels en simposiums vir leerling- en studenteredaksies en in gesamentlike aktiwiteite soos die opstel van 'n handboek vir die joernalistiek (waarskynlike publikasiedatum: 1981).

(b) *Advies- en skakelkomitees*

Dié komitees word nie oral in Amerika aangetref nie, maar waar hul wel bestaan, word hulle as belangrik vir die onderrigsituasie beskou (Milner, 1975:7). Geeneen van die Afrikaanse departemente het so 'n komitee wat spesifiek met joernalistieke onderrig gemoeid is nie.

Minstens twee departemente (dié van UNISA en die RAU) het sodanige komitees waardeur kontak formeel bewerkstellig word en waardeur die praktik, indien nie mede-seggenskap nie, minstens in adviserende hoedanigheid betrek word. Van die departemente oorweeg egter nog spesifieke joernalistieke skakelkomitees.

(c) *Gasdosente*

Van die kant van die redakteurs was daar 'n beslisse bereidwilligheid om as gasdosente in departemente op te tree indien hulle gevra sou word. Van die respondente het 11% gesê hulle is bereid om as gasdosente op te tree, 50% het geantwoord dat hul redaksieledes nooit optree nie, nie een het al in die verlede opgetree as gasdosent nie, terwyl 38% nie op hierdie besondere item gereageer het nie.

Ongeag bogenoemde response, blyk dit dat joernaliste tog in die praktyk as gasdosente optree (byvoorbeeld aan Rhodes, UOVS en die RAU). Afgesien van die *ad hoc*-uitnodiging aan joernaliste, kan daar ook in Suid-Afrika ernstige oorweging gegee word aan die moontlikheid van die instelling van 'n gesiene *editor-in-residence* wat dan veral op sy eie spesialisingsgebied kan doseer. Aan die Baylor-Universiteit word gesiene joernaliste byvoorbeeld vir 'n tydperk van 'n semester of langer op dié wyse aangestel (*Journalism Educator*, 1976, 31(3), 31).

Woordvoerders van die Afrikaanstalige departemente het gesê dat hulle graag soveel moontlik gasdosente van die pers sou hê. In Amerika is daar baie groter interaksie tussen die pers en departemente soos blyk uit die gereelde *Personal*-artikel in *Journalism Educator* (1979, 34(2), 34). Die Universiteit van Stellenbosch met sy interaksie met redaksieledes van *Die Burger* en die Potchefstroomse Universiteit met sy aanstelling van 'n ervare joernalis in 1980 om hoofsaaklik na die praktiese joernalistiek om te sien, is positiewe stappe in dié rigting.

(d) *Internaatskappe*

Die hele kwessie van internaatskappe is in Amerika op 'n baie gesonder voet as in Suid-Afrika. Sommige Amerikaanse internaatskappe word vir studente op kontrakbasis gedoen (Ware, 1976:30), terwyl internaatskappe ook vir dosente beskikbaar is (*Journalism Educator*, 1979, 34(2), 34).

(e) *Doserende personeel*

'n Kenmerk van die Amerikaanse joernalistieke departemente is die ryke skakeling van akademiese en joernalistieke beroepservaring wat in die departemente aanwesig is. Soos blyk uit enige uitgawe van die *Journalism Educator* (byvoorbeeld, 1979, 33(4), 36-37) word ervare joernaliste dikwels met net 'n B.A.-

graad as instruktors aangestel, terwyl akademiese dosente weer dikwels vir hul langverlof in verskillende hoedanighede in die media werk (vergelyk *Journalism Educator*, 1979, 33(4), 31-32).

Die posisie aan Afrikaanstalige departemente is van ongelyke gehalte vir sover dit die interaksie tussen akademiese onderlegtheid en die praktiese ervaring betref. Aan die Potchefstroomse Universiteit het die hoof van die departement, prof. Gert Pienaar, verskeie poste van 1937 tot 1959 aan *Die Transvaler* en *Die Volksblad* beklee, onder meer as politieke korrespondent en hoofartikelskrywer. Hy het sy doktorsgraad in 1968 aan die Potchefstroomse Universiteit ontvang met 'n proefskrif oor perssensuur en staatsveiligheid. Die senior lektor in die departement, mnr. Calvyn Snyman, het verskillende poste van 1949 tot 1961 aan *Die Transvaler* (onder meer as parlementêre beriggewer) en *Die Suidwester* (onder meer as waarnemende redakteur) beklee. Van 1962 tot 1965 was hy redakteur van *Die Taalgenoot*. Hy het in 1971 'n M.A.-graad aan die Potchefstroomse Universiteit ontvang met 'n verhandeling oor die persetiek. Die ander drie lektore in die departement het praktykervaring wat wissel van vakansiewerk by koerante tot drie jaar ervaring.

Aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het een van die drie dosente sowat drie jaar redaksionele ervaring as lid van *Die Huisgenoot*.

Aan die Randse Afrikaanse Universiteit het die senior lektor belas met joernalistiek, onder meer sowat ses jaar ervaring as redaksielid van *Die Transvaler* (onder meer as promosieredakteur) en *Die Burger* (onder meer as hoofsubredakteur en politieke en parlementêre verslaggewer) en sowat ses jaar ervaring as deeltydse subredakteur by *Rapport* en *Beeld*. Hy was 'n jaar lank korrespondent vir die SAUK in die VSA. Hy het M.-grade in kommunikasie aan die Randse Afrikaanse Universiteit oor die konsep nuuswaardigheid en aan Baylor-Universiteit in die internasionale joernalistiek verwerf. Een van die ander dosente in dié departement het vakansiewerk by 'n dagblad gedoen.

Aan die Universiteit van Stellenbosch is die hoogleraar, prof. P.J. Cillié, die mees senior joernalis wat regstreeks met die onderrig van joernalistiek te doen het. Hy het in 1935 lid van *Die Burger* se redaksie geword en was van 1954 tot 1977 redakteur van dié koerant. Ander senior joernaliste van *Die Burger* tree as deeltydse instruktors in dié departement op.

Aan Rhodes se departement joernalistiek beskik minstens drie van die senior dosente oor etlike jare joernalistieke ervaring. Die waarnemende hoof van die departement, dr. Les Switzer, het 'n doktorsgraad in geskiedenis in Amerika verworf en het etlike jare in Amerikaanse koerantredaksies gewerk, terwyl hy ook departementshoof in joernalistiek aan 'n Amerikaanse universiteit was. Die ander hoogleraar, Gavin Stewart, het sowat 13 jaar ervaring in die redaksies van Engelstalige koerante gehad.

Aan UNISA het die dosent hoofsaaklik betrokke by die onderrig van joernalistiek enkele jare ervaring in die redaksie van *Die Huisgenoot*. Nog 'n dosent het ook etlike jare ervaring in die dagbladjoernalistiek gehad.

Anders as hul kollegas in Amerika is daar betreklik min professionele kontak en interaksie tussen universiteitsdosente en die praktyk. Die Amerikaanse dosente tree baie meer aktief op deur middel van werkwinkels, simposiums en opknappingskursusse vir joernaliste as hulle Suid-Afrikaanse eweknieë. Enige uitgawe van die *Journalism Educator* beklemtoon hierdie feit. S6 is daar byvoorbeeld (*Journalism Educator*, 1979, 34(2), 31-35) Kent Middleton van Texas-Universiteit wat die kwessie van die vryheid van die pers bespreek, Lee White van die Universiteit van Mississippi wat oor nuwe produksie- en redigeringsstelsels 'n simposium toegesprek het, terwyl Dwight Teeter, ook van die Universiteit van Texas, die *Society of Professional Journalists* oor die *Federal Freedom of Information Act* toegesprek het.

(f) *Hulpverlening aan departemente*

Te oordeel aan die reaksie van die Suid-Afrikaanse joernaliste en die departemente, blyk dit dat daar 'n groot verskil in die wyse is waarop die Amerikaanse pers nie net met die woord nie, maar ook met die daad universiteitsdepartemente bystaan. In Amerika geskied hulpverlening op 'n wye terrein om die onderrig van joernalistiek nie net meer lewensvatbaar te maak nie, maar ook om die pers se regstreekse belang kwalitatief by die onderrigsituasie te verhoog.

Wat *beurse* vir voor- en nagraadse studie betref, bied die twee groot Afrikaanse persgroepe, Nasionale Pers en Perskor, wel beurse vir tersiëre onderrig aan, maar dit is 'n kenmerk van hierdie beurse dat dit nie spesifiek net vir onderrig in die joernalistiek bedoel is nie, maar ook vir ander vakgebiede. 'n Algemene

neiging is egter om beurse wel in die eerste plek vir kommunikasie- en joernalistieke studente beskikbaar te stel. 'n Uitsondering op dié reël is die beurse wat deur koerante van die Nasionale Persgroep spesifiek vir onderrig in joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch beskikbaar gestel word.

In Amerika is die situasie heeltemal anders. Persgroepe soos die *Gannett Newspaper Foundation*, die *Knight Foundation*, die *William Randolph Hurst Foundation* en die *New York Times Foundation* (*Journalism Educator*, 1976, 30(4), 91-92) bied groot bedrae vir joernalistieke onderrig aan. Ook individuele joernaliste en koerante skenk geld vir spesifieke joernalistieke programme, soos in die geval van Baylor-Universiteit wat sowat \$600 000 van een koeranteienaar gekry het vir die instelling van sy kursus in internasionale joernalistiek (*Journalism Educator*, 1976, 30(4), 32).

Die drie residensiële Afrikaanstalige universiteite wat voorgraadse sowel as nagraadse kursusse in die joernalistiek aanbied (naamlik Potchefstroom, UOVS en die RAU), ontvang hoegenaamd geen *finansiële steun* van enige aard van óf spesifieke Afrikaanstalige koerante óf van die Afrikaanstalige persgroepe nie. Dié universiteite moet self sien kom klaar om te betaal vir dosente, onderrig- en navorsingsgeriewe en ander uitgawes wat joernalistieke onderrig verg. Die Afrikaanstalige pers sal homself moet verantwoord vir die feit dat hy oor 'n tydperk van twintig jaar nie 'n enkele sent in joernalistieke onderrig *per se* aan universiteite belê het nie, maar wel bereid was om die studente van hierdie universiteit as redaksielede aan te stel. Die uitsonderings is Nasionale Pers by die Universiteit van Stellenbosch en die studente in kommunikasie en joernalistiek wat wel met persbeurse gestudeer het.

Anders as in die VSA is die Suid-Afrikaanse, en veral Afrikaanstalige perswese, besonder sku om fondse vir navorsing op die terrein van die joernalistiek beskikbaar te stel. 'n Uitsondering in dié verband was die skenking van R25 000 wat die Sondagblad *Rapport* aan die Departement Kommunikasieleer van die RAU gedoen het. Dié fonds mog egter nie vir die joernalistiek *per se* gebruik word nie, maar vir kommunikasie op interkulturele vlak.

Verdere ondersoek sal nodig wees om te bepaal waarom hierdie toestand hom in Suid-Afrika voordoet. Moontlike redes is dat die pers waarskynlik nie bewus van toepaslike navorsing is waarby die pers regstreekse baat kan vind nie (byvoorbeeld oor leservoorkeure ten opsigte van nuus, die vorm en voorkoms van 'n

koerant, maar ook oor meer abstrakte onderwerpe soos persverantwoordelikheid en -vryheid, vergelyk *News Research for Better Newspapers*, 1975, vol. 7).*

Die Departement Kommunikasiekunde aan die UOVS het s6 byvoorbeeld in 1979 navorsing gedoen om die lesersprofiel van die twee plaaslike dagblaaie te bepaal (*Kovsieland*, 1979, 3(4), 1;10).

In sowel die 1977- as die 1979-ondersoek, het departemente vermeld dat die enigste fisieke bydrae wat hulle van die Afrikaanse pers ontvang het, in die vorm was van gratis koerante en ook ou persfoto's en ou telekskopie vir praktiese werk. Hoewel dié skenkings uit die aard van die saak deur departemente verwelkom word, kan dit beswaarlik as substansiële bydraes tot die onderrig van joernalistiek beskou word. Die volgende afdeling sal dié kwessie onderstreep.

(g) *Geriewe beskikbaar*

Vanweë die finansiële onbetrokkenheid van die Afrikaanstalige pers, geskied joernalistieke onderrig aan Afrikaanstalige residensiële universiteite sonder die mees elementêre geriewe wat vir hierdie soort onderrig noodsaaklik is.

Die *Journalism Educator* se gereelde jaarlikse oorsig, *Schools and Departments*, bied 'n duidelike beeld van die toerusting waarvoor Amerikaanse departemente van joernalistiek beskik. Die meeste van hierdie departemente is in hul eie kantoorgeboue gehuisves of beskik minstens oor hul eie laboratoriums met hand- en elektriese tikmasjiene. Die meeste departemente het reeds ten volle oorgeskakel na elektroniese redigering deur die aanbring van VTD-sisteme, terwyl selfs die kleinste departemente oor volledige teleksdienste beskik. In hoofsaak word nuuskopie gelewer deur *Associated Press*, *United Press International*, terwyl sommige departemente ook oor die *New York Times*-nuusdiens en *Reuters* beskik (vergelyk die jaarlikse opgawe van geakkrediteerde departemente en die toerusting beskikbaar in die *Journalism Educator*, byvoorbeeld volume 34(1) van 1979). Die omvang van die gespesialiseerde toerusting beskikbaar in Amerikaanse departemente word byvoorbeeld goed weergegee in 'n artikel: *Model electronic news lab established at Ohio Univ.* (*Editor and Publisher*, 1976-07-10:22). Dié laboratorium van \$100 000 bestaan onder meer uit nege beeldterminale en 'n gerekenariseerde fotosetstelsel. Daar is ook agt moderne nuusprosesseringseenhede. Met 'n rekenaar wat 275 000 karakters kan berg, 'n drukker en 'n leser, asook 'n aantal

* Vergelyk ook Rarick, 1975.

elektriese tikmasjiene word opleidingsgeriewe vir studente verskaf.

Terwyl algemeen aanvaar word dat die Amerikaanse departemente almal vroeër of later oor volle elektroniese toerusting sal beskik (Harrison, 1976:36 e.v.), blyk dit dat die geriewe aan die drie voorgraadse Afrikaanstalige departemente heeltemal onvoldoende is. Die Potchefstroomse Universiteit se departement beskik wel oor twintig standaard-tikmasjiene, maar aan die RAU* en die UOVS moet studente selfs sonder hierdie mees elementêre toerusting klaarkom. Die toestand aan die Universiteit van Stellenbosch en Rhodes is heelwat anders. Eersgenoemde beskik oor tikmasjiene, terwyl laasgenoemde, soos ook UNISA, in die proses is om rekenaar-toerusting aan te skaf. Ten tyde van die skryf van hierdie afdeling, het nie een van die departemente egter oor sy eie *VTD*-sisteme, teleksnuuskopiemasjiene of volledige donkerkamertoerusting beskik nie. In 1979 het nie een van die volgende universiteite se departemente oor 'n eie koerant beskik nie (Potchefstroom, UOVS, RAU),** terwyl dit 'n basiese kenmerk van selfs die kleinste Amerikaanse departement is dat studente in joernalistiek as deel van toegepaste werk hulle eie koerant publiseer.

Sonder die basiese toerusting spreek dit dus vanself dat veral die drie voorgraadse departemente wat ook nagraadse werk aanbied (Potchefstroom, UOVS, RAU), nie naastenby die soort onderrig aan sy studente kan bied wat as standaardpraktik in Amerika beskou word nie. Aan die Universiteit van Suid-Afrika is egter in 1980 begin om sekere toerusting (onder meer 'n teleksdiens) aan te skaf.

Net soos in die geval van Amerikaanse departemente, is die hele opset van joernalistieke onderrig primêr afhanklik van die praktyk om basiese toerusting en ander finansiële hulp te verskaf. Die dae is verby dat die praktyk kan verwag dat joernalistieke departemente met die minimum van elementêre toerusting moet klaarkom, terwyl daar dan van die afgestudeerde student verwag word om professionele opleiding te ontvang het. Soos Traves (1976:45) dit stel: "The days are past when a horseshoetype rim, a few manual typewriters and some telephones wil suffice." 'n Toestand waar selfs die subtafel, die tikmasjien en die telefoon ontbreek, kan beswaarlik as gunstig vir joernalistieke onderrig bestempel

* Aan die RAU is 'n aantal tikmasjiene (geskenk deur 'n tikmasjienmaatskappy) wel sedert 1977 op leenbruik beskikbaar, terwyl dié departement ook 'n gholfbalmasjien het.

**'n Beskeie poging in dié verband is in 1980 aan die RAU begin.

word. Soos Saul Freedman, 'n nasionale korrespondent van die *Knight*-koerant-groep (*SA Journalist*, Jan. 1977:5) dit stel:

"One wonders whether newspaper publishers and newspapers are spending as much money improving the quality of the journalist and the things the journalist does, than the quality of the technology. It seems to me that we are spending much more money, much more time on productivity and technology, than we are on the creative process."

5.2.3.2 Die praktyk se standpunt oor joernalistieke onderrig

In die 1979-ondersoek na die mening van senior joernaliste van Afrikaanstalige dagblaaie (vergelyk Hoofstuk 4.1.1) is 'n aantal response verkry wat 'n besondere aanduiding bied van die praktyk se mening oor joernalistieke onderrig aan Afrikaanstalige universiteite. In sommige opsigte vertoon die joernaliste se response 'n verbasende ooreenkoms met dié van dosente in die joernalistiek, hoewel daar ook enkele belangrike afwykings is (vergelyk Hoofstuk 4.1.1).

Die respondente is versoek om kommentaar te lewer op 'n viertal kategorieë (vergelyk a,b,c en d hieronder) om 'n aanduiding van die praktyk en die dosente in joernalistiek se mening oor joernalistieke onderrig te verkry. Die response is hierna gegroepeer op grond van relatiewe gemeenskaplike elemente uit die vraelyste verkry en is daarna volgens persentasie getabuleer. Aangesien alle respondente nie op alle vrae geantwoord het nie, of soms net sekere vrae beantwoord het, kom die persentasie in die frekwensietabelle nie noodwendig ooreen met die aantal respondeerders nie (vergelyk onder andere Pingree & Butler, 1978:61-63 vir hierdie metode).

(a) Die belangrikste voor- en nadele van joernalistieke onderrig

Die respondente is gevra om die belangrikste voor- en nadele van universitêre joernalistieke onderrig aan te dui. Dié vraag is by die vraelys ingesluit om 'n aanduiding te kry van dié aspekte wat deur sowel joernaliste as dosente as die belangrikste geag word ná 'n tydperk van twee dekades van tersiêre joernalistieke onderrig in Suid-Afrika. Een van hierdie aspekte is juis die vraag of die onderrig van joernalistiek deur die praktyk as van waarde beskou word, en indien wel, hoe belangrik sekere aspekte van die onderrig geag word.

Die volgende twee tabelle dui die persentasie response aan (J = joernaliste, N = 34; D = dosente, N = 14):

Tabel 5a: Persentasie response op die vraag: "Wat is die grootste voordele van joernalistieke opleiding?"

	J	D
1 Studente verkry basiese joernalistieke vaardighede	100	66
2 Persoonlikheidsontwikkeling	96	100
3 Ontwikkeling van beroepshouding	88	77
4 Kennis van joernalistieke teorie	76	77
5 Akademiese dissipline	40	55

Tabel 5b: Persentasie response op die vraag: "Wat is die grootste nadele van joernalistieke opleiding?"

	J	D
1 Onrealistiese houding teenoor die joernalistiek as beroep	77	88
2 Kursusse is té akademies en teoreties	77	44
3 Nie genoeg praktiese ervaring nie	32	55
4 Onvoldoende taalvaardighede	16	-

In hul beoordeling van die voordele van joernalistieke onderrig het die joernaliste en die dosente min of meer saamgestem oor die aspekte. Die enigste diepgaande verskil was in die waarde wat die verkryging van basiese joernalistieke vaardighede betref. Al die joernaliste het dit as die grootste voordeel van joernalistieke onderrig beskou. Die ontwikkeling van 'n basiese positiewe ingesteldheid en persoonlikheidsontwikkeling was vir albei belangrik. Interessant is dat die joernaliste en dosente joernalistieke teorie ewe hoog aanslaan, maar dat die joernaliste by die nadele kla oor die oormaat van teorie.

Die joernaliste en dosente het egter ooreengestem in hul oordeel dat studente 'n onrealistiese houding teenoor die joernalistiek as beroep het. Die grootste probleem was dat studente dikwels hulle *slim hou* of dat hulle die *ou manne* wil kom leer. Dit is egter 'n ope vraag in hoe 'n mate dié respons van die joernalistiese rasionalisasie is. Wat die onrealistiese verwagting van die joernalistiek betref, is daar veral gemeld dat studente 'n té romantiese beeld van die joernalistiek het of dat hulle meen joernalistieke sleurwerk is nie vir hulle bedoel nie. Die dosente het egter gemeld dat studente dikwels ontgogel is oor die

strukturering en organisering van die beroep. Die moontlikheid bestaan egter dat daar 'n mate van projeksie by die dosente sowel as by die studente in die evaluering van die nadele was.

(b) Die mees aangewese hoofvakke vir potensiële joernaliste

Dit is moontlik dat die respondente hierdie vraag verkeerd vertolk het. Dit wil voorkom of hulle gemeen het dat joernalistiek en kommunikasie nie by die vraag ingesluit was nie. In die onderstaande tabel word die vyf belangrikste hoofvakke volgens die respondente aangedui, asook die response vir joernalistiek en kommunikasie.

Tabel 6: Persentasie response op die vraag: "Noem die TIEN universiteitsvakke wat u die beste ag vir potensiële joernaliste" *

	J	D
Afrikaans	86	22
Staatsleer	81	66
Geskiedenis	63	11
Engels	63	11
Ekonomie	31	22

Joernalistiek	18	11
Kommunikasie	9	44

Die joernaliste se algemene beswaar teen afgestudeerde studente se vermeende swak taalgebruik word duidelik hier onderstreep. Afrikaans word deur die joernaliste as die belangrikste hoofvak beskou, terwyl staatsleer deur die joernaliste sowel as dosente hoog aangeslaan word. (Dié response korrespondeer positief met dié wat verkry is met betrekking tot die kennisattribute; vergelyk Hoofstuk 4.1.1). Geskiedenis en Engels was ook vir die joernaliste van belang, terwyl albei groepe die waarde van ekonomie as 'n hoofvak in mindere mate besef het.

* Aangesien die meeste respondente in tabelle 6, 7 en 8 nie die gevraagde aantal antwoorde gegee het nie (byvoorbeeld pleks van 10 universiteitsvakke op 'n vyfpunt skaal te evalueer, word net 1 of 2 vakke sonder skaalaanduidings genoem) is besluit om die aantal genoemde response weer te gee as 'n persentasie van die aantal keer dat die respondente positief ten opsigte van 'n bepaalde item gereageer het.

(c) Bydraes wat die joernalistiek tot joernalistieke onderrig kan lewer

Interessante ooreenkomste, maar ook verskille, ten opsigte van die bydrae wat die pers tot die joernalistiek kan lewer, blyk uit die volgende response.

Tabel 7: Persentasie response op die vraag: "Noem die SES belangrikste bydraes wat die perspraktyk tot die universitêre onderrig van joernalistiek kan lewer "

	J	D
Joernalistieke leiding en betrokkenheid by departemente	100	77
Joernalistieke gasdosente	58	33
Internaatskappe	38	33
Beurse	38	55
Advieskomitees	17	-
Finansiële bystand	17	77
Geriewe beskikbaar stel	13	22
Navorsing (fondse beskikbaar stel, opdragte)	18	33

Die joernaliste, sowel as die dosente, het klaarblyklik groter betrokkenheid en leiding deur die pers as kardinale vereiste vir joernalistieke onderrig gestel. Die dosente meen ook, in 'n groter mate as die joernaliste, dat fondse vir beurse en navorsing beskikbaar gestel moet word. In aansluiting by die voorafgaande bespreking oor die praktyk se finansiële bystand aan joernalistieke onderrig, word die kwessie hier duidelik onderstreep dat die pers nie meen dit is van besondere belang nie. Aan die ander kant toon die joernaliste egter dat hulle bereid is om as gasdosente op te tree. Die kwessie van dosente en advieskomitees word waarskynlik ook onder die eerste items vervat, naamlik dat die joernaliste leiding aan die departemente wil gee en betrokke wil wees. Dat hierdie betrokkenheid eerder van abstrakte as finansiële aard is, blyk uit die res van die response.

(d) Belangrikste probleme wat die pers konfronteer

Insiggewende response is verkry op die vraag wat die belangrikste probleme is wat die joernalistiek in die tagtigerjare sal konfronteer.

Tabel 8: Persentasie response op die vraag: "Noem die SES belangrikste probleme wat die perswese in die tagtigerjare sal konfronteer (6 = belangrikste; 1 = mins belangrike)

	J	D
Finansiële/Ekonomiese probleme	94	77
Mediakompetisie	71	66
Personeel	54	33
Veranderende leespatrone	25	11
Vryheid van die pers	55	44
Tegnologiese veranderinge	17	33
Beeld van joernalistiek	16	66

Uit bogenoemde response is dit duidelik dat die joernaliste en die dosente finansiële en ekonomiese probleme wat die pers in die gesig staar as besonder belangrik beskou. Dié kwessie hang ook saam met die volgende respons wat van besondere belang geag word, naamlik mediakompetisie.

Hierdie response beklemtoon die standpunt wat reeds vroeër in hierdie ondersoek gestel is (vergelyk Hoofstukke 5.2.1 en 5.2.2), naamlik dat joernalistieke onderrig nie net op die aanleer van basiese verslaggewersvaardighede ingestel moet wees nie, maar dat aspekte soos persbestuur (waaronder advertensies, sirkulasie en algemene bestuur), asook navorsing oor aspekte soos leservoorkeur (vergelyk ook die response oor veranderende leespatrone) ernstige aandag moet kry.

'n Uiteraars belangrike aspek, naamlik die kwessie van personeelverskaffing en die daarmee gepaardgaande beeld van die joernalistiek, het ook veelseggende response ontlok. Die joernaliste is meer bekommerd oor die kwessie van personeel en die dosente oor die beeld van die joernalistiek. Indien aanvaar word dat ekonomiese probleme en toenemende mediakompetisie (veral van die elektromedia) in die tagtigerjare gebolwerk moet word, spreek dit vanself dat die pers self ernstige aandag aan die kwessie van onderrig moet gee sodat die beste beskikbare personeel behoorlik opgelei kan word. Die joernalistiek sal hom egter ook toenemend moet vergewis van sy beeld by die publiek en van die houding van die staat teenoor die kwessie van persvryheid (die joernaliste en dosente het oor die saak ongeveer gelykop gereageer). Om homself verder op die pad van professionalisering te plaas as 'n antwoord op pogings

deur die staat om op joernalistieke terrein in te gryp (vergelyk Hoofstuk 3.4.3.5), is toenemende aandag aan die kwessie van onderrig en opleiding 'n vanselfsprekende opgawe vir die perswese. 'n Argument dat die pers nie oor die finansiële middele beskik om uitvoering aan dié saak te gee nie, gaan nie op nie, soos uit die volgende paragrawe blyk.

Die twee groot Afrikaanstalige persgroepe, die Nasionale Pers en Perskor, toon in hul maatskappyverslae aan dat die pers moeilike tye beleef. Desondanks het die Nasionale Pers in die geldjaar 1979 'n omsetstyging van sowat 10% gehad, sodat 'n rekord netto bedryfswins van R4 664 000 (ruim R2 000 000 hoër as die vorige jaar) getoon is, volgens die voorsitter van die Nasionale Pers, prof. P.J. Cillié (*Beeld*, 1979-08-04:11), in sy jaarlikse direkteursverslag.

Tydens dieselfde geleentheid het die voorsitter van SASOL en direkteur van die Nasionale Pers, dr. Dawid de Villiers, in sy sekondantsrede egter gesê die pers is nie in die eerste plek bekommerd oor sy masjinerie nie, maar oor sy mensemateriaal (*Beeld*, 1979-08-04:11):

"Ek sou graag wou glo dat die papier en die tipografie slegs die verpakking is waarin produkte van die menslike gees en verstand aangebied word. Die ware produksiemiddel van die perswese is... daardie iemand wat vir die masjien moet sê wat om te sê.

"Die vervangingskoste van hierdie menslike produksiemiddele is nie so maklik kwantifiseerbaar nie, maar nogtans ontstellend hoog. Sommige van hierdie mense is waarskynlik onvervangbaar omdat hul enig in hul soort is.

"Dit is dus gewoon goeie besigheid om u mensemateriaal as u grootste bate te beskou."

Die Nasionale Pers het reeds belangrike stappe gedoen in die opleiding en onderrig van hierdie mensemateriaal deur sy betrokkenheid by die Universiteit van Stellenbosch se departement van joernalistiek. Tensy hierdie departement voortaan deur die Afrikaanse perswese as die enigste universitêre opleidingsentrum vir joernaliste beskou gaan word, rus daar 'n dure plig en verantwoordelikheid teenoor die ander Afrikaanstalige departemente wat reeds oor 'n tydperk van twee dekades met die minimum van fondse en toerusting 'n diens aan die pers gelewer het. Om Trayes (1976:44) weer aan te haal: "If newspaper-related foundations do not provide support for journalism education programs, who will?"

Vir die perswese kan s6 n belegging op twee vlakke besondere waarde inhou. In die eerste plek kan die personeel gelewer word wat klaarblyklik n probleemgebied vir die pers is, maar in die tweede plek kan groter finansiële steun ook navorsing moontlik maak om oplossings te probeer vind vir die ander probleme wat die perswese in die tagtigerjare voorsien (vergelyk Tabel 8).

5.2.4 OPSOMMING VAN JOERNALISTIEKE ONDERRIG IN SUID-AFRIKA

In die voorafgaande bespreking is n historiese oorsig gebied van die ontwikkeling van joernalistieke onderrig in Suid-Afrika. Daar is, wat die aard en inhoud van die kursusse betref, asook wat die interaksie tussen departemente en die praktyk betref, veral aandag gegee aan die posisie van die departemente van joernalistiek of kommunikasie aan die Afrikaanstalige universiteite en meer spesifiek dié van die Potchefstroomse Universiteit, die Vrystaatse Universiteit, die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Suid-Afrika.

Aan die hand van die 1977-ondersoek is daar bevind dat daar weinig verskil in klem tussen die departemente se beskouing en dié van die praktyk bestaan oor wat die kursusse moet behels. In die 1979-ondersoek is egter aangetoon dat daar ook aansienlike verskille tussen die akademie en die praktyk bestaan oor die wyse waarop joernalistieke onderrig tot die beste voordeel van n professionaliserende beroep aangewend kan word. Hierdie verskille was veral duidelik met betrekking tot die finansiële betrokkenheid van die praktyk by die onderrig van studente wat eventueel in die diens van die Afrikaanstalige persgroepe sal tree.

Teen die agtergrond van n vergelyking met Amerikaanse departemente van joernalistiek het dit geblyk dat die Afrikaanstalige departemente, wat die inhoudelike aanbetref, nie hoof terug te staan nie. Daar word wel kwantitatief minder kursusse aangebied, en die departemente beskik moontlik nie oor so n groot mate van joernalistiek-ervare dosente nie, maar die aanslag is wesenlik dieselfde as dié in Amerika. Die Afrikaanstalige departemente steek egter sleg af wat betref toerusting en ander geriewe om joernalistiek sinvol aan te bied.

Wat die probleme betref wat die pers in die tagtigerjare in die gesig staar, blyk dit dat daar reeds op teoretiese vlak en in die onderrigfaset, voorsiening voor gemaak word om die probleme te bestudeer, en om moontlike antwoorde te ondersoek. n Groter finansiële inset deur die perswese is egter hiér van die grootste belang.

Met betrekking tot die onderrigfaset het hierdie ondersoek dus aangedui dat daar wel deeglik volgens die eise van professionalisering aan dié afdeling van die kennisdimensie op tersiêre vlak aandag gegee word. Vir toenemende professionalisering sal dit egter noodsaaklik wees dat die praktyk op groter skaal betrokke by die onderrigopset moet raak.

In Hoofstukke 4 en 5 het die klem op die kennis-teoretiese en die onderrigkomponente van die kennisdimensie geval. In Hoofstuk 6 word die drie laaste elemente, vaardigheid, navorsing en vakliteratuur aan die orde gestel.

Hoofstuk 6

Die verwerwing van vaardighede en die belangrikheid van navorsing en vakliteratuur as komponente van die kennis-dimensie


Naas die kennis-teoretiese en onderrigkomponente, is daar nog drie duidelik onderskeibare fasette of elemente van die kennisdimensie van professionalisering, naamlik die verwerwing en toepassing van bepaalde beroepsvaardighede, die rol van navorsing as basiese metode om die kennisdimensie uit te bou en te ontwikkel en die neerslag wat hierdie navorsing in vakliteratuur vind.

In hierdie ondersoek is meer aandag aan die basiese kenniskomponente van teorievorming en onderrig gegee as aan die drie elemente wat in hierdie hoofstuk behandel word. Hiervoor is daar enkele redes. In die eerste plek was een van die doelwitte van die ondersoek om basiese riglyne te ontwikkel waarvolgens die joernalistiek ingevolge die kennisdimensie toenemend kan professionaliseer. Kronologies en ook volgens die sosiologie van beroepe, word meer klem op die basiese kennis-teoretiese en die onderrigelemente geplaas. Dit is die mening van ondersoeker dat daar eers grondig aan hierdie twee elemente aandag gegee moet word alvorens daar na die ander aspekte oorgegaan kan word. In die tweede plek word daar in die beskikbare navorsingsliteratuur ook aansienlik meer aandag aan die kennis- en onderrigattribute geskenk as aan die drie attribute wat in hierdie hoofstuk aan die orde kom.

Dit bring egter nie mee dat die kwessie van vaardighede, navorsing en vakliteratuur minder belangrik is nie. Die teendeel is die geval. Dit vorm saam met die ander kennisattribute deel van die professionaliseringsmodel en kan as sodanig nie verwaarloos word nie. Volgens die teoretiese raamwerk van hierdie ondersoek kan hierdie interafhanklikheid waarskynlik volgens die meegaande model uitgedruk word, waar die kenniskorpus en teoretiese grondslae van die vakgebied die sentrum vorm waaruit die onderrigopset, die toepassing van vaardighede en na-

vorsing moet geskied. Elk van hierdie elemente vind dan eventueel neerslag in 'n besondere vakliteratuur.

FIGUUR 7: 'N INTERAKSIEMODEL VAN DIE KENNISELEMENTE



In die volgende afdelings word die kwessie van vaardigheid, navorsing en vakliteratuur dan bespreek.

6.1 DIE VERWERWING EN TOEPASSING VAN VAARDIGHEDE

'n Professe eis 'n besonder hoë, en selfs superieure, mate van tegniese vaardigheid (Steyn, 1976:113). Die vereiste van bepaalde vaardighede in die profesies is egter een van dié eienskappe waaroor daar die grootste misverstand bestaan. Aan die een kant is daar die voorstanders wat die klem op professionele teorie plaas en wat tegniese vaardighede afmaak as iets toevalligs wat tydens die beroepsbeoefening aangeleer kan word, of iets wat by die ambagte tuishoort.

Aan die ander kant is daar teoretici oor die professionalisering van beroepe wat aantoon dat die teorie as basis dien waardeur die professioneel in konkrete werksituasies sy doelwitte deur middel van bepaalde vaardighede rasionaliseer (Greenwood, 1966:11). 'n Analise van die professionaliseringsproses toon dan ook dat die verwerwing van vaardighede (skills) primêr deel van die kennisdimensie is. As sodanig behels dit twee belangrike fasette. In die eerste plek moet dit bou en ontwikkel op bepaalde teoretiese konsepte sodat dit ook diensbaar vir die teorie kan wees. In die tweede plek moet bepaalde vaardighede effektief verwerf word as deel van die professioneel se opleiding. Hieronder sal dit vir die professioneel nie moontlik wees om doeltreffend te funksioneer nie. Deur middel van sy verwerwe vaardighede tydens opleiding is die professioneel in staat om sy, dikwels abstrakte, teoretiese kennis in konkrete

situasies toe te pas (Wentink, 1972:85; Pavalko, 1971:18; Greenwood, 1966:11).

Indien die toekomstige professioneel dus nie reeds in sy opleidings- en onder-
rigfase geleentheid kry om teorie en praktyk bymekaar te bring nie, kan daar
beswaarlik verwag word dat dit buite die akademiese opset in die praktyk tot
uiting sal kom in 'n sinvolle geïntegreerde model. Sō byvoorbeeld sou dit ondenk-
baar wees dat die geneesheer slegs teoretiese onderrig ondergaan en wanneer hy
dan vir die eerste keer in die operasiesaal instap, maar min of meer volgens sy
teoretiese kennis begin opereer.

Een van die belangrikste misverstande tussen die joernalistieke praktyk en die
akademie wentel dan ook juis om die kwessie van die verwerwing van vaardighede.
Joernaliste beweer dikwels studente kan nie tik of berigte skryf nie, terwyl som-
mige akademici beweer dat dit in elke geval nie iets is wat op universiteit aan
'n student in joernalistiek geleer moet word nie. 'n Ekstreme voorbeeld van laas-
genoemde is die standpunt van 'n Suid-Afrikaanse hoogleraar in kommunikasie dat
'n departementele koerant byvoorbeeld nie 'n noodsaaklike vereiste is sodat stu-
dente in joernalistiek basiese vaardighede daardeur kan verwerf nie. Hy meen
ook nie dat dit noodsaaklik is dat studente deur middel van elektroniese redi-
geer- en druktoerusting praktiese onderrig moet kry nie. Volgens hom word stu-
dente opgelei as joernaliste en nie as setters en drukkers nie. Dié toerusting
is dus nie funksioneel nie. 'n Kursus in joernalistiek is in wese akademies en
daar moet daarteen gewaak word om dit té prakties te maak, lui dié standpunt
volgens 'n persoonlike mededeling aan skrywer.

Sō 'n houding is met betrekking tot die professionele vereistes van die inter-
aksie tussen teorie en praktyk net so onaanvaarbaar as 'n standpunt dat joernalis-
te in die praktyk op 'n meganistiese wyse deur voortdurende oefening geleer moet
word om berigte te skryf sonder dat hulle oor enige begrip van die onderliggende teo-
retiese elemente van nuus beskik.

Geeneen van bogenoemde twee ekstreme standpunte hou enige nut vir die toenemende
professionalisering van die joernalistiek in nie. As daar van die medikus ver-
wag kan word om die skalpel te kan hanteer en van die teologiese student om
aanvaarbare *proefpreke* te lewer voordat aan hulle finale goedkeuring gegee word
om in hul onderskeie professies te praktiseer, kan daar op dieselfde wyse van
die joernalis verwag word om berigte met inagneming van bepaalde teoretiese
grondslae te skryf.

Nog 'n probleem met betrekking tot die vaardigheidskomponent in die joernalistieke professionaliseringsproses is die gedagte dat dit net tot die skryf van berigte beperk is. Onderrig in vaardighede behels egter veel meer. In die 1977- en 1979-veldondersoeke is op dié kwessie ingegaan om te bepaal wat die mening van joernaliste en dosente in die joernalistiek hieroor is.

(a) Die 1977-ondersoek met betrekking tot vaardighede

In die 1977-ondersoek is die Suid-Afrikaanse redakteurs (vergelyk Hoofstuk 4.1.1.; N=19) gevra om met 'n *Ja* die drie vaardighede aan te dui wat na hul mening die belangrikste vir beginnerjoernaliste is en met 'n *Nee* die drie attribute wat na hul mening van die minste belang is. Dit was moeilik om te doen omdat elkeen van die attribute in mindere of meerdere mate van belang vir die joernalis is. Die doel met die *Ja*- en *Nee*-vrae was egter om die relatiewe waarde van die verskillende items te bepaal.

Die respondente het as volg op die vrae gereageer:

TABEL 9: BELANGRIKHEID VAN VAARDIGHEIDSATTRIBUTE VIR JOERNALISTE (1977-ONDERSOEK)

	<u>%JA</u>	<u>%NEE</u>
Skryf eenvoudige en komplekse nuusberigte en artikels eenvoudig en interessant	90	0
Gebruik uitdrukkingsmiddele behoorlik	42	0
Kan onderhoude voer	42	0
Haal spertye	31	0
Analiseer en sintetiseer	26	16
Gebruik van navorsingsmetodes	26	21
Redigeer; skryf koppe en onderskrifte	10	32
Lees vinnig en noukeurig	10	26
Tik skoon kopie betreklik vinnig	5	21
Hanteer 'n kamera	0	74
Pas aan by tegnologiese kennis	0	47
Maak blad op	0	47

'n Aantal tendense ten opsigte van die plek van die verwerwing van vaardighede in die joernalistieke onderrigopset het uit bogenoemde response na vore gekom. Dit word vervolgens kortliks bespreek.

Vanweë die feit dat kennisattribute meer latent van aard is, is dit kenmerkend van praktiserende joernaliste se evaluering van kommunikasie- of joernalistieke studente dat die meer manifeste vaardighedsattribute as norm vir beoordeling gebruik word.

Die een enkele vaardighedsattribuut wat die redakteurs in die ondersoek buitengewoon hoog aangeslaan het, was om nuus en artikels duidelik en interessant te skryf. Daarna (omtrent die helfte minder) volg die vermoë om taalkundige uitdrukkingsmiddele (spel, grammatika, puntuasie, ens.) te gebruik en om onderhoude te voer.

Wat nie van belang geag word nie, is die vermoë om 'n kamera te gebruik, om aan te pas by tegnologiese veranderinge en om blaaie te ontwerp en op te maak. Interessant ook is dat net 5% gemeen het dit is 'n noodsaaklike vaardigheid om te kan tik.

Indien hierdie response van die Suid-Afrikaanse redakteurs vergelyk word met Starck e.a. (1976) se bevindinge, dan blyk dit dat daar veral ten opsigte van die eerste attribuut (die skryf van nuusberigte) 'n besondere ooreenstemming is. Sowel die Amerikaanse dosente as die joernaliste heg die grootste waarde aan dié attribuut (Dosente: Ja - 86%; Nee - 0% en Joernaliste: Ja - 83%; Nee - 3%).

Soos die Suid-Afrikaanse redakteurs ag die Amerikaanse redakteurs ook die behoorlike gebruik van uitdrukkingsmiddele op een na as die belangrikste vaardighedsattribuut (Ja: 70%; Nee: 0%), terwyl die dosente op een na die meeste waarde heg aan die vermoë om te kan analiseer en sintetiseer (Ja - 54%; Nee - 8%).

Die waarde van die response in die 1977-ondersoek is enigszins beperk omdat dit nie met die menings van dosente in die joernalistiek vergelyk kon word nie (vanweë die min response wat ontvang is), maar ook omdat die metode 'n geforseerde element in die vraelys inbou deurdat die respondente verplig word om ja/nee-keuses te doen tussen attribute wat almal van nut vir die joernalis is. Daar moet ook in ag geneem word dat gevra is wat die belangrikste vaardighedsattribute vir beginnerjoernaliste is, met ander woorde wanneer hulle as afgestudeerde beginners in die redaksie begin werk.


Om bogenoemde metodologiese probleme te ondervang, is die 1979-vraelys uitgebrei. Die respondente is gevra om op 'n vyfpuntnskaal te reageer en die response van die

joernaliste kon met dié van die dosente vergelyk word. Wat egter wel van waarde in die 1977-onderzoek geblyk het, is die hoë premie wat Suid-Afrikaanse redakteurs en hul Amerikaanse kollegas op die skryf van nuusberigte en die gebruik van basiese uitdrukkingsmiddele plaas, 'n faset wat weer in die 1979-onderzoek na vore gekom het.

(b) Die 1979-onderzoek met betrekking tot vaardighede

In die 1979-onderzoek is Starck e.a. (1976) se items uitgebrei om 'n vollediger beeld van die bepaalde vaardighede te verkry wat van joernaliste verwag word. Die respondente moes op 'n vyfpuntskaal die belangrikheid van afsonderlike vaardighedsitems aantoon (vergelyk Hoofstuk 4.1.1). Die volgende tabel en grafiese voorstelling gee 'n beeld van die joernaliste en dosente se response. Die universum vir die joernaliste (N=34, 88%) bestaan uit die vyf senior beskikbare redaksielede van al 8 die Afrikaanse dagblaaië. Die universum vir die dosente (N=14; 100%) is al die dosente wat joernalistiek in Afrikaans op voor- en na-graadse vlak aan vier Suid-Afrikaanse universiteite doseer. In Figuur 8 en in Tabel 10 word die response van die joernaliste op 'n vyfpuntskaal voorgestel (vergelyk die vertikale as van Figuur 8). Die verskillende items word op die horisontale as aangedui (vir 'n verklaring van die items vergelyk Tabel 10). Die response van die joernaliste is as basis geneem, terwyl die dosente se response (vergelyk die dunner lyn in die figuur) teen die response van die joernaliste afgelees kan word. Vir verdere inligting oor die navorsingsprosedure, vergelyk Hoofstuk 4.1.1

FIGUUR 8: GRAFIESE VOORSTELLING VAN GEMIDDELDDES VAN RESPONSE TEN OPSIGTE VAN DIE BELANGRIKHEID VAN VAARDIGHEIDSITEMS VIR JOERNALISTE (Op 'n skaal 1 tot 5, waar 1 = hoegenaamd nie van belang nie en 5 = van uiterste belang)



TABEL 10: BELANGRIKHEID VAN VAARDIGHEIDSATTRIBUTE VIR BEGINNERJOERNALISTE
(op 'n vyfpuntskaal waar 1 = hoegenaamd nie van belang nie en 5 = van uiterste belang)

	Joernaliste (N=34)	Dosente (N=14)
1 'n Kamera kan hanteer	2,37	2,78
2 Snelskrif	2,49	2,54
3 Gebruik van sosiaal-wetenskaplike navorsingsprosedures	2,56	3,28
4 'n Bandopnemer gebruik	2,58	3,15
5 Aanpas by nuwe tegnologiese ontwikkelinge	2,96	3,44
6 Bladuitleg	3,00	3,53
7 Teoretiese kennis van die joernalistiek/kommunikasiekunde in die praktyk kan toepas	3,46	4,38
8 Grammatika en sintaksis	3,73	3,73
9 Nuus genereer	3,73	4,01
10 Gebruik van joernalistieke metodes/tegnieke vir die insameling/verwerking van inligting	3,73	4,30
11 Tik skoon kopie betreklik vinnig	3,88	3,70
12 Analiseer en sintetiseer	3,98	3,98
13 Sub van kopie, skryf van opskrifte en onderskrifte	3,99	3,83
14 Vinnig en noukeurig lees	4,00	4,06
15 Kan beginsels van onderhoudvoering toepas	4,03	4,16
16 Nuussituasies antisipeer	4,08	4,46
17 Betreklik vinnig en noukeurig in gewone skrif aantekeninge afneem	4,23	3,37
18 Ingestel op die haal van spertye	4,27	4,08
19 Nuussituasies identifiseer	4,32	4,53
20 Goed tweetalig wees	4,49	3,96
21 Skryf maklik en ingewikkelde nuusberigte duidelik en interessant	4,59	4,45

Met die uiteensetting van die response in Figuur 8 en in Tabel 10 as agtergrond word die kwessie van vaardigheidsattribute in die joernalistieke onderrigopset vervolgens bespreek.

Uit die voorafgaande frekwensietabel en grafiese voorstelling, blyk dit dat daar 'n aansienlike mate van ooreenstemming tussen die joernaliste en die dosente bestaan oor die basiese vaardighede waarvoor beginner-joernaliste moet beskik. As aanvaar word dat die verwerwing van die betrokke vaardighede as deel van die onderrigkomponent en derhalwe van toenemende professionalisering op die kennis-vlak gesien word, is hierdie ooreenkoms nog te meer merkwaardig.

Wat die afwykings betref (soos dit in Figuur 8 en Tabel 10 na vore kom), blyk dit dat die dosente en die joernaliste die grootste verskil toon in hul oordeel oor die belangrikheid dat joernaliste sosiaal-wetenskaplike navorsingsmetodes moet kan gebruik (Item 3), dat hulle in staat moet wees om joernalistieke teorie toe te pas (Item 7) en dat hulle moet weet hoe om joernalistieke metodes te gebruik (Item 10). Hierdie verskille kom ooreen met die beoordeling van die dosente en joernaliste met betrekking tot die kennisattribute waarvoor joernaliste moet beskik (vergelyk Hoofstuk 4.1.1). Hoewel die joernaliste klaarblyklik meen dit is noodsaaklik dat hul kollegas in staat moet wees om nuussituasies te antisipeer (Item 16) en te identifiseer (Item 19) en dan die berigte daarvoor duidelik en interessant te skryf (Item 21), koppel die joernaliste-respondente nie hierdie vaardigheid noodwendig aan vaardighede om die teoretiese beginsels van die joernalistiek in die praktyk toe te pas nie (Items 3,7 en 10). Soos in die geval van die kennisattribute vertoon die joernaliste hier dus nog beslis 'n agterstand op die professionaliseringskontinuum. Vir toenemende professionalisering sal dit noodsaaklik wees vir joernaliste om te besef dat die belangrikste praktiese vaardighede van hul beroep inderdaad 'n teoretiese onderbou het wat net nie aangeleer kan word nie, maar ook deur navorsing uitgebrei en ontwikkel kan word.

Anders as wat 'n populêre opvatting dit moontlik wil hê, meen die dosente ook, net soos die joernaliste, dat die vermoë om maklike en ingewikkelde nuusberigte duidelik en interessant te skryf, 'n prioriteit van die hoogste rang is. Dat daar nie meer van hierdie vaardigheid in die onderrig van Afrikaanstalige departemente tereg kom nie, moet aan die ietwat nuwe siening toegeskryf word wat die onderrig in praktiese joernalistieke vaardighede as iets benede akademiese onderrig beskou. Aan die ander kant blyk dit ook volgens die response dat 'n oordadige beklemtoning van snelskrif sonder die gepaardgaande teoretiese onderlegtheid in die ander vaardighede net so ver van die kol af is (vergelyk Butler, 1977).

In werklikheid vertoon die dosente en die joernaliste 'n buitengewone instemming oor die meeste van die vaardighedsattribute (vergelyk byvoorbeeld Items 11 tot 15). Die feit dat Item 17 so 'n groot afwyking toon, moet aan die feit toegeskryf word dat een dosent 'n waarde van 1 aan hierdie item gegee het waar die dosente N=14 was. Daarteenoor beskou die dosente sowel as die joernaliste dit as taamlik belangrik dat joernaliste kopie netjies moet kan tik. Die vermoë om te kan tik, is net só 'n basiese vaardigheid waarvoor alle joernaliste moet beskik as wat 'n tandarts byvoorbeeld sy tandboor met gemak en deskundigheid moet kan gebruik. Om die rede bly dit vreemd dat die mening nog in sekere departemente bestaan dat tikwerk iets is wat los van die onderrigopset beskou moet word en dat studente dit self buite die universitêre opset moet aanleer òf wanneer hulle eventueel in die beroep staan.

Uit die response blyk dit ook dat daar aanvanklik van afgestudeerde studente verwag word om dié basiese vaardighede aan die dag te lê wat hulle in staat sal stel om regstreeks as verslaggewers en nie as subredakteurs of fotojoernaliste te begin werk nie. Oënskynlik is die gedagte dat vaardighede soos kamerawerk en bladuitleg later tydens die beroepsuitoefening aangeleer kan word. Só 'n standpunt sou egter kortsigtig wees aangesien hierdie vaardighede op geïntegreerde wyse saam met die vaardigheid om onderhoude te voer en berigte te skryf, aangeleer behoort te word.

Die belangrikheid van taalvaardigheid (die skryf van nuusberigte (Item 20); tweetaligheid (Item 20) en selfs ook die noukeurige afneem van aantekeninge (Item 17) en vinnig en noukeurig lees (Item 14)) word weer in hierdie afdeling onderstreep. Soos in die geval van die basiese kennisattribute waarvoor joernaliste moet beskik en die hoofvakke wat vir voornemende joernaliste verkies word (vergelyk Hoofstukke 4.1.1 en 5.2.3.2), blyk dit dat 'n behoorlike taalopleiding van die grootste belang vir die joernalistiek is.

Wat dus noodsaaklik is, is 'n begrip van die sosiologiese siening oor die aard en inhoud van professionele onderrig aan universiteite soos vervat in die denke van sosioloë soos Ward en Merton (Merton, 1960:1). Vaardighede in die professies staan nie los van die teoretiese onderrig nie, maar vorm 'n integrale deel daarvan. Soos Merton (1960:1) dit stel, professionele onderrig is: "a composite of knowledge and technical skills that can be put to use for socially valued aims."

Die kernpunt is dat akademies-teoretiese onderrig, die aanleer van basiese vaar-

dighede en die toepassing daarvan in die praktyk die driedeling verteenwoordig wat die professies van ander beroepe onderskei. Die hele gedagte van professionele onderrig op tersiêre vlak word versinnebeeld deur n

"...threefold composite of social values that makes up the concept of a profession. These are, first, the value placed upon systematic knowledge and the intellect: knowing. Second, the value placed upon technical skill and trained capacity: doing. And third, the value placed upon putting this conjoint knowledge and skill to work in the service of others: helping" (Merton, 1960:9).

In die Afrikaanstalige joernalistieke onderrigopset en in die kontak met die praktyk is die drie elemente van *knowledge*, *doing* en *helping* reeds teenwoordig. Dit verg net die wegdoen met enkele stereotiepe beskouings alvorens hierdie element van professionalisering tot sy volle reg kan kom.

Soos oor ander afdelings van die JP-model, moet die kwessie van vaardighede steeds aan navorsing onderwerp word sodat dit kan bydra tot die ontwikkeling van die joernalistiek op die professionaliseringskontinuum. Wat hierdie navorsing behels, word in die volgende afdeling bespreek.

6.2 NAVORSING AS PROFESSIONALISERINGSELEMENT

Die teoretiese en onderriggrondslae van die professies steun op en word verryk deur die klem wat daar op navorsing val. Sô is teoriekonstruksie en onderrigbeplanning nie binne die professies moontlik sonder sistematiese navorsing nie. Soos Steyn (1976:113-114) aantoon, het navorsing ten doel:

"...die daarstelling van nuwe geldige teoretiese kennis met die oog op die verbetering van die tegniese vaardighede in die toepassing van die kennis om sodoende meer doeltreffende en effektiewe resultate te bereik."

Navorsing moet dus nie in isolasie gesien word nie, maar as deel van die kennisdriehoek soos in die begin van hierdie hoofstuk aangedui.

Wat hierdie spesifieke professionaliseringsattribuut betref, lê daar egter nog vir die joernalistiek n lang pad vorentoe, nie soseer omdat daar nie in kwantitatiewe sin aktiwiteit op hierdie terrein is nie, maar omdat die kwalitatiewe toepassing en integrasie van navorsingsresultate in die joernalistiek nog nie

h besonder hoë professionaliseringsvlak bereik het nie. h Aantal redes kan vir dié toedrag van sake aangevoer word.

In die eerste plek bestaan daar nog nie algemene erkenning vir h *professioneel - esoteriese joernalistieke kennissistees* nie. Een van die redes hiervoor is dat professionele sanksies deur h gemeenskap eers aan h beroep toegeken word wanneer sy navorsingsingesteldheid sodanig is dat dit alleen deur die kundige beroepsbeoefenaars uitgeoefen kan word tot bevordering van die besondere beroep se aktiwiteite. In dié verband sê Head (1963:598) dat owerhede byvoorbeeld nie sonder meer h arbitrêre besluit sal neem waardeur h siviele ingenieur die spesifikasies van h bouwerk moet verander nie. Dieselfde owerhede sal ook nie sonder meer op grond van hul eie lekekennis besluit dat die diagnose en voorskrif van h geneesheer verkeerd is nie, aangesien hulle daardeur die lewe van die pasiënt in gevaar sal stel.

"Yet, these same authorities do not hesitate to change the prescription of the journalist, and thereby risk the failure of communication. It is one of the crosses of the journalistic profession, I'm afraid, that everyone with authority is likely to consider himself a journalism expert.

"In the long run, the only really effective answer I know to this problem is... research" (Head, 1963:598).

In die dertiger- en veertigerjare was daar h besonder aktiewe navorsingsgerigtheid in massakommunikasie en sekere fasette van die joernalistiek. Sedertdien het daar egter h *hongersnood* ingetree wat volgens Gans (1971/1972:697) in die vroeë sewentigerjare nog geen tekens van afname getoon het nie. Een van die redes vir dié toestand was dat die massakommunikasiekundige, Wilbur Schramm, reeds twintig jaar gelede aangetoon het dat kommunikasie is "one of the great crossroads where many pass but few tarry" (Kline, 1972:25).

Die gevolg van bogenoemde was dat kommunikasie- en joernalistieke navorsing h gebrek aan h konseptuele samehang getoon het en dat die navorsing grootliks as h potpourri van diverse navorsingsbelangstellings bestempel kon word (Weiss, 1971:309). Een van die uitvloeisels hiervan was dat, veral in Amerika met die sosiaal-wetenskaplike benadering tot joernalistieke navorsing, daar h reaksie teenoor die *grand theorizing without data, demands of national ideological stances* en ander faktore in veral die Wes-Europese navorsing ontstaan het

(Kline, 1972:25). Aan die ander kant het die aantal sosiaal-wetenskaplike ondersoeke in kwalitatiewe sin nie in buitengewone mate tot 'n beter begrip van die joernalistiek gelei nie. Soos Weiss (1971:309) dit stel, is dit veral die historiese, strukturele en organisatoriese aspekte van die media wat daardeur in die slag gebly het.

Volgens Marais en Puth (1980:1 e.v.) het die bydrae van empiriese ondersoeke op dié terrein wel 'n neerslag in 'n toenemende stroom publikasies gevind en dié stroom vloei nog sterk, soos blyk uit die waarneming dat meer as die helfte van die artikels wat in die 1977-volume van *Journal of Communication* verskyn het, empiries van aard is. Uit 'n oorsig van navorsing wat op kommunikasieterrein in Amerika (Schiller, 1974), Wes-Duitsland (Lang, 1974; Hardt, 1976) en Nederland (Kempers, 1974b) gedoen is, is Marais en Puth (1980:2) se bevinding waarskynlik korrek dat twee redes vir die relatiewe gebrek aan 'n omvangryke en fundamentele bydrae van kommunikasienavorsing aan twee faktore gewyt kan word. Die eerste is 'n gebrek aan kommunikasie-teoretiese koppeling aan die een kant, en die uitvoering van navorsing sonder inagneming van 'n onderliggende teorie vir navorsing aan die ander kant.

Meer spesifiek op die terrein van die joernalistiek word navorsing oor verskeie aspekte, sowel binne teoretiese as empiriese verband, al 'n geruime tyd gedoen (vergelyk byvoorbeeld Snyman, 1971, se verwysing na veral Duitse teoretiese studies en ook Breed, 1956, se aanduiding van belangrike empiriese navorsingsgebiede). Die probleem is egter dat die metodologie die teorie vooruit geloop het en dat navorsing nie altyd relevant tot die joernalistieke teoriebou was nie. Dit geld veral die spesifieke rol van die joernalis as kommunikator (vergelyk Halloran, 1969).

Soos Bagdikian (1973:578) en Bordewich (1977:24) aantoon, is daar nie net 'n toenemende belangstelling in die joernalistiek vir navorsing *per se* nie, maar tree navorsingkundige joernaliste al meer tot die beroep toe sodat die ietwat pessimistiese beeld wat hierbo geskets is, nie noodwendig meer standhou nie. Twee praktiese voorbeelde van die interaksie tussen teoretiese en empiriese navorsing en teoriebou, aan die een kant, en die toepassing daarvan in die praktyk van die joernalistiek aan die ander kant, word gevind in die twee resente werke van McCombs & Becker (1979) en van Hulteng (1979).

Relatief reguit en onopgesmuk, behandel McCombs & Becker (1979) die vraag hoe

massakommunikasieteorie in die praktyk toegepas kan word en van waarde kan wees. Deur na spesifieke empiriese navorsingsresultate te verwys, behandel die skrywers die kwessie van die gehoor, die kommunikator en die gemeenskap waarbinne die joernalis sy werk verrig. Op dieselfde wyse bespreek Hulteng (1979) die vraag *what makes the news media tick?* Dit doen hy deur 'n konseptuele en soms vrywel impressionistiese bespreking van die media en hul adverteerders, die rol van eienaars, joernaliste en nuusbronne, die media en hul ontvangers en die probleem van verantwoordelikheid.

'n Oorsig van die jaarlikse kongresreferate wat by die *Association for Education in Journalism* gelewer word, bied 'n duidelike beeld van die lewensvatbaarheid en ook toepasbaarheid van huidige navorsing met betrekking tot die joernalistiek (Wilson, 1978:856-894). Hierdie navorsing strek oor 'n wye terrein soos dit van toepassing op die joernalistiek is - advertensiewese, grafiese aspekte, geskiedenis, internasionale joernalistiek, regsaspekte, tydskrifwese, massakommunikasie en samelewing, minderhede, die pers self, fotojoernalistiek, openbare skakelwerk, radio- en televisiejoernalistiek, en dan veral ook teorie en metodologie en kwalitatiewe navorsing (op laasgenoemde word hieronder teruggekom).

Hoewel daar 'n groot mate van interaksie tydens die AEJ-kongresse tussen die akademie en praktyk is, is dit wel so dat die perswese dikwels in Amerika (Highton, 1976) soos ook die Suid-Afrikaanse pers, betreklik afsydig teenoor akademies-teoretiese navorsing staan. Soos in die 1977- en 1979-ondersoeke van hierdie studie bevind, bestaan daar min of byna geen wisselwerking tussen die perswese en die departemente van kommunikasie en joernalistiek in Suid-Afrika op die terrein van navorsing nie. Enkele uitsonderings is byvoorbeeld die werk wat die departement van joernalistiek aan Rhodes-Universiteit in samewerking met die *Daily Despatch* doen en die lesersopnames van die departement kommunikasiekunde aan die UOVS.

Individuele navorsers verbonde aan Suid-Afrikaanse departemente van kommunikasie het ook nog 'n betreklik beperkte bydrae op die terrein van joernalistieke navorsing gelewer. Aanvoorwerk is wel gedoen deur Pienaar (1968) oor perssensuur en staatsveiligheid; Herbst (1973) oor die dilemma van die moderne koerant en De Beer (1977a) oor die konsep nuuswaardes binne die Suid-Afrikaanse sosiale sisteem. Du Preez (1975) en Van Heerden (1975) bied meer volledige oorsigte van navorsing wat binne joernalistieke of kommunikasieverband in Suid-Afrika gedoen is. Dit is ook belangrik om daarop te let dat talle werke

met betrekking tot die perswese ook in ander studierigtings afgehandel is, soos byvoorbeeld die sosiologiese studie van De Villiers (1976) oor die Suid-Afrikaanse gemeenskap en sy koerante.

Uit 'n taamlik impressionistiese waarneming van bronne beskikbaar, blyk dit dat daar van die kant van die joernalistieke praktyk in Suid-Afrika geen buitengewone bydrae tot joernalistieke teorievorming, onderrig of navorsing gelewer is nie.

Verreweg die meeste werke wat deur praktiserende of afgetrede joernaliste gelewer word, is van impressionisties-deskriptiewe aard en handel gewoonlik oor die verhouding pers-politiek (vergelyk byvoorbeeld in dié verband Broughton, 1961; Louw, 1965; Serfontein, 1970; Vosloo, 1975; Pienaar, 1979). Sommige werke gee weer 'n historiese (dikwels betreklik subjektiewe) oorsig van die funksionering van die pers (vergelyk byvoorbeeld Meurant, 1885; Neame/Rosenthal, 1956; Visser, 1957; Scannell, 1965 en Viljoen, 1953; Rees & Day, 1980).

Die bydrae van joernaliste, en ook akademici, tot die spesifieke analise van die beroepsaktiwiteite van die joernalis en ook van die joernalistiek as vakdisipline in Suid-Afrika is uiters beperk. Waarskynlik die enigste werke wat op dié terrein verskyn het, is dié van May (1967), Jones (1975) en Metrowich (1976). Van buite die joernalistiek is dit veral die omvangryke reeks wat prof. C.F.J. Muller oor die geskiedenis van die Nasionale Pers in die vroeë tagtigerjare aangepak het, asook die werk van Neame/Rosenthal (1956) wat bydraes op histories-vergelykende basis van die pers lewer.

Nog 'n faktor wat navorsing op die terrein van die joernalistiek gestrem het, is die groot klem wat daar sedert die veertigerjare op empiries-kwantitatiewe navorsing tot die feitlike uitsluiting van die kwalitatiewe benadering geval het. Op hierdie kwessie word vervolgens ingegaan. Daar sal aangetoon word dat die kwalitatiewe metode juis met vrug in joernalistieke navorsing gebruik kan word. Dit bied nie net vir die akademies-opgeleide navorser besondere geleentheid om hom op die diepte-dimensie van sy vak te beweeg nie, maar dit is ook 'n besonder effektiewe metode wat deur die praktiserende joernalis gebruik kan word. Daar sal in die volgende bespreking veral ook aangetoon word dat die kwalitatiewe metode standpunt inneem teen die empiries-kwantitatiewe neiging om die joernalistiek (soos ander sosiale of geesteswetenskappe) te verontmenslik deur 'n proses van vernatuurwetenskapliking.

6.2.1 DIE KWALITATIEWE METODE IN JOERNALISTIEKE NAVORSING

"The existentialist position insists that the journalist involve himself, commit himself, ever moving, ever changing - in short he must continue to make or create himself.

"Also, we can say that the existential journalist wants to practice a journalism that means that he....takes a certain viewpoint, a certain position, a certain stand, and ceases what may be called the 'objective-neutrality fallacy' (Merrill, 1977:43,53-55).

(a) Algemene agtergrond

Onder invloed van die *New Journalism* (Wolfe en Johnson, 1975) en die alternatiewe pers (Glessing, 1970) en ook weens 'n herwaardering van die uniek-menslike benadering tot die kommunikasie-werklikheid (Merrill, 1974; Van Schoor, 1977, 1980), het daar die laaste paar jaar 'n toenemende neiging ontstaan om die *ver-natuurwetenskapliking* van die praktiese sowel as die navorsingsjoernalistiek teen te staan.

Dit is egter nie net anti-naturalistiese kommunikasiekundiges wat die bydrae van die deterministies-kwantitatiewe benadering tot kommunikasie in die algemeen en die joernalistiek in die besonder bevreagteken nie. Al meer sosiaal-wetenskaplikes vra self of hul metode (wat volgens Kline, 1972:25, veral in Amerika opgang gemaak het as reaksie teen die Wes-Europese "grand theorizing without data") sonder meer as die alfa en die omega van kommunikasie- of joernalistieke navorsing beskou kan word en dat enige ander metode as *on-wetenskaplik* of hoogstens van akademiese belang afgemaak kan word. S6 toon Marais (1980:3) byvoorbeeld aan die hand van sosiaal-wetenskaplikes soos Schramm, Davison en Yu en ook Noelle-Neuman aan dat die groot aantal empiriese ondersoeke van die laaste paar dekades nie noodwendig gelei het tot 'n "noemenswaardige positiewe verband tussen kommunikasiekundige navorsing en kennis oor die kommunikasiever-skynsel nie".

Dit was egter juis die opkoms en ontwikkeling van die empiries-kwantitatiewe benadering wat waarskynlik daartoe gelei het dat belangrike kwalitatiewe rigtings soos die Duitse skool van Groth, Haacke en Hageman sy momentum verloor het. Dit is maar die laaste paar jaar dat die kwalitatiewe benadering opnuut sy verskyning as wettige navorsingsmetode op die terrein van die joernalistiek gemaak het

met die sosiologies-georiënteerde werke van Roshco (1975) en Tunstall (1971; 1977), die eksistensiële benadering van Hardt (1972) en Merrill (1977) en die fenomenologiese benadering van Tuchman (1971/72; 1978). Dit is veral hierdie groep navorsers wat aangetoon het dat die kwalitatiewe benadering nie noodwendig as vyand van kommunikasiekundige *wetenskaplikheid* beskou hoef te word en as sodanig afgemaak behoort te word as bloot interessante anekdotiese en historiese spekulasies wat, wetenskaplik gesien, nie veel werd is nie (vergeelyk Marais, 1980:3).

Inderwaarheid vorm die kwalitatiewe metode 'n belangrike been in die driedeling van breedte, diepte en hoogte in wetenskaplike teorievorming. Soos in hierdie afdeling aangetoon sal word, wil die navorser deur middel van die kwalitatiewe metode (hierna KM) ondersoek instel na die grondvrae van die joernalistiek (of welke ander onderwerp).

In die tweede plek bied die KM uitmuntende geleentheid aan die joernalistieke navorser én die praktiserende joernalis wat nie die kwantitatiewe navorsingsmetode wil of kan gebruik nie, om 'n wesentlike bydrae tot joernalistieke wetenskap-uitbouing te lewer. Soos Marais (1980:16) dit dan ook stel: "Hierdie (die diepte-) dimensie is essensieel nie alleen in die verantwoording van die vak nie, maar ook in die verdere ontplooiing daarvan."

Vir die ontwikkeling van joernalistieke teorie in Suid-Afrika is bogenoemde standpunt van deurslaggewende belang. Want, waar akademici wat die kwalitatiewe metode (hierna KM) navolg, tot dusver 'n soort wetenskaplike vyandigheid van hul kwantitatiewe kollegas ervaar het, het ook die praktiserende joernaliste in hierdie land nog weining gedoen om 'n positiewe bydrae tot joernalistieke teorievorming en/of navorsing te lewer. In die voorwoord tot sy proefskrif, stel Pienaar (1968) dié saak só:

"In die besonder het dit opgeval hoe weinig op hoë vlak in Suid-Afrika oor die pers, sy probleme, sy invloed, sy plek in die samelewing en sy *regte* geskryf is. Ewe opvallend is die feit dat dit wat Suid-Afrikaanse joernaliste oor die pers geskryf het, yl gesaai lê en dikwels dunnetjies van inhoud is. 'n Mens kry die indruk dat die Suid-Afrikaanse joernaliste, ook dié wat aan die Afrikaanse koerante verbonde is, nog nie die tyd gevind het om hulle in alle erns oor die perswese te besin nie."

In dieselfde konteks beweer Van Schoor:

"There are very few journalists in this country capable of writing an intellectual piece about what they're doing... Yet the most important aspect of mass media is the audience, and if you can educate them, they will demand higher quality material from the newspapers and from television. Up to now there has been no constructive analysis of film, journals or newspapers and I think the communications departments have an important role to play" (*To the Point*, 1975-07-04:25).

Dat dié ietwat pessimistiese blik op joernalistieke navorsing nie noodwendig 'n aanduiding is van hoe sake in die volgende dekade moet verloop nie, blyk uit ontwikkelinge die laaste paar jaar. Ondanks wat vroeër in hierdie afdeling oor die bydrae van praktiserende joernaliste en akademiese navorsers gestel is met betrekking tot hul relatiewe beperkte aandeel in die teorievormings- en navorsingsopset van die joernalistiek, het daar die afgelope jaar of twee 'n aansienlike oplewing op die terrein plaasgevind. In sowel die praktyk as die akademiese joernalistiek is 'n hele aantal projekte aangepak wat wesentlike bydraes tot die teoretiese joernalistiek kan lewer.

Wat die praktiserende Afrikaanstalige joernaliste betref, het oud-redakteurs en joernaliste soos P.J. Cillié (1977; 1980), Jan J. van Rooyen (1980), S.W. Pienaar (1979), A.M. van Schoor, Dirk Richard en Piet Meiring, begin om deur hul publikasies 'n bydrae tot 'n groter begrip van die joernalistiek in Suid-Afrika te lewer. Ook praktiserende joernaliste soos die redakteur van *Beeld*, Ton Vosloo, die assistent-redakteur van *Die Burger*, Ebbe Dommissie (onder meer in 'n bydrae oor die Afrikaanstalige pers in 'n versamelwerk oor die Afrikaner onder redakteurskap van E. Munger), en veral ook W.J. de Klerk, redakteur van *Die Transvaler*, lewer in hul politieke rubrieke kontemporêre analises van die stand en ontwikkeling van die joernalistiek, meer spesifiek soos beïnvloed deur die verhouding staat en pers. Dit is 'n tendens wat toenemend ontwikkel en wat uiteraard die breër ontwikkeling van (veral die kwalitatiewe) joernalistieke navorsingsopset ten goede kan strek.

Ten tyde van hierdie skrywe is ook 'n hele aantal navorsingsprojekte oor joernalistieke temas aan universitêre departemente soos dié van Unisa, Potchefstroom, UOVS en Rhodes aangepak (vergelyk onder meer die *Navorsingsbulletin* van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing). Hoewel heelwat van laasgenoemde navorsing volgens die kwantitatief-empiriese metode gedoen word, is dit die uitgangspunt van hierdie ondersoek dat die KM, vir joernalis én akademiese navorser 'n beson-

der waardevolle en praktiese metode vir wetenskapsbeoefening bied. Met hierdie stelling as vertrekpunt en teen die agtergrond van bogenoemde bespreking word dié benadering vervolgens bespreek. Dit word hoofsaaklik gedoen aan die hand van die werke van Clifford Christians van die Universiteit van Illinois (Urbana-Champaign) se Kollege vir Kommunikasie.

Christians het die afgelope dekade op die voorgrond getree as een van die belangrikste kwalitatiewe navorsers* op die terrein van massakommunikasie en die joernalistiek. Hy is op talle gebiede werksaam wat tot dusver mank aan 'n behoorlike teoreties-kwalitatiewe ondersoek gegaan het. Hieronder val sy belangrike vertolking van die werk van die Fransman Jacques Ellul se bydrae tot massakommunikasieteorie (Christians, 1976a; 1977a; Christians en Real, 1979) en die waarde van die hermeneutiek as metode vir die studie van kommunikasie (Grossberg en Christians, 1978).

Christians verdien ook besondere aandag omdat hy waarskynlik die belangrikste uitgesproke (Calvinisties-) Christelike massakommunikasiekundige van die sewentiger- en tagtigerjare is. Dit blyk onder meer uit sy werk op die terrein van die etiek (1977a; 1977b; 1978) en sy beskouing oor die rol wat die kerk met betrekking tot massakommunikasie kan speel (1977c), asook die verantwoordelikheid en rol van Christene in hul interaksie met massakommunikasie (1976b).

Christians bied ook besondere insigte in die integrasie van praktiese en teoretiese aspekte van professionele joernalistieke onderrig (1979) en in die effek van tuisvideostelsels op die kommunikasiegedrag van die mens (1973).

(b) Die joernalistiek as menslike aktiwiteit

Van belang vir hierdie navorsing is die versamelwerk van Christians en Carey (-) oor die logika en die doelwitte van kwalitatiewe navorsing. In hierdie opsig sluit die skrywers hulle dan aan by dié breë skool in die wetenskap wat in die bestudering van die mens en sy aktiwiteite (waaronder sy kommunikasiegedrag) hom nie op sosiaal-wetenskaplike statistiese getalle verlaat nie, maar die mens beskou in sy uniekheid as deel van 'n bepaalde sosiale opset (Cuzzort en King, 1976:6 e.v.). As sodanig bied die kwalitatiewe metode dan ook vir 'n teosentriese uitgangspunt (soos in hierdie ondersoek) besondere moontlikhede.

*Bedoelende 'n navorser wat hom op die kwalitatiewe metode toespits, só ook kwantitatiewe navorser.

Dit gaan vir Christians, soos ook vir Weber (Collins en Makowsky, 1978:120), om die *verstehen* van menslike kommunikasiegedrag en nie om die positivistiese optelsom van menslike handeling nie. Christians se kwalitatiewe navorsingsbeskouing verskil dus van die eksakt, sosiaal-wetenskaplike beskouing waardeur die kommunikerende mens (en derhalwe ook die joernalis) *verontmenslik* word deurdat die unieke individualiteit van die mens uitgewis word ter wille van meetbare en normale statistiese verspreidings (Isaak, 1975:15).

Soos in die geval van Berger (1975:142-171) en Mills (1973:44) met betrekking tot die sosiologie, is Christians daarop ingestel om die mens weer in die kommunikasiewetenskaplike navorsing terug te plaas (vergelyk ook Van Schoor, 1977). As Calvinis (Christians, 1976b:11) beskou Christians die kommunikerende mens as 'n skeppende wese en derhalwe ook as 'n verantwoordelike en 'n verantwoordbare wese (vergelyk ook Snyman, 1971:308). Dit is dus nie vir hom aanvaarbaar dat die kommunikasiekundige navorser die kommunikerende mens (joernalis en ontvanger van die joernalistieke boodskappe) as 'n bondel biologiese dryfvere én fisieke sintuie volgens 'n positivistiese wetenskapsbeeld* sien nie (Christians, 1976b:16). Hierdie standpunt kom baie duidelik na vore wanneer Christians saam met Carey (Christians en Carey, -)** 'n uiteensetting gee van wat hulle as die kernelemente van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering tot massakommunikasie beskou. Wat hier volg, is 'n bondige samevatting van die belangrikste elemente van hul benadering.

(c) Die kwantitatiewe metode vs. die natuurwetenskaplike oriëntasie

Die basiese uitgangspunt van die KM is dat daar geen enkel belangrike rede bestaan waarom die sosiale wetenskappe noodwendig die natuurwetenskaplike metode moet navolg nie. Veral in Wes-Europa kom die standpunt al duideliker na vore dat die vakwetenskaplike inhoud in die sosiale wetenskappe van die natuurwetenskappe verskil en daarom hul eie filosofiese en metodologiese probleme skep (p.1,2).

* Hierdie verwikkeling is grootliks toe te skryf aan die sciëntistiese ideaal van 'n verenigde wetenskap (*Ideal of an Unified Science*; vergelyk die IUS-monografie-reeks) waardeur alle wetenskappe (insluitend die sosiale wetenskappe) tot die modelwetenskap, naamlik fisika, reduceerbaar moet wees. Slegs indien só 'n reduksiebereik is, kan sodanige wetenskappe dan op *wetenskaplikheid* aanspraak maak.

**Ongepubliseerde manuskrip deur Christians aan die skrywer beskikbaar gestel. Verwysings in die teks hierbo is na die bladsynommers in die gemelde manuskrip. Aspekte van die bespreking wat hier volg, is ook vervat in De Beer (1980). 'n Meer uitgebreide literatuurlys oor die onderhawige onderwerp verskyn ook in laasgenoemde.

Daar is hoofsaaklik twee redes hiervoor. Sedert die twintigerjare het die sosiale wetenskappe toenemend die natuurwetenskappe nageaap in 'n poging om 'n neutrale, waardevrye beeld van die werklikheid te verkry waaraan teoretiese verduidelikings gekoppel kon word (p.9).

In reaksie op die naturalistiese en positivistiese oorheersing binne die wetenskapfilosofie van die twintiger- en sestigerjare, vind daar egter die afgelope twee dekades 'n duidelike swaai na anti-naturalistiese benaderings plaas, waaronder die hermeneutiek en die kritiese teorie. Eksponente van hierdie nuwe anti-naturalisme in die wetenskapfilosofie is onder andere: Bhaskar, Gredijmin, Keat, Phillips en Thomas (vergelyk De Beer, 1980).

Intussen het die sosiale wetenskappe daarna begin streef om 'n korpus van sistematiese kennis op te bou in die geloof dat die menslike bestaan (dus ook sy kommunikasiegedrag) analogieë in die fisiese en biologiese wêreld het en dat statisties betroubare modelle hiervoor opgestel kon word. Die gevolg hiervan was dat daar 'n onmiskenbare gebrek aan vertroue in die sosiale wetenskappe se hantering van die werklikheid ontstaan het (p.8). Soos selfs 'n streng sosiaal-wetenskaplike navorser soos Marais (Marais en Puth, 1979:2) aantoon, is soveel empiriese navorsing in die kommunikasiewetenskappe gelewer wat nie met 'n teoretiese kader verband hou nie, dat daar aan die een kant slegs 'n wesentlike bydrae tot die wetenskap gelewer is, en aan die ander kant dat 'n mens ná die lees van só 'n navorsingsverslag alleen maar kan sê: "Wat daarvan!"

In antwoord op die *ver-natuurwetenskapliking* van die menswetenskappe is die KM 'n poging om 'n alternatiewe model vir die sosiale wetenskappe teenoor die *scientistiese* benadering van die natuurwetenskappe te stel. In aansluiting by skrywers soos Weber, Freud, James, Dewey en Tocqueville, is dit die doel van kwalitatiewe navorsing om die mens weer bewus van sy denkkategorieë te maak en om metodes daar te stel wat sodanige denkmodelle kan analiseer en kritiseer. As sodanig is die KM 'n poging om die kritiese funksie van intellektuele navorsing in ere te herstel. Dit beskou nie die sosiale wetenskappe (en derhalwe die joernalistiek) as 'n blote natuurwetenskap van die samelewing nie, maar as 'n bepaalde wetenskap van die mens en sy aktiwiteite. Joernaliste en hul aktiwiteite is dus nie neutrale feite wat statisties gekarteer moet word nie, maar word beskou as aktiewe, skeppende, verantwoordelike en verantwoordbare lede van die menslike samelewing. Belangriker nog, die KM beskou die sosiale wetenskappe nie in 'n reduksionistiese sin waarin alle waarde-oordele verwerp word en 'n neutrale objektiwiteit as die hoogste doel nagestreef word nie (p.3,7 en 10; vergelyk 280

ook Merrill, 1977; Jung, 1972).

Die KM het in hoofsaak ontwikkel uit die *sciences humaine*, die *Geisteswissenschaften*, *critical theory*, 'n vertolkende sosiale wetenskaplike benadering en die hermeneutiek. Christians en Carey neem 'n middelposisie tussen die pole van epistemologie en tegniek in. Hul hoofdoel is nie om 'n filosofiese doel na te streef of om primêre operasionele prosedures op te stel nie. Hulle maak egter gebruik van die konkrete metodes wat ook in simboliese interaksionisme, die etno-metodologie en die kulturele hermeneutiek voorkom.

Twee wanindrukke wat die skrywers uit die weg ruim, is dat kwalitatiewe navorsing nie teen die statistiese benadering of enige ander kwantitatiewe metode *per se* gekant is nie. (Vergelyk ook die houding van Kierkegaard volgens Van Schoor, 1980:16). Dit is 'n verwronge idee dat kwantifisering nie 'n belangrike rol in wetenskapvorming speel nie, intendeel, dit vorm steeds 'n essensiële deel daarvan. Christians en Carey is egter wel gekant teen die aanwending van statistiese of kwantitatiewe metodes waardeur die essensie van die saak of weggelaat of verdoesel word deur 'n oorbeklemtoning van die kwantitatiewe tegniek. Die probleem met sosiaal-wetenskaplike navorsingsmetodes in die joernalistiek is dikwels dat dit, soos in die geval van lesersopnames, steriel is. Soos Schwartz en Moore (1979:125) betoog, gaan kwantitatiewe navorsers soms na die mediaveld, tel 'n groot aantal mense, sommer die aantal individue wat 'n koerant lees en ontwikkel dan 'n demografiese profiel. Volgens Schwartz en Moore (1979:126) verteenwoordig só 'n profiel dan bloot die *fictitious average*, die *minority skew*, die *insightless numbers* en die *homogeneity myth*.

In dieselfde verband toon Sahin (1979:14) aan dat boodskapontleding (*content analysis*) dikwels mank gaan aan 'n vermoë om die ideologiese aspek van 'n boodskap ten volle te ontleed deurdat dit die frekwensie van voorkoms as die mees geldige indikator van betekenis gebruik:

"As a result, that which is not frequent, that which is not explicit, or that which is not a part of the manifest content, is systematically left out of the analysis, and is declared to be irrelevant or insignificant. Yet, it is precisely in those infrequent, implicit, presupposed, consensual elements that ideology may have to be apprehended. This requires the expansion of the concept of message, and a redefinition of the concept of content, so that message content can be seen as a totality larger than its manifestly countable elements."

In hierdie opsig sluit Christians en Carey se denke nou aan by die kritiek van C. Wright Mills teen wat Mills noem *abstracted empiricism*, waardeur meer aandag gegee word aan die vereistes van *administrative concerns* as aan *intellectual concerns*. Volgens Mills (Cuzzort en King, 1976:154) word sosiaal-wetenskaplikes s6 vasgevang in die vereistes van administratiewe navorsing dat hulle met "elaborate excercises in the use of statistical devices" hoofsaaklik ingestel is "to achieve prediction and control". Anders gestel (Cuzzort en King, 1976:155):

"The empiricist has concluded that the only form of validity is that established through fact and, moreover, that validity provided through fact is more important than any other consideration in the communication process.

"But there is more to it than that. It is not so much that the empirical sociologist (as well as other social-scientists) has become bogged down with statistics; this in itself is not a completely hopeless situation. A person living under a haystack of facts and figures might reasonably be expected to dig out to a point where he or she could see clearly the outlines of what previously had only been a dark and suffocating pressure. The serious problem... is that empiricists, even as they suffocate, think that building haystacks is the best of all possible lives."

In dié geval sê Van Schoor (1977:12) kommunikasie kan nie soos 'n dooie mens aan stukke gesny, (getel) en uitgedeel word en dan as wetenskap aangebied word nie. Kommunikasie moet die totale menslike handeling probeer beskrywe en in die proses 'n bepaalde mensbeskouing insluit. (Die KM sal dus, anders as die reduksionisties-behavioristiese mensbeskouing van die empiries-kwantitatiewe benadering, 'n meer *humane* navorsingsbeeld vertoon.)

Dit is teen hierdie naturalistiese of positivistiese benadering om met 'n arm-draai bepaalde statistiese tegnieke toe te pas ter wille van die toepassing daarvan, dat die joernalis, en nou hoogleraar in joernalistiek, P.J. Cillié, beswaar gemaak het, toe hy dit as 'n vermorsing van geesteskrag bestempel het om *irrelevante navorsing* uit te voer.*

Irrelevante positivisties-empiriese navorsing sou dus voorkom wanneer klaarblyklike en voor-die-handliggende kommunikasie-verskynsels deur middel van sosiaal-wetenskaplike tegnieke *bewys* word, of wanneer wesenstvrae genegeer word en na-

* Volgens 'n bespreking tydens die *Survival of the Press*-konferensie in Grahamstad, Okt. 1979

vorsing suiwer om die doeleindes van navorsing gedoen word.

Die KM gaan daarenteen van die standpunt uit dat kommunikasie 'n kreatiewe proses is waarby mense in uniek-eenmalige situasies betrokke is. Die mens in kommunikasie en die joernalis moet dus nie behandel word asof hy 'n marionet aan 'n toutjie is nie, maar as 'n lewende akteur op 'n verhoog waar omstandighede voortdurend deur improvisasie en innovasie verander namate die lewensdrama hom ontvou (vergelyk Berger, 1975:142-171 e.v.). Of soos Christians & Carey (p.12) dit stel:

"Humans live by interpretations. They do not merely react or respond, but rather live by interpreting experience through the agency of culture... It is, then, to this attempt to recover the fact of human agency - that qualitative studies is dedicated. Thus we do not ask 'how do the media affect us' (could we figure that out if we wanted to?), but 'what are the interpretations of meaning and value created in the media and what is their relation to the rest of life'?"

(d) Basiese kriteria vir kwalitatiewe navorsing

Die skrywers bespreek vervolgens vier basiese kriteria aan die hand waarvan kwalitatiewe navorsing gedoen kan word. Hulle wys egter daarop dat dié kriteria net vir analitiese doeleindes geskei word, aangesien hierdie vorm van navorsing 'n voortgaande essensieel dialektiese proses is en nie 'n metode wat in 'n reeks van diskrete stadiums verdeel kan word nie. Desondanks kan die volgende vier elemente wat onderliggend aan die KM is, tog onderskei word.

(i) *Naturalistiese waarneming*

Die KM wat menslike vertolking as kernuitgangspunt het, benadruk naturalistiese waarneming as 'n metode waardeur daardie vertolking moontlik gemaak kan word. Die waarnemer, as sosiaal-wetenskaplike, leer dan by wyse van spreke, die taal aan van die groep wat hy ondersoek, of, soos die volkekundige, slaan hy sy tent tussen die inboorlinge op om daardeur ook die mens se gees deur middel van simboliese interaksie op die spoor te kom. Dit is die *Chicago School* wat aangetoon het dat deelnemer-waarneming, persoonlike dokumente en ope onderhoud-situasies, maar ook aspekte soos ooggetuieverslae, vertellings en selfs dagboekwaardevolle instrumente in die navorsingsopset is. Al hierdie elemente kan sinvol gebruik word, nie soseer om hipoteses te verifieer nie, maar as bronne wat 'n begrip kan ontsluit vir die situasie wat ondersoek word.

Die navorser probeer dus 'n *gevoel* vir die sentrale simbole kry waardeur die ondersoekprojek gemanifesteer word en wat hom dan in staat stel om 'n bepaalde evaluering te maak (vergelyk Tuchman, 1978: 66 e.v. se persoonlike waarneming van verslaggewers).

(ii) *Konteksualisering (Contextualization)*

Konteksualisering is die volgende stap wat in die ondersoekproses gevolg moet word. Kommunikasienavorsers in die kwalitatiewe metode probeer om al die kenmerkende elemente van die saak wat ondersoek word deur middel van die konteks te identifiseer en na vore te bring. Navorsers moet hul dus so volledig moontlik op die hoogte van die konteks stel, want betekenis word nie bepaal deur statistiese indekse of meetbare gedrag *per se* nie, maar deur die konteks waarin die kommunikasie plaasvind. 'n Klip wat gemeet en geweeg kan word, weerspieël verskillende betekenisse wanneer dit in die hand van 'n aanvallier is of wanneer dit langs die pad as mylpaal dien.

"Conventional inquiry... screens out uncontrolled variation, and therefore favors the laboratory as the supreme context-free environment. Qualitative research seeks instances in which the phenomena can be observed naturally rather than arranging for them to happen under contrived conditions" (p.20)."

Ten einde die konteks se impak behoorlik te evalueer, is dit noodsaaklik dat die kwalitatiewe navorser ook die rol en impak van die voortgang van die geskiedenis moet aanvaar (vergelyk ook Snyman, 1971:304, se standpunt in verband met nuus wat verband hou met die kontingente en aktuele aard en die nuutheid van gebeurtenisse binne die konteks van die geskiedenis as 'n voortgang wat gekenmerk word deur die telkense totstandkoming van die nuwe). Soos Christians en Carey (p. 23) dit stel:

"Qualitative research self-consciously avoids the assumption that the problem or social group (journalists for example) under study is an autonomous creation arising by spontaneous combustion and challenges the ahistorical bias of empiricism.

"Contextualization is a vital dimension of interpretive studies. While extraordinary complex, this guideline calls our attention to immediate, wider cultural, and historical contexts if we are to interpret human interpretation accurately."

(iii) *Maximize comparisons*

Vir die kwalitatiewe navorser is die doel van vergelykings nie bloot om daardeur hipoteses onder verskillende omstandighede, soos in die empiriese wetenskappe, te stel nie. "It refers instead to a judicious choosing of several comparison groups, not for establishing proof, but to improve the substance and explanatory power of the (qualitative) interpretation" (p.25).

Die kwalitatiewe navorser sal dus nie onder normale omstandighede sy eksperimentele groep kies volgens bepaalde statistiese kriteria nie (byvoorbeeld kiesers ouer as 65 jaar, lesers met 'n IK van 140+, joernaliste van 'n sekere inkomstegroep, ens.). Eerder as om hierdie *everywhere communities* as verwysingspunt te gebruik, sal die kwalitatiewe navorser hom toespits op meer natuurlike sosiaal-identifiseerbare groepe en situasies.

Die kwalitatiewe navorser sal dus eerder van die standpunt uitgaan dat die een situasie (byvoorbeeld die joernalistiek in Amerika) met 'n ander situasie (die joernalistiek in Suid-Afrika) vertolkend vergelyk moet word.

Die kwalitatiewe navorser probeer ook nie soos sy empiries-georiënteerde kollega om 'n enkele veranderlike te isoleer nie. Nog minder gaan hy dan induktief te werk deur hierdie enkele *narrowly sliced indicator* in alle moontlike situasies te probeer toepas nie. Wat die joernalistiek betref, sal die kwalitatiewe navorser dus byvoorbeeld die funksionering van die gehaltepers in een stad met dié in 'n ander stad vergelyk, eerder as om 'n enkele faktor te identifiseer en te isoleer en dit dan deur middel van die konstanthou van veranderlikes te ondersoek.

Vergelyking van hierdie aard bring egter nie mee dat die kwalitatiewe navorser slegs holisties na navorsingsprojekte kyk nie. Erving Goffman het getoon dat in-diepte-analise moontlik is binne 'n groter omgewing, terwyl Robert Park getoon het dat vergelyking ook op geïnternaliseerde basis kan plaasvind gegrond op eie ervaring (p.25-27).

Belangrike vergelykings kan ook in terme van historiese ontwikkelinge getref word. Die medianavorsing van Marshall McLuhan (1973) en Walter Lippmann (1966) is waarskynlik goeie voorbeelde van hierdie navorsingsmetode.

Kwalitatiewe navorsing is dus veel meer as 'n onbetrokke antiseptiese studie van bloot *wat is*, en is veel eerder daarop ingestel om deur vergelykings 'n beter begrip te kry van die rigting waarin die geskiedenis ontwikkel sodat die mens daardeur 'n beter houvas op dié waardes verkry wat 'n invloed op sy lewe uitoefen.

(iv) *Sensitized concepts*

"Qualitative research does not simply emphasize immersion, contextualizing, and comparisons. Establishing sensitized concepts is another dimension of the research process, that is, formulating categories which are meaningful to the people themselves yet sufficiently powerful to explain large domains of social experience" (p.29-30).

Christians & Carey (p.30 e.v.) onderskei aan die hand van Herbert Blumer tussen die kwantitatiewe navorsingstradisie se definitiewe konseptualisering teenoor die kwalitatiewe navorser se sensitiserende konseptualisering. Eersgenoemde probeer om wetmatige abstraksies te verkry deur die konseptuele inhoud te isoleer sodat intelligensievermoë byvoorbeeld in 'n IK uitgedruk word. Die kwalitatiewe navorser, daarenteen, probeer om deur sy konseptualisering insig in die navorsingsobjek te verkry waardeur die betekenis na vore gebring word. Die kwalitatiewe navorser is daarom ingestel om *meaningful portraits* en nie statisties presiese formulerings te verkry wat van kunsmatige vooraf bepaalde operasionele omstandighede afgelei is nie. Dus: "...the qualitative researcher maps out territories by finding seminal ideas which become permanent intellectual contributions while unveiling the inner character of events or situations" (p.31).

Dit alles bring nie mee dat kwalitatiewe navorsing bloot gebaseer kan word op persoonlike betrokkenheid of ongekwalfiseerde menings nie. Deur middel van herhaalde waarneming en toetsing van konsepte, moet die kwalitatiewe navorser formulerings na vore bring wat akkurate en substantiewe veralgemenings moontlik maak. Dit is in hierdie stadium dat die *profetiese element* van kwalitatiewe navorsing in kommunikasie en joernalistiek moontlik word. 'n Aantal voorbeelde van sodanige *profetiese konsepte* is onder meer die volgende: Cooley (primêre groep); Tocqueville (egalitarianisme); Rousseau (edel barbaar); Kuhn (paradigma) en Janis (groepsdenke).

Binne Suid-Afrikaanse konteks sou hierdie soort konsepte wat nie net voorspel-
ling inhou nie, maar ook insig en oortuiging, waarskynlik gevind kan word in dr.
Gerrit Viljoen se *dinkskrum*; W.J. de Klerk se *verlig* en *verkramp* en dan H.G.
Stoker se siening van nuus as *dubbelbrandpuntig* (waar die een brandpunt nie nuwe,
aktuele, kontingente gebeurtenis is, en die ander die kennende mens is, volgens
Snyman, 1971:308). Dit sal dan waarskynlik nie vergesog wees nie om te beweer
dat Snyman (1971) in hierdie kwalitatiewe ondersoek meer bygedra het tot 'n be-
grip van die konsep nuus as 'n hele aantal beperkte wetenskaplik-korrek, empiries-
uitgevoerde ondersoeke.

(e) 'Neutraliteit' en herhaalbaarheid

Christians en Carey bespreek ten slotte ook twee aspekte wat die kwalitatiewe
van die kwantitatiewe navorsingsmetode onderskei. In die eerste plek word daar
in die kwantitatiewe tradisie van die wetenskaplike verwag dat hy sy data as 'n
neutrale buitestaander op 'n objektiewe wyse moet insamel en verwerk sonder dat
sy eie persoonlike betrokkenheid ooit op die spel kom. Die kwalitatiewe navor-
ser gaan van die standpunt uit dat objektiwiteit in elke geval 'n wetenskaplike
onmoontlikheid is (selfs die mees positivistiese empiris moet ook sy hipoteses
voorwetenskaplik postuleer). Vir die kwalitatiewe navorsers is 'n waarde-vrye we-
tenskap 'n steriele wetenskap, aangesien dit teoretisering aan die begin van die
navorsing by implikasie uitsluit, of teoriebou as 'n einddoel stel waarby selde,
indien ooit, uitgekom word.

"Theoretical discovery occurs on a surprise basis, as a
serendipity rather than a systematic pursuit" (p.33).
(The qualitative research mode) advocated here is built
on the assumption that the knower is inextricably part
of what is known rather than standing independently of
the social action.

"Prophetic sensitized concepts are the most lasting con-
tribution qualitative research can make" (p.34-35).

In die tweede plek mag die KM soos elke ander wetenskaplike metode, nie slordig
en onverantwoordelik gebruik word nie. Die blote feit dat hierdie metode byvoor-
beeld nie die herhaalbaarheid van 'n besondere stuk navorsing as die alfa en
omega van wetenskapbou vereis nie, regverdig nie 'n kwalitatiewe navorsingsmeto-
dologie wat slordig benader en afgehandel word nie. Sô verwys die skrywers by-
voorbeeld na die sorgvuldige wyse waarop kwalitatiewe navorsers soos Howard S.

Becker en ook T. Shibutani met die grootste sorg hul bronnemateriaal aandui.

Die kwalitatiewe navorser aanvaar dat enige benadering wat nie blootgestel kan word aan herwaardering en -evaluering nie, en derhalwe op self-geldig-verklaring aanspraak moet maak, gewoon nie as wetenskaplik beskou kan word nie. Om dié rede het die skrywers die vier hierbo-bespreekte kriteria voorgestel ("to take naturalistic observations seriously, locate context validly, make fruitful comparisons, and formulate imaginative sensitized concepts"). Die kwalitatiewe navorser benader dus:

"...the larger world of communication theory and social studies generally in order to contribute to those broad concerns which the larger public expects academia to eliminate" (p.36).

Met bostaande is gepoog om aan te toon dat die kwalitatiewe metode besondere moontlikhede vir joernalistieke navorsing bied en as sodanig 'n waardevolle bydrae tot die wetenskaplike ontwikkeling en uitbouing van die vakgebied kan lewer. Dit kan dus ook terselfdertyd tot 'n beter begrip van die joernalistiek as beroep lei. Dit bring egter nie mee dat kwantitatiewe metodes oorboord gegooi moet word nie. Die teendeel is die geval.

Soos Burd (1978) aantoon, het die nuwe *precision journalism* van die laaste dekade 'n belangrike element in die joernalistieke navorsingskonteks geword. Hierdie metode, ook bekend as *PJ*, maak gebruik van sosiaal-wetenskaplike tegnieke soos meningsopnames en houdingskale, terwyl die *gereedskap* van statistiese metodes en rekenars uiteraard 'n onontbeerlike deel van hierdie soort navorsing vorm.

'n Resente voorbeeld van hoe navorsers juis òf die kwalitatiewe òf die kwantitatiewe metode kan gebruik om wesenlik dieselfde joernalistieke navorsingsobjek te ondersoek, word gevind in Brown (1980) en Gerber (1980) se ondersoek na die wyse waarop twee Amerikaanse koerante die nuus oor die swart leier Steve Biko gehanteer het.

Wat dus in hierdie afdeling betoog is, is dat 'n kommunikasie-wetenskaplike tradisie ernstig bevraagteken moet word wat nêr die kwantitatiewe navorsingsmetode as die enigste geldige benaderingswyse beskou. Té dikwels gaan hierdie benadering se ondersteuners van die standpunt uit dat 'n konseptuele of kwalitatiewe benadering nie veel meer as ruis of sommer net *garbage* inhou nie. Maar, soos

Holmlöv (1978:160) aantoon, kan die KM uiters sinvol in die joernalistiek aangewend word - selfs as dit effektief oor *garbage* in die nuus handel!

Wanneer die KM dan as lid van die navorsingsdriedeling van breedte, hoogte en diepte beskou word (Marais, 1980), en in samehang met die ander benaderings gebruik word, kan deur middel van hierdie metode 'n besondere bydrae tot joernalistieke teorievorming en navorsing en eventueel tot joernalistieke professionalisering gelewer word.

6.2.2 OPSOMMING VAN DIE NAVORSINGSFASET

In hierdie afdeling is aangetoon dat navorsing nie in isolasie gesien moet word nie, maar as deel van die kennisdimensie. Etlike probleme konfronteer navorsing op die terrein van die joernalistiek. Sō het die joernalistiek nog nie 'n voldoende navorsingstradisie opgebou waardeur dit as professionaliserende beroep sanksie van die gemeenskap kan verkry nie. Een van die redes hiervoor is dat die joernalistiek nog nie werklik as 'n esoteriese beroep beskou word nie, met die gevolg dat leke hulle ook as deskundiges kan aandoen. Nog 'n rede is dat die kwantitatief-empiriese navorsingsmetode 'n besonder beklemmende uitwerking op die joernalistiek gehad het. Die gevolg hiervan was dat daar nog nie 'n behoorlike navorsingstradisie kon ontwikkel nie. In hierdie afdeling is egter aangetoon dat die kwalitatiewe metode 'n besondere rol in diē verband kan speel.

In die volgende afdeling word die laaste faset in die kennis-dimensie ondersoek, naamlik die rol van vakliteratuur.

6.3 VAKLITERATUUR

Die vakliteratuur vorm in die laaste instansie 'n belangrike deel van die kennisdimensie van enige beroep. Die joernalistiek bied 'n mengsel van substansiële tydskrifte en handboeke aan die een kant, en taamlk oppervlakkige *koerantagtige* publikasies aan die ander kant.

'n Impressionistiese beskouing van die joernalistieke vakliteratuur dui daarop dat daar weliswaar 'n teoretiese sowel as 'n praktiese diepte in die literatuur is, maar dat dit nie met byvoorbeeld 'n vak soos die sielkunde of die sosiologie wat kwaliteit en omvang betref, vergelyk kan word nie.

Joernalistieke vaktydskrifte is tot enkele belangrike publikasies beperk. Die gesaghebbendste tydskrifte is dié van die internasionale *Association for Education in Journalism*. Dié organisasie is die tuiste van vier belangrike joernalistieke vaktydskrifte.

Journalism Quarterly is in 1924 gestig en word gewy aan navorsing in die joernalistiek en massakommunikasie, meer spesifiek aan die mees resente ontwikkelinge op die gebied van die teorie en metodologie van kommunikasie en internasionale kommunikasie; verder gee dit ook aandag aan historiese aspekte, sowel as aan die sosiale en wetlike aspekte van die media.

Journalism Educator bied 'n omvattende oorsig van die belangrikste tendense en denke van die joernalistieke onderrig. Dit bied 'n dinamiese perspektief op die huidige joernalistieke onderrigterrein, terwyl die inhoud voorsiening maak vir akademiese wisselwerking en artikels in essayvorm. *Journalism Abstracts* bied opsommings van sowat 90% van alle magister-verhandelinge en proefskrifte van sowat sestig Amerikaanse departemente van joernalistiek. *Journalism Monographs* bied in 'n enkele uitgawe navorsing oor 'n besondere onderwerp. Meer as vyftig van hierdie monografieë het reeds verskyn (inligting in verband met die AEJ-tydskrifte is verkry uit *Journalism Quarterly*, 1978, vol. 55:416).

Verskillende afdelings van die AEJ publiseer ook hul eie tydskrifte, soos die *Mass Communication and Society*-groep met hul tydskrif van dieselfde naam, en die geskiedenisgroep met sy tydskrif *Clio*.

Naas die AEJ is dit veral universiteitsdepartemente wat aktief op die terrein van joernalistiek-tydskrifte is met die uitgee van hul eie publikasies. Hieronder val veral die *review*-tydskrifte. Volgens Hulteng (1976:232) was dit eers die *Nieman Reports* wat deur die *Nieman Foundation* van Harvard University sedert die veertigerjare uitgegee word, wat 'n belangrike bydrae tot 'n bespreking van die joernalistieke praktyk gelewer het. Dit is in die sestigerjare deur die *Columbia Journalism Review* opgevolg. Hierdie tydskrif wat deur die *Pulitzer Graduate School of Journalism* aan die Columbia University uitgegee word, word algemeen aanvaar as die mees gesaghebbende stem in die joernalistieke wêreld wat gereeld kritiek teen die funksionering van die pers uitspreek en in die algemeen 'n bydrae tot 'n begrip van die joernalistiek lewer.

In Wes-Europa is dit veral die gesaghebbende Duitse *Publizistik* en die minder

omvangryke en kwalitatief belangrike Nederlandse *Massacommunicatie* wat as spreekbuise vir die joernalistieke vakgebied dien. In Brittanje is dit veral die nuwe *Journalism Studies Review* wat deur die joernalistieke afdeling van die University College in Cardiff uitgegee word wat 'n belangrike bydrae tot die joernalistieke teorievorming in dié wêrelddeel lewer.

Naas bogenoemde joernalistieke tydskrifte bied die tydskrifindeks *Ulrich* (1979/80:852-857) sowat 200 inskrywings vir verskillende joernalistieke beroeps- en vaktydskrifte wat wêreldwyd voorkom. Die oorgrote meerderheid is egter vakbondblaaië of nuusbuletins. Naas die joernalistieke tydskrifte bied etlike kommunikasiekundige tydskrifte en ander vaktydskrifte in die geestes- en sosiale wetenskappe ook 'n insig in die joernalistiek. Voorbeelde hiervan is die Amerikaanse *Public Opinion Quarterly*, die *International Communication Association* se *Journal of Communication* en ook *Communication Research*. In Wes-Europa is daar onder meer *Communicatie* wat deur die Leuven-Universiteit se *Centrum voor Communicatiewetenschappen* uitgegee word, en in Asië is daar onder meer *The Asian Messenger*, 'n kwartaalblad van die *Center for Communication Studies* aan die *Chinese University of Hong Kong*.

Dit sal uiteraard 'n onbegonne taak wees om hier maar enigsins 'n aanduiding te gee van die uitgebreide literatuur vir sover dit handboeke, navorsingsverslae en ander werke op die terrein van die joernalistiek betref. Die jaarlikse uitgawe van die *American Newspaper Publishers Association Foundation* se *News Research for Better Newspapers*, asook die nuusblad *Editor & Publisher*, asook die boekbesprekings in *Journalism Quarterly* bied 'n beeld van die omvangryke joernalistieke literatuur. Bibliografiese gegewens in werke soos dié van Davison, Boylan & Yu (1975:202 e.v.) met betrekking tot massakommunikasienavorsing en De Beer (1977a:135-149) met betrekking tot nuuswaardes gee 'n aanduiding van die kwalitatiewe en kwantitatiewe omvang van beskikbare literatuur op joernalistieke terrein. Só bied Snyman (1971) 'n uitgebreide literatuur oor die persetiek, terwyl hierdie ondersoek se literatuurlys enigsins 'n aanduiding is van die wye reeks werke wat oor die onderhawige onderwerp beskikbaar is.

In Suid-Afrika is die literatuur vir sover dit die joernalistiek betref, egter nog uiters beperk (vergelyk Hoofstuk 6.1 met betrekking tot Suid-Afrikaanse werke). Hoewel Du Preez (1975:24-28) sowat 260 bronne in sy oorsig oor beskikbare literatuur oor die pers en joernalistiek in Suid-Afrika aanhaal, is dit nie 'n aanduiding van die kwalitatiewe gehalte van werk op dié terrein nie.

Talle van die bronne is taamlik impressionistiese korter artikels in koerante en tydskrifte, asook artikels in deelwerke of werke wat hoegenaamd nie die pers as fokus het nie.

Die Suid-Afrikaanse joernalistieke vakliteratuur, ook wat vaktydskrifte aanbetref, is uiters karig (vergelyk Hoofstuk 6.1). In die vaktydskrif *Communicatio* van die departement kommunikasie van die Universiteit van Suid-Afrika het daar sedert die eerste uitgawe wat in 1975 verskyn het, net enkele joernalistieke artikels verskyn. Die vaktydskrif van die departement joernalistiek van Rhodes-Universiteit, *Communications in Africa*, het net enkele nommers opgelewer toe dit in die vroeë sestigerjare uitgegee is.

In 1980 is 'n nuwe tydskrif vir die joernalistiek, *Ecquid Novi*, aan die departement kommunikasieleer aan die Randse Afrikaanse Universiteit begin om as vaktydskrif 'n beter begrip vir die joernalistiek as vakdisipline en as beroep in Suider-Afrika te bevorder. Nog twee nuwe tydskrifte, *Critical Arts* (Universiteit van die Witwatersrand) en *Communicare* (departement kommunikasiekunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat), het ook in 1980 verskyn. Hoewel nie primêr op die joernalistiek gemik nie, bied dié twee nuwe tydskrifte wel artikels oor dié onderwerp.

'n Belangrike vraag met betrekking tot die professionalisering van die joernalistiek is in hoe 'n mate joernaliste in die uitoefening van hul beroepstaak van vakliteratuur gebruik maak. Aan die departemente van joernalistiek is dit 'n vrywel algemene gebruik om veral met betrekking tot die teoretiese kennisdimensie sekere standaardhandboeke voor te skryf, onder meer dié van De Fleur (1973), Emery & Smythe (1977) en Hiebert e.a. (1974) volgens Dervin & Banister (1976:10-15).

Impressionistiese en ook empiriese bevindinge toon dat joernaliste oor die algemeen, soos Wentink (1972:82) dit stel, 'n geringe affiniteit en inspanning het om hul tekort aan kennis te elimineer deur dié gebruik van vaktydskrifte. Ook met betrekking tot die belangrike nuusevalueringsfunksie het De Beer (1977a) bevind dat joernaliste nie 'n teoretiese konseptuele model in nuusevaluering gebruik wat tot 'n bepaalde heuristiese model herlei kan word nie. Soos Wentink (1972:92) dit stel: eerder as om hulle deur bepaalde vakliteratuur en opleiding te laat lei, is joernaliste oor die algemeen geneig om hulle in hul beroepsbeoefening te laat lei deur die waardes en norme van die beroep self.

Laasgenoemde argument blyk ook onder meer uit die feit dat met die moontlike uitsondering van May (1967) en Jones (1975) geen Suid-Afrikaanse dagbladjoernalis hom al op die terrein van die teoretiese of navorsingsjoernalistiek gewaag het nie. In elk geval het daar nog geen werk van formaat oor die joernalistiek uit die pen van 'n Suid-Afrikaanse joernalis verskyn nie (vergelyk egter Hoofstuk 6.2). Soos in die geval van navorsing sal daar nog heelwat werk op die terrein van veral die Suid-Afrikaanse joernalistieke vakliteratuur gedoen moet word voordat daar van toenemende professionalisering sprake sal kan wees. Dié kwessie raak egter nie net navorsing en die neerslag wat dit in tydskrif-artikels of werke van groter omvang vind nie. Die vakliteratuur sal ook as wesenlike deel van die beroepsjoernalis se kenniswerklikheid beslag moet kry.

6.4 OPSOMMING VAN HOOFSTUK 6

In Hoofstuk 6 is drie verdere elemente van die kennisdimensie as basis vir die professionalisering van die joernalistiek bespreek. Daar is aangetoon dat die kennisdimensie in 'n aantal elemente verdeel kan word, naamlik kennis en teorie, onderrig en opleiding, tegniese vaardighede, navorsing en literatuur. Hierdie hoofstuk het oor laasgenoemde drie gehandel.

Ondanks die feit dat daar 'n taamlik algemene siening bestaan dat die joernalistiek nog nie oor 'n afdoende kennissisteam of korpus van teorieë beskik nie, is aangetoon dat dit nie noodwendig die geval is nie.

Wat die toepassing van tegniese vaardighede betref, is bevind dat die praktyk en die akademie dit grootliks eens is. Dit is egter noodsaaklik dat die akademie meer aandag aan dié aspek moet gee, terwyl die praktyk in terme van professionalisering baat sal vind deur 'n nouer koppeling te bewerkstellig tussen vaardighede *per se* en die teorie/navorsing aan die ander kant.

Wat navorsing en vakliteratuur betref, is aangetoon dat die joernalistiek wel tot sekere hoogte aan dié dimensie van professionalisering voldoen, maar dat die grootste ruimte vir basiese ontwikkeling (vir sover dit die kennisdimensie betref) waarskynlik op die terrein van dié twee aspekte lê. Wat navorsing betref, kan daar veral aan die kwalitatiewe metode aandag gegee word aangesien dié metode hom tot gebruik deur sowel die teoretiese akademiese navorser as die praktiserende joernalis verleen. Op die terrein van vakliteratuur moet daar nog heelwat op sowel die terrein van vaktydskrifte en substansiële groter werke gedoen word.

Hoofstuk 7

Samevatting en aanbevelings

7.1 DOELSTELLING

In 'n Suid-Afrikaanse ondersoek na die perswese is enkele jare gelede betoog dat die posisie van die moderne koerant inderwaarheid as 'n dilemma bestempel kan word (Herbst, 1973). Só is daar byvoorbeeld aangetoon dat die koerant deur probleme van maatskaplike, ekonomiese en politieke aard in die gesig gestaar word. In die voorlaaste dekade van die twintigste eeu het dit duidelik geword dat dié probleme (veral soos dit gemanifesteer word in aspekte soos die tegnologiese en kennisontploffing, die verhouding staat en pers en ook publiek en pers, asook spesifieke persprobleme soos stygende kostes, media-mededinging, inspraak en toegang tot die redaksionele prosesse en die verskaffing van kundige personeel) nog nie opgelos is nie.

Die doel met hierdie ondersoek was om aan te toon dat toenemende professionalisering een van die beste metodes en waarborge vir die joernalistiek is om bogenoemde probleme nie net te konfronteer nie, maar ook te oorkom. Met die oog op die navorsingsopset is 'n aantal algemene en 'n aantal besondere doelstellings gestel.

Algemene doelstellings

Die algemene doelstelling van die ondersoek was om deur middel van 'n oorsig en integrasie van die literatuur meer lig te werp op die joernalistiek as professionaliserende beroep, omdat dit:

- (a) deur 'n konseptuele ontleding van die term professionalisering kon bydra tot 'n beter insig in en begrip vir die beroepsrol van die joernalis in die laaste twee dekades van die twintigste eeu;
- (b) deur die identifisering en omskrywing van bepaalde begrippe volgens die kwalitatiewe metode groter helderheid kon bied vir toekomstige navorsing in Suid-Afrika op die terrein van die professionalisering van die joernalistieke beroep;

- (c) in die algemeen n bydrae kon lewer tot n perswetenskaplike en kommunikasiekundige navorsingsterrein wat in Suid-Afrika nog heeltemal braak lê;
- (d) die onderrig van joernalistiek as vakgebied kon stimuleer deur n aanduiding te gee van die eise wat die beroep stel waarvoor studente aan universiteite in departemente van kommunikasie en joernalistiek onderrig en opgelei word;
- (e) kon dui op die relevansie om in die beoordeling van die joernalistiek as professionaliserende beroep klem te lê op die attribute van kennis, oriëntasie, struktuur en organisasie.

Besondere doelstelling

Die besondere doelstelling van die ondersoek was:

- (a) om deur middel van n omvattende literatuurstudie n konseptuele model vir die professionalisering van veral die dagbladjoernalistiek op te stel en
- (b) om deur middel van hierdie konseptuele model en aan die hand van twee veldondersoeke vas te stel in hoe n mate daar spesifiek op die kennisvlak deur die Suid-Afrikaanse dagbladjoernalistiek, en veral die Afrikaanstalige dagbladjoernalistiek, aan die vereistes van n professionaliserende beroep voldoen word.

Die wyse waarop daar aan hierdie doelstellings in die loop van die ondersoek uitvoering gegee is, word vervolgens behandel deurdat n samevattende gevolgtrekking van elke hoofstuk gegee word, terwyl daar ook aanbevelings gedoen word.

7.2 SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

Die navorsing wat die tydperk 1 Oktober 1977 tot 31 Maart 1980 dek, word in twee afdelings behandel. In die eerste afdeling (Hoofstukke 1, 2 en 3) word die grondslae van die ondersoek gelê, terwyl daar in die tweede afdeling (Hoofstukke 4, 5 en 6) na spesifieke fasette van die joernalistieke professionaliseringsproses met betrekking tot die kennisdimensie ondersoek ingestel word.

(a) Hoofstuk 1. Inleidende oorsig tot die studie van die joernalistiek as professionaliserende beroep

In Hoofstuk 1 word 'n kort inleidende oorsig tot die studie van die joernalistiek as professionaliserende beroep gegee. Daar word onder meer aangetoon dat die professies en die professionaliserende beroepe 'n al belangriker rol in die geïndustrialiseerde wêreld speel. Waar die tagtigerjare deur 'n ongekende kommunikasie- en 'n tegnologiese ontploffing gekenmerk sal word, word die vraag gestel of die joernalistieke beroep oor die nodige professionele toerusting beskik om aan die vereistes van die tyd te voldoen. As motivering vir hierdie ondersoek word gestel dat die joernalistiek soos waarskynlik nooit voorheen in sy geskiedenis nie, gekonfronteer word deur bepaalde probleme (vergelyk die eerste paragraaf van hierdie hoofstuk). Daar word dan aangetoon dat een metode om hierdie probleme te bolwerk, toenemende professionalisering van die beroep is. Vanweë die vereistes wat die kommunikasie- en tegnologiese revolusie aan die joernalistiek as informasie- of kennisberoep sal stel, word die aandag in hierdie ondersoek dan spesifiek op die kennisdimensie van die professionaliseringsproses toegespits.

Die doelstelling en die strukturering van die ondersoek word voorts beskryf. Die ondersoek word beperk tot dagbladjoernaliste werksaam in redaksies van gehalte-koerante binne die konteks van Suid-Afrika as sosiale sisteem. In 'n terrein-afbakening word aangetoon dat die ondersoekmetode, wat kwalitatief en vergelykend van aard is, die persstelsels van die Verenigde State van Amerika en ook van Brittanje as die vernaamste vergelykingspunte neem. Met betrekking tot strukturering word spesifiek aangedui dat hierdie ondersoek van die kwalitatiewe navorsingsmetode uitgaan waarvoor daar in Hoofstuk 6 'n teoretiese begronding gegee word. Voorts word daar in hierdie hoofstuk 'n begripsoms krywing van relevante konsepte gegee om daardeur die raamwerk van die ondersoek aan te dui.

Binne die konteks van kwalitatiewe navorsing speel die stelling en ontwikkeling van konsepte 'n belangrike rol. As 'n beeld van die realiteit, is konsepte een van die kardinale elemente in die bou van enige teorie. Konsepte definieer en vorm die inhoud van 'n teorie, terwyl dit ook 'n nuwe oriëntasie of uitgangspunt vorm om 'n bepaalde teoretiese proses te identifiseer. Konsepte dien ook as middele om perspektiewes van die omgewing te vertaal in betekenisvolle dialoog en operasionele prosesse. Soos Denzin (1973:36-37) dit stel:

"Through scientific conceptualization the perceptual world is given an order and coherence that could not be perceived before conceptualization. The concept enables the (scientist) to capture a moment of reality, and give it a common quality."

Konseptualisering speel in hierdie ondersoek dus 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n professionaliseringsprofiel vir die joernalistiek. Uit die kort bespreking en daaropvolgende ontwikkeling in volgende hoofstukke van tersaaklike konsepte blyk dit dat daar geen wetenskaplik-aanvaarde ooreenstemming oor die juiste betekenis van al die relevante begrippe bestaan nie. Dit is derhalwe noodsaaklik dat daar op hierdie terrein heelwat navorsing gedoen sal moet word. Binne die Afrikaanse joernalistieke vakwetenskap is egter gepoog om begrippe soos joernalistieke professionalisering en professioneel te konseptualiseer sodat dit as begripsmiddele kan dien vir verdere navorsing.


(b) Hoofstuk 2. Professionalisering: die bepaling van 'n teoretiese model

As voortsetting van die standpunte gestel in Hoofstuk 1, word in Hoofstuk 2 aangedui dat die professies en die professionaliserende beroepe in 'n moderne geïndustrialiseerde wêreld 'n toenemend belangrike rol speel. In hierdie hoofstuk word ook aangetoon dat resente navorsing oor die rol van die pers aandui dat dit dringend noodsaaklik is dat die joernalistiek toenemend moet professionaliseer. Om aan só 'n eis te voldoen, is dit egter noodsaaklik dat duidelik bepaal word wat met die konsep professionalisering en ander verwante begrippe bedoel word. Daar moet ook bepaal word of daar teoretiese en empiriese raamwerke bestaan waarbinne 'n beroep soos die joernalistiek toenemend kan professionaliseer.

Op hierdie vrae word in Hoofstuk 2 ingegaan deur die bepaling van 'n teoretiese model vir professionalisering. Relevante konsepte word weer kortliks omskryf en 'n uiteensetting word daarna gegee van die historiese ontwikkeling van professies as 'n spesifieke verskynsel van die geïndustrialiseerde samelewing. Daar word aangetoon dat heelwat kritiek (veral uit nieu-Marxistiese oord) teen die professies as instelling van die moderne kapitalistiese samelewing geopper word. Ook word heelwat kritiek uitgespreek teen die wyse waarop professies geïdentifiseer en geanaliseer word, meer bepaald deur die gebruikmaking van bepaalde attribute. In teenstelling met dié kritiek, word egter in hierdie hoofstuk aangetoon dat professionalisering as konsep sowel as realiteit 'n noodsaaklike vereiste vir die laat-twintigste eeu is.

Professionalisering is egter nie 'n eenduidige konsep nie en in Hoofstuk 2 word verskillende vlakke van analise en bepaalde teoretiese uitgangspunte beskryf, waaronder die siening van professionalisering as 'n dinamiese proses. Teen die agtergrond van sosiologiese, joernalistieke en kommunikasiewetenskaplike navorsing word aangedui dat professionalisering deur middel van 'n teoretiese attribuutmodel op 'n professionaliseringskontinuum ondersoek kan word. Hierna word 'n konseptuele model vir die professionalisering van die joernalistiek opgestel. Dié model (die JP-model) toon professionalisering op 'n kontinuum met drie besondere dimensies, naamlik kennis, oriëntasie en struktuur/organisasie en wel op die volgende wyse:

'N JOERNALISTIEKE PROFESSIONALISERINGSMODEL



In hierdie model verteenwoordig A 'n bepaalde sosiale sisteem waarin Y, 'n driedeling van professionaliseringsattribute, voorkom.

Die eerste vlak K (die kennisdimensie), bestaan uit die volgende:

K_k (kennis-); K_d (onderrig-); K_v (vaardigheids-); K_n (navorsings-) en K_l (vakliteratuur-) attribute.

Die tweede vlak (die oriëntasiedimensie), bestaan uit:

O_p (persoonlike), O_b (beroeps-), O_i (kollegiale) en O_g (gemeenskaps-) attribute.

Die derde vlak, S (die struktuur/organisasie-dimensie), bestaan uit:

S_s (struktuur-), S_r (organisasie-), S_m (monopolie-), S_t (outoriteits-) en S_u (outonomie-) attribute.

Die drie dimensies en hul verskillende attribute is onderskeibaar, maar nie noodwendig skeibaar nie aangesien daar 'n onderlinge verband tussen die dimensies en die attribute bestaan.

Die drie dimensies vorm die basis vir professionalisering. Weens die proses van professionalisering kan 'n beroep dan in 'n gegewe stadium oor meer of minder van die betrokke attribute beskik. Só word daar in dié model op 'n vyfpuntskaal beroepe aangedui wat glad nie of baie min tekens van professionalisering vertoon (BX_1); beroepe wat toenemend tekens van professionalisering vertoon (BX_3) en beroepe wat hoogs geprofessionaliseerd is (BX_5). Volgens dié model en vir die doeleindes van hierdie ondersoek, word die joernalistiek bestempel as BX_{3j} .

Die verskillende attribute wat in die drie dimensies van die JP-model voorkom, is as basis vir die huidige ondersoek gebruik en word in Hoofstuk 3 en verder bespreek.

In dié verband is dit noodsaaklik om daarop te let dat die onderskeidende kenmerke van die JP-model nie in die vorm van kwantitatiewe veranderlikes weergegee is nie, maar as kwalitatiewe attribute. In hierdie ondersoek is daar dus nie gepoog om die verskillende attribute as empiriese indikatore volgens kwantitatiewe metodes aan ondersoek te onderwerp nie, maar is die attribute volgens kwalitatiewe graadverskille geanaliseer, soos Denzin (1973:99) dit stel:

"Variables that differ in degree or quality and not in quantity are qualitative in nature and are commonly termed attributes ... 'such attributes cannot be scaled, or arranged in order of magnitude ...' "

Die ontwikkeling van 'n perswetenskaplike en potensieel operasionaliseerbare model vir die joernalistiek is, sover bekend, die eerste wat in Suid-Afrika aangepak is en moet gevolglik ook onderhewig wees aan kritiek wat teen só 'n beginpoging geopper kan word. Met die model is egter gepoog om al die tersaaklike elemente wat nie net eie aan die sosiologie van die professies nie, maar ook potensieel toepaslik op die joernalistiek is, in 'n funksionele model byeen te bring. Hierdie ondersoeker het aan die hand van bepaalde wetenskaplike vereistes van 'n model probeer aantoon dat die JP-model teoreties as sodanig behoort te kwalifiseer.

Die verdere ontwikkeling en uitbreiding van professionaliseringsmodelle vir die joernalistiek kan 'n uiters sinvolle bydrae tot 'n beter begrip van die rol en taak van die joernalistiek in die samelewing lewer. Een van die klaarblyklike probleme wat hierdeur ondervang kan word, is om 'n relatief eenvormige basis vir analise daar te stel. Dit gebeur te dikwels dat daar in die emosionele atmosfeer waarin soms beskuldiging teen die pers geopper word, van kriteria gebruik gemaak word wat nie noodwendig op die pers in bepaalde omstandighede van toepassing is nie. 'n Praktiese voorbeeld hiervan is die groot waarde wat dikwels aan die daarstelling van 'n afdwingbare kode vir beroepsoptrede gestel word, sonder dat daar na die res van die strukturele komponente van die professionaliseringsproses gekyk word.

Een van die tekortkominge van die JP-model is dat dit nie 'n aanduiding van die relatiewe waardes van die verskillende attribute binne die drie dimensies gee nie, maar dit behoort vir die onbevange waarnemer duidelik te wees dat 'n oormatige klem op 'n enkele attribuut nie tot 'n sinvolle evaluering van 'n professionaliserende beroep soos die joernalistiek kan lei nie.

Met die ontwikkeling van die JP-model is dus gepoog om 'n basis vir verdere diskussie en navorsing rondom die rol van die joernalistiek as professionaliserende beroep te stel. Wat eersgenoemde betref, kan die JP-model byvoorbeeld nuttig gebruik word in ondersoeke na die funksionering van die pers as 'n instituut van die samelewing, soos juis in die jare 1979-80 in Suid-Afrika die geval was. Wat teoretiese navorsing betref, sou daar ook op abstrakte vlak 'n herevaluering van die basiese konseptualisering van die model gedoen kan word, terwyl dit ook moontlikhede vir bepaalde empiriese navorsing bied.

(c) Hoofstuk 3. Die professionaliseringsmoontlikhede van die joernalistiek

Waar daar in die vorige hoofstuk 'n teoretiese model vir die professionalisering van die joernalistiek ontwikkel is, word die vraag in hierdie hoofstuk behandel of s6 'n model hoegenaamd op die joernalistiek van toepassing gemaak kan word. Daar word veral op twee vrae gelet: is die JP-model relevant tot die ideosin-kratiese eienskappe van die joernalistiek en waarom is dit nodig of noodsaaklik dat die joernalistiek moet professionaliseer? Hierdie aspekte word dan behandel teen die agtergrond van die pers as instituut van die moderne demokratiese samelewing en, meer spesifiek vir die doeleindes van hierdie ondersoek, van die dagbladjoernalistiek in Suid-Afrika.

Deur middel van 'n literatuuroorsig van konseptuele en empiriese ondersoeke, word in hierdie hoofstuk aangetoon dat die joernalistiek veel meer as 'n blote kuns of ambag is. Etlike empiriese ondersoeke in vergelykbare sosiale sisteemstelsels toon dat die joernalistiek, hoewel nie 'n profesie in die tradisionele sin nie, wel duidelik die kenmerke van 'n professionaliserende beroep dra.

Met betrekking tot die vraag waarom dit noodsaaklik is dat die joernalistiek moet professionaliseer, word 'n antwoord binne die raamwerk van die JP-model gegee. Daar word in die eerste plek aangetoon dat die joernalistiek as 'n primêre kennisberoep in die tagtigerjare midde in 'n kennistegnologiese revolusie sal staan. Dit bring mee dat die beroep ernstig kennis moet neem van wat futurologiese skrywers oor die omstandighede van die tagtigerjare te sê het soos dit die joernalistiek en die dagbladwese sal raak. Oor die hele kwessie van hoe die joernalistiek dan met betrekking tot die kennisdimensie toenemend moet professionaliseer, word in Hoofstukke 4 tot 6 teruggekom.

In die tweede plek word daarop gewys dat die joernalis nie sal kan ontkom nie aan 'n professionele oriëntasie ten opsigte van sy selfbeeld, sy beroep en die gemeenskap waarin hy werk - veral nie wanneer hierdie oriëntasie beskou word teen die eise van 'n kennis- en tegnologiese ontploffing nie. Daar sal van die individuele joernalis sowel as die pers as instituut van die samelewing, 'n bepaalde professionele oriëntasie ten opsigte van die joernalistiek as beroep, die verhouding tot die publiek en die staat verwag kan word. Nie alleen moet die joernalis hom op professionele wyse instel ten opsigte van die kennis en tegnologiese ontploffing van die tagtigerjare nie, maar sal hy ook 'n groter besef moet hê van sy geweldige impak op hierdie kennis en die feit dat sy professionele oriëntasie van deurslaggewende belang vir die samelewing kan wees.

Een van die aspekte waarin die joernalis van die tagtigerjare in dié verband juis besondere aandag sal moet gee, is die nog vrywel aanvaarde beroepsoriëntasie dat die joernalis bloot daarop ingestel is om die ware en *objektiewe* feite van nuusgebeure in te samel, te verwerk en in die vorm van berigte weer te gee. As sodanig sou die joernalis dan nie betrokke by die effek van sy boodskap wees nie, omdat hy sogenaamd neutraal teenoor die *harde feite* moet staan. Vanweë die belangrike effek wat die joernalis se boodskappe in die samelewing het (veral ook in 'n land soos Suid-Afrika met sy heterogene bevolking), sal die joernalis nie langer kan skuil agter hierdie weergawe van 'n professionele neutraliteit nie, maar sal hy wel deeglik die potensiële effek van sy boodskap in ag moet neem. Hoe problematies hierdie saak is, blyk dan juis uit die feit dat die effek van die joernalistieke boodskap nie altyd voorspelbaar is nie (vergelyk die teoretiese paradigma van Wright, 1964, dat boodskappe manifest of latent, eufunksioneel of disfunksioneel kan wees).

Die oriëntasie-dimensie van joernalistieke professionalisering is nie 'n primêre ondersoekterrein van hierdie navorsing nie, maar daar word aangetoon dat dit net soos in die geval van die volgende afdeling, 'n besonder kardinale faset van die hele professionaliseringsproses is en dat dit derhalwe dringende verdere navorsing verg.

In die derde plek word daar aangedui dat besondere professionele kundigheid en aanpassing met betrekking tot struktuur en organisasie in die tagtigerjare van die joernalistiek verwag sal word. Daar word binne die konteks van die struktuur en organisasie van die beroep gelet op die vereistes van monopolie, outoriteit en outonomie as wyse waarvolgens op gestruktureerde wyse hoër vlakke van professionaliteit bereik kan word.

Wat die *struktuur* en *organisasie* van die dagbladpers en die joernalistieke beroep betref, blyk dit dat geweldige veranderinge vanweë finansiële en tegnologiese faktore in die tagtigerjare deurgevoer sal moet word. Daar word aangetoon hoe daar volgens futurologiese aanduidings 'n ingrypende verandering in informasiever spreiding sal plaasvind. Só sal die joernalistiek moet aanvaar dat die koerant waarskynlik oor 'n dekade of twee nie binne die huidige persstruktuur en -organisasie in sy tradisionele vorm op papier gedruk sal word nie. Dit kan onder meer meebring dat die eeu-oue kenmerk van die koerant kan wegval, dat hy individueel en privaat deur middel van die gedrukte woord op papier tot 'n sekere leser spreek. Die ontwikkeling van die sogenaamde *nuwe media*, ook bekend as die *mini-media*, sal nuwe eise aan die struktuur en organisasie van die joernalistiek stel waar-

voor daár in die volgende dekades voorsiening gemaak sal moet word (byvoorbeeld die herdefiniëring van die beginsel van terugvoering soos dit beïnvloed word deur die kwessie van toegang en inspraak in die redaksionele proses deur die staat, die publiek en joernaliste self).

Met betrekking tot die *monopolie* wat die joernalis oor sy beroepsaktiwiteite kan uitoefen, word aangetoon dat hierdie attribuut besondere probleme vir die professionalisering van die joernalistiek bied. Een van die redes hiervoor is geleë in die feit dat nuus as basiese produk van die joernalistiek nie van dieselfde esoteriese aard as die beroepsinhoud van die tradisionele professies is nie. Ten einde monopolie oor sy aktiwiteite te verkry, sal die joernalis in 'n groter mate as *outoriteit* op sy gebied deur sowel die staat as die publiek beskou moet word. Soos in Hoofstuk 4 aangetoon word, is die toenemende ontwikkeling van die kennisdimensie juis 'n stap in dié rigting.

Die laaste attribuut in die struktuur/organisasie-dimensie wat kortliks bespreek word, is dié van *outonomie*. Daar word met betrekking tot vier fasette (die ontwikkeling van professionele organisasies; toesig en beheer oor opleiding; toetreding tot die beroep; beroepskodes en inspraak en toegang tot die redaksionele proses) aangetoon dat daar nog besonder ver op dié vlak van professionalisering deur die joernalistiek gevorder moet word. Dit is dringend noodsaaklik dat verdere navorsing onderneem word om vas te stel op welke wyse die joernalistiek veral op hierdie vlak kan professionaliseer. Dit is veral belangrik omdat laasgenoemde groep attribute dikwels die duidelikste gemanifesteer word wanneer daar oor die funksionering van die joernalistiek in die samelewing diskussie gevoer word, meer spesifiek, wanneer dit gaan oor die verhouding staat en pers. In hierdie hoofstuk word juis verwys na die gebeurde in die laat-sewentigerjare toe dié verhouding by tye gespanne was.

Die aanvaarding van die gedagte dat die professionaliseringsproses in die joernalistiek geïntegreerd moet plaasvind (soos byvoorbeeld uitgedruk in die JP-model) en dat daar nie *ad hoc* onrealistiese klem op slegs enkele professionaliseringsattribute moet val nie, sal daartoe bydra dat bogenoemde diskussie op 'n meer sinvolle basis kan geskied.

(d) Hoofstuk 4. Die kennis-dimensie as basis vir professionalisering

In die toepassing van sy beroepsvaardighede kan die professioneel steun op 'n bron van kennis wat georganiseer is in 'n interne, samehangende sisteem van

kennis (*body of knowledge*) wat neerslag in 'n substantiewe teorie vind. As sodanig is die mees fundamentele en kerneienskap van die professies waarskynlik dat die uitvoering daarvan 'n besonder hoë graad van superieure tegniese vaardigheid vereis, wat voortvloei uit en ondersteun word deur 'n bepaalde kennisveld en substantiewe teoretiese onderbou gebaseer op navorsing. In hierdie hoofstuk val die klem op die kennisdimensie soos uitgedruk in die JP-model as wesentlike element van die joernalistieke professionaliseringsproses. Die vraag word ondersoek of die joernalis oor die nodige kennis beskik om substantief-teoreties oor sy vakgebied en die invloed daarvan op die samelewing te dink, en of hy oor die nodige vermoë beskik om hierdie kennis toe te pas in 'n kennissistiem waaruit verdere teorievorming en navorsing kan spruit.

In hierdie hoofstuk word aangetoon dat die joernalistiek, anders as wat dikwels beweerd word, oor 'n relatief uitgebreide korpus van kennis beskik.

Hierdie stelling word in drie afdelings bespreek. In die eerste plek word daar kortliks op die esoteriese en gespesialiseerde aard van joernalistieke kennis getel. In die tweede plek word twee veldondersoeke bespreek wat in 1977 en in 1979 onderneem is om te bepaal wat die aard en inhoud van bepaalde kennisitems in die joernalistiek is.

In 1977 is die mening van Suid-Afrikaanse dagblad- en weekbladredakteurs en dosente betrokke by alle Suid-Afrikaanse universiteits- en teknikondpartemente van kommunikasie en joernalistiek ingewin. In 1979 is die 1977-ondersoek opgevolg met spesifieke beklemtoning van Afrikaanstalige dagbladjoernaliste en dosente van Afrikaanstalige voor- en nagraadse departemente van kommunikasie. Die respondente is gevra om op sekere kennis- en vaardigheidsitems te reageer. Deur middel van 'n kwalitatiewe en deskriptiewe analise is bevind dat daar 'n besondere mate van ooreenstemming tussen joernaliste en dosente in die joernalistiek bestaan oor die aard van die kennis waarvoor joernaliste moet beskik.

Hierdie ooreenstemming het veral na vore gekom in die joernaliste en die dosente se mening oor die belangrikste kennisitems waarvoor joernaliste moet beskik. Dit was opvallend dat joernaliste en dosente besondere klem gelê het op die kennis-items wat nie primêr tot die joernalistiek as vakdissipline behoort nie, naamlik kennis van die gemeenskapstruktuur en algemene kennis. Die joernaliste en die dosente het egter kennis van die praktiese joernalistiek, persreg en persetik relatief hoog aangeslaan.

Van die vernaamste verskille het na vore gekom in die dosente se beklemtoning van die belangrikheid van kennis oor massakommunikasieteorie, persgeskiedenis en nuusteorie. Vir die doeleindes van professionalisering in 'n inligtings-tydvak, sal dit uiters essensieel wees dat joernaliste meer teoreties kwalitatief-analities oor hierdie aspek van hul vak te werk sal moet gaan. In hierdie hoofstuk word dan ook aangetoon dat, anders as in die tradisionele professies, praktiserende joernaliste selde op teoreties-abstrakte wyse oor die hoofbestanddeel van hul beroep (nuus) besin. Die indruk word veelal gelaat dat daar maar volgens tradisionele opvattinge voortgegaan word sonder dat die essensie van nuus deur die beroepslui self onder die teoretiese loep geneem word. Wat dus noodsaaklik is, is dat daar uit die akademie én die perspraktyk ernstig gewerk moet word aan die formulering van basiese teoretiese grondslae oor nuus in al sy fasette. Dit sal veral die ontwikkeling en uitbouing van 'n betekenisvolle kennissistiem insluit wat toegespits moet word op die joernalis se taak as verskaffer van inligting in 'n snel veranderende wêreld. Die joernalis sal toenemend moet besef dat hy nie net 'n neutrale spieëlbeeld van die samelewing kan wees nie, maar 'n betrokke inligtingsvormer.

In hierdie hoofstuk word dan juis ook aangetoon dat daar wel teoretiese kaders is waarbinne sodanige navorsing gedoen kan word. 'n Aantal teoretiese benaderings uit die determinisme, die nie-determinisme en die indeterminisme word behandel. Daar word aangetoon dat 'n transendentalistiese (Calvinistiese) nuus-benadering soos uitgewerk deur Snyman (1971) besondere moontlikhede vir verdere ontwikkeling bied. Vir die doeleindes van strukturering, hou die funksioneel-analitiese benadering ook werkbare hipoteses in.

Met betrekking tot die kennisteoretiese attribuut word dan bevind dat die joernalistiek wel 'n mate van professionaliteit bereik het, omdat die basiese teoretiese onderbou reeds bestaan vir verdere ontwikkeling en uitbreiding. 'n Praktiese probleem wat hom egter in die verband voordoet, is dat die teoretiese konsepte nog nie na behore in die praktyk van die joernalistiek verwerklik is nie. Praktiserende joernaliste sal dus moet meewerk tot die teoretiese herdefiniëring van basiese joernalistieke konsepte soos nuuswaardes, objektiwiteit en nuwe nuus-temas om aan die vereistes van die tagtigerjare te voldoen. 'n Metode om die professionaliseringsproses vinniger met betrekking tot die kennisattribuut te laat vorder, sal wees om meer aandag aan die ander vier kennisattribute (onderrig, vaardighede, navorsing en vakliteratuur) te gee. Dit word in die volgende hoofstukke bespreek.

(e) Hoofstuk 5. Onderrig en opleiding as professionaliseringsattribute in die kennisdimensie

Waarskynlik een van die mees polemiese kwessies in die professionalisering van die joernalistiek handel oor opleiding en onderrig. Een van die basiese vrae is of die joernalis 'n ambagsman of 'n akademies opgeleide persoon moet wees. Probleme van dié aard word in verband met onderrig en opleiding as professionaliseringsattribute in hierdie hoofstuk bespreek. Daar word onder meer ook gelet op teenkanting teen joernalistieke opleiding en die aard en inhoud van joernalistieke kursusse. Hierna word 'n historiese oorsig gegee van die ontwikkeling van joernalistieke onderrig in Suid-Afrika. Daar word, wat die aard en inhoud van die kursusse betref, veral aandag gegee aan die posisie van die departemente van joernalistiek of kommunikasie aan die Afrikaanstalige universiteite en meer spesifiek dié van die Potchefstroomse Universiteit, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die Randse Afrikaanse Universiteit en ook die Universiteit van Suid-Afrika.

Die twee veldondersoeke (vergelyk Hoofstuk 4) se toepassing met betrekking tot die onderrigfaset word hierna bespreek. Daar word onder meer aangetoon dat die joernalistiek op 'n wye en diepgaande vlak as universitêre vakrigting in 'n land soos die VSA en ook in Suid-Afrika aangebied word. As sodanig bied dit 'n basis vir die vereistes wat aan die onderrigfaset van professionalisering gestel word. Hoewel dié opleiding en onderrig nie van 'n buitengewone langdurige aard is nie, is dit gespesialiseerd in die sin dat dit oor simboliese en begripsvormende elemente beskik wat 'n noodsaaklike vereiste vir professionalisering is.

Daar word ook in hierdie afdeling aangetoon dat daar 'n besondere ooreenkoms tussen praktiserende joernaliste en dosente in die joernalistiek bestaan oor die wesenlike elemente waaraan joernalistieke onderrig moet voldoen. Hierdie ooreenkoms bied 'n buitengewone grondslag vir toenemende professionalisering.

Volgens die vereistes van professionalisering word ook aangetoon dat die joernalistieke onderrigopset reeds 'n duidelike historiese ontwikkelingslyn toon waarin voortdurend verandering en aanpassing gedoen word om aan die eise van die tyd te voldoen. Dit geld veral 'n land soos die VSA wat 'n uitgebreide en hoogs ontwikkelde opleidings- en onderrigstelsel het. Aangesien die joernalis tans nog dikwels 'n *generalist*, sowel as 'n spesialis, moet wees, is dit waarskynlik dat Margosian (1972) se voorstel vir 'n joernalistieke kurrikulum besondere waarde het. Dié navorser het naamlik bevind dat die voornemende joernalis 'n breë basis

in die geskiedenis, sy werktaal, staatsleer, letterkunde, ekonomie en sosiologie moet verkry. Hiernaas moet hy dan behoorlik opgelei word in die teorie van die joernalistiek en massakommunikasie, asook in die basiese joernalistieke vaardighede, terwyl die student ook ingelei moet word in die probleme rondom die persbedryf.

Aangesien die volgende dekades ook besondere gespesialiseerde kennis van die joernalis gaan eis, sal dit sinvol wees om die instelling van spesifieke na-graadse joernalistieke kursusse in Suid-Afrika te ondersoek vir die *generalist* (vergelyk die spesialis-kursusse vir algemene huisartse) en daarnaas ook gespesialiseerde kursusse vir byvoorbeeld buitelandse, finansiële en politieke joernaliste.

’n Wesenlike probleem vir professionalisering is egter die feit dat die joernalistieke praktyk as geheel nog nie genoeg waarde heg aan tersiêre (veral universitêre) onderrig in die joernalistiek nie. Maar, soos in ander fasette van die joernalistieke professionaliseringsproses, is hier ook duidelik tekens van ’n kentering. ’n Besondere deurbraak vir die professionalisering van die joernalistieke beroep sal egter eers bereik word wanneer ’n basiese universitêre opleiding in die joernalistiek en/of kommunikasiewetenskappe as voorvereiste vir toetrede tot die beroep gestel word.

Soos die doyen van die akademiese joernalistiek in Suid-Afrika, prof. dr. G.J. Pienaar, dit tydens die eerste Suid-Afrikaanse konferensie oor die onderrig van joernalistiek gestel het (Pienaar, 1977:8):

"My gevolgtrekking is dat òf die pers self (en dit sou ek verkies) òf die staat (as tweede keuse) toetrede tot die joernalistiek bemoeilik en uittrede vergemaklik! En dan praat ek van permanente uittrede. Die stel van hoë toelatingsvereistes kan daartoe bydra. As van ’n onderwyser vir laerskoolleerlinge verwag word om professionele opleiding van minstens drie jaar te deurloop, kan seker verwag word dat mense wat tot die magtigste beïnvloedingsmedia, koerante, tydskrifte, radio en televisie, wil toetree, naas ’n deeglike algemene opleiding ook professioneel geskool word.

"Persoonlik sal ek graag wil sien dat joernaliste vir ál die media niks swakker opgelei word nie as beroepslui soos prokureurs en dies meer. Om daardie rede is ek nie te vinde vir bloot die bybring van professionele vaardighede sonder akademiese skoling nie. Die eise van die samelewing vorentoe is te hoog om die kommunikators wat dit moet lei, meninge moet vorm, dit wil sê die toekoms van volke en nasies moet help bepaal, akademiese en professionele amateurs te laat bly."

Uit die 1977- en die 1979-ondersoeke blyk dit dat daar nog aansienlike ontwikkeling op die vlak van skakeling tussen praktyk en teorie voorlê. 'n Aantal vorme van informele en formele kontak word bespreek.

Teen die agtergrond van 'n vergelyking met Amerikaanse departemente van joernalistiek het dit geblyk dat die Afrikaanstalige departemente, wat die inhoudelike aanbetref, nie hoof terug te staan nie. Daar word wel kwantitatief minder kursusse aangebied, en die departemente beskik moontlik nie oor so 'n groot mate van joernalistiek-ervare dosente nie, maar die aanslag is wesenlik dieselfde as dié in Amerika. Die Afrikaanstalige departemente steek egter sleg af wat betref toerusting en ander geriewe om joernalistiek sinvol aan te bied.

Wat die probleme betref wat die pers in die tagtigerjare in die gesig staar, blyk dit dat daar reeds op teoretiese vlak en in die onderrigfasies, voorsiening voor gemaak word om die probleme te bestudeer, en om moontlike antwoorde te ondersoek. 'n Groter finansiële inset deur die perswese is egter hiër van die grootste belang.

Die praktyk sowel as die akademie is klaarblyklik bereid om nouer saam te werk, maar daar vind oënskynlik nie dieselfde mate van interaksie plaas as wat die geval met die tradisionele professies is nie. Hoewel daar enkele uitsonderings is (byvoorbeeld die joernalistieke departement van die Universiteit van Stellenbosch), is die algemene effek hiervan dat universiteitsdepartemente feitlik geen finansiële steun van die perspraktyk kry nie. In die hoofstuk word aangetoon dat die pers nie kan verwag dat afgestudeerde studente behoorlik opgelei moet word indien die pers nie self ook op finansiële vlak tot hierdie opleiding bydra nie.

In hierdie hoofstuk word bevind dat die joernalistiek in Suid-Afrika wat onderrig aanbetref, ook as 'n professionaliserende beroep bestempel kan word. Daar sal egter eers van ware professionalisering sprake wees wanneer: (a) die praktyk 'n groter betrokkenheid by die opleiding van joernaliste vertoon; (b) 'n stelsel van akkreditering van dosente en kursusse ontwerp word; (c) die praktyk meehelp in die daarstelling van voldoende opleidingsgeriewe en (d) die verwerwing van joernalistieke kwalifikasies as 'n toelatingsvereiste vir die beroep gestel word.

(f) Hoofstuk 6. Die verwerwing van vaardighede en die belangrikheid van navorsing en vakliteratuur as komponente van die kennisdimensie

Naas die kennis-teoretiese en onderrigkomponente, is daar nog drie duidelik

onderskeibare fasette of elemente van die kennisdimensie van professionalisering, naamlik die verwerwing en toepassing van bepaalde beroepsvaardighede, die rol van navorsing as basiese metode om die kennisdimensie uit te bou en te ontwikkel en die neerslag wat hierdie navorsing in vakliteratuur vind.

In hierdie ondersoek word meer aandag aan die basiese kenniskomponente van teorievorming en onderrig gegee as aan die elemente wat in Hoofstuk 6 behandel word. Dit bring egter nie mee dat die kwessie van vaardighede, navorsing en vakliteratuur minder belangrik is nie. Die teendeel is die geval. Dit vorm saam met die ander kennisattribute deel van die professionaliseringsmodel en kan as sodanig nie verwaarloos word nie. Dié kwessie word vervolgens bespreek.

’n Professe eis ’n besonder hoë, en selfs superieure, mate van tegniese vaardigheid. Die vereiste van bepaalde vaardighede in die professies is egter een van dié eienskappe waaroor daar die grootste misverstand bestaan.

In die 1977- en die 1979-veldondersoeke is egter bevind dat daar baie groter ooreenkoms tussen praktiserende joernaliste en dosente oor die kwessie van vaardighede bestaan as wat skynbaar algemeen vermoed word. Albei die groepe stel besondere hoë premie op die noodsaaklikheid dat joernaliste oor die basiese vaardighede moet beskik om nuusberigte duidelik en interessant te skryf; dat joernaliste tweetalig moet wees en oor die vaardigheid moet beskik om nuussituasies te identifiseer. Dit blyk egter noodsaaklik dat daar heelwat meer aandag aan die ontwikkeling van taalvaardighede in joernalistieke leerplanne gegee moet word. Dit wil ook voorkom asof daar by sommige dosente en departemente ’n herwaarderling vir die ontwikkeling van vaardighede as deel van die onderrigopset nodig is. Daar sal aanvaar moet word dat die verkryging van vaardighede ’n wesentlike deel van die professionaliseringsproses is en dat dit op geïntegreerde wyse in die universitêre onderrigplan ingebou moet word.

Die vaardigheidskomponent bied vir joernalistieke professionalisering besondere probleme. Hoewel dit aan die een kant waar is dat senior joernaliste besonder vaardig kan wees, is dit aan die ander kant ook ’n feit dat junior joernaliste uiters onbedrewe (veral by toetrede) kan wees. Dié aspek bring ook weer die hele kwessie van individuele teenoor kollektiewe joernalistieke professionalisering na vore. Individuele joernaliste kan uiteraard ’n hoë mate van professionaliteit met betrekking tot dié attribuut bereik, maar is dit moontlik dat die hele beroep aan ’n bepaalde standaard kan voldoen soos in die geval van die tradisionele professies (vergelyk byvoorbeeld die internskap van die geneesheer)?

’n Verpligte joernalistieke kwalifikasie by toetrede tot die beroep kan hier ’n deel van die antwoord verskaf.

In die tweede afdeling van hierdie hoofstuk word die aandag gerig op navorsing as ’n belangrike professionaliseringsattribuut. Daar word aangetoon dat hierdie attribuut nog taamlik laag op die rangleer van die professionaliseringsproses staan. Een van die redes hiervoor is ’n navorsingstradisie wat nie besonderlik bygedra het tot ’n teoretiese uitbou van die vakdissipline nie. As moontlike oplossing hiervoor word aanbeveel dat veel meer aandag aan die kwalitatiewe benadering gegee moet word. Hierdie benadering kan met vrug deur sowel die akademies as die praktyk gebruik word. Wanneer die kwalitatiewe metode as lid van die navorsingsdriedeling van breedte, hoogte en diepte beskou word, kan hierdie metode ’n besondere bydrae tot joernalistieke teorievorming, navorsing en eventueel joernalistieke professionalisering lewer.

In die laaste afdeling van hierdie hoofstuk word die kwessie van vakliteratuur bespreek. Soos in die geval van navorsing, moet hier nog heelwat gedoen word indien die joernalistiek aanspraak op ’n professionele status wil maak.

Bogenoemde bring mee dat die joernalistiek baie meer aandag aan al die aspekte van die kennisdimensie as in die verlede sal moet gee. Indien die joernalistiek sy taak in die tagtigerjare na behore wil uitvoer, sal hy nie maar net ’n passiewe toeskouer langs die joernalistiek-akademiese kantlyn met betrekking tot onderrig en opleiding kan wees nie. Ingrypende betrokkenheid in die vorming van leerplaninhoud, standaarde van dosente sowel as studente, finansiële bydraes en ’n algemene opskerpings van die waarde van joernalistiek-akademiese skole sal ’n minimum-vereiste wees. Die joernalistiek sal ook baie meer aandag aan die waarde van joernalistieke teorievorming, navorsing en vakliteratuur moet verleen. ’n Beroep wat hom daarop roem dat hy professioneel is, toon op hierdie terreine ’n konstruktiewe ontwikkelingslyn.

Ook met betrekking tot die oriëntasie- en struktuur-organisasie-dimensies sal daar ’n aansienlike inset van sowel die praktyk as die teorie moet kom.

Hierdie ondersoek het egter getoon dat die joernalistiek hom met volle reg by die professionaliserende beroepe kan skaar. Deur toenemende professionalisering kan daar nie net aan die vereistes van die tagtigerjare voldoen word nie, maar kan die joernalis van vandag en môre ook ’n nuwe tydvak vir hierdie eeueoue beroep inlei.

Bylaes

BYLAE 1: DIE 1977-VELDONDERSOEK	B3
BYLAE 2: DIE 1977-VELDONDERSOEK VIR DOSENTE	B7
BYLAE 3: DIE 1979-ONDERSOEK	B8
BYLAE 4: LYS VAN ONDERHOUDE GEVOER	B18
LITERATUURLYS	B21

Rand Afrikaans University

Auckland Park Johannesburg
PO Box 524 Johannesburg 2000

DEPARTMENT OF COMMUNICATION

QUESTIONNAIRE ON JOURNALISM EDUCATION: JOURNALIST ATTRIBUTES

Please complete the following questionnaire by marking the three items in each of the three tables that you consider most important for journalists by putting a YES in the applicable block. Now mark the three items (also in each of the three tables) that you consider the least important for journalists by writing NO in the applicable block.

NB: Each table must have THREE YES answers and THREE NO answers
